

MISSIONALE KERK-WEES EN DIE BENUTTING VAN DIE INTERNET IN DIE
PLAASLIKE GEMEENTE MET SPESIFIEKE VERWYSING NA DIE WEBBLAD

deur

Martin John Lazenby

Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad

Doctor Divinitate

in die

Fakulteit Teologie

van die

Universiteit van Pretoria

2013

Promotor: prof CJP Niemandt

BEDANKINGS

Dit is vir my 'n voorreg en innige behoefte om die volgende persone uit die diepte van my hart te bedank vir hulle ondersteuning en aanmoediging om hierdie taak te kon voltooi. Daaronder sou dit nie moontlik gewees het nie.

Heel eerste aan prof Nelus Niemandt wat van die begin af met groot entoesiasme my begelei het. Onder sy leiding het nuwe wêreld vir my oopgegaan en daarvoor sal ek hom altyd dankbaar wees. Ten spyte van 'n baie vol program, veral nadat hy ook die moderator van die NGK geword het, het hy nooit die tyd ontsien om vir my ruimte in sy program in te rig nie.

Die tweede persoon aan wie opregte dank toekom, is my vrou Malinda. Dankie vir al die geduld met my en veral vir die moeite wat jy gedoen het om met groot aandag en toewyding my proefskrif deur te lees en taalkundig te versorg. Jou taalvaardigheid het my weereens verstom en jou voorstelle vir herformulerings was telkens skitterend. Dankie vir jou ondersteuning en moeite.

Laastens sê ek dankie aan al my kinders en kleinkinders vir die vreugde en balans wat hulle in my lewe bring. Dankie dat julle rekenaarvaardigheid en betrokkenheid by die massamedia my telkens gehelp het om die waarde daarvan te leer ken.

My grootste dank en lof gaan aan my Vader in die hemel. Hierdie studie was sy manier om sin en betekenis in my lewe te bring op 'n tyd wat groot veranderings my genoep het om na nuwe uitdagings te soek. Dit is my oortuiging dat hierdie taak my deur hom opgelê is in antwoord op my gebede waarin ek gesoek het na sy plan vir my lewe in diens van sy koninkryk. Dit was vir my deurgaans 'n ervaring dat Hy saam met my op reis is dwarsdeur die skryfproses. Aan hom kom al die eer toe.

OPSOMMING

Om Kerk van Jesus Christus op aarde te wees, vra dat daar altyd van twee werklikhede kennis geneem word naamlik die Bybelse ekklesiologie en die aardse konteks waarin hierdie ekklesiologie elke dag in die mens se lewe moet realiseer. Die werklikheid van die Bybelse ekklesiologie moet as onveranderlike vertrekpunt vir die aardse uitlewing van kerk-wees geld. Hierdie studie toon aan dat die Bybelse ekklesiologie gesien moet word binne die raamwerk van 'n groter dinamiek naamlik dié van God se koninkryk. Daarom moet eers verstaan word waarom God se koninkryk gaan voordat verstaan kan word hoe die kerk binne hierdie koninkryk moet funksioneer. Al is Kerk en Koninkryk nie dieselfde nie, staan hulle ook nie los van mekaar nie. Die gestalte van die kerk word mede bepaal deur die gestalte van die koninkryk. In die Ou Testament word vanuit Gen 12:2 as vertrekpunt beklemtoon dat God sy verbondsvolk seën sodat hulle weer 'n seën kan wees en die hele aarde God as die Almagtige Heerser sal raaksien. Al wat God van hulle verwag, is om aan hom gehoorsaam te wees en nie die gode van die ander nasies te dien nie. So sal die volk van God as gestuurde volk sy liefde in hierdie wêreld sigbaar maak. In die Nuwe Testament val die klem op die feit dat die koninkryk 'n werklikheid geword het in Jesus Christus se koms en dat die kerk as gestuurde volk die evangelie van Christus aan die wêreld moet verkondig sodat God se liefde, soos dit in die koms van Jesus Christus gestalte kry, bekend gemaak kan word (Matt 28:19-21 en Luk 24:48).

Wanneer dan na die Kerk van Jesus Christus gekyk word vanuit die perspektief van God se koninkryk, kan mens nie anders nie as om raak te sien dat die kerk die roeping het om ook vandag nog aan God as die Almagtige Heerser en Jesus Christus as die liefdevolle Verlosser gestalte te gee in die manier waarop ons in die een en twintigste eeu kerk is.

Die probleem wat in hierdie studie aangespreek word, hou verband met die feit dat die NGK nie daarin slaag om die konteks van die tyd waarin die vooruitgang van die elektroniese kommunikasie media hoogty vier tot voordeel van haar missionale roeping benut nie. In die studie word aangetoon wat die veranderende wêreld waarin ons leef behels, en watter eise dit aan kerk-wees stel. In aansluiting daarby word aangetoon hoe die massamedia benut kan word om in diens van missionale kerk-wees te staan. Die massamedia wat kortliks behandel word, is Twitter, Facebook, Podcasts, LinkedIn, werfjoernale en die gemeentelike webblad. Die eerste vyf word slegs kortliks bespreek terwyl die gemeente se webblad breedvoerig behandel word. Die rede daarvoor is die verskil in aard tussen die massamedia en die webblad. Eersgenoemde se bedoeling is veral daarop gerig om die bevordering van interaktiewe kommunikasie met beperkte hoeveelheid teks te bevorder terwyl die webblad van die gemeente die geleentheid bied om uitgebreide inligting te verskaf wat oor 'n wye verskeidenheid van temas gelowiges kan toerus en begelei om missionale kerk van Jesus Christus te wees.

Om die relevantheid van die studie en die hipotese te bevestig, is 'n kwalitatiewe studie gedoen van al die webblaaie (144) wat tans (Nov 2012) by gemeentes in die NGK bestaan. Die resultaat daarvan word interpreteer en aanbevelings in dié verband word gedoen. Aan die einde word tot die volgende konklusies gekom:

In hierdie studie is die volgende navorsingsdoelwitte bereik:

- (1) God se koninkryk is die primêre fokus en rede vir bestaan van die ganse skepping.
- (2) God se bedoeling met sy Kerk op aarde volgens sy Woord is om gestalte aan God se koninkryk te gee. Daarom het die kerk 'n missionale roeping.
- (3) Die konteks waarbinne hierdie roeping vandag uitgeleef moet word, hou verband met die verstaan van die dinamiese veranderende samelewing waarin die postmodernisme 'n groot rol speel.
- (4) Benutting van elektroniese massamedia bied 'n gulde geleentheid aan die kerk om hierdie missionale roeping kommunikatief uit te leef.
- (5) Die kwalitatiewe navorsing bevestig die hipotese naamlik dat die gemeentes van die NGK nog geensins beseft wat die waarde van die Internet is ten opsigte van missionale bediening nie.

SLEUTELTERME

Internet

Koninkryk

Missionaal

Ekklesiologie

Massamedia

Facebook

Twitter

Linkedin

Werfjoernaal

Webblad

Kerk

Gemeente

Welkom

Lidmate

SUMMARY

Being the Church of Christ on earth requires that two realities must constantly be taken into account namely the ecclesiology of the Bible and the context of the earthly life where this ecclesiology has to be actualised. The reality of the Biblical ecclesiology must be seen as the unchangeable departing point for the church in practice every day. This study indicates that Biblical ecclesiology always operates within the bigger framework of the kingdom of God. Therefore, it is necessary to first understand the meaning of God's kingdom before we can understand the relation between the church and the kingdom. Although God's kingdom and the church of God are not identical, it is also true that the two don't operate loose from each other. The stature of the church is being co-defined by the stature of the kingdom. In the Old Testament, with Ex 12:2 as point of departure, it is being emphasized that God blessed his covenant people with the presumption that they will also be a blessing to the other nations so that all will recognize God as the only almighty King. God's only expectation from his people was that they should obey him and worship him alone and not the gods of the other nations. In that way the people of God as his sent people, will reveal God's love for all. In the New Testament the emphasis falls on the fact that God's kingdom became a reality through the incarnation of Jesus. The church, as his sent people, must proclaim Christ's Gospel to the world as it is revealed in the coming of Jesus Christ so that the whole world can become part of his kingdom (Mt 28:19-21 and Lk 24:48).

Looking at the church of Jesus Christ from the perspective of God's kingdom, one can not but recognize the necessity for the church of the twenty first century to obey the calling from God to witness to this world that God is the almighty ruler and that His love for the world became reality in the coming of Jesus Christ into the world.

The problem that is being addressed in this study concerns the fact that the Dutch Reformed Church does not seem to succeed in making the most of the context of our time with the exploitation of the electronic mass media, in favour of its missional calling. This study explores the impact of the macro changes we experience in the present context of our time and shows what opportunities it provides for the church to be missional in its functioning. The following electronic mass media are being explored: Twitter, Facebook, Podcasts, LinkedIn, Blogs and especially the webpage of the congregation. The five first mentioned, are only touched on briefly while the webpage of the congregation is being researched extensively. The reason for this lies in the difference in structure. The first mentioned mass media is meant for interactive communication with restricted volume while the webpage gives opportunity for providing extensive and permanent information concerning a wide variety of relevant articles and issues for the missional ministry of the congregation.

To confirm the relevancy of the study and the hypothesis, a qualitative study of the existing webpages (144 on Nov 2012) in congregations of the Dutch Reformed Church is being done. The results of this study are interpreted and recommendations are being made. Finally the following conclusions are being formulated:

In this study the following research goals have been achieved:

- (1) God's kingdom is the primary focus and reason for existence of the whole creation.
- (2) God's purpose for his church on earth, according to His Word, is to give stature to his Kingdom. For this reason the church has a missional calling.
- (3) The context in which this calling must be exercised, is related to understanding the dynamic changing society where the postmodernism plays a huge role.
- (4) Utilizing the massmedia provides a golden opportunity to the church to fulfil her missional calling communicatively.
- (5) The qualitative research confirms the hypothesis that the congregations of the DRC do not as yet understand the value of using the Internet in missional ministry.

KEYWORDS

Internet

Kingdom

Missional

Ecclesiology

Massmedia

Facebook

Twitter

Linkedin

Blog

Webpage

Church

Congregation

Welcome

Members



AFKORTINGS EN SLEUTELBEGRIPPE

Boeke van die Bybel.

Gen	Genesis	Hab	Habakuk
Eks	Eksodus	Sef	Sefanja
Lev	Levitikus	Hag	Haggai
Num	Numeri	Sag	Sagaria
Deut	Deuteronomium	Mal	Maleagi
Jos	Josua	Matt	Matteus
Rig	Rigters	Mark	Markus
Rut	Rut	Luk	Lukas
1 Sam	1 Samuel	Joh	Johannes
2 Sam	2 Samuel	Hand	Handelinge
1 Kon	1 Konings	Rom	Romeine
2 Kon	2 Konings	1 Kor	1 Korintiërs
1 Kron	1 Kronieke	2 Kor	2 Korintiërs
2 Kron	2 Kronieke	Gal	Galasiërs
Esra	Esra	Ef	Efesiërs
Neh	Nehemia	Fil	Filippense
Est	Ester	Kol	Kolossense
Job	Job	1 Tess	1 Tessalonisense
Ps	Psalms	2 Tess	2 Tessalonisense
Spr	Spreuke	1 Tim	1 Timoteus
Pred	Prediker	2 Tim	2 Timoteus
Hoogl	Hooglied	Tit	Titus
Jes	Jesaja	Filem	Filemon
Jer	Jeremia	Heb	Hebreërs
Klaagl	Klaagliedere	Jak	Jakobus
Eseg	Esegiël	1 Pet	1 Petrus
Dan	Daniël	2 Pet	2 Petrus
Hos	Hosea	1 Joh	1 Johannes
Joël	Joël	2 Joh	2 Johannes
Am	Amos	3 Joh	3 Johannes
Ob	Obadja	Jud	Judas
Jona	Jona	Op	Die Openbaring van Johannes
Miga	Miga		
Nah	Nahum		

Internet terme (Engels na Afrikaans vertaal) en afkortings.

URL (Uniform Resource Locator) – BA (Bronadres)

Spam – gemorspos

Device – Toestel, meganisme

e-mail – e-pos

Blog - Werfjoernaal

Homepage – Hoofblad

Host – gasheer

NGK – Nederduitse Gereformeerde Kerk



INHOUDSOPGAWE

Bedankings.....	2
Opsomming.....	3
Summary.....	5
Afkortings en sleutelbegrippe.....	7
Inhoudsopgawe.....	8
1. Inleiding.....	12
1.1 Probleemstelling.....	12
1.1.1 Godsdienstige kultuur.....	12
1.1.2 Geestelike toerusting.....	14
1.1.3 Geografiese grense.....	16
1.1.4 Materialisme.....	17
1.1.5 Gebrekkige kommunikasie.....	17
1.2 Hipotese.....	18
1.3 Belang van die navorsing.....	21
1.4 Metodologie.....	23
2. Die koninkryk van God.....	25
2.1 Hermeneutiese uitgangspunt.....	25
2.2 Die term missionale gerigtheid.....	32
2.3 Die missionale gerigtheid van God se koninkryk.....	33
2.3.1 Missionale gerigtheid in die Ou Testament.....	33
2.3.1.1 God se identiteit.....	34
2.3.1.1.1 Die monoteïstiese God.....	34
2.3.1.1.2 God se identiteit as Koning.....	41
2.3.1.1.3 God se identiteit as die Almagtige.....	42
*.1 Jahwe Sabaoth.....	43
*.2 El Shaddai.....	45
*.3 Die Almagtige Skeppergod.....	45
2.3.1.1.4 God as Verbondsgod.....	49
2.3.1.1.5 God as genadige God wat vergewe en herstel.....	52
2.3.2 Die koninkryk van God in die Nuwe Testament.....	54
2.3.2.1 Missionale kerk-wees in die lig van God se koninkryk.....	56
2.3.2.2 Die God van die koninkryk.....	58
2.3.2.3 Die volk van God se koninkryk.....	59



2.3.2.4	God se geheim word bekend gemaak.....	62
2.3.2.5	Die missionale aard van die koninkryk.....	64
2.3.2.6	Die allesomvattende koninkryk van God.....	66
2.4	Samevatting.....	67
3.	Ekklesiologie.....	68
3.1.....		B
	ybelse woorde vir kerk/gemeente.....	70
3.2.	Bybelse metafore vir kerk/gemeente.....	72
3.2.1.	Groepsgebondenheid.....	73
3.2.2.....		A
	fhanklikheid en verantwoordelikheid.....	74
3.2.3.....		N
	uwe unieke identiteit.....	76
3.2.4.....		R
	uimer bemagtiging.....	78
3.2.5.....		G
	eleentheid tot diens verruim.....	79
3.2.6.....		G
	od se identiteit en koninkryk word bekendgemaak.....	80
3.3.....		S
	amevatting.....	82
4.	Kerk-wees in veranderende omstandighede.....	83
4.1	Faktore wat verandering teweeg bring.....	84
4.1.1	Mikro-, meso- en makroveranderinge.....	84
4.1.1.1	Mikroveranderinge.....	84
4.1.1.2	Mesoveranderinge.....	85
4.1.1.3	Makroveranderinge.....	85
4.1.2	Die invloed van postmodernisme op kerk-wees.....	87
4.1.3	Die eise wat veranderende omstandighede prakties meebring.....	89
4.1.3.1	Paradigmaskuif.....	89
4.1.3.2	Bestuur van verandering.....	90
5.	KONKLUSIES.....	92
6.	DIE INTERNET.....	94
6.1	Oorsprong en bedoeling van die Internet.....	95
6.2	Sosiale kommunikasienetwerke.....	98
6.3	Etiek van Internet- en sosialemedia kommunikasie.....	101



6.3.1	Die skeppingsmatigheid van die mens	106
6.3.2	God se liefdesgebod	108
6.4	Sosiale media en die kerklike bediening	111
6.4.1	Diensgroep vir kommunikasie	112
6.4.2	Watter media?	115
6.4.2.1	Twitter	115
6.4.2.2	Facebook	121
6.4.2.3	Podcasts	127
6.4.2.4	Linkedin.....	128
6.4.2.5	Werfjoernale.....	129
6.5	Samevatting	131
7.	DIE GEMEENTE SE WEBBLAD	132
7.1	Spanwerk	135
7.2	Versameling van inligting	136
7.2.1.	Doel.....	136
7.2.2.	Die teikengehoor	137
7.2.3.	Inhoud	138
7.2.4.	Koste	138
7.3	Beplanning	139
7.3.1.	Gemeentelike inligting	139
7.3.2.	Geestelike versorging.....	141
7.3.3.	Verwysingsbronne.....	143
7.3.4.	Interaktiewe deelname	143
7.3.5.	Fotogalery	144
7.3.6.	Advertensies	144
7.3.7.	Voorbidding	145
7.3.8.	Administrasie.....	146
7.4	Ontwerp.....	146
7.4.1	Die Hoofblad	146
7.4.1.1.	Oopmaaktyd.....	147
7.4.1.2.	Gebruikersvriendelikheid.....	147
7.4.1.3.	Taalgebruik	148
7.4.1.4.	Algemene voorkoms en grootte van die blad	149
7.4.1.5.	Verwelkoming	149
7.4.1.6.	Mense en nie geboue/geld nie	150
7.4.1.7.	Gemeente se identiteit	151

7.4.1.8.	Geloofsbelydenis	152
7.4.1.9.	Kontakdata.....	153
7.4.1.10.	Terugvoering.....	155
7.4.2	Ander bladsye	157
7.4.2.1.	Gidsblad vir bedieninge	157
7.4.2.2.	Gidsblad vir personeel/leiers.....	158
7.4.2.3.	Kalender.....	158
7.4.2.4.	Preke.....	158
7.4.2.5.	Toerusting.....	159
7.4.2.6.	Foto's	160
7.5	Toetsing	160
7.6	Aflewering	161
7.7	Instandhouding/opdatering.....	161
7.8	Bemaking.....	162
7.8.1.	Eenvoud en relevansie van die BA	163
7.8.2.	Prominensie van die BA	163
7.8.3.	Benut die webblad vir die bedieninge.....	163
7.8.4.	Prominensie op die Internet	164
8.	KWALITATIEWE NAVORSING VAN GEMEENTELIKE WEBBLAAIE IN DIE NGK.....	165
8.1.	Vraag 1:.....	167
8.1.1.	Verwelkomingswoord	167
8.1.2.	Droom-, visie- en missiestellings.....	169
8.1.3.	Die naam en logo van die gemeente.....	170
8.1.4.	Program en aktiwiteite van die gemeente	171
8.1.5.	Ander sake	171
8.1.6.	Tegniese gebreke	173
8.2.	Vraag 2:.....	173
8.3.	Vraag 3:.....	181
8.4.	Vraag 4:.....	182
8.5.	Vraag 5:.....	183
8.6.	Samevatting	183
9.	KONKLUSIE	185
10.	AANBEVELINGS.....	187
	Literatuurverwysings	189
	BYLAAG A	195
	BYLAAG B	200

1 INLEIDING

Hierdie studie word gedoen binne die NGK met die oog daarop om aan te toon dat ontwikkeling in die massamedia en met name die benutting van die Internet, dit moontlik maak vir die kerk om op 'n nuwe wyse binne die postmoderne samelewing van vandag 'n begeleidende en toerustende funksie in elke gelowige (lidmate en nie-lidmate) se lewens te speel om mense daartoe in staat te stel om hulle missionale roeping daagliks te kan ervaar. Die Internet maak dit ook vir die kerk (gemeente) moontlik om mense met die Evangelie van Jesus Christus te bereik ver buite die grense van die kerk. Dit word 'n eietydse instrument waarmee die kerk haar missionale roeping naamlik om aan God se koninkryk gestalte te gee, kan verwesenlik. Hierdie studie bekyk hierdie saak en wil aandui hoe dit moontlik is om hierdie eietydse bedieningsinstrument optimaal te benut.

1.1.PROBLEEMSTELLING

Die lidmate van die NGK het 'n basiese onvermoë om hulle missionale roeping as gelowiges prakties te verstaan en uit te leef deur die benutting van die Internet. Daarmee word die eietydse geleentheid wat die Internet bied met die oog op die gestaltegewing en realisering van God se koninkryk op aarde, verbeur. Hierdie basiese onvermoë hou waarskynlik verband met 'n hele aantal subprobleme waarvan die volgende genoem word.

1.1.1. Godsdienstige kultuur

In Suid-Afrika het ons die voorreg om vryheid van godsdiens te hê. Die Afrikanervolk het ontwikkel uit 'n groep mense wat oor die algemeen geweldig godsdienstig ingestel is. Dit is 'n voorreg en gee die volk 'n goeie basis vir sy kultuur. Ongelukkig moet erken word dat hierdie godsdienstige aspek van die kultuur ook gepaard gaan met 'n hele aantal godsdienstige praktyke wat nie noodwendig getuig van 'n lewende persoonlike verhouding met Jesus Christus nie, maar eerder getuig van die instandhouding van godsdienstige gebruike ter wille van die gebruike en kultuurgewoontes as sodanig. Hierdie tendens het 'n nadelige uitwerking op die praktiese ervaar van die gelowige se missionale roeping.

Verder gebeur dit ook telkens dat tydsverloop meebring dat die kerk uit die verlede 'n klomp bagasie saambring en telkens die gevaar loop om aan bagasie normatiewe betekenis te gee. Niemandt praat daarvan dat die kerk vasgevang geraak het in "Christenheid (Konstantynse Christendom)" (Niemandt 2007:13). Daarmee bedoel hy dat die Christelike godsdiens van 'n gemarginaliseerde minderheidsposisie beweeg na 'n sentrale meerderheidsposisie van mag en rykdom met die gevaar dat morele keuses met die hulp van die staat op mense afgedwing is en nie deur die oortuigingskrag van die

evangelie nie. (Niemandt 2007:14)

Van die bagasie wat in die NGK 'n nadelige uitwerking op die missionale uitleef van die koninkryk van God het, is onder andere die volgende: Die manier waarop die NGK die kategese deur die jare aangebied het, het by lidmate die persepsie geskep dat jy slegs deur belydenis van geloof lidmaat van die kerk word en dán eers 'n bedieningstaak in die kerk ontvang. Natuurlik was dit nooit die amptelike standpunt van die kerk dat belydenis van geloof amptelike lidmaatskap konstitueer nie. Die doopformulier stel dit duidelik dat lidmaatskap deur die doop verkry word en dat dit volle lidmaatskap beteken. Daarom word daar met elke doopgeleentheid aan die ouers van die dopeling gevra: “Bely u dat, hoewel ons kinders as sondears in die wêreld gekom het en daarom onder die oordeel van God staan, hulle nogtans in Christus aan God behoort en daarom as lidmate van sy gemeente gedoop moet word?” (Handboek vir die erediens 1988:61) Daarmee word bely dat die doop onder andere ook teken van lidmaatskap is en daarby volledige lidmaatskap. Dit is jammer dat die onderskeiding tussen dooplidmate en belydende lidmate nog steeds gehandhaaf word. Dit het na my mening 'n negatiewe uitwerking op die verstaan van lidmaatskap by kinders en waarskynlik selfs by ouers met die gevolg dat dit selde gebeur dat ouers kinders werklik opvoed met die idee dat hulle besig is om lidmate toe te rus vir hulle diens. Niemandt noem hierby dat die praktyk van die doop onder die invloed van die verskynsel van Christenheid tot gevolg het dat “die betekenis van kerklidmaatskap opgesom kan word as *hatch*, *match* en *dispatch*. Mense word in die kerk gebore (en gedoop), die kerk trou hulle en die laaste “sien” is wanneer hulle uit die kerk begrawe word.” (Niemandt 2007:15).

Dieselfde kategeseproses het deur die jare die indruk gelaat dat mens met belydenisaflegging van geloof ook klaar is met katekisasie en daarmee ook klaar is met toerusting as gelowige. Die kerk het nog nooit daarin geslaag om voortgesette toerusting as noodsaaklike deel van geestelike volwasse-word by lidmate te laat posvat nie. Toe ons aan die begin van 2011 in die Bybelskool van die NG gemeente Pierneef met 'n reeks lesings oor die verstaan van die Bybel besig was, was my skokkende ontdekking dat bitter min van ons lidmate persoonlike Bybelstudie ken. Dié wat nog gereeld met die Bybel besig is, maak hoogstens van dagstukkies gebruik vir geestelike voedsel maar eie persoonlike Bybelstudie is baie skaars.

Ongelukkig worstel die kerk ook nog om ontslae te raak van die reste van vorige bedieningspatrone van leraars wat die sogenaamde “herder-kudde” model gevolg het. 'n Verkeerde verstaan van die Skrif se herder-kudde kerkbeeld het dikwels daartoe gelei dat lidmate kerk-wees verstaan het as 'n hotel waar mense bedien word deur betaalde personeel. Daarom word daar baie keer aan leraars (en soms ook kerkraadslede) eise

tot dienslewering gestel omdat gewone lidmate nie regtig 'n roeping tot diens het nie. Iets van hierdie verstaan van die funksionering van 'n gemeente het ek ervaar in 1980 in my tweede gemeente toe daar op 'n kerkraadsvergadering gepraat is oor die vraag hoe die gemeentelide tot groter geestelike volwassenheid gelei kan word. Die destydse leier ouderling, wat 'n gesiene man in die gemeenskap was, het opgestaan en verklaar: "Die leraars moet meer huisbesoek doen". Tot vandag toe nog funksioneer baie gemeentes ampsentrië en nie gemeentesentrië nie. Dit het ons in Pierneefgemeente ongeveer vyftien jaar geneem om lidmate uiteindelik te laat verstaan dat hulle elkeen 'n bedieningsopdrag het. Daar is ongelukkig vandag nog 'n hele aantal gemeentes waar dit meer om selfbehoud en oorlewing gaan as om uitbreiding van God se koninkryk deur 'n verskil in die wêreld te maak. Na 'n weeklange besoek aan Bulawayo, Zimbabwe skryf dr Ben du Toit in die Kerkbode van 4 Junie 2010 dat een van sy belewenisse van die kerk in Zimbabwe een is van " 'n funksionerende oorlewingsteologie" (*Kerkbode* 2010:11). Wat sy opmerking belangrik maak, is die feit dat hy vrees hierdie houding is ook reeds by baie lidmate in die NGK in Suid-Afrika aanwesig. Selfs die belewenis van wonders deur gelowiges in Zimbabwe hou slegs verband met God se voorsiening aan uitkoms ter wille van selfoorlewing.

1.1.2. Geestelike toerusting

Na my mening is die gebrek aan effektiewe toerusting van lidmate die grootste enkele probleem met die oog op die missionale aard van kerk-wees. Met toerusting word hier verwys na spesifieke doelgerigte prosesse om lidmate na geestelike volwassenheid te lei met die oog op elkeen se missionale roeping in hierdie wêreld. Natuurlik is daar 'n element van toerusting in elke aspek van die bediening in die gemeente. So byvoorbeeld het die prediking sekerlik 'n toerustende effek. Die saamkom van gelowiges in selgroepe en die verskillende projekte en aktiwiteite wat in gemeentes geloods word, het telkens die potensiaal om mense geestelik te vorm en te lei na volwassenheid. Dit is egter nie dieselfde as toegespitste toerusting wat doelgerig daarop gerig is om lidmate missionale verantwoordelikheid te leer nie. McLaren vra 'n klomp eerlike "what if" vrae om die erns van sy navorsing oor die boodskap van Jesus te verduidelik. Hieronder vra hy ook die vraag "What if the religion generally associated with Jesus neither expects nor trains its adherents to actually live in the way of Jesus?" (McLaren, 2006:3). Die grootste uitdaging vir die kerk deur al die eeue hou verband met die vraag hoe om lidmate (gelowiges) so te begelei dat hulle werklik sout vir die aarde en lig vir die wêreld (Matt 5) sal wees. Een ding hoef ons nie aan te twyfel nie en dit is dat God hierdie wêreld se mense liefhet as Joh 3:16 reg verstaan word. Volgens Johannes het Jesus self verklaar: "God het die wêreld so lief gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie

verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê.” Dit bly nog altyd vir my een van die merkwaardigste teksgedeeltes in die hele Bybel omdat Johannes in hierdie teks die woord *kosmos* gebruik. *The complete word study dictionary, New Testament* verduidelik dat behalwe dat hierdie woord verwys na die totaliteit van die geskape werklikheid, dit ook verwys na “... the mass of people who are hostile or at least indifferent to the truth and the followers of Christ” (Zodhiates, S 2000:(electronic ed.)). Die gehalte en ter selfdertyd onverstaanbaarheid van hierdie liefde word verder beklemtoon as Rom 5:8 gelees word: “*God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was.*”

Die vraag is natuurlik: Hoe sal die wêreld wat teen God gekant is dan nou ook weet dat Hy hulle so ontsettend liefhet? Jesus antwoord self die vraag as Hy teen die einde van sy bediening op aarde sekere opdragte aan sy volgelinge gee. Volgens Matteus het Hy vir hulle gesê: “*Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels.*” (Matt 28:19) Lukas verwoord weer Jesus se opdrag met: “*Julle is getuies van hierdie dinge.*” (Luk 24:48). Die skrywer van 1 Johannes verklaar onomwonde dat niemand God nog ooit gesien het nie (1 Joh 4:12) maar, “... *as ons mekaar liefhet, bly God in ons en het sy liefde in ons sy doel volkome bereik.*” Daarmee wil hy vir die gelowiges daaraan herinner dat hulle God in hierdie wêreld sigbaar kan maak deur in liefde met mekaar te lewe. “As ons enigsins begryp wat dit God gekos het om as uiting van sy liefde sy Enigste Seun te gee het as liefdesoffer, dan sal ons spontane antwoord wees om mekaar ook lief te hê. Die ware liefdesbetoon van gelowiges maak hulle daarvan bewus dat God by hulle inwoon. Só word God se inwoning sigbaar. As God se inwoning sigbaar word deur die onderlinge liefdesbetoning, het God se liefde sy doel volkome bereik.” (Du Rand 1999:1752) Paulus onderstreep hierdie gedagte op ’n ander manier deur te verklaar dat die Heilige Gees van die kerk sy tempel kom maak het (1 Kor 3) en gaan selfs sover om te sê dat dit ook waar is van elke gelowige (1 Kor 6). Waar die gelowige dus elke dag lewe, werk, ontspan, ens doen hy dit as die tempel van God en moet mense dus iets van God leer ken.

So sou mens kon voortgaan om een ding baie duidelik uit die Woord van God te hoor: God het die mense van die wêreld ontsettend lief en wil hê dat sy gelowige volgelinge hierdie liefde aan die mense sigbaar moet maak. Die kerk moet besef dat sy nie ter wille van sigself bestaan nie, maar met die groot opdrag om God se liefde in hierdie wêreld sigbaar te versprei.

Dit is juis hier waar die probleem lê. Ongelukkig was die selfsug van die mens om sy eie belange bo dié van God te stel nie beperk tot die oergeskiedenis van die mensdom nie, maar duur dit vandag nog voort. In Rom 3 verwoord Paulus dit baie sterk as hy uit

verskeie gedeeltes in die Ou Testament aanhaal om te “... bewys dat Jode en nie-Jode almal in die mag van die sonde is.” (Rom 3:9) In Rom 3:12b-18 gebruik hy kras woorde om die mens te beskryf: “*Daar is nie een wat goed doen nie, selfs nie een nie. Hulle keel is ’n oop graf, met hulle tonge bedrieg hulle. Oor hulle lippe kom woorde so giftig soos slange. Hulle mond is vol vervloeking en bitterheid. Hulle voete is vinnig om bloed te vergiet. Hulle laat ’n spoor van verwoesting en ellende agter. Die pad van vrede het hulle nie leer ken nie. Ontslag vir God het hulle nie.*” Uiteindelik verklaar Paulus in 3:23 en 24 “*Almal het gesondig, en het nie deel aan die heerlijkheid van God nie, maar hulle word, sonder dat hulle dit verdien, op grond van sy genade vrygespreek vanweë die verlossing deur Jesus Christus.*” Juis omdat God die mens liefhet, het Hy self ’n oplossing vir die toekoms van die mens voorsien in die vorm van die menswording van sy Seun, Jesus Christus.

Hierdie verdorwe mens moet nog steeds vandag God se liefde aan die nog-nie-gelowige wêreld bekend maak. Dit is hierdie mens wat deel vorm van die kerk op aarde en wat vanweë sy sondige geaardheid gehelp moet word om hierdie opdrag uit te voer omdat die mens nie van nature daartoe in staat is om dit te kan doen nie. As hier van kerk gepraat word, word veral bedoel die kerk as instituut soos wat dit in die Nederduitse Gereformeerde Kerk gestalte kry. Dit is interessant om vandag so in die wandelgange waar te neem dat meer en meer mense die rug draai op die NGK as instituut om met hulle eie sogenaamde huisgemeentes te begin net om na verloop van tyd ook maar te besef dat enige groep, of dit nou ’n gestruktureerde groot gemeente is of ’n kleiner groep as huiskerk, op die een of ander manier georganiseer moet word en dat die gevaar altyd bestaan dat dit met verloop van tyd kan gebeur dat al meer aandag aan die organisasie en struktuur gegee word en die eintlike fokus verdof.

Die oomblik wat van toerusting gepraat word, loop mens jou natuurlik dikwels vas teen ’n bepaalde gefikseerde denke oor toerusting. Baie mense dink dadelik aan kursusse, boeke en tydrowende sessies en besoeke. Die moontlikhede wat vandag deur elektroniese multimedia en kommunikasieprosesse beskikbaar is, is grootliks onontgin. Dit is opvallend dat selfs in gemeentes waar daar van ’n gemeentelike webblad gebruik gemaak word, die meeste sulke blaaië net benut word om sekere inligting oor die gemeente se aktiwiteite deur te gee en nie as toerustingsinstrument benut word nie. Later hieroor meer.

1.1.3 Geografiese grense

’n Saak waarvan die negatiewe invloed op die missionale taak van die kerk nog nie naastenby besef word nie, is die vertrekpunt van geografiese indeling van gemeentegrense wat in die NGK gevolg word. Al is dit vandag so dat hierdie geografiese

grens nie meer so rigied toegepas word soos in die verlede nie, is dit ook in die praktyk so dat die geografiese indeling nog steeds by lidmate die indruk skep dat 'n gemeente se grootte bepaal word deur die omvang van die geografiese grense. Dit het dikwels tot gevolg dat die algemene houding van lidmate is dat lidmate van die kerk binne 'n sekere geografiese gebied noodwendig deur die kerkraad opgespoor sal word en dat die "gewone lidmaat" nie 'n verantwoordelikheid het om na ander rondom hulle uit te reik nie. Toe ek die voorreg gehad het om in 1993 'n studietoer deur die VSA te onderneem, was dit vir my besonder opvallend dat daar nêrens van enige geografiese afbakening van gemeentes sprake is nie. Dit het daartoe gelei dat die gewone lidmate van gemeentes hulle daartoe verplig gevoel het om ter wille van die uitbreiding van die gemeente, na ander rondom hulle uit te reik. Al kan hierdie motivering vir uitreiking bevraagteken word, het dit ten minste die gevolg gehad dat mense 'n missionale roeping uitleef.

1.1.4 Materialisme

Behalwe bogenoemde oorsake moet nog verder genoem word dat verskillende praktiese sake die proses van toerusting bemoeilik. Hieronder kan genoem word die toename in 'n materialistiese benadering van die lewe deur baie mense en die vrees dat werkseleenthede verloor sal word. Daarom gebeur dit meermale dat mense geweldig baie ure in hulle beroepslewe spandeer en letterlik nie tyd vir geestelike vorming deur toerusting het nie. Die algemene gees van die huidige postmoderne mens (hierdie saak sal later meer breedvoerig bespreek word) skep ook sy eie probleme in dié verband ten minste wat die tradisionele wyse van toerusting in die kerk betref.

1.1.5. Gebrekkige kommunikasie

Alhoewel ons in 'n tyd leef waarin daar geweldig baie kommunikasiemoontlikhede is, wil dit tog voorkom of die kerk dit nie regtig benut tot voordeel van die opbou van gemeentede nie. Hier word veral gedink aan goedkoop elektroniese kommunikasiekanale wat moontlik is deur die benutting van selfone en die internet. Ons lewe in 'n tyd waarin mense nie meer erediensbywoning noodwendig as verpligtend beskou nie en daar dus 'n kwynende bywoningsyfer gerapporteer word in die NGK se navorsing in Kerkspieël 6. In 'n artikel deur Wim Dreyer in Kruisgewys word daarvan melding gemaak dat erediensbywoning in die tradisionele Gereformeerde kerke baie laag is. "Die tradisionele gereformeerde kerke vaar ook wêreldwyd deurgaans die swakste in terme van erediensbywoning, selfs swakker as die Rooms-Katolieke Kerk." (Kruisgewys September 2009:5) Dit beteken in die praktyk van kerk-wees dat die een geleentheid waar gelowiges nog saamkom om onder die geklank van God se Woord geestelik versorg te word, minder benut word. Dan word hier nie eens ingegaan op die baie klein persentasie lidmate wat by skolingsgeleenthede soos Bybelskole en ander kursusse

betrokke is nie. Wanneer die gegewens van die Jaarboek van die NGK van 2012 nagegaan word en na aanleiding van persoonlike navraag by alle gemeentes in die NGK, blyk dit dat slegs 144 van die NGK se 1153 gemeentes oor 'n eie webblad beskik. Dit is sekerlik moontlik dat nie alle gemeentes wat webblaaie bedryf die inligting in die jaarboek laat publiseer nie. Selfs indien dit waar sou wees, sou dit tog nie 'n noemenswaardige verskil maak aan die feit dat hierdie kosbare kommunikasiemiddel nie optimaal benut word nie. Om die waarheid te sê, getuig die feit dat gemeentes nie in die jaarboek bekend maak dat 'n webblad bestaan nie, juis van 'n gebrekkige verstaan van die benutting van webblaaie.

Die gebrekkige kommunikasie sou grootliks verbeter kon word indien daar van die kerkleiding se kant af 'n beter verstaan was van die moontlikhede wat onder andere die benutting van die Internet en elektroniese massamedia inhou.

Bogenoemde is 'n aantal van die faktore wat daartoe bydra dat die geestelike groei van lidmate tot missionale verantwoordelike agterweë bly en dikwels juis dwarsboom.

In die lig van hierdie probleemstelling, word gepoog om die volgende navorsingsvrae te beantwoord:

- 1) As Markus in Mark 1:15 Jesus se bediening aankondig as die koninkryk van God wat naby gekom het en Jesus volgens Matt 6:33 daarop reageer deur die skare op te roep om eerste van alles in die lewe God se koninkryk te soek, dan kom die vraag na vore oor die rol wat God se koninkryk in die bediening van die kerk behoort te speel.
- 2) Wat is God se verwagting van sy Kerk op aarde in die lig van die Skrifgegewens van die Ou en die Nuwe Testamente?
- 3) Hoe lyk die konteks waarbinne die NGK vandag aan hierdie vereistes moet voldoen?
- 4) Hoe kan die massamedia en veral die webblad die gemeente help om aan kerk-wees gestalte te gee?
- 5) In watter mate slaag gemeentes wat reeds webblaaie het daarin om via die webblad gemeentede toe te rus en aan te moedig tot missionale kerk-wees?
- 6) Wat kan gedoen word om die huidige toedrag van sake te verbeter?

1.2.HIPOTESE

Die navorser gaan uit van die hipotese dat gemeentes van die NGK nie eietydse elektroniese media (veral die gemeente se webblad) effektief benut om die gemeente se missionale opdrag (na binne en na buite) te dien nie. Dit is asof die NGK nog nie hierdie kommunikasie geleentheid raaksien nie.

Ons leef in 'n tyd waarin daar 'n ontploffing is van elektroniese kommunikasie middels. "Mainframes, then minis, then micros--like a blinking, buzzing hoard, computers invaded

the countryside of the global human experience, set up occupation, and instigated change everywhere.” (Jaffarian 2009:33). Cowley het navorsing oor hierdie verskynsel van verandering gedoen en kom met insiggewende gevolgtrekkings na vore. “Die omvangryke verandering in die nuwe millennium is egter iets ongekends wat deur die samesmelting van inligting- en kommunikasietegnologie meegebring word. Hierdie samesmelting maak dit moontlik om deur middel van die Internet enige tyd met enige aantal persone tegelyk te kommunikeer.” (Cowley 2007:712) Die kerk kan nie anders nie as om eietydse kommunikasiemiddels te benut om lidmate toe te rus vir hulle heel belangrikste doel op aarde naamlik om God te verheerlik.

Veral in Suid-Afrika is daar meer as in die meeste ander lande ’n groeiende tendens om hierdie kommunikasiemiddels te benut. Hier word veral gedink aan die vooruitgang van die Internet en die gebruik van selfone. Al word hier nie op die gebruik van selfone gefokus nie, is dit tog meldingswaardig dat Castells in 2004 al vasgestel het dat die meeste selfoongebruikers in Afrika hier in Suid-Afrika is (19,5 miljoen of bykans een kwart van die 75,9 miljoen Afrika gebruikers) (Castells 2007:Kindle loc 547). Volgens statistieke wat deur World Wide Worx (Suid-Afrika se voorste tegnologie navorsings organisasie) bekend gestel word, het die aantal mense in Suid-Afrika wat gereeld Internet gebruik teen die einde van 2010 die ses miljoen merk oorgesteek (<http://www.internetworldstats.com/af/za.htm>, besoek op 10 Sept 2010). Mense gebruik toenemend die Internet om vanuit die gerief van hulle eie kantore of huise (selfs motors, lughawens, vliegtuie, ens) die wêreld rondom hulle te bestuur. Deur middel van internetbankdienste betaal mense geld oor in ander se bankrekenings; word rekeninge betaal, kaartjies vir vermaak en selfs vir rondry/-vlieg via Internet gedoen; bykans enige artikel word per Internet bestel, betaal en afgelewer; persoonlike belastingopgawes word elektronies per Internet gedoen; sport word via Internet lewendig gevolg en selfs kinders gebruik daagliks die Internet om skoolopdragte mee uit te voer. Joubert verwys na die “digitale reformasie” en sê:

“Die annus virtualis, die jaar-era van virtualiteit, is op ons. Sowat 1,5 miljard mense wêreldwyd is aanlyn bedrywig. Miljarde dollar se sake word jaarliks op die internet gedoen, terwyl sowat 33% van alle boeke aanlyn verkoop word. Die internet is ’n onuitputlike bron van inligting. Jy kan enigiets Google en binne sekondes ’n reeks webblaaië met antwoorde op jou vrae tot jou beskikking hê.

Of jy kan Wikipedia gebruik vir akkurate inligting as selfs die beste gedrukte ensiklopedie. Die digitale wêreld is egter veel meer as ’n kortpad na inligting; dit is ’n verlengstuk van mense se leefwêreld. Hier ontstaan nuwe verhoudings, taal en denke. (“Tribal individualism” is die term wat deesdae hiervoor gebruik word.) Virtualiteit is ’n integrale deel van der miljoene mense se lewe, met konnektiwiteit as nuwe wagwoord. Jesse Rice (The Church of Facebook, 2009) sê internetgebruikers, veral die op Facebook, se grootste behoefte is aan ’n nuwe soort tuis. Derhalwe kom nuwe “virtuele families” orals tot stand waar mense met hul harte en emosies aanwesig is. Die dirigent Eric Whitacre kon selfs al ’n virtuele koor dirigeer waaraan 185 sangers uit 12 lande deelgeneem het, en dit sonder enige persoonlike kontak (kyk gerus by www.youtube.com/watch?v=D7o7BrlbaDs).

"Maar wat van die gevare van die internet?" soos wat ou doornis sou wou weet. Ja, dit is daar, maar ek wil nie my hond se voorbeeld navolg deur gedurig te blaf vir dit wat hy nie verstaan nie. Ek wil saam met Len Wilson (The wired church 2.0, 2009) sê: "Our job as messengers of the gospel is to speak in whatever language the culture is speaking." Ek wil die evangelie onverdund en eg vergestalt binne die nuwe werklikhede van ons dag. Tog onthou ek ook Neil Postman (Technopoly: The Surrender of Culture to Technology, 1993) se wyse woorde dat ons moet ligloop vir diegene "who see only what new technologies can do and are incapable of imagining what they will undo".

Die internet vervang nooit kontak van aangesig tot aangesig of verhoudings nie. Ook mag dit nie noodsaaklike breinstimulasie verhinder wat deur leesaktiwiteit en kreatiewe denke aangewakker word nie. Hiervoor moet ouers, vriende, skole en kerke sorg.

Maar as ons meen betekenisvolle sosiale interaksie is onmoontlik op die internet, dan begryp ons nie die impak van byvoorbeeld blogs, Facebook, MySpace, YouTube of Twitter nie. Trouens, volgens onlangse studies sal baie mense eerder hul harte op Facebook oopmaak as met hul familieledede. Tragies, maar waar!

Toegee, vele internet-verhoudings is uiters kunsmatig, maar via my eie deelname aan ekerk, 'n virtuele bediening, het ek baie mense tot geloof in Christus sien groei.

Ook beleef ek gereeld hoedat nuwe verhoudings hier ontstaan wat grond raak in konkrete optrede. Hierdie nuwe beeldryke en verhaalryke media het beperkings, maar dit bied ook fenomenale nuwe moontlikhede tot nuwe konneksies! In my skooldae het kerke orrelfondse gehad. Vandag moet kerke en Christelike organisasies digitale en mediafondse hê, asook kundige helpers op die gebied. Gemeentelike webblaaie moet meer wees as blote elektroniese inligtingsbrosjures of ondergeskikte hulpmiddels vir die "eintlike" kerklike bedienings. Betrokkenheid by die digitale wêreld is nie langer 'n luukse nie. Of ons nou in die stad of die platteland bly, die nuwe digitale kultuur is op ons. As ons dit miskyk, gaan ons dalk eendag op die godsdienstige wa van irrelevansie rondsit.

Ons is geroep om ons kultuur te help transformeer as navolgers van Christus. Kom ons leer by Martin Luther wat die drukpers, die media van sy dag, benut het om die Reformasie deur te voer. Kom ons sorg dat God se koninkryk met styl aanbreek binne ons uitdagende digitale en konkrete leefwêreld." (Beeld, 2010:10).

Die kerk kan baie meer maak van die benutting van moderne elektroniese hulpmiddels en veral die Internet in die toerusting en begeleiding van lidmate. Later in die studie sal meer breedvoerig ingegaan word op die verskillende elektroniese middels wat vandag beskikbaar is. "Our technological advances in communication provide us with opportunities to use words in ways that will honor God, thoughtful words that speak with substance and truth and give life to people made in God's image." (Challies 2011: Kindle ed, loc 1229-30). Hier word beklemtoon dat dit in hierdie studie veral gaan om die beklemtoning van die gebruik van die gemeentelike webblad as bedieningsinstrument omdat, soos later aangetoon sal word, daarin 'n beduidende voordeel bo ander elektroniese middels is. Vir die huidige word volstaan deur te wys op die voordele wat 'n webblad in die gemeente inhou:

* elke lidmaat kan in die beskikbaarheid van tyd binne sy/haar eie program inligting en

toerusting ontvang, selfs al is die persoon in die buiteland.

- * 'n ryke verskeidenheid van toerustingstemas wat by elkeen se persoonlike behoeftes pas, kan aangespreek word.
- * deur die blad interaktief te ontwerp, kan lidmate reageer en eiesoortige geloofsprobleme onder die aandag van die leraar bring.
- * met die beskikbaarstelling van die klankbane van preke en ander aanbiedings, kan die lidmate steeds onder die geklank van die Woord kom deur dit op Internet oop te maak en/of af te laai en daarna te luister.
- * deur elektronies toegang te hê tot die preke kan lidmate dit benut om ook vir ander mense met wie hulle te doen kry daarna te laat luister en so 'n missionale funksie vervul.
- * deur die gemeente se Bybelskoolmateriaal op die webblad te plaas kan gemeentelede in hulle eie private tyd daarna gaan kyk en geestelik gevorm word.
- * in groot gemeentes waar daar baie selgroepe funksioneer kan die leiers (en groepslede) die materiaal vir die selgroepe op die webblad van die gemeente bekom.
- * die weeklikse aankondigings kan via die webblad by elke lidmaat uitkom.
- * die gemeente se maandblad en/of kwartaalblad of hoe gereeld daar ook 'n nuusbrief versprei word, kan via die webblad by almal in die gemeenskap uitkom.
- * ons leef in 'n tyd waarin baie van die gemeente se jongmense in die buiteland vir een of meer jare gaan werk. Hierdie lidmate kan nog steeds effektief met al bogenoemde bedien word via die webblad van die plaaslike gemeente en so in voeling bly met hulle tuisgemeente.

1.3. BELANG VAN DIE NAVORSING

Die navorsing wat hier neerslag vind, is bedoel om gemeentes te help om nuut te dink oor die bediening. Eietydse omstandighede vra 'n nuwe manier van geestelike begeleiding en bied ook die middels daarvoor. Uit 'n studietoer wat onlangs deur 'n groep predikante van Suid-Afrika in Engeland en Nederland onderneem is, gee Pretorius in Kerkbode 'n kort oorsig van hulle bevindinge (Kerkbode 4 Junie 2010:6). Daarin roep hy die kerk op om nuut te dink oor kerk-wees. Tydens die toer het hulle bewus geraak van vier denkskole wat in die toekoms 'n groot rol sal speel: die Ontluikende Kerk-beweging, die Alternatiewe aanbiddingsbeweging, die Fresh Expressions beweging en die Klein missionale gemeenskapsbeweging. "Die predikante het tydens die studietoer besef dat die tekens van die toekoms en die verandering wat dit saambring, klaar besig is om in die Suid-Afrikaanse kultuur neerslag te vind."

In nog 'n artikel in dieselfde Kerkbode skryf dr Braam Hanekom (Moderator van die sinode van Wes- en Suid-Kaapland) oor 'n aantal nuwe tendense in die kerk. Van die

tendense wat hier ter sprake is, is die feit dat strukture nooit sal verdwyn nie, maar voortdurend 'n nuwe gesig moet kry. In die praktyk lyk dit of daar 'n groter wordende “anti-institusionele” beweging onder lidmate voorkom. “Die groeiende belangrikheid van die plaaslike gemeentes en lidmate se ongeërgdheid met byvoorbeeld lidmaatsertifikate en spesifieke denominasionele verbintenisse, is maar enkele voorbeelde hiervan.” (Kerkbode 4 Junie 2010:18). Hy stem saam dat daar gemeentes is wat om oorlewingsredes na binne leef maar meld terselfdertyd dat daar tog 'n groeiende getal gemeentes is wat besef dat hulle oorlewing juis te vinde is in 'n radikale opoffering van die self en 'n lewe na buite. Die geestelike, fisieke en emosionele nood van die gemeenskap rondom ons word al meer raakgesien en aangespreek. Hiermee hou 'n derde tendens verband naamlik die feit dat gewone gelowiges en predikante anders begin dink oor belydenis, belydenisskrifte en belydenisvorming. Waar die fokus voorheen op die korrekte formulering van waarhede geval het, val dit nou op die waarheen vraag (Kerkbode, 4 Junie 2010:18). Die artikel word afgesluit met die opmerking dat daar by lidmate 'n toenemende geestelike dors is. Die verskynsel die afgelope tyd van duisende mense wat stroom na die byeenkomste van iemand soos Angus Buchan onderstreep dit.

Tydens die sendingkonferensie wat in 2010 te Edinburgh gehou is, is heelwat gemaak van die belangrike rol wat die media speel. In een van die lesings wat daar aangebied is, word gesê: “In the West secularization has led to a significant drop in church affiliation and attendance, particularly in Europe. At the same time people spend still more hours in front of televisions or computer screens, and their understanding of religion is therefore increasingly being shaped by the media rather than by the church”. (Balía & Kim, 2010:137). Hulle wys verder daarop dat die media (veral die Internet) die kerk in staat stel om dieselfde dinge van die verlede vinniger, oor langer afstande en aan 'n groter gehoor te doen. Dit word 'n nuwe manier om nog-nie-gelowiges te bereik en help plaaslike gelowiges om geestelik te groei.

Michael Javarian maak 'n interessante opmerking in 'n artikel oor die invloed van die rekenaar op vandag se wêreld: “Consider the saying ‘To a man with a hammer, everything looks like a nail.’ When computers invaded the world of evangelical mission strategy, they represented helpful new tools for the tasks at hand. Nails were sticking up, and, happily, hammers arrived. But perhaps these exciting new tools led evangelical mission strategists to see the world in a different way: less organic and more mechanical, less holistic and more divided. Hammers arrived, and, unhappily, the world began to look like a bunch of nails.” (International Bulletin of Missionary Research, Jan 2009, Vol. 33 Issue 1:33).

Die aankondiging van die hoog aangeskrewe tydskrif Time se “Persoon van die jaar”

(POY = person of the year) aan die einde van 2010 beklemtoon die geweldige impak wat moderne sosiale netwerke op die samelewing het. Die ses finaliste was Steve Jobs ('n Reus in tegnologie), Hamid Karzai (eerste demokraties verkose President van Afghanistan), die "Tea Party" ('n populistiese Amerikaanse politieke party wat tegelyk as konserwatief en liberaal bestempel is), die reddingsspan van die Chileense mynrampe, Mark Zuckerberg (stigter van Facebook) en Julian Assange ('n Australiese joernalis, programmeerder en Internet aktivis) (vgl <http://tunedin.blogs.time.com/2010/12/15/time-updates-zuckerbergs-status-to-person-of-the-year/>, besoek op 20 Januarie 2011). Uit hierdie ses persone is die toekenning aan Mark Zuckerberg gegee veral vanweë die feit dat Facebook op daardie stadium reeds die 500 miljoen kerf vir gebruikers van die sosiale netwerk oorskry het.

Terwyl ons dus moet kerk-wees in 'n samelewing waar meer en meer mense daaglik hulle lewens al hoe meer met behulp van 'n rekenaar en elektroniese kommunikasie bestuur, moet die kerk nuut dink oor die benutting daarvan met die oog op die toerusting en geestelike vorming van lidmate en meer spesifiek die benutting van gemeentelike webblaaie. Dit is my oortuiging dat die gemeente se webblad een van die handigste en mees relevante instrumente in 'n gemeente kan wees om die eietydse mens geestelik te vorm.

In die lig hiervan word die volgende navorsings doelwitte gestel:

- (1) Om aan te toon dat God se koninkryk die primêre fokus en uitgangspunt van die bediening van die kerk moet wees. Kerk-wees is gestalte van God se koninkryk.
- (2) Om duidelikheid te kry oor God se bedoeling met sy Kerk op aarde volgens die Woord van God.
- (3) Om die konteks waarbinne hierdie bedoeling vandag uitgeleef moet word beter te verstaan.
- (4) Om die benutting van elektroniese massamedia te ontgin.
- (5) Om die benutting van die gemeente se webblad as bedieningsinstrument te ontleed.
- (6) Om vas te stel hoe dit tans in die NGK gesteld is met die benutting van webblaaie in gemeentes.
- (7) Om nuwe moontlikhede vir die toekoms te formuleer.

1.4. METODOLOGIE

Om die probleem wat hierbo genoem is na te vors, sal eers vasgestel moet word wat die Bybelse bedoeling vir God se mense op aarde is. Omdat hierdie 'n baie belangrike aspek is, sal moeite gedoen word om aan te toon hoe die inhoud van God se missionale roeping vir sy volk deur die Ou Testament om bepaalde redes verskil van dié in die Nuwe Testament en wat die verband tussen die twee is. Hierdie missionale roeping staan in die

nouste verband met wie God is. Daarom sal deur middel van eksegeese en literatuurstudie kortliks aandag gegee word aan God se identiteit soos die Bybel dit aan ons deurgee en die verband daarvan met die missionale roeping van God se mense.

Om vas te stel in watter mate die kerk werklik hierdie missionale aard van die koninkryk raaksien en verstaan, sal bestaande empiriese navorsing soos in sekere literatuur weergegee en ook in die kerk se eie Kerkspieëlstatistieke oor die afgelope jare, evaluerend bekyk word.

Wat die praktiese implementering van die gemeente se webblad as bedieningsinstrument betref sal aan die hand van literatuurstudie na die ontwerp, bemarking, evaluering, toepassingsmoontlikhede en basiese vereistes vir effektiewe benutting van webblaaie gekyk word. Daaruit sal dan 'n bepaalde stel waardes geformuleer word aan die hand waarvan na bestaande webblaaie van gemeentes gekyk sal word. Die bedoeling van laasgenoemde is nie om uiteindelik 'n waarde oordeel oor elke webblad uit te spreek nie, maar om vas te stel in watter mate gemeentes die benutting van 'n webblad as bedieningsinstrument verstaan en werklik effektief benut veral as toerustende en missionale bedieningsinstrument. Hieruit sal dan bepaalde voorstelle geformuleer word. Hier sal dus gebruik gemaak word van evaluerende empiriese navorsing.

Om saam te vat, kan dus gesê word dat die volgende metodologiese elemente vir die navorsing benut word:

- Literatuurstudie.
- Skrifstudie.
- Kwalitatiewe navorsing oor gemeentes se webblaaie.

2. DIE KONINKRYK VAN GOD

Heel eerste moet die rol van God se koninkryk bepaal word. Waaroor gaan God se koninkryk en hoe kry God se koninkryk gestalte op aarde? Aan hierdie vrae word onder andere hier aandag gegee.

2.1. Hermeneutiese uitgangspunt

Hoe die Bybel gelees word, het uiteindelik 'n bepalende invloed op die verstaan van die Bybel. Dit beteken egter nie dat enige mens die Bybel kan lees soos hy wil nie. Daar is sekere basiese hermeneutiese reëls wat ten alle tye met die lees van die Bybel gehoorsaam moet word. So byvoorbeeld is dit belangrik om altyd die konteks van die tyd, die omstandighede van die skrywer, die kultuurhistoriese faktore van die tyd, ensovoorts in ag te neem ten einde die boodskap vir vandag te kan hoor. Met dit alles in ag geneem, word in die hantering van hierdie studie op voetspoor van CJM Wright (Wright 2006) uitgegaan van 'n hermeneutiese benadering wat missiologies van aard is. Wright is van mening dat die hele Bybel in vier groot bedrywe ingedeel kan word naamlik die skeppingsgebeure, die sondeval, die verlossingsplan van God en die nuwe skepping aan die einde van die Bybel (Wright 2010:Kindle ed, loc 353). Dwarsdeur die vier bedrywe gaan dit om die manier hoe God sy grootheid en mag in die verloop van die aardse geskiedenis laat realiseer sodat dit uiteindelik gaan om God en nie om mense nie. "To say that the Bible is "all about mission" does not mean that we try to find something relevant to evangelism in every verse. We are referring to something deeper and wider in relation to the Bible as a whole. In a missiological approach to the Bible we are thinking of * the purpose for which the Bible exists * the God the Bible renders to us * the people whose identity and mission the Bible invites us to share * the story the Bible tells about this God and this people and indeed about the whole world and its future." (Wright 2006:31).

Wanneer Harrison van die Christian Hackers' Association 'n metodologie uitwerk om die evangelie aan "hackers" te verkondig, maak hy van 'n missiologiese hermeneutiek gebruik om die Bybel te benader. Nadat hy verduidelik het wat die eiesoortige aard van die "hacker" is, gaan hy voort om aan te toon hoe dat die evangelie juis vir sulke mense bedoel is. Aan die einde van sy uiteensetting konkludeer hy deur te sê: "Therefore, a general missiological hermeneutic has been set forth connecting the interests of the hacker community to a set of values which can be correlated to the gospel message using various scripture verses." (Harrison 2002: <http://www.christianhacker.org/html/outreach/cha-missionmethod.html>, besoek 10 Sept 2010). Die hele gedagte van 'n missiologiese verstaan van hermeneutiek word ondersteun deur Kim wanneer sy in haar

verduideliking van hermeneutiek beklemtoon dat beide die verstaan van die konteks van die skrywers van die Bybel asook die in agneming van die huidige lesers/hoorders van die Woord van God belangrik is ten einde die teks in vandag se tyd te laat spreek. Sy kom tot die volgende konklusie: “The aim of the interpretative process is the transformation of the people of God within their concrete situation.” (Kim:<http://www.study21.org/mission/paper/hermeneutics.htm>, besoek op 10 Sept 2010)

Die hele skepping is deur God tot stand gebring om tot sy verheerliking te bestaan en sy grootheid en almag te laat realiseer. Wright sê: “The creation exists for the praise and glory of its creator”. (Wright 2010:Kindle ed loc 355) Van hierdie skepping is die mens die kroon (Ps 8) en het die mens die opdrag om namens God so op te tree dat hierdie God-verheerliking in die skepping tot volle werklikheid kom. Terwyl Israel in ballingskap verkeer, word hulle genoodsaak om hulle geloof in God nader te formuleer. Die volk het ontdek dat ander volkere hulle gode erkenning gee deur verskillende skeppingsverhale te vertel waarvan die Sumeriese en Babiloniese die belangrikstes is.¹ In Gen 1 word die volk se belydenis oor hulle God in die vorm van ’n skeppingsgedig verwoord. Teenoor die Babiloniërs wat vertel hoe hulle gode die reg om te skep verkry het deur stryd heen, verklaar die Israeliete dat hulle God die Almagtige Skepper is wat bloot deur ’n woord te spreek of elemente van mekaar te skei of met sy hande dinge te vorm die skepping voltooi het. Hy het nie nodig gehad om homself te bewys nie, maar Hy is die God wat bestaan en almagtig kan doen wat Hy wil.

In hierdie nadenke oor God, word ook gedink oor die mens as deel van God se skepping en tot die belydenis gekom dat die mens nie bestaan ter wille van sigself nie, maar ter wille van sy Skepper. “*God het die mens geskep as sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep.*” (Gen 1:27). Dit is belangrik om hier te beklemtoon dat hierdie geskapeheid van die mens op die **man** en die **vrou** van toepassing is. Hoe die mens hierdie verteenwoordigende rol moet

¹Dit gaan nie hier om die verskillende skeppingsverhale nie en daarom word daar nie daarop ingegaan nie. Wikipedia gee die volgende insiggewende omskrywing van skeppingsverhale. “A creation myth or creation story is a symbolic narrative of a culture, tradition or people that describes their earliest beginnings, how the world they know began and how they first came into it. They are stories expressing, usually through metaphor and imagery, how the world came to be and what humanity’s place and role is in it. Creation myths develop in oral traditions, and are the most common form of myth, found throughout human culture. In the society in which it is told, a creation myth is usually regarded as conveying profound truths, although not necessarily in a historical or literal sense. They are commonly, although not always, considered cosmogonical myths--that is they describe the ordering of the cosmos from a state of chaos or amorphousness. They are also commonly, although not always, considered sacred accounts, and can be found in nearly all known religious traditions. Several features are found in all creation myths. They are all stories with a plot and characters who are either deities, human like figures or animals who often speak and transform easily. They are set in a dim and nonspecific past, what historian of religion Mircea Eliade termed in illo tempore. And all creation myths speak to deeply meaningful questions held by the society that shares them, revealing of their central worldview and the framework for the self-identity of the culture and individual in a universal context. (http://en.wikipedia.org/wiki/Creation_myth).

vervul, word per opdrag in Gen 1:28 aan die mens gegee: *“Toe het God hulle geseën en vir hulle gesê: Wees vrugbaar, word baie, bewoon die aarde en bewerk dit. Heers oor die vis in die see, oor die voëls in die lug, oor al die diere van die aarde, ook oor die diere wat op die aarde kruip.”*

Wanneer God die mens skep as sy beeld, sy verteenwoordiger² (Gen 1:26), skep God die grootste enkele missionale instrument in die hele skepping. (vgl Wright 2006:425). Gen 1 praat al van God as die Koning. Die vraag is egter: hoe sou God die aarde, die skepping bestuur? God wil die mens daarvoor gebruik. 'n Koning regeer, heers oor wat syne is. Nou skep God, die Koning, 'n mens as sy verteenwoordiger om namens Hom te heers oor wat Hy gemaak het, en dus aan Hom behoort. Wanneer die mens gemaak word as sy verteenwoordiger, as beeld van God (letterlik as beeld, as afbeelding, as sy skaduwee), is dit 'n uitspraak oor wat God gedoen het en nie soseer oor die mens nie (vgl Westermann 1981:99). Dit gaan dus nie oor die liggaamlike voorkoms van die mens nie, maar oor die mens as geheel, sy liggaam en sy gees wat deur God gemaak is om in 'n bepaalde verhouding met God te staan. In sover as wat hier oor die mens gepraat word, word daar dus gesê dat hy deur God gemaak is om sy verteenwoordiger hier op aarde te wees. Die mens is dus op 'n ander manier aan God verbind as die res van sy skepping. Die mens kry sy opdrag van God en is aan Hom verantwoordig. Hy praat met die mens deur hom te onderrig oor sy taak as plaasvervanger, maar ook deur van hom verantwoordig te eis oor die manier waarop hy sy taak verrig (vgl van Zyl 1989:5). Vosloo gebruik missionale taal wanneer hy van hierdie skeppingsgebeure sê: “Die skepping is die begin van God se op-weg-wees met die wêreld; dis die aankondiging van God se eienaarskap van die wêreld.” (Vosloo 1999:6). Wright noem vier belangrike waarhede wat van groot belang is vir Bybelse missiologie: 1) Alle mense is God se instrumente om met die skepping te kommunikeer. Hy gee aan hulle opdragte en openbaar sy wil so aan hulle. 2) Alle mense is aan God verantwoordig. As God met hulle praat, moet hulle deur woord en lewe antwoord gee. 3) Alle mense het dieselfde waardigheid en gelykheid voor God. “Christian mission must therefore treat all human beings with dignity, equality and respect.” 4) God se boodskap van verlossing in Jesus Christus is vir alle mense bedoel. God het net een

²“Die bedoeling van die woorde verteenwoordiger, ons beeld is al beskryf as: fisieke ooreenkoms (vgl 5:1-3), sekere verstandelike en geestelike eienskappe, of die etiese bewussyn van die mens. Dit word ook vergelyk met h ambassadeur van God, of soos h beeld wat h koning verteenwoordig (vgl Dan 3), of dit dui op die moontlikheid om met God in h verhouding te tree. Waarskynlik is iets van elkeen van hierdie moontlikhede waar. In 1 Samuel 6:5 dui dit op h afbeelding van iets anders. Op verskeie plekke in die Ou Testament (bv Num 33:52) verwys dit na afgodsbeelde, wat afbeeldings was van h vermeende godheid. In Sumerië, maar veral in Egipte, is selfs die koning (farao) beskou as die beeld van h godheid. Deur hierdie bekende terme te gebruik, beklemtoon die Bybel: die mens is h besondere wese.” (Vosloo, W., & van Rensburg, F. J. 2000:)

plan van aksie vir alle mense om die deur sonde beskadigde beeld van God in die mens te herstel. (Wright 2006:422-425).

Die mens moet namens God, in diens van God en tot eer van God op die aarde heers. Daarom God se opdrag aan die mens: *“Toe het God hulle geseën en vir hulle gesê: Wees vrugbaar, word baie, bewoon die aarde en bewerk dit. Heers oor die vis in die see, oor die voëls in die lug, oor al die diere van die aarde, ook oor die diere wat op die aarde kruip.”* (Gen 1:28) Terwyl die klem in Gen 1 val op wie God is, val die klem in Gen 2 op die mens en wie hy is. Die skepping word voorgestel as ’n tuin wat deur God geplant en toegerus is met plante, diere en water. Dan word daar by Gen 1 aangesluit as gesê word: *“Die Here God het die mens in die tuin laat woon om dit te bewerk en op te pas.”* (Gen 2:15) So word die mens dus die draer van God se identiteit as heerser van die hele skepping (vgl ook Ps 8:7). Die mens moet voortaan God se regeerfunksie uitoefen oor die bewoners van die drie leefruimtes wat deur God gemaak is: see, lug en aarde.

Ongelukkig leer ons ook uit die verhaal van Gen 3 dat hierdie beeld van God deur die mens se eiewillige selfgesentreerdheid beskadig is sodat die mens voortaan met groot moeite sy oorspronklike opdrag om God op aarde te verteenwoordig sou uitvoer. Wat hier van groot belang is, is die feit dat die mens ten spyte van die sondeval nooit die feit dat hy God se beeld is, verloor nie. Heyns meld dat Brunner onderskei tussen die formele en die materiële beeld van God in die mens. Laasgenoemde is wel deur die sonde aangetas en vernietig, maar eersgenoemde nie. Hierdie formele beeld (die *humanum*) bestaan dan in die mens se “... verantwoordelike subjek-wees en sy aanspreekbaarheid deur die Woord. Verder behoort tot die *humanum* ook die gewete, die rede, die ervaring van die begrensing van die lewe deur die wêreld en die wete van die noodsaaklikheid van die dood, en die Godsbewussyn.” (Heyns 1978:16) Hierdie beeld is so vertroebel deur die sonde dat die wêreld sou sukkel om God daarin raak te sien.

Later in die Nuwe Testament word by hierdie gedagte van die mens as beeld van God aangesluit. Daar is net een manier hoe hierdie beeld van God in die mens regtig herstel kan word en dit is deur geloof in Jesus Christus wat die eintlike volmaakte beeld van God is (2 Kor 4:4; Kol 1:15; Heb 1:3). Elkeen wat deur geloof in Jesus as beeld van God herstel is, word deur Paulus aangemoedig om in geloofsgehoorsaamheid te groei sodat hierdie beeld van God in die mens al beter en beter herstel kan word (Vgl Kol 3:10 en Ef 4:24). So sou die wêreld wat God nie ken nie God as die God van liefde leer ken en raaksien en sou die uitspraak van Jesus aan Nikodemus in Joh 3:16 realiseer. Daarom sê Johannes vir die gelowiges in 1 Joh 4:12 *“Niemand het God nog ooit gesien nie, maar as ons mekaar liefhet, bly God in ons en het sy liefde in ons sy doel volkome bereik.”* Die bedoeling is dan dat die gelowiges se liefde vir mekaar iets van God wat liefde is, aan die

wêreld sigbaar sal maak. In Christus en in sy liefdesdaad vir ons het God en God se liefde egter voluit sigbaar geword. Nadat Christus opgevaar het, moet God en sy liefde sigbaar word vir die wêreld in die onderlinge liefde tussen die gelowiges. So word die oorspronklike missionale roeping van die mens verwesenlik.

In verhaaltrant word in Gen 2 verklaar dat die mens 'n verhoudingswese is wat eerstens in 'n vertikale verhouding tot God staan. Dit is God wat aan die mens sy bestaansdoel en die manier om hierdie doel te verwesenlik, voorsien. *“Die Here God het die mens in die tuin laat woon om dit te bewerk en op te pas”* (Gen 2:15). Om uitdrukking te gee aan die mens as superieure wese in God se skepping word in die verhaal vertel dat die mens die opdrag ontvang om aan al die diere op aarde name te gee. In hierdie proses ontdek die mens dan ook dat hy in 'n horisontale verhouding met die skepping rondom hom staan en ten diepste ook deel daarvan is. Laasgenoemde word uitgebeeld in die opmerking dat God die mens uit die stof van die aarde gemaak het (Gen 2:7). Die oorspronklike bedoeling van die skepping sou dus wees dat God verheerlik moet word deur die skepping en dat die mens hierin 'n leidende rol moet speel as God se verteenwoordiger (letterlik “skaduwee”). In *The Complete Word Study Dictionary: Old Testament* word onder andere van die woord gesê: “It is used metaphorically to depict persons as shadows, phantoms.” (Baker 2003, c2002:Electronic ed).

Wanneer na hierdie skeppingsgebeure gekyk word vanuit 'n missionaal hermeneutiese perspektief dan kan saam met Wright opsommend gesê word: “In short, a missional hermeneutic proceeds from the assumption that the whole Bible renders to us the story of God's mission through God's people in their engagement with God's world for the sake of the whole of God's creation.” (Wright 2006:51). Dan word die skepping van die mens 'n missionale handeling waarmee God bedoel het om sy koninkryk in sy skepping gestalte te gee.

Volgens die tuinverhaal in Gen 3 loop dinge egter verkeerd. Wanneer die mens met sy eie vrye wil as deel van sy “beeldwees van God” moet kies of hy God of sy eie persoonlike belange voorop sal stel, misluk die mens en kies verkeerd. So draai die mens die rug op God. Die gevolge hiervan sou verreikend wees daarin dat nie net die mens self daaronder sou ly nie, maar die hele skepping sou aan die lyding deel hê (Rom 8:22).

Die res van die Woord van God het dan te make met die herstelproses en is met ander woorde 'n verwoording van die pad wat God met die mens loop om uiteindelik weer God se skeppingsdoel te verwesenlik. Wanneer God na die sondeval met die mens kontak maak in die tuin verwerp God nie die mens nie. Ten spyte daarvan dat Hy die mens vir sy ongehoorsaamheid swaar straf (Gen 3:14-19), kom daar tog vir die mens 'n

aankondiging van hoop tussen die straf. Vir die slang word naamlik gesê: *“Haar (die vrou) nageslag sal jou kop vermorsel en jy sal hom in die hakskeen byt.”* Dwarsdeur die Bybel ontvou hierdie stryd tussen die mens en die bese magte daarin dat die mens herhaaldelik weer aan God ongehoorsaam is, gestraf word en tog telkens weer God se genadige verlossingsplan ervaar. Elke keer stuur God uitkoms deur voorsiening te maak aan ’n verteenwoordiger in die gestalte van ’n getroue leier (profeet, rigter, koning) wat namens God die volk verlos. In die Nuwe Testament sou hierdie verlossingsproses ’n hoogtepunt bereik wanneer God sy eie Seun, Jesus Christus, self stuur (Joh 3:16) om die finale hoop en verlossing te laat realiseer. Jesus Christus oorwin uiteindelik die Bese (Heb 2:14; 1 Joh 3:8b). Jesus word nie deur die slang dodelik verwond nie, maar Hy oorwin uiteindelik die Bese sodat die bese magte nou geen verskrikking vir die gelowige inhoud nie. In God se handeling met die mens word verskillende strategieë opgemerk waaruit dit duidelik word hoe God te werk gaan om homself aan die mense bekend te stel en om sy koninkryk gestalte te gee. In die studie sal kortliks gelet word op hierdie verskillende *missionale* strategieë om uiteindelik te kom by ’n strategie wat in ons eie postmoderne samelewing die gelowige kan bemagtig om God nie net as God te erken nie, maar hom ook as God te dien. Met laasgenoemde strategie word hier spesifiek verwys na die webblad van elke plaaslike gemeente.

God se plan met die skepping en met die mens in hierdie skepping het nog nooit deur al die eeue verander nie. Ons het dus die Godgegewe roeping om nog steeds in die een en twintigste eeu God se koninkryk in die konteks van ons eie tyd gestalte te gee. Die fokus van ons lewe is dus die koninkryk van God en nie hoe God in die mens se diens staan nie. Die probleem is egter dat die mens ook nog steeds worstel met sy eie selfsug wat hom verhinder om aan God se plan gestalte te gee. Die vraag is hoe dit gedoen moet word en hier word saam gesoek na die antwoord op hierdie vraag. Wat uiteindelik aangebied word, word beskou as een segment van die antwoord.

Alles op aarde het uiteindelik ten doel om die God wat homself aan ons in die Bybel as God Drie-enig openbaar, te verheerlik. Wanneer Johannes aan die gelowiges woorde van bemoediging skryf om hulle onder moeilike omstandighede hoop te gee dan is dit juis hierdie verheerliking van God wat as visie aan hulle voorgedra word in Op 5:13: *“Die hele skepping, alles in die hemel en op die aarde en onder die aarde en op die see, ja, alles wat daar is, het ek hoor sê: ‘Aan Hom wat op die troon sit, en aan die Lam, behoort die lof en die eer, die heerlikheid en die krag, tot in alle ewigheid.’”* Met verheerliking word bedoel dat God as die enigste God erken moet word en dat mense so sal lewe dat God se wil in hulle doen en late realisering vind. Tereg merk Wright op: “The creation exists for the praise and glory of its creator”. (Wright 2010:Kindle ed loc 53. Sien ook

Wright 2006:404) Die mens moet dus besef dat God se handeling met die mens nie die mens as fokus het ter wille van die mens nie, maar ter wille van sy heerlikheid. Selfs die verlossingsplan van God waardeur die mens met hom versoen word en as genade geskenk die ewige lewe ontvang, is nie in die eerste instansie gemik op die mens se voordeel nie, maar op God se eer en om sy koninkryk op aarde gestalte te gee. Hiermee word nie bedoel dat alle mense God as hulle God sal aanvaar nie, maar dat God as God erken word. Hierdie erkenning sal vir sommige tot vreugde strek en vir ander tot verdriet (Matt 25:41-46; Op 3:9; 5:15-17).

As uitgangspunt vir hierdie studie word aanvaar dat God se Koninkryk die hoofokus van die Bybel is. Wanneer Markus in sy evangelie die bediening van Jesus opsom dan sê hy dat Jesus verkondig het: *“Die tyd het aangebreek, en die koninkryk van God het naby gekom. Bekeer julle en glo die evangelie.”* (Mark 1:14). Matteus bevestig dit met dieselfde opmerking in Matt 4:17 en Lukas doen dieselfde in Luk 4:43. Wanneer Jesus die skare onderrig oor die sorg van die lewe dan roep Hy hulle op om allereers die Koninkryk van God en sy wil na te jaag en hulle nie oor die alledaagse te bekommer nie (Matt 6:33). Aan die einde van Jesus se bediening gebruik Hy die kosbare tyd tussen sy opstanding en die hemelvaart om te praat met sy volgelinge oor die dinge van God se koninkryk (Hand 1) want dit is die inhoud van die boodskap wat verder die wêreld ingedra moet word. God se volk, sy mense, dra daarvoor die verantwoordelikheid. *“The promised blessing is, in the end, for all the nations. Abraham, Israel, the tribe of Judah, and the faithful remnant are the chosen bearers of it. Bearers – not exclusive beneficiaries. There lay the constant temptation. Again and again it had to be said that election is for responsibility, not for privilege.”* (Newbigin 1978:Kindle ed, chapter 4).

Dwarsdeur die Bybel word vertel hoe God se koninkryk gestalte kry. In die Ou Testament word baie klem geplaas op die gehoorsaamheid van die volk aan God se wil. Juis hierdie gehoorsaamheid sou aantoon dat hulle aan God verbind is en sou hulle “anders” maak as die ander volke. Moses verstaan iets van hierdie “andersheid” wanneer hy in Eks 33:15 & 16 vir die Here sê: *“As U nie self saamgaan nie, moet U ons nie van hier af laat wegtrek nie. Hoe sal die mense weet dat ek en u volk u goedgesindheid geniet as U nie saam met ons gaan nie? Dit is juis deurdadig dat U met ons saamgaan dat ons, ek en u volk, anders is as al die ander volke op die aarde.”* Moses het hierdie opmerking gemaak nadat die Here aan hom bekend gemaak het dat Hy nie saam met die volk verder sou trek nie, omdat hulle ’n ongehoorsame volk is (Eks 33:1-5). God se teenwoordigheid moes sigbaar word omdat Hy die enigste waaragtige God is. Heelwat later sou Jesaja die volk daaraan herinner met die woorde: *“Ek is die Here, daar is geen ander nie, buiten My is daar geen God nie.”* (Jes 45:5). Die volk se uitreik na die ander

en veral na die mense in nood, moes juis God se omgeeliefde en deernis vir die mens aan die wêreld bekend maak. Vir God gaan dit nie in die eerste plek om die nakom van allerlei rituele en liturgiese handeling nie, maar juis om die uitreik na die mens in nood (vgl Jes 7). Wanneer God se volk dit nie doen nie, straf Hy hulle baie swaar (Jes 10:1-4). Daardeur moes die wêreld ook besef dat God se redding vir almal bedoel is al het God met Israel die primêre verbond gesluit. Hy nooi die nasies uit: *“Kom na My toe dat julle gered kan word, almal op die aarde, want Ek is God, daar is geen ander nie.”* (Jes 45:22).

In die Nuwe Testament word die verkondiging van God se verlossingsplan sterk beklemtoon omdat Jesus se versoeningswerk nou afgehandel is (vgl Matt 28:19; Luk 24:48). Deur na verskillende relevante skrifgedeeltes te verwys, sal aangetoon word dat die missionale aard van die koninkryk veral op twee vlakke gestalte kry naamlik in die lewenswyse van elke individuele gelowige en ook in die gemeenskap van gelowiges soos dit onder andere in die plaaslik gemeente gestalte vind. Daar sal dus vanuit hierdie vertrekpunte aangetoon word dat die toerusting van lidmate van kritiese belang is vir die uitbreiding van God se koninkryk.

2.2. Die term missionale gerigtheid

Voordat gelet word op die manier hoe die koninkryk van God op aarde gestalte kry aan die hand van die Bybelse verhaal van die volk van God, moet net eers duidelikheid gekry word oor die betekenis van die term “missionaal” soos dit in hierdie studie gebruik word.

Heel eenvoudig gestel sou mens kon sê dat dit in hierdie begrip gaan om “the overarching of Christian life in the world” (Saayman, 2007:5). Bosch maak ’n baie veelseggende opmerking wanneer hy by Gunther en Hoekendijk aansluit en sê dat God se liefde en aandag primêr op die wêreld gerig is (vgl Joh 3:16) en sending is deelname aan God se bestaan in die wêreld (Bosch 1991:10). Weereens sou natuurlik gevra kan word: met die oog waarop? As missionale gerigtheid so verstaan moet word en in verband met God se koninkryk gebring word, dan sou die bedoeling van missionaat dus wees om in God se wêreld so betrokke te raak dat sy heerskappy en liefde vir die mens al meer gevestig sal word sodat God daardeur verheerlik kan word. Hierdie betrokkenheid is ’n deelname van die gelowige aan die werk van God self. “Fundamentally, our mission (if it is biblically informed and validated) means our committed participation as God's people, at God's invitation and command, in God's own mission within the history of God's world for the redemption of God's creation.” (Wright 2006:23). Die missionale arbeid van die mens is nooit sy eie selfstandige werk asof die mens uit eie krag iets kan vermag nie, maar altyd die mens se deelname aan die arbeid

van God deur die werk van die Heilige Gees. Die mens bly altyd maar net instrument in God se hand.

2.3. Die Missionale gerigtheid van God se koninkryk

Die doel van God se skepping hou verband met die verheerliking van God deurdat Hy as die Koning en Heerser oor alles erkenning sal geniet. Hierdie opdrag word die duidelikste verwoord in die woorde van Jesus self wat volgens Matt 6:33 gesê het: *“Beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God.”* Paulus sluit hierby aan as hy in die laaste perikop van sy brief aan die gemeentes in Rome in ’n spontane loflied uitbars en eindig met *“Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Aan Hom behoort die heerlikheid tot in ewigheid!”* (Rom 11:37) en verder ook in Kol 1:16 waar Paulus in ’n lied Jesus se grootheid besing. Hy beklemtoon dat God deur Jesus alles geskep het en voeg dan aan die einde van vers 16 by: *“Alles is deur Hom en vir Hom geskep.”* Hierdie verheerliking van God gebeur deurgaans op hoofsaaklik twee maniere: deur mense wat God in die geloof as hulle God erken en op verskillende maniere sy heerlikheid bekendmaak, maar ook deur mense wat God nie as God aanvaar nie, maar tog aan God erkenning gee en sy eer bekendmaak al is dit selfs tot hulle eie skade. ’n Mooi voorbeeld hiervan is die reaksie van koning Nebukadnesar van Babel toe die vriende van Daniël, Sadrag, Mesag en Abednego, lewend en ongeskonde uit die brandende vuuroond gestap het. Ons lees in Dan 3:28-29 die koning se woorde: *“Aan die God van Sadrag, Mesag en Abednego kom die eer toe, Hy wat sy engel gestuur het en sy dienaars gered het. Hulle het op hulle God vertrou en het die koninklike bevel verontagsaam en hulle was bereid om hulle lewe te verloor eerder as om enige god behalwe hulle God te dien of te aanbid. Daarom vaardig ek ’n bevel uit dat enige persoon, van watter volk, nasie of taalgroep hy ook is, wat met minagting praat oor die God van Sadrag, Mesag en Abednego, in stukke gekap moet word en dat sy huis ’n puinhoop gemaak moet word. Daar is immers geen ander god wat in staat is om so te red nie.”*

2.3.1. Missionale gerigtheid in die Ou Testament

Aanvanklik, kort na die skepping voltooi is, is daar geen probleem om God se heerlikheid te erken nie. Uit die verhale van Gen 2 en 3 blyk dit dat daar volkome harmonie in God se skepping aanwesig was. Daar was geen spanning tussen die mense onderling nie en ook nie tussen mens en dier en mens en God nie. Ongelukkig vertel Gen 3 ook dat dinge tog skeef geloop het. Die oomblik toe die mens sy verantwoordelikheid van keuse moes uitvoer, misbruik hulle dit om die rug op God te draai en eie belang voorop te stel. Om hierdie skeefgeloopde doel van God weer reg te stel, word God se verlossingsplan in werking gestel en word die res van die Bybel

daaraan gewy om vir ons duidelik te maak hoe God sy geskape doel verwesenlik. Ons sou ook kon praat van die bekendmaking van God se missionale plan vir die wêreld. God gebruik daarvoor mense. Wright sê:

The reason why we know we should be doing mission, the basis, foundation or grounds on which we justify it, must be found in the Bible. The Bible renders to us the story of God's mission through God's people in their engagement with God's world for the sake of the whole of God's creation.

Mission is not just one of a list of things that the Bible happens to talk about, only a bit more urgency than some. Mission is, in that much-abused Phrase, "what it's all about. (Wright 2006:21-22).

Hoe die missionale plan ontvou, is egter anders in die Ou Testament as in die Nuwe Testament. Daarom moet ons nou verder afsonderlik gaan kyk na die missionale gerigtheid van God se koninkryksplan in die Ou Testament en in die Nuwe Testament.

In die Ou Testament speel die identiteit van God 'n baie groot rol in die missionale karakter van God se koninkryk. Daarom moet ons vervolgens hieraan aandag gee. Deur sy woorde en dae wil God homself aan sy mense bekend maak en wil Hy hê dat hulle hom moet ken (vgl Eks 5:22-6:8).

2.3.1.1. God se identiteit

God se bestaan word in die geloof aanvaar op grond van die openbaring daarvan in die Bybel. By monde van die Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikel 1, word verklaar: "Ons glo almal met die hart en bely met die mond dat daar 'n enige en enkelvoudige geestelike Wese is wat ons God noem. Hy is ewig, onbegryplik, onsienlik, onveranderlik, oneindig, almagtig, volkome wys, regverdig, goed en die alleroorvloedigste fontein van alles wat goed is." (Algemene Sinodale Kommissie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, 1988:155). God laat ons toe om verskillende kante van sy identiteit te ontdek deur die getuienisse oor hom in sy Woord. Om daarvan kennis te neem, help ons om beter te verstaan hoe om God aan die wêreld uit te dra en bekend te stel. Daarom word in kort aan 'n paar van die belangrikste identiteitskenmerke aandag gegee.

2.3.1.1.1. Die monoteïstiese God

Wright gee die volgende tabel as samevattende aanduiding van God as monoteïstiese God (Wright 2006:104):

Table 3.3. Broad Outline of Old Testament Monotheism

The Lord alone is	In relation to the heavens, the earth and all the nations:	
Creator	The Lord made them.	Ps 33:6-9; Jer 10:10-12
Owner	The Lord owns them.	Ps 24:1; 89:11; Deut 10:14
Ruler	The Lord governs them.	Ps 33:10-11; Is 40:22-24
Judge	The Lord calls all to account.	Ps 33:13-15
Revealer	The Lord speaks the truth.	Ps 33:4; 119:160; Is 45:19
Lover	The Lord loves all he has made.	Ps 145:9, 13, 17
Savior	The Lord saves all who turn to him.	Ps 36:6; Is 45:22
Leader	The Lord guides the nations.	Ps 67:4
Reconciler	The Lord will bring peace.	Ps 46:8-10

In die Ou Testament word mens baie bewus van die feit dat, terwyl die volk Israel (die volk van God) tussen ander volkere woon, daar gedurig 'n geweldige stryd woed met die God van Israel aan die een kant teenoor die ander gode. Gode wat onder andere vermeld word is die volgende: Adramméleg (2 Kon 17), Anamméleg (2 Kon 17), Artemis (Hand 19), Asima (2 Kon 17), Asjéra (Rig 3), Assur (Gen 2) , Astarte , Baäl (Gen 37; 1 Kron 12, 14 en in verskeie samestellings), Bel (Jes 46), Dagon (Rig 16; 1 Sam 5), Diana (Hand 19), Hermes (Hand 14), Jupiter (Hand 14), Kamos (1 Kon 11; 2 Kon 3), Mercurius (Hand 14), Milkom, Molek en Molog (Lev 18, 20; 1 Kon 11), Mot (Job 27), Nisrok, Resjef en Rimmon (Rig 20; Jos 19; Jos 15), Tammus (2 Kon 25), Zeus (Hand 14). (Gispen et al 1977 elektroniese uitgawe). Die vraag wat Wright vra is baie legitiem:

“If biblical monotheism is necessarily missional (because the one living God wills to be known and worshiped throughout his whole creation), and if biblical mission is necessarily monotheistic (because we are to call all people to and to join all creation in the praise of this one living God), then what about all the other gods that populate the pages of the Bible and surround us still today in many forms?” (Wright, 2006:136).

Een van die groot fisiese verskille tussen die gode van die volkere en die God van Israel lê daarin dat aan die gode op die een of ander wyse sigbare gestalte gegee word al is dit dan deur die mens self. Daar word juis per geleentheid met hierdie verskynsel gespot wanneer in Jes 44 gesê word: *“Die ystersmid vat ’n stuk gereedskap en werskaf in die gloeiende kole. Met hamers vorm hy die beeld, met sy gespierde arm maak hy die beeld: die smid eet nie en word swak, hy drink nie water nie en raak uitgeput. Die ambagsman wat hout gebruik, meet met sy maatlyn en merk die beeld se buitelyne af. Hy bewerk hom met beitels en trek sy mate met ’n passer af. Hy maak hom in die vorm van ’n mens, ’n pragtige mens wat in ’n huis moet woon. Die ambagsman kap vir hom seders af, of hy kies sipresse of eike en laat hulle groot word in die bos, of hy plant ’n lourierboom, en die reën laat dit groot word. Dit dien as vuurmaakhout vir die mens;*

iemand vat daarvan en maak hom warm, of hy maak 'n vuur om brood te bak, of hy maak 'n god en aanbid dit, hy maak 'n beeld en buig daarvoor. 'n Deel van die hout verbrand hy: hy maak kos daarmee gaar, hy braai vleis en eet tot hy genoeg het; hy maak hom ook warm en sê: Dis lekker! Ek is warm, ek geniet die vuur! Van die hout wat oorbly, maak hy 'n god, 'n beeld, hy buig voor hom en aanbid hom, hy bid tot hom en sê: Red my, want jy is my god! Sulke mense weet nie wat hulle doen nie, hulle het nie insig nie, hulle oë is toegepleister, hulle sien nie, niks dring tot hulle verstand deur nie.” (Jes 44:12-18)

Daarmee word die belaglikheid van hierdie sigbaarmaking uitgelig. Dit is makliker om 'n god te aanbid wat jy kan sien as 'n God wat onsigbaar is. Waarskynlik is dit een van die redes waarom Aäron in Sinai vir die volk 'n beeld maak wanneer Moses te lank wegbly. Dit was nie soseer die bedoeling van Aäron om 'n ander god te aanbid nie, maar om in die afwesigheid van Moses vir die volk 'n adres te gee vir hulle God. Moontlik was Moses dus (onbewustelik of bewustelik?) vir die volk soos 'n adres van God. “A statue is real enough. A carved or molten image has three-dimensional existence in the real world. But what about the god or gods it supposedly represents? Are they real? Do they exist? Are they something or nothing?” (Wright, 2006:136). Op hierdie vraag sou mens natuurlik in bogenoemde geval kon antwoord dat die God van Israel tog werklik bestaan as dit dan die vereiste is dat 'n gegote beeld nie 'n afgod is nie. Die probleem is natuurlik dat dit nie lank neem nie om die beeld as god te vereer en die eintlik God te verwerp. Daarom kan mens verstaan dat God in die Tien Gebooie uitdruklik sê: *“Jy mag nie vir jou 'n beeld of enige afbeelding maak van wat in die hemel daarbo of op die aarde hieronder of in die water onder die aarde is nie. Jy mag hulle nie vereer of dien nie, want Ek, die Here jou God, eis onverdeelde trou aan My”*. (Eks 20:4-5). Jesaja skryf oor die God van Israel: *“So sê die Here, die Koning van Israel, sy Verlosser, die Here die Almagtige: Ek is die eerste en Ek is die laaste, buiten My is daar geen God nie.”* (Jes 44:1). Omdat God lewe en werklik is, al is Hy die onsigbare God, kan Hy sy volk help en beskerm en versorg terwyl die ander volkere bedroë daarvan afkom met die gode wat hulle self maak (Jes 44).

Saam met Robert Gnuse wys Wright daarop dat die geskiedenis van Israel evolusionêr ontwikkel van 'n politeïsme (soos Jakob se vroue in Gen 31 en die opmerking in Jos 24:14 aantoon) deur 'n henoteïsme (die eksklusiewe aanbidding van Jahwe terwyl die bestaan van ander gode erken word) tot ware monoteïsme (die eksklusiewe aanbidding van Jahwe terwyl die bestaan van ander gode ontken word) (Wright 2006:137). Hierdie siening help mens verstaan hoekom daar in die Ou Testament soveel gemaak word van die vermaning en oproep van die volk van God om nie ander gode te dien en vereer nie, maar om net God as God te erken en dien. Vgl in

hierdie verband Gen 20:3, 23:13; Deut 6:14-15, 11:16 & 28; Jos 23:16; Rig 2:12, 17 & 19; 1 Kon 9:6 & 9; 2 Kon 17:7, 35, 37 & 38; ens. Dit kom veral voor in die vroeë stadium van die volk se geskiedenis. “Finally, only in the late exile (to which Isaiah 40-55 are assigned) did anyone in Israel say in so many words that no other god than YHWH even existed.” (Wright 2006:137).

In verband met die vraag of ander gode vir Israel bestaan het, maak Wright ’n belangrike opmerking wanneer hy aantoon dat die feit dat Israel vir baie jare die bestaan van ander gode erken het nie beteken het dat die gode van ander nasies noodwendig op dieselfde vlak as Jahwe geplaas was nie. Hulle het tog erkenning gegee aan Jahwe as die God wat bo alle gode geplaas moet word en in ’n ander kategorie as ’n besondere God erken word. Hiervoor kan ’n skrifgedeelte soos Deut 4:31-35 getuienis lewer: *“Die Here julle God is ’n genadige God. Hy sal julle nie in die steek laat of om die lewe bring nie. Hy sal nie die verbond vergeet wat Hy met ’n eed aan julle voorvaders bevestig het nie. Gaan stel ondersoek in na die verre verlede, na die dae lank voor julle tyd, van die tyd af toe God die mens op die aarde geskep het, van die een uiteinde van die hemel af tot by die ander uiteinde, en kyk of iets so magtigs al gebeur het en of so iets al gehoor is. Het ’n volk die stem van sy god uit die vuur uit hoor praat, soos julle die stem van julle God gehoor het, en het hy bly lewe? Het ’n god dit ooit gewaag om vir hom ’n nasie te kom vat by ’n ander nasie, en dít met rampe, tekens, wonders, oorlog, magtige dade, wonderlike, groot dade waarvoor mense vreesbevange word? Dit alles het die Here julle God voor julle eie oë in Egipte vir julle gedoen. Dit is vir julle gewys dat julle kan besef die Here is God, en dat daar naas Hom nie ’n ander is nie.”* In die lig hiervan antwoord Wright die vraag wat hy vra soos volg: “In other words, it is not impossible, theologically or in ordinary discourse, to answer the question, Are other gods something or nothing? With the paradox, both. They are *nothing in relation to YHWH*; they are *something in relation to their worshipers*.” (Wright 2006:139).

Met die bestudering van die Ou Testament is dit interessant om daarop te let dat die opdrag om die ander nasies rondom Israel tot bekering te lei nooit gegee word nie. Die volk kry nie ’n sendingopdrag om na ander nasies uit te reik nie. Wright ondersteun hierdie gedagte deur te sê: “In my view (which is not agreed on by all), Israel was not mandated by God to send missionaries to the nations.” (Wright 2006:24) Die naaste wat aan so ’n opdrag gekom word, is die opdrag aan Jona om na Nineve te gaan. In Jona 1:2 word vir Jona gesê: *“Maak klaar, gaan na die groot stad Nineve toe en spreek hom aan, want Ek weet hoe sleg hy is.”* Anders as die missionale opdrag wat in die Nuwe Testament aan die kerk telkens op ’n positiewe manier gegee word (vgl Matt 28:18; Luk 24:48), word die opdrag aan Jona negatief geformuleer. Hy moet hulle gaan aanspreek,

met hulle gaan raas. Toe Jona uiteindelik daar uitkom, verkondig hy dan ook aan die mense in die stad die oordeel van God: “*Nog net veertig dae en Nineve word verwoes!*” (3:4). Wonder bo wonder het die inwoners die waarskuwing ter harte geneem en berou oor hulle sondes getoon sodat God die stad gespaar het (3:10). “It is true that the sending of Jonah to Nineveh had not its real purpose within itself; that is to say, that it was not intended to effect the conversion of the Ninevites to the living God, but simply to bring to light the truth that even the Gentiles were capable of receiving divine truth, and to exhibit the possibility of their eventual reception into the kingdom of God.” (Keil & Delitzsch 2002:260). Jona se aanvanklike reaksie op die opdrag van die Here is sprekend van die houding van die volk teenoor ander nasies naamlik dat hulle as vyande gesien moet word en geen aanspraak op die God van Israel se ontferming het nie (Keil & Delitch 2002:260).

In die Ou Testament hou God se missionale opdrag aan sy volk sterk verband met die uitleef en handhawing van God se identiteit ter wille van God self. “... to give glory to YHWH must never be construed as just another way of giving glory to his people *Israel*. On the contrary, YHWH must be praised for his own distinct identity and character, not just as symbol or cipher for the people’s own self-congratulation.” (Wright 2006:156) Die hele wêreld moet weet wie die God van die Israëliete is sodat hulle hom kan erken en verheerlik. Daarom word aan Israel verskillende opdragte gegee wat daarop gemik is om God as enigste ware God te erken en verheerlik. Dit was in die tyd van Israel ’n algemene verskynsel om natuurverskynsels te aanbid. Dit was dus nodig om die volk uitdruklik te verbied om dit te doen. In Deut 4:15-21 kom die bevel dat die volk onder geen omstandighede enige van hierdie geskape voorwerpe mag aanbid nie en word daar selfs ’n lys genoem van sulke voorwerpe: mense, diere, voëls, visse, enige hemelliggame, ens. Omdat die volk so hardkoppig was, sou hierdie opdrag meermale herhaal moes word. Vgl Amos 5:26; 2 Kon 17:16, 21:3-5. En Eseg 8:16. Tereg merk Wright op: “Idolatry dethrones God and enthrones creation. Idolatry is the attempt to limit, reduce and control God by refusing his authority, constraining or manipulating his power to act, having him available to serve our interests.” (Wright 2006:164).

Ter wille van die eer van God en die handhawing en uitleef van sy identiteit onder die nasies word die volk ook telkens verbied om met ander volkere te meng en veral te ondertrou. Hierdie verbod gaan nie oor die beskerming van die etnisiteit van die Joodse volk Israel nie, maar om die beskerming van God se identiteit. Telkens wanneer die volk te naby ander volkere gekom het en ondertrouery plaasgevind het, het die probleem ontstaan dat Israel ook die gode van die ander volkere aanbid het en God se identiteit dus afgewater het as maar net nog ’n god in die ry van gode. Voorbeelde hiervan word

gevind in Deut 29; Eseg 36. Om dieselfde rede word die volkere uit die land Kanaän verdryf voordat Israel dit as erfenis in besit neem.

Die missionale karakter van God se koninkryk in die Ou Testament hou dus ten nouste verband met die stryd teen die ander gode. “God’s battle with the gods is an essential part of God’s mission. God’s mission is the blessing of the nations. And the blessing of the nations must ultimately include ridding them of gods that masquerade as protectors and saviors, but are actually devouring, destroying, disappointing deceptions. The battle to do so is a battle of divine love.” (Wright 2006:178). Hierdie stryd wat deur God gevoer word, hou ten diepste verband met sy liefde vir sy mense.

Westermann maak ’n aantal veelseggende opmerkings oor die feit dat God één is. Vir hom is dit van fundamentele belang vir die voortgang van die binding tussen God en die volk. Die feit dat dit van begin tot einde dieselfde een God is wat met sy mense ’n pad loop, is juis die basis vir die samehang van die volk se geskiedenis (Westermann 1981:37). Van hierdie één God verklaar die volk in Deut 6:4: “*Luister, Israel, die Here is ons God, Hy is die enigste Here.*” (1983 Afrikaanse vertaling). In die 1953 Afrikaanse vertaling van dieselfde gedeelte staan geskryf: “*Hoor, Israel, die Here onse God is ’n enige Here.*” Dit laat die vraag ontstaan wat die eintlike bedoeling is van die belydenis in Deut 6. Op die oog af lyk dit of die 1983 vertaling die indruk skep dat daar geen ander gode behalwe die God van Israel is nie. Dit sê nie noodwendig iets oor God se wese of Hy een is of uit meer as een bestaan nie. Die 1953 vertaling laat die klem ietwat anders val deur te wys op die uniekheid van God naamlik dat Hy enig is. Presies wat hierdie *enig* wees beteken, word nie uitgespel nie. McKnight wys daarop dat hierdie gedeelte onder die Jode bekend staan as die *Shema*. Vir hulle is dit die eerste gebed wat Joodse kinders geleer word en daarom is dit heilig. Hierdie gebed word daagliks gebid as ’n soort basiese belydenis van geloof in God. (McKnight 2004:8). Dit is vir hulle die geestelike middelpunt van hulle verhouding met God en vertrekpunt vir alle geestelike ontwikkeling en groei. Hierdie belydenis word te meer belangrik wanneer Jesus in Matt 22 en Mark 12 dit aanhaal as die antwoord op die wetgeleerde se vraag: “*wat is die grootste gebod in die wet?*” (Matt 22:36) Jesus doen egter wat niemand sou waag om te doen nie naamlik om Lev 19:18 by te voeg. So brei Hy die betekenis van die Joodse *Shema* uit. “*Instead of a Love-God Shema, it is a Love-God-and-Others Shema.*” (McKnight 2004:9).

Die Hebreeuse woord wat hier ter sprake is, is die woord *ahad* wat 960 keer op verskillende maniere in die Bybel voorkom (Harris et al 1999:30). Dit beteken basies om een te wees of ’n eenheid te wees. Dit is tog interessant dat TWOT (Theological Wordbook of the Old Testament) verduidelik dat die betekenis verband hou met uniekheid soos in 2 Sam 7:23: “*Watter volk is soos u volk Israel? Hulle is die een nasie*

op die aarde wat U vir U as volk vry gemaak het.” Oor die algemeen verwys die woord egter die meeste kere na die getal een of eenheid. Harris verduidelik ook: “It stresses unity while recognizing diversity within that oneness.” (Harris et al 1999:30) Heyns dui aan dat Deut 6:4 “... allereers sy (God se) totale uniekheid uitdruk, en dit blyk uiteraard in sowel die Ou as die Nuwe Testament. Anders as wat die geval was by die Kanaäniete of die Babiloniërs is die God van Israel geen deel van gode-families nie. Hy staan in geen familiebetrekking tot ander gode nie en wat aan Hom toekom mag aan niemand en niks anders toegeskrywe word nie.” (Heyns 1978:39)

Dit wil dus voorkom of die betekenis van Deut 6:4 verband hou met God as een of eenheid eerder as op die feit dat Hy die enigste is. Westermann maak die volgende opmerking oor hierdie teksgedeelte: “Deze zin is een bewuste formulering van Gods één-zijn. Deze belijdenis van de ene God is ontstaan uit de lage en moeizame worsteling in een polytheïstische omgeving om het Jahwegeloof daaruit af te zonderen.” (Westermann 1981:38) Westermann onderskei drie stadia in die spreke van Israel oor God as een: (1) Daar word van die feit uitgegaan dat God een is en die enigste ware God sonder om debat te voer oor die bestaan of nie van ander gode. So word na God verwys in Eks 20:2 “*Ek is die Here jou God wat jou uit Egipte, uit die plek van slawerny, bevry het. Jy mag naas My geen ander gode hê nie.*” (2) Die tweede stadium is dan die bewuste belydenis van die volk se kant af dat God slegs een is en/of die enigste is soos reeds in Deut 6:4 aangetoon is. (3) Die derde stadium word in die profesie van Deutero Jesaja aangetref. Teen die agtergrond van die ballingskap waarin Israel hom bevind en te midde van nasies wat ’n veelgodedom handhaaf, vind die volk besondere krag in die feit dat God een en enig is. Vgl die belydenis in Jes 43:10 & 11 “*Israel, julle is my getuies, sê die Here, en ook my dienaar wat Ek uitverkies het sodat julle My kan ken en in My kan glo en kan besef dat Ek die Here is. Voor My was daar geen god nie, en na My sal daar ook nie een wees nie, Ek, Ek is die Here, buiten My is daar geen redder nie.*”

Uit bogenoemde blyk dit duidelik dat die belydenis rondom die monoteïsme nie ’n teoretiese hoog-geestelike Godsidee is wat van belang is in die ryk van die gode nie, maar dat dit van lewensbelang is vir die praktiese bestaan van sy volk en vir die skepping as geheel (Westermann 1981:39). Daarom word die lof van hierdie God in Jes 40:28-31 soos volg besing: “*Weet jy dan nie, het jy nog nie gehoor nie? Die Here is die ewige God, Skepper van die hele aarde. Hy word nie moeg nie, Hy raak nie afgemat nie en sy insig is ondeurgrondelik. Hy gee die vermoeides krag, Hy versterk dié wat nie meer kan nie. Selfs jongmanne word moeg en raak afgemat, selfs manne in hulle fleur struikel en val, maar dié wat op die Here vertrou, kry nuwe krag. Hulle vlieg met arendsvlerke, hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle loop en raak nie afgemat nie.*” Wat hierdie

belydenis nog meer merkwaardig maak, is die feit dat die volke in ballingskap sit, ver weg van hulle eie land en van die tempel waar God woon. In hulle moeilikheid word aan hulle hierdie sekerheid gegee van wie hulle God is en put hulle daaruit die krag om te kan voortgaan.

2.3.1.1.2. God se identiteit as Koning

’n Belangrike deel van God se identiteit in die Ou Testament is die feit dat Hy die Koning van Israel is. Dit beteken dat die volk van die begin af ’n teokratiese regeringstelsel gehad het (Teokrasie: ’n Regeringstelsel waarvolgens God (of gode) aanvaar word as die enigste heersers van ’n bepaalde gemeenskap). In die uittog uit Egipte kom die volk uiteindelik by die berg Sinai. Daar sê die Here aan Moses op die berg: “*As julle My gehoorsaam en julle aan my verbond hou, sal julle uit al die volke my eiendom wees, ’n koninkryk wat My as priesters dien, en ’n gewyde nasie. Die hele aarde behoort immers aan My.*” (Eks 19:6) “Hiermee kry ons ’n bondige omskrywing van ’n teokrasie waarvolgens God deur middel van die priesters regeer (vgl ook Jes 61:6)” (Vosloo en van Rensburg 1999:102) Wat wel baie interessant is, is die feit dat die volk dit al eerder erken het pas nadat hulle uit Egipte getrek het en deur die krag van God uit die hand van die Faraon verlos is. In hulle oorwinningslied word dan reeds gesing: “*Die Here regeer tot in ewigheid!*” (Eks 15:8). God se heerskappy word veral deur die psalmdigters besing (vgl Ps 66:7; 68:35; 92:9; 102:13; 123:1; 146:10). Ook elders in die Ou Testament word God as Koning erken (Klaagl 5:19; Pred 9:1; Jes 26:12, 40:10; Eseg 20:33).

Volgens van Zyl probeer Gen 1 nie vir ons die geskiedenis van die ontstaan van die aarde gee nie, maar sê tog ook meteens vir ons: God is Koning. So gesien, is dit veelseggend dat die Bybel se eerste woorde oor God as koning praat. “Die eerste woorde van die Bybel karakteriseer alles wat volg as dinge wat verband hou met die regering van God as Koning van die heelal.” (van Zyl 1989:2). Alhoewel God selde homself as hulle koning aankondig en identifiseer (vgl Jes 51:5; Eseg 20:33), gebeur dit spontaan dat die volk besef God is hulle Koning en word Hy as sodanig in hulle belydenisse erken (Eks 15:18; Rig 8:23; Ps 92:9; 99:1; 146:10; Pred 9:1; Jes 26:12; Jer 23:6).

God se heerskappy is nie beperk tot die volk Israel nie, maar word aangekondig oor alle nasies en oor die hele skepping: “*U heers uit die hemel oor al die koninkryke van die nasies. Uit u hand kom die mag en die krag. Niemand kan teen U stand hou nie*” (2 Kron 20:6. Vgl ook oa Job 21:22; 34:29; 36:31; Ps 22:29; 29:10; 55:20; 59:14; 66:7; 67:5; 96:10, 13; 98:9). God se heerskappy is ook nie beperk tot hierdie aardse lewe nie, maar strek tot in ewigheid: “*U regeer vir ewig, Here.*” (Ps 92:9). “Dat die begrip koninkryk ’n meervoudige begrip is, is met die eerste oogopslag al duidelik. Verskillende elemente

kan daarin onderskei word” (Heyns 1977:5). Heyns noem dan die volgende vyf elemente: God is Koning; die Koning heers; die Koning heers oor sy onderdane; die Koning se onderdane gehoorsaam Hom; en die Koning se gehoorsame onderdane word geseën. Uiteindelik word die volgende kort definisie van God se koninkryk gegee: *“die koninkryk is die triomf van Gods wil”* (Heyns 1977:6).

Dit is juis omdat God oor sy volk heers en die enigste ware Koning is dat Hy so ernstig daarvoor voel dat die volk hom gehoorsaam moet dien. Wanneer hulle dit nie doen nie, en agter die gode van die ander volkere aanloop om hulle te vereer, dan word God se heerskappy vir die volk ’n bron van vrees en vergelding: *“So seker as Ek leef, sê die Here my God, Ek sal oor julle regeer met mag en krag en Ek sal my toorn oor julle laat losbreek.”* (Eseg 20:33) Die teendeel is egter ook waar naamlik dat God se heerskappy as bron van krag en belofte van vrede en uitredding aan die volk gegee word. *“Die redding wat Ek bring, kom baie gou, die verlossing wat Ek bewerk, is op pad, Ek self regeer oor die nasies. Die eilande wag op My, hulle wag dat Ek My laat geld.”* (Jes 51:5).

Daar bestaan dus geen twyfel nie dat God as die Koning van Israel en as Heerser oor al die nasies en die ganse heelal in die Ou Testament aangebied word. Ten spyte daarvan word die opdrag dat God se koninkryk aan almal verkondig moet word (soos in die Nuwe Testament) nie aan die volk gegee nie (vgl http://www.btz.lt/English/Giedrius/works/Mission_in_OT_and_NT.pdf, besoek 2 Febr 2011). Dit wil eerder voorkom of die missionale aard van God se koninkryk in die Ou Testament eerder lê in die bekendmaking van God se identiteit naamlik dat Hy die enigste ware God is en dat daar geen ander god behalwe Hy is nie - al dink die nasies dat hulle gode ’n werklikheid is. Dit lyk of die stryd tussen God en die ander nasies (en soms selfs met sy eie volk, Israel) hoofsaaklik te make het met die aankondiging, die bekendstelling van God as die enigste ware God. Dit is juis hierdie aspek wat telkens in God se handeling met sy mense aksentueer word. Daarom word aan die mense die missionale opdrag gegee om aan alle nasies bekend te maak dat die Here die Koning is: *“Verkondig onder die nasies: Die Here regeer”* (Ps 96:10).

2.3.1.1.3. God se identiteit as die Almagtige

In die 1983 Afrikaanse Bybel kom die woord “Almagtige”, hetsy in kombinasie met Here en/of God, hetsy losstaande ongeveer 359 keer voor. Dit was dus vir die volk ’n algemene manier om van God te praat. Wat sou dit beteken? In gesprekke met ’n hele aantal van ons lidmate, individueel en in groepverband, het hulle deur die bank gesê dat dit beteken die Here is die Een wat alles kan doen. By sommige van hierdie lidmate het die idee wel na vore gekom dat die Here die een is wat in beheer is en vir wie niks onmoontlik is nie. Die vraag kom dan na vore of dit al is wat dit sou beteken? Bestaan al

die gode op een vlak op so 'n manier dat God die enigste is wat alles kan doen terwyl die ander gode niks kan doen nie? Is dit dit wat Hom onderskei van die gode of sit daar meer hierin? Die ontdekking is asemrowend. Al is dit 'n wonderlike vertroostende gedagte dat die God van die Bybel die enigste is vir wie niks onmoontlik is nie, is dit maar 'n klein deeltjie van wat die uitdrukking “Die Here, die almagtige” beteken.

Heyns wys daarop dat daar oor die almag van God baie misverstand en onbybelse opvattinge bestaan (Heyns 1978:66). Hy konkludeer dat God se almag in absolute sin sou kon beteken dat Hy ook kan doen wat nie met sy wese in ooreenstemming is nie. So verstaan sou God dus in staat wees om selfs nie-God te wees nie. Dit beteken dat Hy selfs ook die kwaad kan doen (Heyns 1978:66). 'n Ander beskouing verbind Gods almag aan sy wil, maar beperk dan sy wil tot die tans bestaande werklikheid. Dit beteken dus dat God nie tot iets anders in staat is, as wat ons tans waarneem nie.

Die volgende uiteensetting sal help om raak te sien dat ons waarskynlik in hierdie gesprek grootliks te make het met die onvermoë wat ons het om een taal regtig in 'n ander taal te vertaal.

*.1 **Jahwe Sabaoth**

Die uitdrukking “Die Here die almagtige” is in die 1983 vertaling van die Afrikaanse Bybel die weergawe van die Hebreeuse woorde *Jahwe Sebaot*. Sebaot hou verband met die Hebreeuse woord *sābā* wat “veg” of “dien” of ook “oorlog” en “leermag” as basiese betekenis het (Harris 1980:749). Die twee begrippe “diens” en “oorlog” hou verband met mekaar as in ag geneem word dat God die God van die leërmagte is wat in die tempel woon. Wanneer die priesters daar diens doen, is hulle vir alle praktiese doeleindes met geestelike oorlogvoering besig. Die verbintenis van God se naam, hetsy Jahwe Sabaoth of Elohim Sabaoth, kom sowat 285 keer in die Ou Testament voor. Die meeste kere kom dit voor in die profete se geskrifte naamlik in Jesaja (62), Jeremia (77) Hagai (14), Segaria (53), en Maleagi (24). Dit is afwesig in die Pentateug. Die samestelling van die woorde Jahwe en Sabaoth moet as 'n tegniese term gesien word wat kan beteken “Yahweh the mightiest Warrior or Yahweh the all-powerful King (Harris 1980:750).

Hierdie naam vir God kom die eerste keer in 1 Sam 1:3 voor. Dit was dus teen die einde van die tydperk toe Israel deur verskillende rigters gelei is en in die omgewing van Silo waar die ark van die verbond in die tempel gehuisves is. Die verbondsark was simbool van God se heerskappy aangesien Hy tussen die gerubs op sy troon gesit het (1 Sam 4:4; vgl ook Ps 99:1). Dit is dan ook in die naam van hierdie God (die Hoof van Israel se leër) wat Dawid vir Goliath tegemoet gaan in die strydveld: “*Jý kom na my toe met 'n dolk en 'n spies en 'n swaard, maar ék kom na jou toe in die Naam van die Here*

die Almagtige, die God van die linies van Israel, wat jy verkleineer het” (1 Sam 17:45). “It was important to affirm that Yahweh was not merely one warrior god among the leading warrior gods of the nations, but that he was the Supreme God.” (Harris 1980:751). Vir Israel wat gewoon het tussen ander volkere en op die roete waar ander leërs tussen Noord en Suid beweeg het, was dit noodsaaklik om te weet dat hulle God die enigste heerser en groot Koning oor die hele wêreld is (Jes 37:6; vgl Sag 14:16). Ongelukkig is dit juis hierdie feit wat meegebring het dat God wat ook oor ander volkere heerskappy voer, juis die ander volke gebruik om Israel te straf vir hulle ongehoorsaamheid. Jes 10:5-34 beskryf pragtig hoe God die Assiriërs gaan gebruik om Juda te straf en daarna gaan Hy ook met die Assiriërs afreken. Wanneer God sy volk straf, doen Hy dit met liefde om hulle te behou (Hos 11:8) omdat sy liefde vir hulle sterk brand. Daarom vernietig Hy hulle nooit geheel en al nie. Maar, wanneer dieselfde God met die heidense nasies afreken, vernietig Hy hulle geheel en al sonder genade. Uiteindelik gebruik die Here die Assiriese ryk maar net as ’n instrument in sy hand om sy volk ’n les te leer. Hierdie “instrument” moet onthou dat hy maar net ’n instrument is en geen reg op sy eie het nie. *“Kan ’n byl grootpraat teen die een wat met hom kap? Of kan ’n saag hom groot hou teen die een wat met hom saag? Kan ’n stok die een swaai wat hom optel, kan ’n lat die een oplik wat hom gebruik? Daarom sal die Here ons God, die Almagtige, die vernames van Assirië laat kreppeer van ellende en sy besittings laat verteer deur ’n vuur wat aanhou brand.”* (Jes 10:15-16).

Hierdie titel is ’n baie verhewe titel en word daarom ook in verband gebring met God as die Koning (Jes 6:5) wat verheerlik moet word. Daarom sing die koor op die feesdag voordat die prosesie by die tempel ingaan: *“Verbly julle, poorte, wees bly, eeue-oue deure, want die magtige Koning wil ingaan! Wie is Hy, hierdie magtige Koning? Die Here, die Almagtige, Hy is die magtige Koning.”* (Ps 24:9). “Although the title has military overtones, it points directly to Yahweh’s rulership over the entire universe. He continually rules, but at times he directly intervenes to secure his own victory and insure the direction of history for the salvation of his people”. (Harris 1980:751) In Amos 4:13 word Hy die Skepper van die berge en wind genoem en word bekend gemaak dat Hy kontrole oor die natuur uitoefen (vgl Amos 5:8vv; 9:5vv; Jes 1:24). Hy is die meester oor elke mag en Hy alleen verseker vrede. Tot hom mag ons bid (Ps 80:19).

Bogenoemde moet dus in gedagte gehou word as ons lees dat die Here die Almagtige is. Hy word as die Almagtige aanbid (1 Sam 1:3, 11) en vertrou (1 Sam 17:45; Ps 24:10; 46:8 & 12; Ps 59:6; 80,84). God word telkens so aan die volk bekendgestel. (1 Sam 15:2; 2 Sam 7:8; 1 Kron 17:7; Jes 47:4, 48:2, 51:15 en 54:5). Die profete tree op omdat God die Almagtige is (Jes 1:9, 24; 5:6; 8:13 & 18; Jer 5:14). “So sê die Here die

Almagtige” kom 52 keer in Jeremia voor en 3 keer in Amos, 1 keer in Miga, 2 keer in Nahum, 1 keer in Sefanja, 11 keer in Hagai, 30 keer in Sagaria, 19 keer in Maleagi.

In die Nuwe Testament word minder klem gelê op hierdie naam van God. Dit kom 12 keer voor. In tien gevalle word die woord *pantokrator* gebruik (2 Kor 6:18; Op 1:8; 4:8; 11:17; 15:3; 16:7; 16:14; 19:6; 19:15 en 21:22) en in twee gevalle word die woord *sabaoot* gebruik. Dit is tog veelseggend dat dit soveel keer in Openbaring gebruik word wanneer die feestelikheid van die Godsaanbidding ter sprake kom.

Dat God die Almagtige Heerser is, word op een van die beste maniere geïllustreer wanneer Elia in konfrontasie met die Baälpriesters hulle uitdaag om die mag van hulle god te bevestig deur hom te vra om vuur op die brandofferaltaar te stuur. Nadat hulle gesoebat en gesmeek het en hulleself selfs gepynig het, gebeur daar niks. Wanneer Elia dan tot God nader in gebed, stuur God nie net vuur op Elia se altaar nie, maar verteer ook die Baälpriesters se offers geheel en al. Hierdie aangrypende verhaal kan gelees word in 1 Kon 18:22-39. Weereens gaan dit om die bekendmaking van God se identiteit.

*.2 ***El Shaddai***

Die Afrikaanse vertaling “*God die almagtige*” verwys 7 keer in die Ou Testament na die Hebreeuse woorde El Shaddai (Gen 17:1; 28:3; 35:11; 43:14; 48:3; Eks 6:3; Eseg 10:5). Daar bestaan onsekerheid oor presies wat hierdie uitdrukking beteken. “Acceptable is the suggestion that Shaddai is a composite term of *sha* (the one who) and *dai* (is sufficient). The later Greek versions have adopted this meaning. The most preferred explanation is that Shaddai is derived from the verb *shadad* (to overpower, to deal violently, or to devastate).” (Elwel 1988:882). Daarmee word dieselfde gedagterigting as wat hierbo beskryf is rondom die titel *Jahwe Sabaoot* gehuldig.

*.3 **Die Almagtige Skeppergod**

Die skeppingsverhaal in Gen 1:1-2:4a is ’n belydenis dat die God van Israel erkenning geniet as die almagtige skepper van die hemel en die aarde en alles daarop. Daarom merk Keil & Delitzsch op: “This sentence, which stands at the head of the records of revelation, is not a mere heading, nor a summary of the history of the creation, but a declaration of the primeval act of God, by which the universe was called into being.” (Keil & Delitzsch: <http://kad.biblecommenter.com/genesis/1.htm>, besoek 20 Febr 2011) In Die Verklarende Bybel (1983-vertaling) sê van Zyl die volgende oor Gen 1:1-2:4a: “Die doel met hierdie hoofstuk wat handel oor die eerste gebeure in die heelal se geskiedenis, maar wat nie die eerste hoofstuk is wat daarvoor geskryf is nie, is nie om vir ons ’n “skeppingsgeskiedenis” te gee nie. Die doel daarmee is om vir ons te leer wie God is. Hy is die Almagtige wat alles wat is, uit niks gemaak het”. (van Zyl 1989:2). Die noodsaaklikheid om God as die Skepper te erken, is volgens Wright van fundamentele

belang.

It is the distinction between the Creator God and everything else that exists anywhere. God alone is uncreated, self-existent, noncontingent. God's being depends on nothing else outside God's own self. All other reality, by contrast, is created by God and therefore is dependent on God for existence and sustenance. (Wright 2006:163).

Wanneer dus nagedink word oor die identiteit van God as die Almagtige kan mens nie anders nie as om ook kennis te neem van die feit dat die boek Genesis begin met 'n duidelike uitspraak oor wie God is en gebruik die skeppingsverhaal as die begin van God se op weg wees met die mens (Vosloo 1999:8). Dat God die skepper is, speel 'n groot rol in veral die Ou Testamentiese nadink oor God. Daarom word daar deur verskeie skrywers daarna verwys. Vgl hiervoor Ps 89:11, 102:25, 124:8, 163:5; Job 9:8, 38:4; Neh 9:6; Jes 40:21, 42:5, 45:18; Jer 10:12, 51:15; Mark 13:19; Hand 17:24; Rom 1:25, 11:36; Heb 1:10, 11:3. Omdat God die hemel en aarde geskep het, behoort alles aan hom. "We do not own this planet, even if our behaviour tends to boast that we think we do. No, God is the earth's landlord and we are God's tenants." (Wright, 2006:397). Hierdie feit het belangrike etiese en missionale betekenis vir die mens. Die hele skeppingswerk van God word "goed" genoem nie omdat die mens dit so raaksien nie, maar omdat God self so dink. Die aarde kry dus nie sy waarde deur die mens nie, maar van God af aan wie alles behoort. Dit plaas egter 'n groot verantwoordelikheid op die skouers van die mens naamlik om hierdie aarde wat aan God behoort met respek en agting te hanteer en dit so uit te bou dat ons verhouding met God daarin reflekteer. "Furthermore, as part of the whole creation, we humans exist not only to praise and glorify God ourselves but also to facilitate the rest of creation in doing so. And if the greatest commandment is that we should love God, that surely implies that we should treat what belongs to God with honor, care and respect." (Wright, 2006:403). Daarmee word die mens se missionale verantwoordelikheid uitgebrei om nie net ander mense van God se heerlikheid bewus te maak nie, maar ook om ekologies by die skepping van God betrokke te raak en bewarend en uitbouend besig te wees om God te verheerlik. Wright beklemtoon dat liefde vir God ook insluit dat jy sy eiendom met respek sal hanteer (Wright 2006:414). Omdat alles aan God behoort, strek God se koninkryk ook oor die ganse heelal en het die missionale verantwoordelikheid van die mens en veral van die kerk van Jesus Christus as inhoud om deur die ganse heelal tekens van God se heerskappy op te rig. "An understanding of mission as God's activity has led to an expectation of its signs throughout God's creation and an emphasis on the kingdom of God as distinct from but overlapping with the church." (Edinburgh 2010:26). Tydens die konferensie van

Edinburgh 2010 is die klem laat val op die feit dat die inherente onderlinge verbintenis van alle lewe op aarde beteken dat Christelike missionaat die ganse kosmos as teiken het. (Edinburgh 2010:27). In hierdie verband speel die woorde van Paulus in Rom 8:18-25 'n belangrike rol.

Wat is die boodskap van Gen 1? In aansluiting by wat van Zyl hierbo sê, moet dadelik verstaan word dat Gen 1 nie vir ons probeer vertel presies hoe die skepping tot stand gekom het nie. Daarom is dit sinloos om te argumenteer oor die vrae wat soms oor die hoofstuk gevra word soos was dit werklike dae waarvan gepraat word, hoe is dit moontlik dat daar eers lig was en later eers die son gemaak is, hoe pas die evolusieteorie in by die sewe dae van Gen 1, ens? Dit is irrelevante vrae. Om Gen 1 te verstaan, moet na die totale konteks van die hoofstuk gekyk word.

Die tyd van die skriftelike ontstaan van die boek Genesis is van groot belang. Dit is egter baie moeilik om die datum van ontstaan presies te kan vasstel. Wat wel seker is, is dat die boek se inhoud handel oor die verhale van die oertyd wat buite ons dateringsraamwerk val asook die tyd van die aartsvaders wat waarskynlik tussen 2200 en 1200vC dateer (Vosloo 1999:5). Uiteindelik het die finale stadium van afronding teen die einde van die ballingskap die hele boek gekleur. Hierdie laaste versamelaars "... kyk na die Oertyd en die Aartsvadertyd met oë wat nat is van die tranes oor 'n land wat verlore is, 'n tempel wat verwoes is, 'n kultus wat nie funksioneer nie, hulle vryheid wat weggeneem is. Maar hulle kyk ook met oë wat vonkel met hoop op die toekoms - 'n hoop wat gevoed word uit die herinnerings oor God se werke van gister en eergister." (Vosloo 1999:5). So leer die mens dat God die alleenreg op ons verwondering het. Die volmaaktheid van sy natuur moet ons met verwondering vul en moet almal wat dit waag om God se eer aan iemand of iets anders te gee vul met vrees. God alleen moet met ontsag gedien word, "... and every sincere worshipper may expect from him help in all his weaknesses, trials, difficulties, temptations, etc.; freedom from the power, guilt, nature, and consequences of sin; and to be supported, defended, and saved to the uttermost, and to the end." (Clarke: <http://clarke.biblecommenter.com/genesis/1.htm> , besoek 20 Febr 2011).

Tydens die tyd waarin die volk in ballingskap weggevoer was uit hulle eie land kom hulle in aanraking met ander volkere wat ander gode dien en wat deur middel van skeppingsverhale oor hulle gode praat. Met die neerskryf van die skeppingsverhaal in Gen 1 was daar dus reeds 'n hele klomp ander skeppingsverhale. Hiervan was die Babiloniese en die Egiptiese skeppingsverhale seker die belangrikstes. Die uniekheid van die Bybel se skeppingsverhaal lê nie daarin opgesluit dat dit die enigste verhaal is nie. Dit lê selfs ook nie in die formaat van die skeppingsverhaal of die wyse van skepping

nie. Westermann wys daarop dat daar ooreenkomste tussen die Bybelse skeppingsverhaal en ander volkere se verhale is (Westermann 1981:92). Hy toon vier ooreenstemmende kenmerke aan nl (1) die skepping word gemaak of kom tot stand deur 'n werksaamheid (vgl Gen 1 met meeste van die ander skeppingsverhale), (2) skepping deur verwekking en geboorte (vgl veral by die mities-politeïstiese godsdienste soos in Egipte), (3) skepping as resultaat van stryd (veral by die Babiloniese verhaal) en (4) skepping deur die spreek van 'n woord (soos by die Egiptiese skeppingsverhaal en in Gen 1). Wat die verhaal in Gen 1 wel uniek maak, is die feit dat daar baie sterk standpunt ingeneem word vir God as monoteïstiese God. Die God van Israel is een God teenoor die ander volkere wat meer as een god aanbid. Al is die woord *Elohim* wat in die Afrikaanse Bybel met God vertaal word in die Hebreeus 'n meervoud, beteken dit nie dat Israel meer as een god aanbid het nie (vgl die opmerkings oor *elohim* in Wikipedia³). "Die meervoud in die Naam dui in hierdie geval op die omvang van God se mag. Dit is 'n meervoud van magsuitbreidheid wat te kenne gee dat God magtig is: vrymagtig en almagtig. Hy doen wat Hy wil (Ps. 115:3-4; 135:6; Jona 1:4)" (van Zyl 1989:2).

Die fout moet ook nie gemaak word om te dink dat die meervoudvorm wat in Gen 1 gebruik word sou verwys na God as Drie-enige wese nie. God is net een wese. Soms as mense in Gen 1:26 lees dat God met homself in gesprek tree en sê: "*Kom Ons maak die mens as ons verteenwoordiger, ons beeld...*" gebruik hulle hierdie teks om die leer van die Drie-eenheid te begrond. Dit gaan egter nie op nie. Die meervoud *Ons* verwys nie na die Drie-eenheid nie (vgl. egter by 3), maar sluit aan by die gebruik van die meervoud in die Naam "God" (vgl. by 1). Op dié manier val die klem dus weer eens op die mag van die Skepper. Ook hiér is daar nie sprake van 'n veelgodedom soos in die heidense godsdienste nie: die werkwoord is in die enkelvoud en in 27 word daar na God verwys met die enkelvoud Hy. God is die Enigste (Deut. 6:4). (van Zyl 1989:2)

Gen 1 & 2 lewer getuienis oor die God wat oor alles beskik, in 'n heersende posisie oor alles die mag het. Daarom het Hy ook alles geskep - die sigbare dinge op, bo en onder die aarde; alle lewende wesens en ook die mens; alles wat onsigbaar is (Westermann 1981:90). Aan die begin van die Bybel word dus deur die verhaal van die skepping oor God 'n belydenis gedoen van wie Hy is naamlik die Almagtige God wat

³Elohim occurs frequently throughout the Torah. In some cases (e.g. Exodus 3:4, "... Elohim called unto him out of the midst of the bush ..."), it acts as a singular noun in Hebrew grammar, and is then generally understood to denote the single God of Israel. In other cases, Elohim acts as an ordinary plural of the word Eloah, and refers to the polytheistic notion of multiple gods (for example, Exodus 20:3, "Thou shalt have no other gods before me.")... The choice of word or words for God varies in the Hebrew Bible. According to the documentary hypothesis these variations are evidence of different source texts: Elohim is used as the name of God in the Elohist and the Priestly source, while Yahweh is used in the Jahwist source. The difference in names results from the theological point being made in the Elohist and Priestly sources that God did not reveal his name, Yahweh, to any man before the time of Moses. (<http://en.wikipedia.org/wiki/Elohim>)

niemand eers hoef te verslaan om die reg te verkry om te kan skep nie, wat niemand se toestemming nodig het nie, wat nie eers homself hoef te bewys om sanksie tot skepping te ontvang nie. Hy is God, die verhewe Almagtige wat sy heersersposisie proklameer deur hemel en aarde te skep. In die skeppingsverhaal van Gen 1 word ook telkens gemeld dat God se werk goed was. “Part of the meaning of the goodness of creation in the Bible is that it testifies to the God who made it, reflecting something of his good character (e.g., Ps 19; 29; 50:6; 65; 104; 148; Job 12:7-p; Acts 14:17; 17:27; Rom 1:20).” (Wright 2006:398) In hierdie belydenis vind die volk ook weer troos en word hierdie identiteit van God ook vir hulle die versekering dat Hy hulle weer sal red uit hulle ellende (vgl von Rad 1975:137ev).

2.3.1.1.4. God as Verbondsgod

Na die sondeval van die mens is dit nodig dat God op 'n nuwe manier by die mens betrokke raak sodat die doel van God se skepping naamlik om Hom te verheerlik deur die mens as sy verteenwoordiger sinvol voortgesit kan word. Heyns merk daarom ook op dat die verbond in diens van die skepping staan en nie andersom nie (Heyns 1978:225). Sonder om hier in besonderhede van die verbondsverhouding tussen God en die mens te verval, word slegs twee aspekte daarvan kortliks bespreek naamlik die *monopleuriese* en die *dupleuriese* aspekte van die verbond.

Wat die *monopleuriese* aspek betref, is dit opvallend dat dit baie duidelik in Genesis 15 uiteengesit word dat God uit eie keuse op 'n eensydige manier met Abram as verteenwoordiger van die mensdom 'n verbond kom sluit. Hierdie gedagte word versterk deur die feit dat slegs God tussen die stukke vleis deur beweeg as simboliek van die sluiting van die verbond (Gen. 15:17). Von Rad wys daarop dat hierdie manier van optrede strook met die gedagte dat die sluit van 'n verbond tussen twee partye nie noodwendig beteken dat albei partye op gelyke grond met mekaar staan nie (von Rad 1975:129). Dit gebeur meermale dat die ooreenkoms van die verbondsluiting deur die meerdere party aan die mindere eensydig aangebied word (vgl Jos 9:6vv; 1 Kon 20:34). In sulke gevalle word eensydig deur die meerdere party 'n besluit oor die verdrag geneem en die mindere party moet dit slegs aanvaar of nie. Die gevolg van so 'n verdrag hou baie voordele in. “Thus, the making of a covenant is intended to secure a state of intactness, orderliness, and rightness between two parties, in order to make possible, on the basis of this legal foundation, a relationship in matters affecting their common life.” (Von Rad 1975:130). In ander gevalle van verbondsluiting neem albei partye op gelyke voet deel en kom saam ooreen om die ooreenkoms aan te gaan (vgl Gen 21:27; 31:44; 2 Sam 5:3).

Heyns wys daarop dat die Hebreeuse woord vir 'n ooreenkoms (*berith*) oor die

algemeen wys op 'n ooreenkoms of verordening maar in besonder ook op 'n wilsbeskikking en testament (Heyns 1978:202). Die Griekse woord waarmee hierdie Hebreuse woord vertaal word, is *diathéké*. “As oorspronklike regsterm dui dit op 'n reëling wat deur een party gemaak is, en wat deur die ander party slegs aanvaar of verwerp kan word” (Heyns 1978:202). Dit is dan ook veral gebruik om te verwys na 'n testament as laaste wilsbeskikking. In hierdie verband dus as eensydige ooreenkoms word van die verbond van God met die mens as die *monopleuriese* karakter van die verbond gepraat (Heyns 1978:202).

Dat God op so 'n manier met die mens in 'n verhouding tree, bied aan die mens baie sekuriteit omdat God van sy kant af aan die mens 'n klomp beloftes en beskerming bied. Om Abram van sy beskerming te verseker, sluit Hy met hom 'n verbond en bevestig dit met die nodige liturgiese handeling wat in Abram se tyd die gebruik was by verbondsluiting (Gen 15:9-17). Daarmee saam gee God aan Abram die versekering dat hy en sy nageslag die land in besit sal neem. “*Op daardie dag het die Here 'n verbond gesluit met Abram en vir hom gesê: Aan jou nageslag gee Ek hierdie land, van Egiptespruit af tot by die Eufraat, die groot rivier...*” (Gen 15:18). Uiteindelik gee God aan Abraham die besnydenis as teken van sy verbond met hom en voeg die belangrikste van alle beloftes daarby: “*Ek bring 'n verbond tot stand tussen My en jou en jou nageslag en al hulle geslagte. Dit is 'n blywende verbond: Ek sal jou God wees en ook die God van jou nageslag.*” (Gen 17:7). Die Almagtige Skeppergod, *Jahweh Sebaoot*, is gewillig om met Abraham 'n pad te stap en vir hom God te wees. Hy kies vir Abraham uit eie vrye wil en verbind homself met 'n eed van getrouheid aan 'n mens. So openbaar God homself aan Abraham as genadige God.

Daarmee word nie net Abraham as individu tot God se diens afgesonder nie, maar word 'n hele volk, God se volk, tot diens geroep. Al is die verbond tussen God en die mens *monopleuries* wat sy oorsprong betref, is dit *dupleuries* wat sy bestemming betref. “Die mens is in die verbondsverhouding nie passief nie, maar in die hoogste mate aktief. Hy moet Gods beloftes aanvaar en Gods bevele gehoorsaam.” (Heyns 1978:202). Daarom gee God ook self aan die volk sy Wet en stel dit baie duidelik: “*Jy mag naas My geen ander gode hê nie. Jy mag nie vir jou 'n beeld of enige afbeelding maak van wat in die hemel daarbo of op die aarde hieronder of in die water onder die aarde is nie. Jy mag hulle nie vereer of dien nie, want Ek, die Here jou God, eis onverdeelde trou aan My (h jaloerse God [1953 Afrikaanse vertaling]). Ek reken kinders die sondes van hulle vaders toe, selfs tot in die derde en vierde geslag van dié wat My haat, maar Ek betoon my liefde tot aan die duisendste geslag van dié wat My liefhet en my gebooie gehoorsaam.*” (Eks 20:3-6) Daarmee word onomwonde verklaar dat God se identiteit 'n unieke identiteit

is wat nie op dieselfde vlak as die afgode rondom die volk gestel mag word nie. Dit word ook duidelik gestel dat dit nie hier gaan om 'n wettiese gehoorsaamheid ter wille van gehoorsaamheid as sodanig nie, maar om die uitleef van liefde omdat God self liefde is (1 Joh 4:12 en 16). Dit was nooit God se bedoeling dat die volk koud en gevoelloos sy wette moet gehoorsaam nie. Daarom dat Hy reeds in die Ou Testament hulle telkens oproep tot omgeeliefde wat deur hulle gehoorsaamheid sigbaar moet word. Ten diepste sou dit God se identiteit dan bekend maak aan ander. *“Luister, Israel, die Here is ons God, Hy is die enigste Here. Daarom moet jy die Here jou God liefhê met hart en siel, met al jou krag.”* (Deut 6:5) *“... jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Ek is die Here”* (Lev 19:18). Behalwe vir die Wet, gee God ook aan sy volk detail voorskrifte hoe hulle hom liturgies moet dien (Eks 25-31; 35-40) en sonder sy volk af van ander volke (en hulle gode) - vgl Num 25; Jos 10-12.

In die regeringstyd van koning Darius word Daniël met valkoë dopgehou om te sien of hy steeds voortgaan om tot sy God te bid al het die koning 'n bevel daarteen uitgevaardig. Daniël hou aan bid en beland uiteindelik in die leeu kuil vol uitgehongerde leeus. Maar, Daniël oorleef omdat God sy mag vertoon (Dan 6). Niks sou Daniël laat afsien van sy gehoorsame diens aan sy God nie. Uiteindelik lei dit daartoe dat die heidense koning Daniël se God erken. God se identiteit as Almagtige Heerser word raakgesien en selfs oor die hele heidense volk geproklameer al kom die koning en sy mense nie tot bekering en begin self Daniël se God dien nie. *“Koning Darius het toe aan al die volke, nasies en taalgroepe wat oor die hele wêreld gewoon het, 'n skrywe gerig: ‘Voorspoed! Ek gee hiermee opdrag dat in my hele koninkryk die God van Daniël gevrees en geëer moet word. Hy is die lewende God, Hy bestaan vir ewig; sy koninkryk sal nie vernietig word nie, sy heerskappy sal nooit eindig nie.”* (Dan 6:26-27) Wanneer mens die verhaal van Daniël lees, word die indruk gelaat dat dit tog moontlik is om God as God en selfs sy heerskappy te erken sonder om noodwendig sy koningskap in jou lewe 'n werklikheid te laat wees.

In Dan 4 word vertel van die droom van koning Nebukadnesar wat deur Daniël uitgelê word. Dit was God se manier om Nebukadnesar se hoogmoed te straf. Die gevolg was dat Nebukadnesar uiteindelik leef onder die waan dat hy 'n dier is wat moet gras eet (Dan 4:32-33). Na afloop van die tyd van straf erken Nebukadnesar dat God groter as hy is en vra by God om hulp. Nadat hy weer as koning herstel is, bring hy lof en dank aan God as die allerhoogste. *“Hoe groot is sy tekens, hoe magtig sy wonders! Sy koninkryk is 'n ewige koninkryk, sy heerskappy duur van geslag tot geslag. Ek het die Allerhoogste geprys, ek het Hom wat ewig leef, geloof en geëer. Aan sy heerskappy is daar geen einde nie, sy koninkryk bestaan oor al die geslagte heen.”* (Dan 4:33-34)

Die vraag is hier of Nebukadnesar werklik tot bekering gekom het en God as sy persoonlike God begin dien het. Keil & Delitzsch stem saam met Calvin dat daar nie genoeg gegewens in Dan 4 is om te oortuig dat Nebukadneser werklik tot bekering gekom het nie, maar slegs tot die besef dat hy 'n nietige mens is in die teenwoordigheid van die Allerhoogste God. Is dit wat God wou bereik met die handeling of was God se bedoeling eintlik om Nebukadnesar tot volle inkeer te bring? “Nebuchadnezzar thus recognised the humiliation which he had experienced as a righteous punishment for his pride, without, however, being mindful of the divine grace which had been shown in mercy toward him; whence Calvin has drawn the conclusion that he was not brought to true heart-repentance.” (Keil & Delitzsch 2002:596).

Die hartseer in die Ou Testament is natuurlik dat dit juis hierdie boodskap van omgeeliefde in gehoorsaamheid aan God is wat die volk van God algaande al minder verstaan het sodat God hulle hieroor moes straf en uiteindelik laat wegvoer het in ballingskap. In Jes 58 word verwys na die probleem van Israel. Die probleem was blykbaar nie dat hulle nie godsdiensoefening het nie. Dit kom voor of hulle wel deur die handeling van die rituele in hulle godsdiensoefening gegaan het soos om te offer en te vas. Die probleem was dat hulle hart nie in hulle godsdiensoefening gesit het nie. Dit was bloot uiterlike handeling sonder dat hulle verstaan het dit gaan eintlik daarom dat hulle in mense se lewens 'n verskil moet maak. Daarom word die retoriese vraag in Jes 58:5 gevra: *“Is dit ál wat Ek op 'n vasdag wil hê: net dat 'n mens homself verneder, dat hy sy nek buig soos 'n biesie en in sak en as sit? Noem jy dít 'n vasdag, 'n dag waarvan die Here hou?”* Die antwoord is voor die hand liggend nee. Dan word aan die volk duidelik gestel waarom gehoorsaamheid aan die Here eintlik gaan: *“Is die vas wat Ek wil hê, nie dít nie: om dié wat onregverdig gevange gehou word, te bevry, om die juk wat op mense druk, af te haal, om verdruktes vry te maak, om elke juk te breek? Is dit nie dat jy vir dié wat honger is, van jou brood gee nie, dat jy aan die armes en die dakloses 'n blyplek gee nie, dat wanneer jy iemand sonder klere sien, jy vir hom klere gee nie, dat jy jou medemens nie aan sy lot oorlaat nie?”* (Jes 58:6-7). Daarmee moet ons goed verstaan dat God se bedoeling vir sy volk nooit was dat hulle maar net klinies gehoorsaam aan sy wette moes wees nie, maar dat hulle met deernis en liefde uit hulle harte uit die Here moes dien. Dit sou die teken wees dat daar werklik 'n lewende verhouding tussen die volk en hulle God bestaan.

2.3.1.1.5. God as genadige God wat vergewe en herstel

Omdat daar so baie in die Ou Testament gemaak word van die straffende God kan mens verstaan dat daar sommige mense is wat aan die God van die Ou Testament dink as 'n harde en ongenaakbare God. Marcion (<http://en.wikipedia.org/wiki/Marcionism>,

besoek 5 Oktober 2010) wat rondom 144nC geleef het, het byvoorbeeld die God van die Ou Testament heeltemal verwerp omdat Hy, volgens hom, nie dieselfde God as die een in die Nuwe Testament is nie. (Vgl ook Claassens 2010:34). En tog, wanneer mens regtig met 'n oop gemoed na die Ou Testament kyk, is dit tog moontlik om raak te sien dat dit in werklikheid juis die God van liefde en genade is wat daar optree. God se optrede moet egter gesien word in die lig van die stryd wat Hy gedurig saam met en dikwels sonder sy volk moes voer om sy identiteit te vestig en te beskerm.

God wou vir sy volk wys dat Hy nie net die God van die Israeliete is nie, maar ook die God van ander heidense nasies en dat sy goedheid en genade ook vir hulle bedoel is. In hierdie sin van die woord sou mens dus die boek Jona as missionaal van aard kon beskou. Juis daarom moes die volk aan God gehoorsaam leef sodat ander nasies iets van Israel se God se liefde en genade kon leer ken daarin dat hulle ook welkom is om deel van die verbondsvolk te word. (Vgl Eks 12:44 & 48).

God se liefde en genade is nooit 'n goedkoop liefde wat oë toemaak vir wat verkeerd is nie. Juis omdat God liefde is (1 Joh 4) tree Hy dikwels met tugmaatreëls teen sy volk op. Mens sou ook kan sê dat sy liefde juis deur sy tughandelinge sigbaar word. So word die uitspraak van die Spreuke digter waar as hy sê: *“My seun, aanvaar die straf wat van die Here kom en moet jou nie teen sy teregwysing verset nie, want die Here straf die mens wat Hy liefhet net soos 'n vader doen met sy seun.”* (Spr 3:11)

Dit is dan ook die feit dat God sy volk liefhet wat die groot verskil maak tussen die manier waarop Hy sy volk straf en die manier waarop Hy ander nasies straf. Wanneer die volk so ongehoorsaam word aan God dat dit vir Hom nodig is om die Assiriërs te gebruik om sy volk in ballingskap weg te voer uit hulle eie land dan kan mens die pyn in God se stem hoor wanneer jy Hosea se weergawe lees in die boek Hosea. Veral hoofstuk 11 verwoord God se pyn maar ook sy liefde vir sy volk die mooiste. Hy sê: *“Ek het hulle met sorg en liefde gelei, Ek was vir hulle soos iemand wat die juk oplig as dit sy trekdier skaaf. Ek het na Efraim toe afgebuk en hom gereeld kos gegee, want Ek wou nie hê dat hy weer na Egipte toe moet teruggaan nie of dat Assirië oor hom moet heers nie. Maar Efraim het geweier om hom te bekeer. Daarom sal sy stede deur oorlog verwoes word en sy waarsêers uitgeroei word. Hulle sal deur die oorlog verteer word oor die raad wat hulle gegee het. Omdat my volk My verlaat het, sal party van hulle opgehang word en die ander sal die slawejuk moet dra, 'n juk wat nie afgegooi sal word nie! Maar hoe kan Ek jou prysgee, Efraim? Hoe kan Ek jou laat vaar, Israel? Hoe kan Ek jou vernietig soos Adma, met jou maak soos met Sebojim? Ek kan dit nie oor my hart kry nie. My liefde brand te sterk. Ek sal my gloeiende toorn bedwing, Ek sal nie so ver gaan en Efraim uitwis nie, want Ek is God, nie 'n mens nie. Ek is die Heilige wat by jou is, Ek sal nie met*

woede ingryp nie.” (Hos 11:4-9) Saam met die aankondiging van straf vir Israel, kondig die Here ook verlossing en herstel aan. So byvoorbeeld in Jes 10:20-21: *“In dié tyd sal dié wat in Israel, in Jakob oorgebly het en ontkom het, nie meer hulle vertrou stel in Assirië deur wie hulle vertrap is nie, maar hulle sal net op die Here, die Heilige van Israel, vertrou. Daar sal ’n oorblyfsel terugkom na die magtige God toe, die oorblyfsel van Jakob.”* (Vgl ook Hos 1:10-12).

Wanneer dieselfde God teen die heidense nasies optree, is dit heeltemal ’n ander saak. Dan word daar geen genade en liefde betoon nie. Omdat God “Jahwe Sabaoth”, die Groot Almagtige Regter-God is wat oor alle nasies heers, kan Hy die Assiriërs gebruik om sy volk te straf. Daarom word Assirië in Jes 10:5 genoem: *“...die stok waarmee Ek sal straf, die werktuig van my toorn! Ek stuur hom teen die godlose nasie, Ek beveel hom om op te trek teen die volk vir wie Ek kwaad is, om hulle te beroof en te plunder, om hulle te vertrap soos modder in die strate.”* Maar wanneer die Here hulle klaar gebruik het vir sy doel, vernietig Hy hulle sonder om genade te betoon. Daarom word byvoorbeeld van die Assiriërs gesê: *“Maar wanneer die Here alles wat Hy op Sionsberg en in Jerusalem wil doen, afgehandel het, sal Hy die koning van Assirië straf oor sy trots en selfversekerdheid, want die koning van Assirië het gesê: ‘Ek het dit met my eie mag gedoen, met my eie insig en verstand. Ek het die grenslyne van volke verskuif en hulle voorrade geplunder; ek het hulle inwoners met my mag onderwerp...Kan ’n byl grootpraat teen die een wat met hom kap? Of kan ’n saag hom groot hou teen die een wat met hom saag? Kan ’n stok die een swaai wat hom optel, kan ’n lat die een oplig wat hom gebruik? Daarom sal die Here ons God, die Almagtige, die vernames van Assirië laat kreppeer van ellende en sy besittings laat verteer deur vuur wat aanhou brand. Die Lig van Israel sal die vuur wees, die Heilige van Israel die vlam: in ’n enkele oomblik sal die vlam hulle geringes, die dorings en dissels, verbrand en verteer, en ook hulle aansienlikes, die vrugteboorde en die vrugbare velde. Dit sal hulle volkome vernietig. Die bome wat in die bos, Assirië, oorbly, sal so min wees dat ’n klein seuntjie dit sal kan tel.”* (Jes 10:12-19).

2.3.2. Die Koninkryk van God in die Nuwe Testament

Waar dit in die Ou Testament hoofsaaklik gaan om die volk van God wat as verbondsvolk deelneem aan die bekendstelling en vestiging van God se identiteit as die Soewereine Almagtige Heerser, gaan dit in die Nuwe Testament om die praktiese tot stand kom van God se heilsplan as uitvloeiende van God se ewige Koningskap. Nou is die koninkryk van God nie meer net ’n toekomstige moontlikheid nie, maar het dit ’n praktiese werklikheid geword.

The Kingdom has to do with God’s dynamic power through which “the blind

receive sight, the lame walk, those who have leprosy are cured, the deaf hear, the dead are raised, and the good news is preached” (Matt. 11: 5). It has to do with the Spirit of God, the finger of God, which casts out demons (Matt. 12: 28; Luke 11:21). It is seen in liberation From demon possession (Luke 8: 36), From blindness, from bleeding (Mark 5: 34), and even from death (Mark 5: 23). The kingdom of darkness that corresponds to “this age” has been invaded the “strong man” has been disarmed, conquered and plundered (Matt. 12: 29; Luke 11. 22). The hour announced by the prophets has arrived: the Anointed One has come to preach good news to the poor, to announce Freedom for the prisoners and recovery of sight to the blind, to release the oppressed, to proclaim the year of the Lord’s favor (Luke 4: 18- 19). In other words, Jesus’s “historical” mission can be understood only in connection with the Kingdom of God. His mission here and now is the manifestation of the Kingdom as a reality present among men and women in his own person and action, in his preaching of the gospel and his works of justice and mercy. (Padilla 1985:188-189. Vgl Padilla 191-199 en McLaren 2006:chapter 7).

Joubert wys daarop dat Jesus deur sy aardse bediening die koninkryk van God sigbaar laat word deur duiwels uit te dryf, wonderwerke te doen en deur sy lering dit te verkondig. (vgl Joubert 2009:103-105) Vir laasgenoemde maak Hy dikwels van gelykenisse gebruik (vgl Mark 4, Matt 13). Hierdie realisering van die koninkryk word die kern van die kerk se roeping.

Israel and the Church are entrusted with the mission. Yet, the former was mostly orientated by the centripetal pattern of mission, whereas the latter by centrifugal. Israel testified by a holy life and a monotheistic worship, whereas the Church does that primarily by preaching and leading people to a living Christ. (http://www.btz.it/English/Giedrius/works/Mission_in_OT_and_NT.pdf, besoek 10 Sept 2010).

Die Nuwe Testament handel oor die koms van Jesus Christus en die verhale rondom sy lewe en bediening. (Vgl Claassens 2010:29). Nou gaan dit nie meer om die belofte van God se heil nie, maar om die realisering daarvan. “The central thrust of the New Testament is that Jesus has come to fulfill Old Testament prophecy and that in his person and work the Kingdom of God has become a present reality.” (Padilla 1985:186). Wat in die Ou Testament van God gesê word, word nou op Jesus van toepassing gemaak. In Matt 28:18 eien Jesus self hierdie mag vir hom toe. “The risen Jesus thus claims the same ownership and sovereignty over all creation as the Old Testament affirms for YHWH.” (Wright, 2006:403) Newbigin beklemtoon die feit dat dit nie net gaan om die aankondiging van die koninkryk nie, maar ook om die aanwesigheid daarvan. “In

the New Testament we are dealing not just with the proclamation of the kingdom but also with the presence of the kingdom.” (Newbigin 1995:Kindle ed, chapter 5). Jesus beklemtoon dit self in sy antwoord op die vraag van Johannes die Doper in Matt 11:3 *“Is U die Een wat sou kom, of moet ons ’n ander een verwag?”* In Jesus se antwoord word die sigbare teenwoordigheid van die koninkryk uitgespel: *“Jesus antwoord hulle: “Gaan vertel vir Johannes wat julle hoor en sien: Blindes sien, lammes loop, melaatses word gereinig, dowes hoor, dooies word opgewek, en aan armes word die evangelie verkondig.”* (Matt 11:4-5). “Mission, seen from this angle, is faith in action. It is the acting out by proclamation and by endurance, through all the events of history, of the faith that the kingdom of God has drawn near. It is the acting out of the central prayer that Jesus taught his disciples to use: "Father, hallowed be thy name, thy kingdom come; thy will be done on earth as in heaven." (Newbigin, L 1995:Kindle ed chapter 4).

Dit sluit ten nouste aan by God se identiteit in die Ou Testament. Hieroor dan kortliks die volgende opmerkings.

2.3.2.1. Missionale Kerk-wees in die lig van God se koninkryk

Hierbo is reeds aangetoon dat die fokus in die Ou Testament val op die bekendstelling van God as die Soewereine en Almagtige God wat alleen die naam God waardig is teenoor die ander sogenaamde gode van die heidene. Die wêreld moes daarvan kennis neem dat hierdie God van Israel die Skepper is en alleen lewend is. Dit was die roeping van die volk om sy identiteit oral te handhaaf en uit te bou. Wanneer mense God raaksien vir wie Hy werklik is, het hulle hom ook as Heerser herken (nie noodwendig erken nie). Hiervan is die verhaal van Daniël en sy vriende een van die mooiste voorbeelde. Waar in die Ou Testament die identiteit van God deur die modder gesleep is, soos wat selfs die volk Israel dit meermale gedoen het, het God hom gewreek omdat Hy sonde haat. In die Nuwe Testament verskuif die klem nou na die bekendmaking van God se koninkryk as ’n praktiese realiteit en gegewene wat implikasies inhou vir die manier waarop ons lewe. “The central thrust of the New Testament is that Jesus has come to fulfill Old Testament prophecy and that in his person and work the kingdom of God has become a present reality.” (Padilla 2010:199). Wanneer Jesus as mens God aan die wêreld kom bekendstel, val die klem op God se mag oor alles op aarde en die praktiese konsekwensies daarvan. Daarom word mense genees van siektes, bevry van bose magte, opgewek uit die dood, op wonderbaarlike wyse met brood gevoed, ens. Jesus se hele bediening was gerig op God se koninkryk. Wanneer Matteus dus Jesus se bediening aan die begin van sy evangelie opsom dan sê hy: *“Van toe af het Jesus begin preek en gesê: Bekeer julle, want die koninkryk van die hemel het naby gekom.”* (Matt 4:17; vgl Mark 1:14). Deur Jesus se verkondiging en veral

deur sy wonderwerke moes die mense hoor dat God die soewereine almagtige God is wat naby die mense gekom het met die sigbaarmaking van sy heerskappy. Sy heerskappy as Koning is nie meer 'n belofte en stuk teorie nie, maar 'n lewensveranderende praktiese werklikheid. Hierdie koninkryk moes die allesoorheersende fokus van elke mens se lewe word. Daarom leer Jesus in Matt 6:33 die skare: “... *beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge [die ander dinge van die lewe] gee.*”

Aan die einde van Jesus se bediening nadat Hy uit die dood opgestaan het en voor sy hemelvaart vir 40 dae op verskillende tye aan sy dissipels verskyn het, val die klem weereens op die koninkryk van God. Mens sou dink dat hierdie kort laaste geleentheid vir onderrig vir Jesus baie kosbaar was en dat Hy dit sou benut om oor die allerbelangrikste sake vir oulaas met sy dissipels te praat. Lukas vertel vir ons in kort waaroor dit gehandel het in Hand 1:3 “*Ná sy dood het Hy aan hulle met baie onbetwisbare bewyse ook getoon dat Hy lewe. In die loop van veertig dae het Hy by verskeie geleenthede aan hulle verskyn en met hulle oor die dinge van die koninkryk van God gepraat.*” Dit is asof Jesus seker wou maak dat die dissipels mooi sal verstaan waaroor dit gaan in die koninkryk van God.

Hierdie beklemtoning word nog beter verstaan as in ag geneem word dat Jesus se laaste opdrag aan sy dissipels was om die koninkryk bekend te maak. Matteus stel dit so: “*Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde. Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.*” (Matt 28:18-20) Markus verwoord die opdrag soos volg: “*Hy het vir hulle gesê: Gaan uit, die hele wêreld in, en verkondig die evangelie aan die hele mensdom. Wie tot geloof gekom het en gedoop is, sal gered word; wie nie glo nie, sal veroordeel word. Die volgende wondertekens sal voorkom by dié wat glo: in my Naam sal hulle bese geeste uitdrywe; in ander tale sal hulle praat; met hulle hande sal hulle slange optel, en as hulle iets drink wat dodelik giftig is, sal dit hulle geen kwaad doen nie; hulle sal siekes die hande oplê, en dié sal gesond word.*” (Mark 16:15-18) Hy kon net sowel gesê het dat Jesus sy dissipels opdrag gegee het om sy koninkryk te laat realiseer want as jy lees wat die konsekwensies is wanneer mense tot geloof in die evangelieboodskap kom, dan is dit presies dieselfde as wat Jesus gedoen het om juis God se koninkryk aan mense te demonstreer. Lukas verwoord die opdrag van Jesus aan sy dissipels voor sy hemelvaart soos volg: “*Die Christus moet ly en op die derde dag uit die dood opstaan, en in sy Naam moet bekering en vergewing van sondes aan al die nasies verkondig word, van Jerusalem af en verder. Julle is getuies van hierdie dinge.*” (Luk 24:48).

Dit is veelseggend dat die skrywers van die drie evangelies oor hierdie opdrag van Jesus saamstem en dit vermeld. Elkeen kom egter met sy eie aksent. Matteus beklemtoon dat alle mense op aarde (nie net die Jode nie) gehelp moet word om uiteindelik dissipels (volgelingen, leerlinge) van Jesus te word. “The word “disciple” means above all “learner” or “pupil.” The emphasis in the commission thus falls not on the initial proclamation of the gospel but more on the arduous task of nurturing into the experience of discipleship, an emphasis that is strengthened and explained by the instruction “teaching them to keep all that I have commanded” in v. 20a.” (Hagner 2002:Electronic ed).

Markus plaas klem op die verkondigingsaspek en stem saam dat dit aan alle nasies gedoen moet word. Hy voeg verder by dat redding die gevolg van geloof is en dat saam met die redding, ook ’n verskeidenheid van wondertekens gepaard sal gaan. “It is important to realize that even this early church writer does not suggest that these signs happen always and for everybody. We must not presume upon them and put God to the test, like one Christian sect that handles poisonous snakes. They are signs of the kingdom of God. We should accept them gratefully if they occur, but our minds should be set on God’s kingdom, not on its signs.” (Carson 1994: Electronic ed).

Lukas beklemtoon weer die getuienis aspek. Die dissipels het tydens Jesus se bediening op aarde die voorreg gehad om die hele tyd saam met hom op aarde rond te beweeg. Hulle is deur hom onderrig en hulle het die wonderwerke wat hy gedoen het, telkens saam beleef. Hulle sou ook nog na sy dood, opstanding en hemelvaart beleef en natuurlik ook die uitstorting van die Heilige Gees. Hulle opdrag is nou om as ooggetuies vir die wêreld die verlossingsboodskap te gaan verkondig. Hierdie boodskap behels bekering en vergewing van sondes in die Naam van Jesus Christus. “But the Scripture can be fulfilled only if those who are equipped to attest the saving facts are sent out to proclaim the message in the power of the Spirit. Here, therefore, Jesus appoints them as his witnesses.” (Marshall 1978: Electronic ed).

Dit is dus duidelik dat die heerskappy van God in mense se lewens deur Jesus se oorwinning van die dood as die finale struikelblok vir die realisering van God se algehele koningskap, die fokus word - nie net van Jesus se eie bediening nie, maar ook van die bediening van elkeen wat in Jesus sou glo. “The mission of the church, therefore, can be understood only in light of the kingdom of God.” (Padilla 2010:199).

2.3.2.2. Die God van die koninkryk

Waar dit in die Ou Testament lyk of die oordeel van God voorop staan, verander die klem nou sodat die liefde van God beklemtoon word. Vgl in dié verband die talle tekste wat hieroor skryf. God is in sy wese liefde (2 Kor 13:11; 1 Joh 4:8 & 16); hierdie liefde

bewys Hy deur sy Seun, Jesus Christus aan 'n kruis te laat sterf as versoening van die mens se sonde (Rom 5:8; 2 Kor 5:14; Gal 2:20; Ef 5:2; 2 Tes 2:16; 1 Joh 3:16; 4:10 & 11); hierdie liefde is vir alle mense bedoel - ook hulle wat God nie as God erken en aanvaar nie (die *kosmos*) - (Joh 3:16); God se liefde vir sy kinders staan vas (Ef 2:4; Kol 3:12; 2 Tes 2:13); hierdie liefde kan nie van die mens weggeneem word nie en is die basis vir hantering van die lewe (Rom 8:35, 39); God se liefde laat 'n wonderwerk plaasvind naamlik dat mense wat verlore sondaars is nou verlore kinders van God kan word (Ef 1:5; Joh 1:12; 1 Joh 3:1; Op 1:5); sy liefde bring lewe in plaas van dood (Ef 2:5); God se liefde vir mense kweek wederliefde (1 Joh 4:19 & 20).

Tog is die God van die Nuwe Testament nie 'n nuwe of ander God as die God in die Ou Testament nie. Al val die klem grootliks in die Nuwe Testament op God as die een wat liefhet, moet dit nooit losgedink word van God se toorn nie. Sy straffende geregtigheid en sy liefde vorm geen teenstelling met mekaar nie. In Jesus word God se "nee" vir ons sonde hoorbaar, maar ook God se "ja" vir sondaars. Dit is juis omdat God sonde haat en sy toorn daarvoor op sy Seun uitgiet, dat Hy die mens kan liefhê en sy heilsplan vir die mens 'n werklikheid kan laat word. Mens sou ook kan sê dat God sy Seun moes haat om die mens van sy liefde te kon oortuig.

"Wanneer God dan in die vryspraak van die opstandige mens, die skuld van hom verwyder, dan moet Hy dit, om aan Homself trou te bly, aan iemand anders oordra. En die enigste Ander wat die skuld kan dra, is 'n ander Mens, 'n Mens in Wie God self teenwoordig is. So ontlaai God die mens, deur Homself te belaaï met die sondeskuld. Wie nou glo dat Jesus Christus vir hom "sonde gemaak is", het dus deel gekry aan die geregtigheid van God (2 Kor 5:21). So is die geregtigheid van God dus reddend in soverre as wat dit die mens bevry van sy sonde, maar straffend in soverre as wat Jesus moes boet vir die oortreding van die sondaar." (Vgl Heyns 1978:69).

2.3.2.3. Die volk van God se koninkryk

In die Ou Testament word die etniese volk Israel uitgekies om primêr die volk van God se koninkryk te wees. Natuurlik het daar ook van tyd tot tyd ander mense uit ander volkere by die volk aangesluit en so ook deel van Israel geword. Israel het dus inderdaad bestaan uit die Jode en ook ander nasies uit ander etniese volkere. Hierdie mense word in 1 Kron 22:2 ook "vreemdelinge" genoem. Om so 'n vreemdeling te word en die beskerming van Israel te kan geniet, het vereis dat iemand besny moes word (Eks 12:48). Wanneer dit gebeur het, is so 'n besnede vreemdeling behandel asof hy 'n gebore Israëliet was. So is ook mense buite Israel deur God begenadig (Jes 56:3). Die impak wat die Jode op die heidense volkere gemaak het, het ook soms daartoe gelei dat mense

oorgeloop het na Israel (vgl Ester 8:17). Soms het dit gebeur dat sulke proseliete selfs opgang in Israel gemaak het soos Doëg die Edomiet (1 Sam 21:7), Urija die Hetiet (2 Sam 11), Arauna die Jebusiet (2 Sam 24) en Selek die Ammoniet (2 Sam 23:37). (vgl verder Easton Illustrated Dictionary: <http://mb-soft.com/believe/txo/proselyt.htm>, besoek 26 Sept 2010) Dit was dus geen vreemde verskynsel nie dat, ook naas die gebore Jode, ander mense deel van die volk Israel gevorm het. Wanneer dus van Israel as die volk van God gepraat word, moet inklusief ook aan ander mense gedink word.

Die vraag ontstaan nou of die mense wat in die Nuwe Testament die volk van God genoem word of dan ook gemeente/kerk van die Here genoem word, 'n nuwe of ander volk as dié van die Ou Testament is en of dit gaan om 'n voortsetting van die volk Israel van die Ou Testament? Is die mense na wie Claassens verwys nie dalk reg as hulle beweer dat God voor begin in die Nuwe Testament nie? (Claassens 2010:34).

Van belang is om daarop te let dat die volk in die Ou Testament nooit “kerk” of “gemeente” van God genoem word nie (vgl Williams 2010:Elektr ed, besoek 10 Okt 2010). In die 1953 Afrikaanse Bybelvertaling word die woord *nefesh* meesal met “vergadering” vertaal (vgl Eks 12, 16, 35, ens) terwyl die 1983 Afrikaanse vertaling dieselfde woord met “gemeente” vertaal. Laasgenoemde is waarskynlik korrek maar moet as 'n interpretasievertaling gesien word. Mens moet dus versigtig wees om sondermeer die Afrikaanse vertaling as uitgangspunt te gebruik om aan te toon dat die volk in die Ou Testament in werklikheid die kerk of gemeente van die Here is wat in die Nuwe Testament voortgesit word.

Hier word egter tog standpunt ingeneem dat die volk van God in die Ou Testament inderdaad die kerk of gemeente van die Here is en dien ooreenkomstig is die kerk of gemeente van die Here in die Nuwe Testament 'n voortsetting van die volk Israel in die Ou Testament. Die feit dat Jesus tydens sy bediening op aard by verskeie geleenthede teksgedeeltes uit die Ou Testament aanhaal om sy eie bediening te verduidelik, laat mens vermoed dat Hy daarmee ook 'n sterk saak uitmaak dat die kerk van die Nuwe Testament 'n voortsetting van die Ou Testamentiese kerk is. Die gesprek van Jesus met die Emmausgangers (Luk 24) is 'n mooi voorbeeld hiervan.

Die motivering vir so 'n standpunt is oa die volgende:

- * Daar is reeds hierbo aangetoon dat die God van die Nuwe Testament dieselfde God is wat in die Ou Testament optree.
- * Dit is opvallend dat die skrywers van die Nuwe Testament baie duidelik terugverwys na die geskiedenis van Israel in die Ou Testament en hard probeer aantoon dat daar 'n doelbewuste aansluiting by en voortsetting van daardie geskiedenis na die koms van die Messias is. Vgl in dié verband die geslagsregisters in die Evangelies, die talle

teksverwysings in die Hebreërboek asook in die briewe van Paulus waarmee hulle doelbewus aansluiting vind by die Ou Testamentiese verloop van die volk van God se geskiedenis. Daarmee word telkens vertel dat Jesus self hom beroep het op die Ou Testament as kanon vir sy bediening en selfs die beloftes op homself van toepassing gemaak het (vgl Luk 4:16-21).

- * Die manier hoe die kerk van die Here in die Nuwe Testament gevorm word, geskied op dieselfde manier as in die Ou Testament naamlik deur God se vrye verkiesing (Vgl oa Deut 7:6 en 1 Pet 2:9).
- * Dit is opmerklik dat die dissipels en spesifiek Paulus as die sendeling na die heidene, in die manier waarop hulle hulle roeping uitvoer baie duidelik laat blyk dat hulle die kerk van Jesus sien as 'n voortsetting van die verbondsvolk van die Ou Testament. Daarom het hulle telkens wanneer hulle na dorpe of stede gaan om die Evangelie te verkondig, dit eers in die sinagoges aan die Jode gaan verkondig (vgl Hand 13; 14:1; 17; 18; ens). Die optrede en gedagtegang van Petrus is netso veelseggend in Hand 10. Petrus is nog steeds vas oortuig daarvan dat die Evangelie slegs vir die Joodse volk bedoel is toe God in 'n gesig een middag aan Petrus toon dat die Evangelie ook vir ander mense bedoel is. Dit was uiteindelik ook vir die ander gemeentelede 'n openbaring toe Petrus na sy ervaring met Cornelius vir hulle sy nuwe oortuiging verduidelik het. In Hand 11 lees ons van die gewone gelowiges in Jerusalem se verbasing toe hulle hoor dat Petrus die Evangelie aan Cornelius en sy mense gaan verkondig het. Hulle verbasing is duidelik in Hand 11:3 *“Jy het mense besoek wat nie besny is nie en het selfs saam met hulle geëet.”* Die wonderlike is dat hulle tevrede is met Petrus se verduideliking. Hieruit is dit duidelik dat die Jode wat tot geloof gekom het nie gedink het die kerk van Jesus is 'n nuwe begin nie, maar slegs 'n voortsetting van die verbondsvolkgedagte maar dan op 'n vernuwende manier.
- * Wanneer Paulus in Rom 9 en 10 praat oor die volk Israel dan wys hy die Jode daarop dat die samestelling van God se volk na Jesus se koms verander het. Nou gaan dit nie meer primêr om die bloedlyn van die volk nie, maar om geloof in Jesus as Verlosser. Daarmee word die deur wyd oopgemaak vir alle volke om deel van die Here se kerk/gemeente te word. Hieraan herinner Paulus sy lesers by verskillende geleenthede. Vgl 1 Kor 12:13; Gal 3:28 en Kol 3:11.

Soos in die Ou Testament gaan dit in die Nuwe Testament om dieselfde sake in die koninkryk naamlik om God se mense, God se plek en God se regering. Al die Bybelse beloftes vind in Jesus Christus vervulling. Die ontvouing van die koninkryk van God in die Ou Testament lei na die menswording van Jesus in die Nuwe Testament. Hy is die vleeswordende werklikheid van die Koninkryk. Sy teenwoordigheid op aarde

verteenwoordig die teenwoordigheid van God op die aarde. Jesus se woorde en dae verwesenlik God se heerskappy op aarde.

2.3.2.4. God se geheim word bekend gemaak

Newbigin noem die heerskappy van God 'n "mystery" (Newbigin 1995:Kindle ed, chapter 4), 'n realiteit wat gelyk verborge en openbaar is. Daarom verkondig Jesus dit deur middel van gelykenisse en wonders. "They are signs of the kingdom only to those to whom eyes of faith are given." In Rom 16:25 eindig Paulus sy brief aan die gelowiges in Rome met 'n baie belangrike opmerking deur te sê: *"God is magtig om julle te laat vasstaan ooreenkomstig die evangelie van Jesus Christus wat ek verkondig, en ooreenkomstig die openbaring van die geheimenis. Eeue lank het dit geheim gebly, maar nou is dit geopenbaar. Aan die hand van die geskrifte van die profete en in opdrag van die ewige God is dit aan alle nasies bekend gemaak sodat hulle in God kan glo en aan Hom gehoorsaam kan wees."* (Vgl ook Ef 1:7-10, 3:3-6; Kol 1:26 & 27). Ons het nou al gesien dat Jesus se bediening te make het met die bekendstelling van God se koninkryk. Die Almagtige, Soewereine God van die Ou Testament kom stel homself as die Koning van die ganse skepping aan die mense bekend deur die gestalte van 'n mens aan te neem (Fil 2). "The King is in the kingdom, and the kingdom is among us here and now—for those who have eyes to see and ears to hear. The King is present in the mess and chaos of everyday life on earth, bringing healing, sight, perception, liberation, wholeness, wholesomeness, movement, health, fullness, nourishment, sanity, and balance. The incursion of the kingdom of God has begun." (McLaren 2006:Kindle ed, chapter 7). Hierdie koninkryk moet nou verder bekendgestel word deur die volgelingen van Jesus. Die grootste verrassing van hierdie bekendstelling is dat die Evangelie bedoel is vir sonder, vir dié mense wat volgens die standarde van destyds se godsdiensleiers juis vir God se koninkryk onaanvaarbaar was. Om die Evangelie bekend te stel, is om God se koninkryk bekend te stel. Vir Paulus draai hierdie bekendstelling om die verkondiging van die Evangelie van Jesus Christus tot redding van die ganse verloregeande wêreld. Dit gaan om die bekendmaking van 'n saak wat eers voor die koms van Jesus 'n groot geheim was. In die lig van wat hierbo reeds bespreek is, is hierdie 'n baie interessante opmerking. Dit is asof hierdie opmerking wil bevestig dat dit voor die koms van Jesus vir God nie soseer gegaan het om die bekendmaking van God se koninkryk nie, maar om die openbaring van die identiteit van die God van Israel. Tog het die volk voortdurend besef dat God ook die groot en almagtige Koning is omdat God se koningskap onlosmaaklik deel is van sy identiteit. Wat nou hier in die Nuwe Testament gebeur, is dat die praktiese implikasies van Jesus se oorwinning oor die Bose beteken dat daar ook vir mense verlossing, vrede, vrypraak en versoening met God moontlik is en dat sy koninkryk

daardeur in mense se lewens 'n realiteit word.

“This kingdom represents a counterforce, a countermovement, a counterkingdom that will confront all corrupt human regimes, exposing them, naming them, and showing them for what they really are. The new kingdom—unlike its evil counterparts—doesn’t force itself where it is not wanted and welcomed.” (McLaren 2006:Kindle ed, chapter 8).

Die volle inhoud van hierdie evangelie was vroeër nie aan mense bekend nie. Dit was soos 'n groot geheim bewaar totdat Jesus sy verskyning op aarde kom maak het.

Wat nou in Rom 16:25-26 raakgesien moet word, is dat die bekendmaking van God se geheim nie uit die lug val nie, maar verbind word aan die profetiese geskrifte in die Ou Testament. “Hierdie bekendmaking aan alle nasies was God se opdrag, en in hierdie opsig het die verkondiging van die profetiese geskrifte (vgl 1:2) 'n groot rol gespeel.” (du Toit in van Zyl 1989:217). Tog het die skrywers van die Ou Testament nie self geweet presies wat hulle skryf nie. Met die koms van Jesus word hierdie onbekende inhoud glashelder. Daarmee bedoel Paulus dat die heilsplan van God nie iets is wat met die koms van Jesus eers uitgedink of ontwerp is nie, maar dat dit al in die Ou Testament geïmpliseer word. Dit is egter iets wat eers met die koms van Christus verstaan kan word. (Jonker 1998:elektroniese uitg).

Die inhoud van die geheim het nie net te doen met God se verlossingsplan vir sy volk wat toe al vir eeue lank as belofte voortgeleef het nie. Dit het ook en veral daarmee te make dat hierdie verlossing vir die ganse mensdom bedoel is. Almal kan nou gered word, verbondsvolkemense en ander daarbuite. “How is it possible to take sinful human beings, motivated by selfish and sinful passions, separated by racial prejudice and vast social differences, and create a community bonded together by selfless love? Only God could do it in the world of the 1st century. And only God can do it today.” (Richards, 1996:752).

Paulus beklemtoon verder dat die verkondiging van hierdie geopenbaarde geheim nie uit sy duim gesuig word nie, maar op bevel van God geskied. Dit is die voortsetting van Jesus se bevel aan sy volgelinge om getuies van God se koninkryk in hierdie wêreld te wees. Daarom kan mens ook sê dat dit 'n voortsetting is van die fokus van Jesus se bediening naamlik om die koninkryk van God in die wêreld sigbaar te laat word. Die koninkryk is dan ook die fokus van God se geheim wat nou bekend gemaak is. God se liefde vir die hele wêreld word nou bekend gestel. Heyns maak 'n mooi opmerking as hy sê: “In Jesus word Gods nee vir ons sonde hoorbaar, maar ook Gods Ja vir sondaars.” (Heyns 1983:69)

2.3.2.5. Missionale aard van die koninkryk

As dit dan in die Nuwe Testament gaan om die bekendmaking van God se koninkryk dan ontstaan die vraag hoe dit veronderstel is om te gebeur. In die Ou Testament was dit die roeping van die volk Israel om as verbondsvolk God se identiteit te dra en bekend te maak tussen al die ander volkere rondom hulle. Hoe wil God sy koninkryk in die Nuwe Testament aan die wêreld bekendstel en uitbou?

Oor die antwoord op hierdie vraag is daar geen twyfel nie. In die Evangelies word dit op verskillende manier baie duidelik uitgespel. Matteus vertel dat Jesus aan die einde van sy bediening net voor sy hemelvaart die duidelike opdrag aan sy volgelinge gee: *“Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde. Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.”* (Matt 28:18b-20). Markus vertel op 'n ander manier van dieselfde opdrag in Mark 16:15 *“Gaan uit, die hele wêreld in, en verkondig die evangelie aan die hele mensdom.”* Lukas brei so bietjie meer uit op hierdie saak en sê: *“Die Christus moet ly en op die derde dag uit die dood opstaan, en in sy Naam moet bekering en vergewing van sondes aan al die nasies verkondig word, van Jerusalem af en verder. Julle is getuies van hierdie dinge.”* (Luk 24:46-47) In sy aantekeninge wat hy aan Teofilus skryf, vertel Lukas van dieselfde saak maar dan in die vorm van 'n belofte en versekering wat Jesus aan sy dissipels net voor sy hemelvaart gegee het: *“Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld.”* (Hand 1:8). (Sien hiervoor ook McLaren 2006:Kindle ed, chapter 8).

Volgens Newbigin is die konsekwensie van die feit dat Jesus geleef, gesterf en opgestaan het sodat die koninkryk van God kan realiseer die eis dat *“it must, so to say, enter into the stream of historical happenings and become part of its course.”* (Newbigin 1995:Kindle ed, chapter 5). Dit moet gebeur deur die kerk se praktiese deelname en uitleef van God se liefde in hierdie wêreld 2000 jaar na Jesus se hemelvaart. Die kerk moet nie net so leef en optree dat die realiteit en sigbare teenwoordigheid van God se koninkryk deur almal raakgesien word nie, maar ook so dat iets van die eskatologiese aard van die koninkryk bekend word. Die Kerk word ook die voorsmaak van God se koninkryk genoem. *“It is more an imperfect anticipation of God’s future world than a preservation of earlier cultural forms.”* (Williams 2004:95). Die Kerk doen meer as om maar net na 'n werklikheid bo haarself te wys. Deurdat die Kerk deelneem aan die lewe van God, is dit nie net 'n teken en instrument van God se koninkryk nie, maar in werklikheid 'n voorsmaak daarvan. Die Kerk is geroep om God se koninkryk sigbaar te

maak in die midde van menslike geskiedenis.

By die volgelinge van Jesus was daar geen twyfel nie wat Jesus se bedoeling met hulle was en met almal wat nog tot geloof in Jesus sou kom na Jesus se hemelvaart: hulle moet moeite doen om God se koninkryk in hierdie wêreld aan al die mense bekend te maak. Dit het hulle dan ook met groot toewyding en moeite gedoen. Ons kan dus nie anders nie as om tot die slotsom te kom dat Jesus se bedoeling is dat sy kerk, sy volgelinge, die roeping ontvang om sy koninkryk op aarde te vestig en aan die hele wêreld bekend te maak. Hierdie opdrag is nog steeds die verantwoordelikheid van die kerk. God wil nie op 'n ander manier sy koninkryk vestig nie as deur sy volgelinge, sy kerk op aarde.

In die bekendmaking van God se koninkryk gaan dit nie net om die verkondiging van die Evangelie van Jesus Christus nie, maar om 'n hele styl van lewe waardeur die liefde van God aan die wêreld bekend gemaak word. "At the same time, the question arises whether it is unduly narrow to limit mission, in its New Testament usage, exclusively to direct verbal gospel proclamation. For there is some indication in certain books of the New Testament that other forms of Christian activity were considered to be part of the church's overall mission." (Köstenberger: <http://www.biblical-foundations.org/pdf/NT%20Theology%20and%20Mis-sion.PDF>, accessed 10 Sept 2010). In die verband kan gekyk word na Petrus se opmerking in 1 Pet 3:1-2: "*Vrouens, julle moet aan julle mans onderdanig wees. As daar van julle is met mans wat nie die woord van God glo nie, en die mans sien hoe godvresend julle is en hoe voorbeeldig julle julle gedra, sal hulle vir Christus gewen kan word deur die gedrag van hulle vrouens. Dit sal nie eens vir julle nodig wees om 'n woord te sê nie.*" Later in dieselfde hoofstuk gee hy die basiese opdrag waarop sy raad aan die vroue gebaseer is: "*Wees altyd gereed om 'n antwoord te gee aan elkeen wat van julle 'n verduideliking eis oor die hoop wat in julle lewe. Maar doen dit met beskeidenheid en met eerbied vir God. Sorg dat julle gewete skoon bly, sodat dié wat julle oor julle goeie lewenswandel in Christus belaster, daarvoor skaam kan kry dat hulle kwaad van julle gepraat het.*" (Verse 15 & 16). Die missionale karakter van die koninkryk betrek dus die mens se woorde en daede, verkondiging en leefstyl waardeur die wêreld gehelp moet word om God se hoop te ontdek: hoop vir die toekoms (eskatologies) wat bestaan uit verlossing, opstanding en die ewige lewe en hoop vir die hede waarin ons elke dag moet leef en werk: (practical ways in which hope can come alive for communities and individuals who for whatever reason may lack it." (Wright, NT 2011:Kindle ed loc 159). Woorde en daede spreek saam. Trouens, as Jakobus se pleidooi in Jak 2 reg verstaan word, word die waarheid van jou woorde eers bevestig as jou daede daarmee saampraat.

Die missionale opdrag van die Here aan sy volgelinge is vir hom so ernstig dat Hy hulle tot vandag toe op verskillende maniere vir hierdie taak bemagtig. Hy gee aan hulle die inwonende krag van die Heilige Gees (Hand 1:8; 1 Kor 3:16 en 6:19); deur die werking van die Gees ontvang elke gelowige 'n spesifieke gawe om in diens van God se koninkryk aan te wend (1 Kor 12; Rom 12; Ef 4); om verder met hierdie bemagtiging te help, word in elke gemeente 'n aantal leiers aangestel om die gelowiges toe te rus sodat hulle hulle funksie kan vervul (Ef 4); veral Paulus doen baie moeite om die gemeentes te help met geestelike groei en ontwikkeling tot geestelike volwassenheid deur aan hulle 'n reeks briewe te skryf en telkens na gemeentes terug te keer en skoling daar te doen.

Dit is in die Nuwe Testament baie duidelik dat God se plan met sy kerk die missionale bediening van sy Koninkryk in hierdie wêreld is. Daarvoor bemagtig Hy hulle met die Heilige Gees en met gawes. Daarvoor stel Hy mense as leiers aan om met voortdurende toerusting van die gelowiges besig te wees (Ef 4:11-12). Hierdie verantwoordelikheid is nog steeds vandag die primêre taak en roeping van die kerk van Jesus Christus in hierdie wêreld. Daarom kan ons sê dat die koninkryk van God en die kerk ten nouste aan mekaar gekoppel is. Natuurlik is hulle nie gelyk aan mekaar nie. Omdat die kerk uit feilbare mense bestaan, kan hoogstens gesê word dat die koninkryk in die kerk is, maar dat die koninkryk ook groter as die kerk is. "Koninkryk en kerk is nie *identies* nie. Die koninkryk mag nie tot die kerk beperk word nie... Die koninkryk is veel ruimer as die kerk en die kerk veel enger as die koninkryk. (Heyns 1977:22). Maar wat vir Heyns van kardinale belang is, is die feit dat die kerk wel teken van God se koninkryk op aarde is en daarom het elke lidmaat 'n missionale roeping om hier 'n verskil te maak as burger van God se koninkryk. So moet die kerk ter wille van die Koning sout en lig in hierdie wêreld wees (Matt 5:13 & 14).

Wanneer oor die missionale aard van God se koninkryk nagedink word, kan mens nie anders nie as om tegelykertyd ook oor die missionale aard van die kerk te praat. Heyns gee een van die mooiste formulerings van hierdie saak as hy sê: "Die kerk is nie 'n religieuse kokon, toegespin deur die drade van sy eie kulties-liturgiese handeling nie. Die kerk mag hom nie - mét of sonder die Skrif - in 'n eie aparte "godsdiensstige tuisland", ver van die gewoel van die wêreld terugtrek nie." (Heyns 1977:95).

2.3.2.6 Die allesomvattende koninkryk van God

Dit blyk duidelik dat die koninkryk van God vir Jesus 'n unieke simbool is om die nuwe werklikheid wat met sy koms aangebreek het, onder woorde te bring. Hierdie koninkryk omvat baie fasette:

Ten eerste hou hierdie nuwe Goddelike werklikheid direk verband met Jesus se persoon en optrede. Hy is die Aankondiger en die Bringer van die koninkryk

tegelyk. Tweedens stel Jesus vir God op 'n nuwe wyse as Vader bekend. God regeer oor die ganse wêreld, maar Hy tree tussendeur soos 'n Vader op teenoor almal wat deel is van die ryk wat Jesus proklameer. Derdens het Jesus kom sê en wys dat daar ook ruim plek is vir sondaars, nie-Jode en eerloses buite die koninkryk van God. Vierdens het hierdie koninkryk reeds sigbaar aangebreek: Mense kon dit sien en beleef wanneer siekes genees is en duiwels uitgedryf is. Maar God se koninkryk is ook nog op pad: Wanneer Jesus as Seun van die mens terugkeer na die wêreld toe, sal Hy God se ryk finaal sigbaar vestig. Vyfdens was God se ryk nie gekoppel aan bepaalde heilige plekke soos Jerusalem of die tempel nie. Die koninkryk is oral aanwesig waar Jesus se navolgers hulle bevind. (Joubert, S 2009:116-117).

2.4. Samevatting

In hierdie hoofstuk is die navorsingsvraag oor die koninkryk van God nagegaan. Die gevolgtrekking waartoe gekom word, is die feit dat die Koninkryk van God die vernaamste fokus van die Skrif is. Alles draai daarom. God se grootheid en almag word deur die vestiging van sy koninkryk bekend gemaak. Daarom het die koninkryk van God missionale betekenis. Waar God se heerskappy sigbaar word, word die wese van God self sigbaar. Waar die heerskappy van God ondermyn word, word die beeld van God self versteek en onsigbaar gemaak.

Die aanwesigheid van God se koninkryk en selfs die feit dat die mens erken dat God die almagtige Heerser is, beteken ook nie noodwendig dat daardie mens self glo in God en hom gehoorsaam dien nie. Hiervan is Nebukadneser onder andere 'n voorbeeld. Daarom was die mense van die Ou Testament nie noodwendig gestuur om ander tot bekering te lei nie, maar om God se grootheid en heerskappy aan hulle te toon. God se koninkryk moes gestalte kry en die God van hierdie koninkryk moet raakgesien word deur almal op aarde.

3. EKKLESIOLOGIE

As die koninkryk van God dan die fokuspunt van die Skrif is, wat het dit te sê vir die manier waarop die kerk van Christus hier op aarde moet funksioneer? Daarop moet nou 'n antwoord gesoek word.

In hierdie studie word van die aanname uitgegaan dat daar 'n noue verband tussen God se Koninkryk en kerk-wees is. Wat hierdie verband is, moet nou beantwoord word. Wat word bedoel as gepraat word van kerk-wees of gemeente-wees in die lig van die koninkryk van God? Om van die koninkryk van God te praat is volgens Padilla om van God se verlossingsplan vir die hele skepping te praat en tegelyk ook van die historiese roeping wat die kerk in dié verband het, hier en nou “between the times”. Hy voeg by: “The mission of the church, therefore, can be understood only in light of the kingdom of God.” (vgl Padilla 2010:199).

Met die missiologiese hermeneutiek as uitgangspunt (vgl by 6.1) word die kerk hier omskryf as “the community of the kingdom in which Jesus is acknowledged as Lord of the univers and through which, in anticipation of the end, the kingdom is concretely manifested in history.” (Padilla 2010: 202) Daarmee word 'n onlosmaaklike verband tussen die koninkryk van God en die bestaan van die kerk gelê. Met ander woorde, dit is daardie mense wat deur geloof in Jesus Christus met God versoen is en wat mekaar ondersteun om deur die krag van die Heilige Gees al meer in geloofsgehoorsaamheid toe te neem sodat God se heerskappy en koninkryk gestalte kan kry oor die ganse skepping tot verheerliking van sy Naam. “The New Testament presents the church as the community of the kingdom in which Jesus is acknowledged as lord of the universe and through which, in anticipation of the end, the kingdom is concretely manifested in history.” (Padilla 2010:202). Wright sluit hierby aan deur te sê: “The Christian community is both a sign and a promise of God’s coming liberation. We are the presence of God’s liberating kingdom in a broken world.” (Wright 2011: loc 2103-5).

Die verskil tussen die koninkryk van God in die Ou Testament en in die Nuwe Testament lê daarin dat die belofte van die koms van God se koninkryk in die Ou Testament in die Nuwe Testament vervul word tree in die fisiese koms van Jesus Christus. In Mark 1:15 verklaar Jesus: “*Die tyd het aangebreek, en die koninkryk van God het naby gekom. Bekeer julle en glo die evangelie.*” Daarmee bedoel Hy dat die Koninkryk van God sigbaar geword het deur die verkondiging van die Goeie nuus en ook in die wonderdade wat daarmee gepaard sou gaan. Sy woorde impliseer: (1) dit is nuus van historiese betekenis (dat Jesus gekom het); (2) dit is nuus wat van publieke belang is; (3) dit is nuus wat verband hou met die vervulling van 'n Ou Testamentiese profesie; (4) dit is nuus wat

mense oproep tot bekering en geloof; (5) dit is nuus wat verband hou met die vorming van nuwe gemeenskap met 'n missionale roeping. (vgl Padilla 2010:202).

Die kerk is dus die gemeenskap wat tot stand gekom het deur die koninklike krag van Jesus deur die werking van die Heilige Gees met die oog daarop om God in hierdie wêreld te verteenwoordig. "In God's kingdom, humans get to reflect God at last into the world, in the way they were meant to. They become more fully what humans were meant to be. That is how God becomes king. That is how Jesus goes to work in the present time." (Wright, NT 2011:213).

Na Jesus se hemelvaart en die uitstorting van die Heilige Gees op Pinksterdag, word die kerk toegerus met krag, nie net om die Evangelie te verkondig nie, maar ook om deur baie wondertekens God se koninkryk wat reeds gekom het, onder alle mense in die wêreld gestalte te laat kry (Hand 2:42-44; vgl Padilla 2010:205). "The church-in-mission is, primarily, the local church everywhere in the world." (Bosch 1991:378). Bosch toon aan dat hierdie verskynsel vir baie jare en selfs eeue, veral in die Rooms Katolieke Kerk nie aan die orde van die dag was nie. Selfs hierdie kerk het egter sedert die tweede helfte van die twintigste eeu tot die besef gekom dat "the universal church actually finds its true existence in the local churches; that these, and not the universal church, are the pristine expression of church." (Bosch 1991:380).

Twee aspekte van gemeente-wees is hier van groot belang: die gemeente is eerstens die versorgingsoord waar gelowiges vir mekaar verantwoordelikheid neem met die oog op geestelike en persoonlike versorging. Hierin moet die leiers in die gemeente die gelowiges ondersteun en begelei. Ef 4:11 en 12 spel hierdie aspek duidelik uit: "En dit is die "gawes" wat Hy "gegee het": apostels, profete, evangeliste, en herders en leraars. Sy doel daarmee was om die gelowiges toe te rus vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam van Christus." Tweedens ontvang die gelowiges gesamentlik en elkeen afsonderlik God se missionale opdrag aan die kerk om in hierdie wêreld op alle moontlike maniere deur woord en daad God se koninkryk gestalte te gee met die oog op die verheerliking van God. Tereg merk Balia en Kim op: "The emphasis of the old mission paradigm on the rational comprehension of truth, and as a result the prioritizing of verbal proclamation in witnessing to Christ, has widened to a more holistic understanding of mission in our days, thus adding a more spiritual element to our mission." (Balia and Kim 2010:25). In 'n verslag wat voor die Algemene Sinode van die NGK in 2004 gedien het, is opnuut besin oor die begrip **Missio Dei**. "Die kerk se roeping is nie in die eerste plek om te stuur nie, maar om opgeneem te word in en deelhebber te wees van God se sending na die wêreld." (Agenda van die Algemene Sinode 2004:35). So word die kerk en met name die plaaslike gemeente nie doel op sigself nie, maar instrument in God se sending in die wêreld. Dit

gaan nie primêr om wat die gemeente doen nie, maar om wat die gemeente is. “In hierdie proses het die klem ook verskuif vanaf die institusionele kerk na die plaaslike vergestaltung van die liggaam van Christus en van die sinode na die plaaslike gemeente. Watter roeping het die plaaslike gemeente as gestuurde gemeente?” (Agenda van die Algemene Sinode 2004:35).

Bosch verwoord hierdie twee aspekte van kerk-wees soos volg: “Incorporation into the Christ-event moves the individual believer into the community of believers. The church is the place where they celebrate their new life in the present and stretch out to what is still to come” (Bosch 1991:144).

Om ’n eietydse bedieningstrategie vir die gemeente te formuleer, is dit van uiterste belang om onderskeid te tref tussen die wese van die kerk en die welwese van die kerk. Dit wat die wese van die kerk uitmaak, moet te alle tye as basis vir die bediening geld terwyl dit wat tot die welwese van die kerk behoort nooit verhef mag word tot norm van kerk-wees nie. Wanneer dit gebeur, loop die kerk die gevaar om irrelevant vir sy tyd te word.

In hierdie opsig formuleer Joubert dit skerp deur te sê:

“Die kerk is Christologies begrond. Anders gestel, Christus is die kerk se enigste oorsprong, inhoud én gerigtheid... Kortom, die wesensaard van die kerk staan by mense se lewensverbintenis aan Jesus. Hy is die Here van elkeen wat Petrus se belydenis agterna sê en dit van harte uitleef... Die kerk kan bestaan sonder formele eredienste, leraars, ampte en geboue, al dink party mense dis onmoontlik. Ekklesia is gewone mense met ’n lewende belydenis oor Jesus... Kerk is nooit ’n individualistiese ding nie. Maar dis ook nie per se skaregedrewe, ampsgedrewe of ’n kultiese gebeurte nie - twee of drie volgelinge van Jesus wat saam is, is oorgenoeg vir Ekklesia om te begin gebeur. Ekklesia is die saamgroepering van gewone mense wat Jesus navolg, met die doel om die koninkryk van God te laat kom. Die eintlike saak is die koninkryk, nooit die Ekklesia nie. Kerk is altyd in diens van koninkryk. Gelowiges moet God se koninklike agenda bevorder. Dit is die enigste bestaansdoel van die Ekklesia.” (Joubert, S 2009:133-136).

3.1 Bybelse woorde vir kerk/gemeente

Die drie woorde wat in die Bybel gebruik word om die geloofsgemeenskap van die volk aan te dui is *qahal*, *’ēdā* en *ekklésia*. In die 1983 Afrikaanse Bybelvertaling word eersgenoemde twee woorde meesal met vergadering vertaal. Die woord *qahal* beteken waarskynlik die byeengeroepe vergadering. “Gewoonlik word die woord gemeente gebruik vir hulle wat die Here aanbid, die tempel gemeente. Vergadering is dan die politieke gemeenskap, wat die gemeente insluit.” (Gispen et al 1998, c1977:Electronic Ed). *Qahal*

en 'ēdā is tog wyer begrippe as ekklésia. Volgens die Enhanced Strongs Lexicon kom die woord ekklésia 118 keer in die NT voor. (Strong 1996:Electronic Ed, G1577). Hiervan vertaal die Authorized Version dit 115 keer met “church” en 3 keer met “assembly” (Strong 1996: Electronic ed, G1577). Die 1983 Afrikaanse Bybel vertaal die Griekse woord *ekklésia* deurgaans met “gemeente” en nie met Kerk nie. Dit word gedoen om die leser nie aan 'n algemene kerk nie, maar aan 'n plaaslike kerk (gewoonlik gemeente genoem) te laat dink. So bv. Gal 1:1-2 “Van Paulus, 'n apostel, en van al die broers wat by my is. Dat ék 'n apostel is, dank ek nie aan mense nie. Ek is ook nie deur 'n mens aangestel nie, maar deur Jesus Christus en deur God die Vader wat Hom uit die dood opgewek het. Aan die gemeentes in Galasië.” Gispén wys daarop dat “Hoewel toegegee moet word dat die woord Ekklesia dikwels 'n plaaslike gemeente aandui, word dit tog ook vir die algemene kerk gebruik, Ef. 1:22, en dan lei die vertaling tot misverstand.” (Gispén et al 1998, c1977:Electronic Ed).

Die gemeente/kerk is daardie groep gelowiges wat deur die Here uitgeroep is uit die mense op aarde om aan Hom gehoorsaam te lewe en Hom te verheerlik. Die Septuaginta het die woord “*qahal*” in die Ou Testament deurgaans met die woord “Ekklesia” vertaal. Aanvanklik is die woord in die volksmond gebruik om die byeenkoms van die manlike inwoners van 'n stad of dorp aan te dui waar hulle sake rakende die dorp/stad bespreek. (Bosch 1991:165)

'n Onlosmaaklike deel van hierdie groep gelowiges is dat hulle gereeld saamkom om God liturgies te loof en aanbid en deur die Woord van God geestelik gevoed te word. Bosch meen dit is veelseggend dat die Nuwe Testamentiese kerk nie “sinagoge” in navolging van die Joodse tradisie genoem is nie, maar wel “Ekklesia”. “The believers simply “gather” (cf 1 Cor 11:17, 18, 20, 33, 34; 14:23, 26), mostly in private homes. Indeed, the household may be regarded as the basic unit in the establishment of Christianity in any city.” (Bosch 1991:468) Op dieselfde trant sê Heyns: “In die kerk gaan dit om mense - mense wat as sondaars tot geloof in Jesus Christus gekom het en wat deur Hom in 'n byeenkoms saamgebring word waar hulle luister na die amptelike verkondiging van die Woord en waar hulle hulle nuutgevonde heil in kultiese handeling belewe.” (Heyns 1977:20). Vir dié doel word daar selfs aan die gemeente 'n groep leiërs as geskenke gegee om die gelowiges op te bou in hulle geloof en hulle te begelei tot geestelike volwassenheid sodat elkeen sy Godgegewe funksie kan vervul om so die liggaam van Christus op te bou (Ef 4).

Dit is egter nie 'n menslike instelling nie, maar het ten diepste sy oorsprong aan God te danke. As hier dus sprake is van 'n keuse, dan is dit God wat vir hom mense kies en aan hulle die voorreg gee om sy kerk op aarde te wees.

kinders (Rom 8:14-17), huis en tempel van God (1 Pet 4:17; 1 Kor 3:16), vriende (Joh 15:15), slawe (Rom 6:12), gesante (2 Kor 5:20), lote van die wynstok (Joh 15:5), skape en kudde (Hand 20:28 & 29), maagd en bruid van Christus (2 Kor 11:2), broers (Luk 8:21), priesterdom (1 Pet 2:9), bywoners en vreemdelinge (1 Pet 2:11), lig (Matt 5:13), sout (Matt 5:15), vissers (Matt 4:19), eerstelinge (Jak 1:18), brief van Christus (2 Kor 3:3) en die kerk as getuies (Hand 1:8) (vgl Heyns 1977:43).

In die metafore word deurgaans aan twee aspekte van kerk-wees aandag gegee naamlik aan die een kant die onderlinge verbondenheid van gelowiges aan mekaar en aan die anderkant die gesamentlike en individuele roeping om missionaal 'n verskil in hierdie wêreld te maak.

Die feit dat in die metafore so baie gemaak word van die gelowiges as groep, bring 'n paar belangrike perspektiewe van kerk-wees na vore wat hier van belang is. Om te glo in Jesus Christus en so deel te wees van die "Liggaam van Christus" (kerk/gemeente) hou die volgende implikasies vir die individu in:

3.2.1. Groepsgebondenheid

In die tyd toe die Bybel geskryf is, het die groepsgebondenheid van die individu 'n geweldige groot rol gespeel (vgl Claassen en Loubser 2010:78-84). Die individu is in 'n familie en gemeenskap as groep gebore en dit sou 'n bepalende rol in die persoon se identiteit speel. As dit 'n groep met aansien en welvaart was, dan het die individu die vrug daarvan ontvang en as dit 'n groep was met skande en armoede, dan was dit ook die individu se lot. Een van die belangrikste take van die individu was dan ook om die eer van die groep waarin hy/sy gebore is, te beskerm en uit te bou. Hierdie identiteit van die groep is van geslag tot geslag oorgedra. Daarom speel die geslagsregisters so 'n belangrike rol omdat dit vertel met wie jy geassosieer word en identiteit aandui eerder as waar jy vandaan kom. Dit was dus eerder karaktersketse of getuigskrifte (vgl Matt 1:1-17 en Luk 3:23-38). Binne die groep was die individu ook geborge. Die groeplede het mekaar se belange op die hart gedra en sekuriteit verseker.

Teen die agtergrond van hierdie sosiale konteks word nou in die Bybel oor die kerk van die Here geskryf. Hier word die standpunt ingeneem dat hierdie groepsgebondenheid deel uitmaak van die wese van die kerk as missionale liggaam in soverre as wat die gelowiges in hulle aanbiddende saamwees God se koninkryk missionaal verkondig ook waar hulle as groep funksioneer wanneer hulle nie saam vergader nie.

"Thus for many Christians the life of the church, expressed dynamically in the Eucharist, is the springboard of the churches' witness to the world. A recognition within ecclesiology that the church is primarily a community of worship, of sacrament and word challenges a secular hierarchical model of church; it reminds us of the

priesthood of all believers, who by their baptism are commissioned 'to proclaim God's marvellous acts' to the world (1 Pet 2:10)." (Balía and Kim 2010:26)

Om deel te vorm van 'n groep beteken nie dat daardie identiteit net bestaan waar die groep saam vergader nie. Wanneer die individuele gelowige daagliks alleen funksioneer oral waar hy/sy beweeg, bly hy/sy nog steeds verteenwoordigend van die groep (kerk). Die feit dat die groep van tyd tot tyd saam vergader, behoort tot die welwese van die kerk en mag nie tot wese verhef word nie. Indien dit sou gebeur, beteken dit dat die kerk slegs bestaan tydens vergadering of byeenkomste. In hierdie verband is die opmerking van Joubert van belang: "Die kerk kan bestaan sonder formele eredienste, leraars, ampte en geboue, al dink party mense dis onmoontlik. Ekklesia is gewone mense met 'n lewende belydenis oor Jesus" (Joubert, S 2009:133).

Om te glo in Jesus Christus beteken dat jy ook deel word van 'n groter geheel. Al is dit so dat elke mens persoonlik in Jesus Christus moet glo (vgl Joh 1:11 & 12 en 3:16-18) en dat niemand anders namens iemand kan glo nie, beteken persoonlike geloof nooit dat jy net 'n individu bly naas 'n klomp ander individuele gelowiges nie. Jy word altyd deel van 'n groter geheel wat saam 'n eenheid vorm. Die beeld wat Paulus in 1 Kor 12 en Rom 12 vir die kerk gebruik, druk hierdie waarheid sekerlik die mooiste uit. Hy sê: "Net soos die liggaam 'n eenheid is en baie lede het, en soos al die lede saam, al is hulle baie, een liggaam vorm, so is dit ook met die liggaam van Christus... Die liggaam bestaan ook nie net uit een lid nie, maar uit baie... Julle is die liggaam van Christus, en afsonderlik is elkeen 'n lid daarvan." (1 Kor 12:12, 14 & 27). Dit is ook opvallend dat hy in die brief aan die Korintiërs van beide die gemeente as geheel (1 Kor 3:9 & 16) en van die individuele gelowige (1 Kor 6:19) sê dat hulle tempels van die Heilige Gees is. Die Heilige Gees maak nie net elke gelowige sy woonplek nie, maar woon ook in die gemeente as groep gelowiges. Daarom is die strewe van elke gelowige nie om so los as moontlik van die gemeente te leer leef nie, maar juis die teendeel naamlik om saam met die ander as hegte eenheid te funksioneer. Hierdie eienskap van kerk-wees moet in die tyd waarin ons leef, waarin die individualisme van die postmoderne samelewing hoogty vier, opnuut weer sterk beklemtoon word.

3.2.2. Afhanklikheid en verantwoordelikheid

Die metafoer waarin die gemeente die liggaam van Christus genoem word (oa 1 Kor 12) beklemtoon twee belangrike fasette van kerk-wees naamlik dat jy tegelyk afhanklik van ander is en ook verantwoordelikheid vir die ander moet aanvaar. Paulus sê: "Die oog kan nie vir die hand sê: 'Ek het jou nie nodig nie.' Die kop kan weer nie vir die voete sê: 'Ek het julle nie nodig nie.' " (1 Kor 12:21) Soos die verskillende liggaamsdele interafhanklik van mekaar is, so is gelowiges van mekaar se ondersteuning interafhanklik. Sou mens dan wil

weet hoe bedoel Paulus nou, dan spel hy dit uit in 1 Kor 12:26 met: “As een lid ly, ly al die lede saam; en as een lid geëer word, is al die lede saam bly.” Die Afrikaanse spreekwoord wat lui “gedeelde vreugde maak dubbele vreugde en gedeelde smart bring halwe smart” is dus op die kerk van toepassing. Juis om hierdie rede lyk alle liggaamsdele nie dieselfde nie en het almal nie dieselfde funksie nie. Die verskeidenheid verseker juis dat die liggaam goed kan funksioneer. Daarom vra Paulus ook die vraag: “As die hele liggaam oog was, hoe sou hy kon hoor? En as die hele liggaam oor was, hoe sou hy kon ruik? Maar nou het God die lede, elkeen van hulle afsonderlik, in die liggaam gevoeg soos Hy dit wou hê. As almal saam net een lid was, hoe sou daar ’n liggaam kon wees?” (1 Kor 12:17-19). Die liggaam funksioneer juis op sy beste as elke deel van die liggaam optimaal funksioneer (Ef 4:15-16). In dié verband is dit ook nodig om te onthou dat die Here besluit het wat elke liggaamsdeel se funksie sou wees. So is dit ook met die kerk. God gee vir elke gelowige ’n stel gawes om mekaar mee te bedien. Die gelowige kies nie watter gawe hy/sy wil hê nie. God besluit self en deel uit volgens sy keuse. Die gelowige moet net daarvan bewus word en dit ontdek en benut in diens van ander gelowiges sodat die kerk van Christus ten volle uitgebou kan word (vgl 1 Kor 12:28-30; Rom 12:4-8). Hierdie onderlinge versorging van mekaar was vir Paulus ’n baie belangrike saak. Daarom moedig hy die gemeentes gedurig aan om mekaar te bemoedig. So bv in 1 Tes 5:10: “Praat mekaar moed in en versterk mekaar dan met hierdie woorde, soos julle trouens reeds doen.” Ter wille hiervan het God juis ook aan die gemeente leiers met verskillende opdragte gegee sodat die gelowiges vir elkeen se funksie in die gemeente opgebou kan word (Ef 4:12-16). Gelowiges kan nie sonder mekaar nie. Daarom is deelwees van ’n gemeente so belangrik.

Die onderlinge verbondenheid hou ook verband met die opbou van die kerk van die Here. Dit is opvallend hoeveel klem daar in die Nuwe Testament gelê word op die opbou van die gelowige. Daarmee word gesuggereer dat kerk-wees ’n proses is en nie ’n eindbestemming nie. Elkeen wat tot geloof in Jesus Christus kom, begin daarmee saam met hom op weg gaan. Daarmee word ’n proses begin van groei (Ef 4:14-16), opbou (Ef 1), heiligmaking (1 Pet 1:16), aflê van sonde en opbou deur die Woord van God (1 Pet 2:1-9; Kol 3), vrug dra deur die Heilige Gees (Gal 5:22) en ’n proses van leer liefkry en dien (Fil 1; Kol 3:14). In hierdie proses speel medegelowiges ’n belangrike rol ter ondersteuning (1 Kor 12), aanmoediging en selfs vermaning (1 Tim 5:1; 2 Tim 2:14). “Growth is necessary for human bodies. When a child's body does not grow, he is seriously sick. Growth is just as necessary for our spiritual bodies. When a Christian does not grow spiritually, he is seriously sick. Scripture emphasizes the importance of that growth.” (Chadwell, DW : <http://www.westarkchurchofchrist.org/chadwell/growth/index.html> gelees op 14 Febr 2012).

Hier moet weereens die vraag gevra word in watter mate hierdie saamwees van die gelowiges in die Nuwe Testament deel uitmaak het van die konteks van die tyd? Daar moet steeds in ag geneem word dat die mense van destyds nie oor die kommunikasiemiddele van vandag beskik het nie. In hierdie verband skryf Joubert die volgende:

Joodse Christene het aanvanklik ook die tempel in Jerusalem (Hand. 2:46) en plaaslike sinagoges besoek waar hulle op die Sabbat voorlesings uit die Skrifte kon aanhoor. Meer as 90% van die eerste-eeuse bevolking kon nie lees of skryf nie. Ook was daar nog nie iets soos Bybels wat in die privaat besit van individue was nie. Mense moes sinagoge toe gaan as hulle die wet, die profete of die geskifte wou hoor. (Joubert 2009:164).

By hierdie samekomste was die individuele gelowiges aktief betrokke by mekaar se geloofsopbou. “Hierdie samekomste was nie eenrigtingverkeer met groepe wat in netjiese rye langs en agter mekaar sit en passief luister na iemand wat preek nie. Inteendeel. Individue is ook op spontane wyses bedien deur ander gelowiges, maar daar was ook vaste leringe en aangewese voorgangers.” (Joubert 2009:166).

Toerusting en prediking was nie maar net ongeordende, lukraak opmerkings deur entoesiastiese voorgangers nie. Van die begin af was studie, kennis en ’n organiese ordelikheid duidelike beginsels in die vroegste gemeentes. Hierdie dinge het nooit teenoor die werk van die Gees gestaan nie.

Een ding is uit die voorafgaande baie duidelik en dit is naamlik dat al behoort die manier van geestelike versorging tot die welwese van die kerk, vorm die feit van geestelike opbou en groei onlosmaaklik deel van die wese van kerk-wees. Hoe dit in ons tyd moet gebeur, sal ons visionerend moet uitwerk binne die eietydse moontlikhede wat vandag gebied word.

3.2.3. Nuwe unieke identiteit

Wanneer Wright skryf oor die kerk se missionale opdrag maak hy baie van die vrae “Who are the people of God?” (Wright, 2010: Kindle ed, loc 267) en “What kind of People are we?” (loc 288). Volgens hom speel die identiteit van die gelowige ’n geweldige groot rol in die missionale taak van die kerk. In die res van sy boek beskryf hy dan die verskillende aspekte van die gelowige se identiteit en bring dit telkens in verband met die kerk se missionale rol in die uitbreiding van God se koninkryk hier op aarde (vgl die boek se inhoudsopgawe). Hierdie identiteit word in hoofsaak bepaal deur die vraag aan wie die gelowige mens eintlik behoort?

Elkeen wat glo in Jesus Christus as Verlosser word nie net met God versoen en vrygespreek van al sy/haar sondes nie, maar ontvang daarmee ’n nuwe unieke identiteit.

So 'n mens behoort nie meer aan hom-/haarself nie, maar is vir God duur gekoop met die bloed van Jesus as betaling. "...julle behoort nie aan julleself nie: julle is gekoop, en die prys is betaal." (1 Kor 6:19-20). Om die waarheid te sê, die ou mens het heeltemal gesterf en is nou 'n nuwe mens. "Ons het saam met Christus gesterwe" (Rom 6:8). Hierdie nuwe mens lewe nie meer volgens wêreldse norme nie, maar leef nou vir God. "Deur julle verbondenheid met die liggaam van Christus het julle gesterwe en staan julle nie meer onder die wet nie. Julle behoort nou aan iemand anders, aan Hom wat uit die dood opgewek is. Daarom moet ons nou 'n vrugbare lewe lei in diens van God." (Rom 7:4). Johannes skryf vroeg reeds in sy evangelie dat die gelowige mens nou die voorreg ontvang om kind van God genoem te word (Joh 1:12). In Handelingte skryf Lukas dat die gelowiges in Antiochië vir die eerste keer Christene genoem is (Hand 11:26). "Dit is duidelik dat dit met die Naam Christus, die ampsnaam van Jesus, verbind moet word. Die Christene is so genoem omdat hulle Christus se volgeling was. Die Naam in Grieks is oorgeneem van die Latynse vorm soos ook deur die Romeinse geskiedskrywers gebruik om volgeling van Christus aan te dui." (de Villiers 1998:Elektr uitg). Ongelukkig het die term "Christen" vandag baie afgewater. Dit word as term gebruik om gelowiges as groep te onderskei van ander godsdienste. In Suid-Afrika vorm Christene as godsdienstige groep 79,8% (35 750 641) van die bevolking (vgl <http://www.southafrica.info/about/people/population.htm#religions>). 'n Mens sou dink dat as hierdie groot persentasie van die bevolking werklik die naam volgeling van Christus werd was, dat die land 'n totaal ander karakter moet hê terwyl dit tans net die teenoorgestelde is. Miskien moet ons maar erken dat die benaming "Christen" in ons tyd eerder 'n aanduiding van 'n Westerse kultuur is as 'n aanduiding dat ons te make het met volgeling van Christus. Miskien is dit ook daarom dat sommige gelowiges (veral van die meer charismatiese spiritualiteite) vandag al meer eerder die term "wedergebore gelowige" gebruik as die term "Christen".

Die feit dat die Heilige Gees in elke gelowige kom woon het, kry in Paulus se eerste brief aan die Korintiërs 'n interessante betekenis wat die gelowige se identiteit betref. In 1 Kor 3:16 word die vraag aan die gemeente gevra: "Weet julle nie dat julle die tempel van God is en dat die Gees van God in julle woon nie?" Daarmee beklemtoon Paulus die feit dat die inwoning van die Heilige Gees in elke gelowige aan die individu 'n groepsidentiteit gee. Hierdie aspek vorm 'n baie belangrike deel van die gemeente se missionale karakter. Johannes beklemtoon dit wanneer oor God se wese as liefde gepraat word in 1 Joh 4 en die stelling gemaak word dat niemand nog ooit God gesien het nie. Dan voeg hy by: "Niemand het God nog ooit gesien nie, maar as ons mekaar liefhet, bly God in ons en het sy liefde in ons sy doel volkome bereik." (vers 12). Daarmee impliseer Johannes dat die gelowiges se onderlinge liefdes verbondenheid aan mekaar 'n demonstrasie van God se

liefde aan die wêreld is en sodoende iets van God in hierdie wêreld sigbaar maak. So sluit hy aan by Jesus se woorde in Joh 13:35 “As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van My is.”

Wanneer Paulus dan drie hoofstukke later in 1 Kor 6 met die individuele gelowige praat gebruik hy dieselfde inwoning van die Heilige Gees in die gelowige om die ander aspek van die gelowige se identiteit te beklemtoon naamlik dat elke individuele gelowige ook ’n tempel van die Heilige Gees is en daarom aan God gehoorsaam moet lewe (1 Kor 6:19-20). Die gelowige het dus ’n dubbele identiteit: aan die een kant is hy/sy kind van die Here en aan die ander kant is hy/sy ook deel van die groter geheel as kerk/gemeente van Jesus Christus. In die NT word beklemtoon dat die gelowige nie as individu alleen bestaan nie, maar altyd deel vorm van ’n groter geheel wat ook implikasies inhou vir die manier van lewe (vgl die opmerkings hierbo).

Gelowiges se identiteit word gevorm deur die feit dat die Heilige Gees in elkeen woon. Wanneer Heyns oor hierdie inwoning van die Heilige Gees praat, kom hy tot die volgende belangrike konklusies wat die identiteit van die gelowige intens raak: (1) Die tempel of huis van God is nie daar waar gelowiges vergader nie, maar oral waar elke gelowige beweeg en is, is die tempel van God aanwesig. (2) God het in hierdie wêreld ’n “woonadres” naamlik in die kerk. Alhoewel dit waar is dat God in die ganse skepping woonagtig is, is Hy tog op ’n baie besondere manier in sy kerk aanwesig. (3) Laasgenoemde stel besondere eise aan die leefstyl van gelowiges omdat elkeen ook as “woonadres” in hierdie wêreld herkenbaar moet wees elke dag van hulle lewe. (Heyns 1977:62).

3.2.4. Ruimer bemagtiging

Behalwe dat elke gelowige die voorreg ontvang om die Heilige Gees in hulle binneste te huisves (1 Kor 6:19) sê Paulus in 1 Kor 3:16 & 17: “Weet julle nie dat julle die tempel van God is en dat die Gees van God in julle woon nie? As iemand die tempel van God beskadig, sal God hom straf, want die tempel van God is heilig, en die tempel is julle.” (Vgl ook 2 Kor. 6:16; Ef. 2:21; 1 Pet. 2:5). Behalwe dat die unieke identiteit van die gelowiges as groep daarmee opnuut weer uitgelig word, word die gelowiges ook weereens daaraan herinner dat hulle as groep ’n besondere bemagtiging deur die inwonende krag van die Heilige Gees ontvang. Gelowiges leef individueel en veral ook gesamentlik, onder die krag van die Gees van God. Deur al die eeue geld die belofte van Hand 1:8 nog steeds vir elke gelowige: “Julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom en julle sal my getuies wees ...” Matteus verwoord hierdie belofte van Jesus op ’n ander manier in Matt 28:21 met die woorde: “... en onthou, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld.” Die inwoning van die Gees veronderstel ook die inwoning van Jesus en die Vader omdat God per slot van rekening net een is en nie gedeel kan word nie. “Sonder om

in besonderhede oor die Persoon van die Heilige Gees te tree, kan ons tog sê dat Hy die Band van eenheid is tussen die Vader en die Seun.” (Heyns 1977:79).

Die bemagtigende krag van die inwonende God in die gelowige se lewe geld natuurlik elke individuele gelowige maar beslis ook die kerk as eenheid. Die gelowige se gebondenheid aan die kerk bring dus ’n dubbele bemagtiging te weeg. Dit is asof die vrug van die ander gelowiges se bemagtiging deur die inwoning van die Gees van God ook vir die individu dividende oplewer. Juis daarom word die gelowige wat hom afsny van die kerk ook ’n “swakker” gelowige omdat ’n element van bemagtiging daarmee prysgegee word.

3.2.5. Geleentheid tot diens verruim

Om deel te wees van ’n groter geheel soos wat die liggaamsdeel deel is van die liggaam, bring ’n geleentheid tot diens vir die individuele gelowige mee. Mens sou uit die liggaamsbeeld wat vir die kerk gebruik word ook kon aflei dat die opdrag en geleentheid tot dienslewering in die eerste instansie juis ontstaan vanuit die deel wees van die groter geheel. Natuurlik het elke individuele gelowige ’n opdrag tot diens in sy/haar persoonlike lewe (vgl Matt 23:11; Rom 12:7, 14:18; 1 Kor 7:24; 1 Pet 2:16, 4:10 & 11; ens). Telkens wanneer Paulus en ander skrywers in hulle geskrifte die gemeentes oproep tot diensbaarheid en gehoorsaamheid word veronderstel dat die gemeente se gehoorsaamheid en diens alleen realiseer as elke individuele gelowige ook self diensbaar en gehoorsaam is. Dit is egter tog opvallend dat daar telkens gewag gemaak word van die getuienis van die gemeente as geheel en dat die wêreld daar buite tog ook die gelowiges as groep baie duidelik raaksien. So skryf Paulus byvoorbeeld aan die gemeente in Tessalonika: “Ons dank God altyd vir julle almal wanneer ons in ons gebede aan julle dink. Sonder ophou bring ons dan voor God ons Vader in herinnering die werk van julle geloof, die inspanning van julle liefde en die volharding van julle hoop op ons Here Jesus Christus... En julle het ons voorbeeld gevolg en volgelinge van die Here geword. In baie moeilike omstandighede het julle die woord aangeneem met ’n blydskap wat van die Heilige Gees kom. So het julle ’n voorbeeld geword vir al die gelowiges in Masedonië en in Agaje. Van julle af is die woord van die Here in Masedonië en in Agaje verkondig, en oral het die mense gehoor van julle geloof in God, sodat dit nie vir ons nodig is om nog iets daarvoor te sê nie.” (1 Tes 1:2-8). Wat ’n pragtige getuigskrif oor ’n gemeente.

Behalwe vir die plaaslike gemeente is daar ook ander gestaltes van kerk-wees waarby die gelowige via die gemeente met dienslewering betrokke kan raak. Soms is die omvang van nood of aard van ’n bedieningsprojek net te groot vir ’n plaaslike gemeente om alleen te kan hanteer. Dan word die ring of die sinode of selfs die Algemene Sinode betrek ten einde die saak te kan bedien.

3.2.6. God se identiteit en koninkryk word bekend gemaak

In Jesus se gesprek met Nikodemus oor die belangrikheid van wedergeboorte en persoonlike geloof in Jesus as Verlosser maak Hy 'n geweldige waarheid bekend in Joh 3:16 as Hy sê: “God het die wêreld so lief gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê.” In hierdie uitspraak gebruik Johannes die woord kosmos wat in die Afrikaanse Bybel met wêreld vertaal word. Die vraag is nou: van watter wêreld is hier sprake? Die Griekse woord kosmos wat hier gebruik word, word deur die meeste woordeboeke geïnterpreteer as die somtotaal van alles in die skepping (vgl Hand 17:24) maar dan ook baie spesifiek dui dit op die mense wat die rug op God gedraai het, wat teen hom gekant is en hom nie as God erken nie. “The kosmos is the setting of the drama of redemption which is recounted in the Gospel. All the meanings of kosmos come together in the usage of the Fourth Gospel.” (Kittel en Friedrich 2000:894). Wanneer Jesus dus oor God se liefde praat, maak Hy dit duidelik dat hierdie liefde nie net bedoel is vir die gelowiges nie, maar dat dit juis gerig is op die wêreld wat hom nie ken nie en nie aanvaar nie.

Die vraag ontstaan nou: Hoe gaan die wêreld bewus word van hierdie liefde van God vir hulle? As die wêreld as ongelowiges God nie aanvaar nie beteken dit ook dat hulle nie met God kommunikeer nie en ook nie daar kom waar oor God gekommunikeer word nie. Hierdie mense wil niks met God te doen hê nie en lees dus ook nie die Woord van God sodat hulle daar van God se liefde sou verneem nie. As God hierdie mense so liefhet dat Hy selfs gewillig was om sy Seun as offer vir hulle na die wêreld te stuur dan moet hulle tog daarvan te hore kom. Hoe sou dit nou gebeur? God wil dit op geen ander manier doen nie as deur sy kerk, die gelowiges. “The church's foundation and continued existence are not to provide refuge from a sinful world or to provide a warm and supportive community for lonely souls, or even less to be a plank of salvation on a tempestuous sea that threatens damnation. The point of the church is rather to point beyond itself, to be a community that preaches, serves and witnesses to the reign of God.” (Bevans & Schroeder 2009:7). Trouens, die kerk is die enigste organisasie wat bestaan ter wille van sy nie-lede. “Die kerk is nie 'n doel op sigself nie, maar deel van en instrument in God se sending. Ons taak is eintlik niks anders nie as om beeldraers van God te wees deur hierdie gestuurde manier van bestaan uit te leef” (Niemandt 2007:148). Die wese van kerk-wees is om missionaal God se liefde aan die wêreld te kommunikeer deur die manier waarop die kerk kerk is en die manier waarop elke gelowige elke dag in elke situasie van die lewe die liefde van God demonstreer en gehoorsaam uitleef. “When we speak about God, the world as the theater of God's activity is already implied. God's love and attention

are directed primarily at the world, and mission is participation in God's existence in the world." (Bosch 1991:10).

Ons leef tans in 'n tyd waar dit gebiedend noodsaaklik geword het om die bediening weer aan die gemeentelede terug te gee. Bosch meld dat Boerwinkel die "institutionalization of church offices" as een van die nalatenskappe van die Konstantynse era sien en die "laicization" (diens van die leke) as indikatief beskou. (Bosch 1991:467). Saam met Moltmann meen hy "Christian theology ... will no longer be simply a theology for priests and pastors, but also a theology for the laity in their callings in the world". Hy wys daarop dat die bediening van die kerk vir bykans negentien eeue uitsluitlik as die diens van geordende leraars gesien is. Joubert sluit hierby aan deur te sê: "Die wese van Nuwe-Testamentiese kerk-wees mag nooit reglynig aan die ampte vasgemaak word nie. Anders gestel, ampte hoort nie tot die kern van kerk-wees nie, maar tot die welwese en opbou daarvan. Gawes of bedienings (soos wat ons dit behoort te noem) is noodsaaklik vir die effektiewe funksionering; van die kerk as liggaam van Christus, maar dis nooit konstituerend in terme van die wese daarvan nie." (Joubert 2009:132). Vir baie jare het 'n verwronge idee van die sogenaamde "herder-kudde"-model van gemeente wees in die NGK gedy. Dit het tot gevolg gehad dat baie lidmate se persepsie van die kerk daarop dui dat die leraar(s) van die gemeente as betaalde personeel al die werk behoort te doen en dat die lidmate daar is om bedien te word. Gemeentelede sal gehelp moet word om kerk-wees reg te verstaan naamlik as die groep mense wat aan die Here gebind is en elkeen 'n bepaalde funksie het om in die gemeente te vervul. Paulus sê in Ef 4 dat wanneer dit die dag gebeur, sal die gemeente groei na binne en na buite. Vir baie jare was sending ook beskou as die taak van die georganiseerde kerk as Instituut en nie die taak van die plaaslike gemeente en elke gelowige lidmaat nie. Bosch wys daarop dat daar 'n herontdekking van die plaaslike gemeente se missionale verantwoordelikheid moet geskied omdat dit die primêre bedoeling van die gemeente volgens die Bybel is. "The church-in-mission is, primarily, the local church everywhere in the world." (Bosch 1991:378). Hy beklemtoon verder dat die universele kerk alleenlik bestaan in soverre as wat elke plaaslike gemeente daaraan gestalte gee (Bosch 1991:380). In hierdie verband is die besluit van die Algemene Sinode van die NGK in 2004 veelseggend: "In hierdie proses het die klem ook verskuif vanaf die institusionele kerk na die plaaslike vergestaltung van die liggaam van Christus en van die sinode na die plaaslike gemeente. Watter roeping het die plaaslike gemeente as gestuurde gemeente?" (Agenda Algemene Sinode 2004:35). Deist stel dit mooi eenvoudig deur te sê: "Want dis nie eredienste en lofsange in kerkgeboue wat God se koninkryk sigbaar maak nie, maar gelowiges in die roetine van hulle daaglikse werk." (Deist 1997: Elektroniese weergawe). Dit beteken nie dat eredienste en lofsange

maar gelaat moet word nie, maar eerder dat die erediens van die kerkgebou verder voortgesit moet word in die erediens van die lewe elke dag.

3.3. Samevatting

In hierdie hoofstuk is aangedui dat die kerk van die Here die verantwoordelikheid het om in die praktyk van die lewe die koninkryk van God gestalte te gee. “By mission is meant the effort to effect passage over the boundary between faith in Jesus Christ and its absence.” (Bevan & Schroeder 2009:1). Dit beteken dat alle mense rondom ons in elke deel van die lewe, of dit nou tuis is of wanneer jy met jou beroep besig is, terwyl jy inkopies doen of ontspan of sport beoefen – waar ook al – dwarsdeur die gelowige mens se lewe moet ander kan agterkom dat jy die liefde van die Here nie net teoreties verkondig nie, maar in die praktyk beleef en uitleef. “Mission happens wherever the church is; it is how the church exists.” (Bevans & Scroeder 2009:9). Die kerk is nie die fokus van die koninkryk nie, maar is daar ter wille van die sigbaar making van God se ryk. Die kerk is ook nie God se doel met die stuur van sy Seun na die wêreld nie, maar word uiteindelik die instrument om God se liefde vir die wêreld bekend te maak deur leer en lewe. Daarom mag ’n gemeente nooit fokus op eie voortbestaan asof dit om haar gaan nie, maar altyd daarop fokus om oral in die gemeenskap ’n verskil te maak. Heel konkreet beteken dit dat as die gemeente uit die gemeenskap sou verdwyn, dat die gemeenskap dit sal agterkom en dit as ’n groot verlies sal beleef. Die roeping en doel van kerk-wees is onder alle omstandighede missionaal van aard. Daarom moet in elke gemeente alles moontlik gedoen word om lidmate te help om hierdie fokus van kerk-wees te verstaan, en moet lidmate toegerus word vir die uitleef daarvan. ’n Gemeente is daarom soos die oefennette van krieketspelers. In die nette word hard geoefen sodat wanneer die span op die veld uitdraf hulle weet hoe om die spel te speel en as oorwinnaars van die veld af te stap.

4. KERK-WEES IN VERANDERENDE OMSTANDIGHEDE

Tot hiertoe is vasgestel dat God se koninkryk die hoofokus in hierdie wêreld moet wees en dat die kerk God se instrument is om op missionale wyse aan God se heerskappy gestalte te gee. Die volgende vraag waaraan nou aandag gegee moet word, is die vraag na die konteks waarbinne die kerk hierdie roeping moet uitleef. Geen konteks is staties nie. dit is altyd dinamies veranderend. Hoe lyk hierdie dinamies veranderende konteks in die tyd waarin ons leef? Dit mag wel wees dat hierdie dinamiek van verandering in die Bybel se tyd baie stadig verloop het, maar dit was selfs toe 'n voortdurende veranderende konteks. Die vraag is nou: hoe lyk die konteks van die een en twintigste eeu waarbinne die NGK kerk van Jesus Christus op aarde moet wees? Hierop gaan in hierdie hoofstuk 'n antwoord gesoek word.

Die enigste konstante wat die wêreld vandag beleef is die sekerheid dat dinge verander. Verandering as sodanig is nie 'n eietydse verskynsel nie. Dit was nog altyd deel van die mens se leefwêreld. Wat wel van groot belang is, is die feit dat die ontploffing van verandering wat betref die sosiale kommunikasiestelsels "... veroorsaak dat die wese van verandering aan die einde van die twintigste eeu en begin van die een-en-twintigste eeu ingrypend van verandering in die vorige dekades en eeue begin verskil het en toenemend sal verskil." (Cowley 2007:714). Oor die afgelope vyftig jaar het die wêreld meer verander as al die eeue voor dit. "Dit is soos 'n orkaan wat drie meter water in 'n paar dae op ons neerstort. Waar die ander groot veranderings in wêreldbeskouings oor eeue afgespeel het, het die huidige groot verandering in enkele dekades afgespeel." (Niemandt 2007:25). Joubert noem hierdie nuwe tyd waarin ons vandag leef die "millennium drie" era waarin die landskap rondom ons teen duiselingwekkende snelhede verander met die gevaar dat die Christene se stemme al stiller raak omdat kerk-wees op te veel plekke afspeel binne gerieflike godsdienstige geboue met netjies uitgewerkte programme, rustige aksies en veilige begrotings wat niemand uitdaag, verontrief of die samelewing op wonderlike maniere ten dienste is nie (Joubert 2009:9-16).

Daarby leef ons in 'n wêreld van verbruik. As my horlosie nie meer werk nie, gooi ek hom weg en koop 'n ander een. Ongelukkig word hierdie houding ook op verhoudings en deelname aan aktiwiteite oorgedra. As my huwelik nie meer vir my werk nie, skei ek en kry vir my 'n ander man of vrou. As die kerk nie na my smaak funksioneer nie, gaan seek ek 'n ander gemeente of selfs 'n totaal ander denominasie. Hierdie tendens wat dwarsoor alle spektrums van die lewe sigbaar is, moet verreken word wanneer ons kerk van Christus hier op aarde wil wees. "Die vraag is of die kerk bloot gaan oorleef as museumstuk en toeriste-aantreklikheid, 'n brug na nêrens." (Niemandt 2007:12) Niemandt praat van 'n

kulturele tsoenami wat die kerk soos 'n geestelike getygolf getref het en wat die kerklike lewe blywend verander het. Dit bring die kerk voor die uitdaging om die tekens van die tyd reg te lees en reg te maak vir die groot veranderings wat om ons gebeur. Niemandt noem drie storms wat die kerk moet verreken: postmodernisme, post-christenheid en globalisering. (Niemandt 2007:9-10). Hierdie storms bring mee dat die kerk gedwing word om na binne te kyk en antwoorde te gee op vrae wat nie vantevore gevra is nie. Vroeër kon die kerk maklik praat oor etiese sake soos homoseksualiteit en saamwoon omdat dit nie regtig relevant was nie. Vanweë die wye blootstelling aan die media het hierdie sake skielik op die tafel van die kerk beland en moet antwoorde gevind word wat kan grondvat in die praktyk van lidmate se lewens sodat die individu gehelp kan word om sy/haar waardigheid te behou. Wanneer 'n saak naby jou lyf kom, dink en kyk jy anders, eerliker daarna as wanneer dit ver van jou af staan. Soos op alle ander terreine is dit ook nodig om in die kerk deeglik kennis te neem van en navorsing te doen oor die benutting van eietydse elektroniese kommunikasie middele ten einde ook die kerk in staat te stel om die eietydse mens effektief en relevant te kan bedien (vgl Cowley 2007:713).

Daarom die volgende opmerkings.

4.1.Faktore wat verandering te weeg bring

Wanneer oor verandering gepraat word, moet altyd in gedagte gehou word dat dit op verskillende vlakke lê. Afhangende van die vlak van verandering word die invloed van verandering ook bepaal.

4.1.1.Mikro-, meso- en makroveranderinge

In die wetenskap van die toegepaste sosiologie word drie vlakke van verandering onderskei naamlik mikro, meso en makro veranderings. Hierdie veranderings beïnvloed nie net gemeenskappe en groepe in geheel nie, maar het 'n besliste invloed op die individu wat deel van die groep uitmaak (vgl <http://www.appliedsoc.org/society/>, besoek 20 Sept 2010). Ons kyk kortliks na hierdie drie vlakke van veranderings.

4.1.1.1.Mikroveranderinge

Soos wat die naam alreeds impliseer het ons hier te make met die kleinste groepering wat in 'n gemeenskap voorkom. Dit behels die gesin, kerklike groepe soos gemeentes en skole. Die veranderinge op hierdie vlak het hoofsaaklik 'n effek op die groep wat daarby betrokke is en kring dikwels nie veel verder uit as daardie bepaalde groep nie. Dit speel egter tog 'n rol in elke individu wat aan die groep gekoppel is se lewe. "The micro level deals with the daily actions and interactions of people in society. It examines the social roles that we take on within society as well as how we react to society and understand it." (Vgl <http://www.appliedsoc.org/society/>, besoek 20 Sept 2010). Voorbeelde van sulke veranderings is wanneer iemand aftree en 'n nuwe fase in sy/haar lewe betree of die

afsterwe van iemand in 'n familie of wanneer iemand verhuis na 'n ander dorp, stad of land, ens. Veranderinge op hierdie vlak het nie noodwendig op die groter geheel van 'n samelewing enige uitwerking nie en hoef dus nie noodwendig deur die groter geheel in ag geneem te word nie.

4.1.1.2 Mesoveranderinge

Hier het ons te make met 'n huwelik tussen die mikro vlak van veranderinge en die makro vlak. In die benaming hoor mens onmiddellik dat dit hier gaan om veranderinge wat op 'n groter skaal as die mikro vlak plaasvind. Waar veranderinge in 'n sekere skool in 'n stad wel die onmiddellike omgewing se mense raak maar nie wyer as dit nie, het die veranderinge op meso vlak 'n effek op die hele dorp of stad waar mense woon. Dit gaan dus hier om veranderinge wat op 'n veel groter groep mense 'n impak het.

“The meso level also deals with the divisions within societies, how they are broken apart by income, ethnicity and the like. It's the marriage between the micro and macro level studies, analyzing how these medium-sized groups form within the larger ones. These meso societies include institutions such as jail as well, smaller systems of people with a different set of guidelines for societal organization. These are also referred to as total institutions.” (<http://www.appliedsoc.org/society/>, besoek 20 Sept 2010).

4.1.1.3 Makroveranderinge

Die Makro-vlak is die grootste van die groeperinge. In werklikheid betrek die makro-vlak nie net die studie van die grootste van samelewings nie, maar ook die gemeenskap as geheel. Globalisering het gehelp met die uitbreiding van die omvang van studie aan die makro-vlak en kan selfs die hele wêreld behels. Hier word gekyk na hoe die veranderinge binne 'n groot bevolking die massas affekteer. Dinge soos die ekonomie, die regering van lande, godsdiens, ens het elk hul eie kleiner groeperings maar saam vorm hulle die grense van die makro-vlak samelewing. Hierdie instellings is interafhanklik van mekaar en is geneig om mekaar se waardes te deel en deur die algemene tendense van die kultuur beïnvloed te word. (<http://www.appliedsoc.org/society/>, besoek 20 Sept 2010). “Culture shapes behavior and how we express our beliefs. Faith is not just a matter of logic and learning but of imagination and emotion and culture.” (Sweet, L 2012:2) Juis daarom word mense op wye vlak deur ander beïnvloed sodat veranderinge nie net op mikro en meso vlakke plaasvind nie, maar ook op wêreldwye vlak (makro verandering).

Baie sosioloë glo dat dit by die makro-vlak van 'n samelewing in die groter instellings is wat die wortel van 'n samelewing se probleme lê en daarom is veranderinge op hierdie vlak van groot belang. Probleme op hierdie groter vlak is geneig om deur te syfer na die ander kleiner vlakke van die samelewing en daarom is dit nodig om so gou moontlik sulke

veranderinge raak te sien en te bestuur. Veranderinge op hierdie vlak behels gewoonlik meer as maar net uiterlike manier van doen. Hier gaan dit dikwels om 'n hele nuwe manier van dink en verandering wat diep in die mens self geskied. Die veranderings wat tans deur die kerk verwerk moet word, lê hoofsaaklik op hierdie makro vlak en het veral te make met postmodernisme as wêreldwye verskynsel. Ons het die afgelope paar dekades al te doen met so 'n makro veranderingsproses wat die hele wêreld betrek en baie beslis ook 'n impak op kerk-wees het. “Die groot skuif in millennium drie is vanaf 'n meganies-gedrewe soort menswees en kliniese denke na organiese vorme van leef en doen waar ons nie langer soos masjiene optree nie, maar as groeiende, ontwikkelende, lewende organismes.” (Joubert 2009:27)

Wanneer Leonard Sweet in sy nuutste boek oor die rol wat die massa media te speel het in die verspreiding van die Evangelie skryf, dan praat hy van die makro verandering in terme van die verdeling van mense in twee groot groepe naamlik die “Gutenbergers” en die “Googlers”.

The tribe that feels most at home in the twenty-first-century Digital Age is what we will call the Googlers—the digitized, globalized group that spends much of its life getting to know one another in a virtual world. The tribe that immediately precedes the Googlers we will refer to as the Gutenbergers—those who arrived from the twentieth century bringing with them influences and assumptions launched long before, in the fifteenth century. (Sweet 2012:3)

Hier word egter gebruik gemaak van die term “postmodernisme” om die impak van die makro veranderings op kerklike terrein te verwoord. Om te sê wat “postmodernisme” presies is, is nie so maklik nie. Om sommer net 'n definisie daarvoor te formuleer, is ook nie so eenvoudig nie en druis juis in teen die hele gees en karakter van die postmodernisme (vgl van der Linde 1998:5). Die verskynsel van postmodernisme kan hoogstens beskryf word en aan die hand daarvan kan breë lyne getrek word om die karakter daarvan raak te sien.

Die oomblik wat gepraat word van postmodernisme kom die term modernisme ook op die tafel. Omdat dit nie hier gepas is om hierdie saak regtig breedvoerig te bespreek nie, word volstaan met die opmerking dat die modernisme 'n opvolg is van die pre-moderne tyd wat min of meer met die Renaissance en die aanbreek van die Verligting in die sewentiende eeu toe die klem al meer op die rede, natuurwetenskap en tegniek begin val het (Vgl van der Linde 1998:9ev). Dit het 'n tyd ingelei waarin daar groot klem gelê is op “...absolute rede, wetenskaplike onfeilbaarheid en absolute waarheid...” (van der Linde 1998:9).

Die modernisme het ook op die kerk sy stempel gelaat. Vaste en rigiede belydenisse en liturgiese handeling was voorop gestel. In die NGK is vir 'n lang tyd baie klem gelê op vaste strukture en detail formulerings as die uitgangspunt vir die waarheid. Die “Kerkboek” is oral rigied gebruik met spesifieke voorskrifte vir liturgiese handeling soos die struktuur en verloop van die eredienste, bediening van die sakramente, bevestiging van die ampte en selfs die struktuur waarvolgens 'n gemeente funksioneer. Trouens, daar is tot vandag toe nog gemeentes wat hierdie formulerings slaafs navolg. Dit bied sekuriteit en veiligheid. Sal ek ooit 'n opmerking van 'n gemeentelid vergeet toe ek omtrent twintig jaar gelede vir die eerste keer dit gewaag het om nie 'n geloofsbelydenis in 'n erediens te gebruik nie, omdat ek gemeen het dit pas nie by die strekking van die hele erediens wat rondom die boodskap van die Woord ingerig is. 'n Lidmaat kom na die erediens na my toe en sê dat ek vergeet het om die geloofsbelydenis te doen. Dit het die geleentheid geskep om aan die persoon te verduidelik hoe die erediens werk en hoekom en dit doelbewus uitgelaat het.

Daarteenoor lei die postmodernisme 'n tyd in wat teenoor die rasionalisme as vertrekpunt stelling inneem. “In wese staan postmodernisme enige definiëring teë en daarom kan die eenvoudige oplossing van 'n pragtig geformuleerde vyf reël definisie nie gekies word nie.” (van der Linde 1998:5). Die postmodernistiese strategie is daarop gemik om die geslote sisteme van die moderniteit te open, om sy universele style en tegnieke binne baie spesifieke kontekste te relativeren en om sy meeserverhale met die ‘diskoers van andere’ te konfronteer. In teenstelling met die modernistiese paradigma wat hoë premie plaas op die simbool, organiese vorm, temporaliteit, die identiteit van die subjek en die kontinuïteit van die linguïstiese uitdrukking word 'n nuwe vorm voorgestel wat die klem plaas op allegorie, die meganiese, diskontinuïteit en die ervaring van die subjek (vgl van der Linde 1998:11ev).

4.1.2. Die invloed van die postmodernisme op kerk-wees

Daar is algemene eenstemmigheid onder geleerdes dat samelewings vandag wêreldwyd oor die algemeen gekenmerk word as postmoderne mense. Hierdie verskuiwing van modernisme na postmodernisme moet raakgesien word as 'n makro verandering. Dit beïnvloed mense op alle sferes van die samelewing en het 'n baie besliste uitwerking op die manier van kerk-wees. Niemandt bied 'n insiggewende vergelyking tussen modernisme en postmodernisme aan (Niemandt 2007:21-23). In kort kan die invloed van die postmodernisme soos volg saamgevat word:

- * Daar word wegbeweeg van vaste rigiede strukture en voorskrifte na 'n klem op verhoudings en belewing. Dit is 'n beweging van organisasie na organisme toe.
- * Die samehang van Bybeltekste is belangriker as die opbreek van die Bybel in kleiner verse. Betekenis lê dus eerder in samehang as detail.

- * Daar is 'n besliste wegbeweeg van koue kognitiewe strukture sonder emosie na die beleving van warmte en gesonde emosie as deel van die mens se verhouding met God.
- * Waar daar voorheen klem gelê is op die formulering van absolute waarhede word nou ruimte gemaak vir intersubjektiviteit, kollektiwiteit en kontekstualiteit. Die realiteit is groter en meer omvattend.
- * Beklemtoning van beheer en kontrole het plek gemaak vir netwerke en alliansies. Plat strukture sonder hiërargie speel 'n belangriker rol.
- * Die belangrikheid van persoonlike saligheid en individuele keuse volgens rigiede formulering om geloofsekerheid aan te toon het plek gemaak vir die verbintenis aan groepe en groepsidentiteit in gemeenskaplike uitdrukking van geloof.
- * Van die beklemtoning van die polemiese om dit wat verkeerd is uit te wys en 'n beter denkskema in plek daarvan te bied val die klem nou op die inklusiewe en gemeenskaplike en respek en waardering vir ander se standpunte. Eenheid ten spyte van leerverskille word gesoek.
- * Waar die uitdra van die Evangelie vroeër gepaard gegaan het met die uitdra van die kultuur van die sendeling word die Evangelie nou verinheems in die kultuur van die mense aan wie die Evangelie verkondig word.

Natuurlik is geen mens 100% modernisties of 100% postmodernisties ingestel nie. Aan die anderkant is dit tog opvallend dat baie meer mense postmodernisties ingestel is as wat hulle self soms dink. Een van die mooi voorbeelde in dié verband het na vore gekom in die NGK Pierneef waar ek 25 jaar lank voltydse leraar was. Toe ons 'n hele klompie jaar gelede een Sondagaand tydens die aanddiens die lidmate (hoofsaaklik ouerige mense) toets oor die inbring van 'n orkes tydens die eredienste was daar 'n oorweldigende eenstemmigheid oor meer eietydse begeleiding en het ek agtergekom dat die lidmate baie meer postmodern dink as wat ek ooit verwag het. Hulle was self verbaas toe ek hulle daarop wys. Die motivering was by die meeste 'n sterk behoefte om 'n belewenis ervaring te hê in plaas van 'n rasonele kognitiewe ervaring van die eredienste. In die klein het daar gebeur presies dit waarvoor Joubert pleit as hy sê: “ 'n Vars, eietydse spiritualiteit word in millennium drie gesoek; 'n nuwe, relevante leefritme voor God, onself en ander.” (Joubert 2009:38).

Hierdie makro verandering is 'n wêreldwye verskyning wat letterlik by baie mense tot gevolg het dat hulle oor die algemeen verskuif het van regter- na linkere brein mense. As na die tipiese denkpatriene van die regter en die linker brein gekyk word en dit vergelyk met wat hierbo oor die verskil tussen modernisme en postmodernisme gesê word, dan is daar duidelike ooreenkomste. Mense wat meer modernisties ingestel is, is oorwegend linkere brein georiënteerd terwyl mense wat hoofsaaklik postmodernisties ingestel is,

oorwegend regterbrein mense is. (Vgl <http://www.funderstanding.com/content/right-brain-vs-left-brain>, besoek 10 Okt 2010).

4.1.3.Die eise wat veranderende omstandighede prakties meebring

Die feit dat daar wêreldwyd 'n verskuiwing weg van modernisme in die rigting van die postmodernisme is, asook die feit dat dit 'n baie besliste uitwerking het op mense se belewenis van hulle godsdiens, maak dit noodsaaklik dat die kerk hierdie verandering sal moet verdiskonteer in die praktiese ekklesiologie van elke gemeente. Die bestuur van verandering in die kerk is van die uiterste belang veral omdat verandering vir mense moeilik is en dikwels vrees na vore bring. "Fear causes us to hide in the face of change, and it leads to living a reactive rather than constructive life. The choice is to be an active part of positive change, which already is upon us, or to passively and grudgingly tolerate inevitable change." (Sweet 2012:10)

Die volgende is van belang.

4.1.3.1.Paradigmaskuif

Die gevaar bestaan dat te midde van so baie veranderinge in die gemeenskap op politieke, ekonomiese, arbeid en sosiale vlakke die georganiseerde kerk kan dink die kerk moet 'n soort skuilplek wees vir die onsekerhede wat hierdie veranderinge by mense bring. Onsekerhede gaan dikwels gepaard met vrese. Cowley maak daarvan melding dat verandering die kern van die individu se behoeftes aantast "naamlik die behoefte aan waardigheid en bring daarmee saam die vrees vir onwaardigheid." (Cowley 2007:309). Dit lei soms daartoe dat die kerk dink hulle moet juis vastigheid bied deur by die bekende van die verlede te bly en nie vernuwe nie. Die probleem is egter dat dieselfde mense wat buite die kerk se grense postmodern leef ook binne die kerk met postmoderne houdings sit. As die kerk nie 'n paradigmatuif maak en hierdie veranderde houding van mense akkommodeer nie, kan die kerk dalk ontdek dat kerk-wees irrelevant geword het. Lidmate wat van hulle kant af die kerk as 'n soort "veilige bastion" teen veranderinge op ander terreine van die lewe wil gebruik, sal gehelp moet word om te verstaan dat veiligheid nie geleë is in konstantheid nie, maar in die beloftes van God se onveranderlike liefde ten spyte van verandering. Hier word nie gepleit vir verandering ter wille van verandering nie, maar verandering ter wille van eietydse relevansie sodat die koninkryk van God gestalte kan kry en God daardeur verheerlik kan word. In die voorwoord van die verslag van die studiegroep van die Anglikaanse kerk in Engeland wat genoem word "The Mission-shaped working group" sê die Aartsbiskop van Canterbury tereg:

The challenge is not to force everything into the familiar mould; but neither is it to tear up the rulebook and start from scratch (as if that were ever possible or realistic). What makes the situation interesting is that we are going to have to live

with variety; the challenge is how to work with that variety so that everyone grows together in faith and in eagerness to learn about and spread the Good News.”(Mission-shaped church 2004:vii)

Niemandt voeg sy stem hierby deur te sê:

The transition into a digital, global and flat world is changing our sense of time and history, pulling the future into our awareness. The impact can indeed be described in strong, stormy language, as it is already busy re-shaping the church and the very world into which the church is sent to participate in God’s mission. The church is challenged to discern God’s work and presence in this transition, and to creatively form and reform its ministries, offices, structures and communication of the Gospel. (Niemandt 2010:14)

4.1.3.2. Bestuur van verandering

Hierdie verandering in die rigting van die postmodernisme is nie ’n plotselinge skielike verandering nie. Dit het gelydelik oor ’n tydperk van jare gebeur. Die kerk sal moet beseef dat sulke verandering deur middel van ’n proses bestuur moet word. Die kerk kan nie sommer skielik sy manier van doen verander ter wille van verandering nie, maar sal die proses so moet bestuur dat lidmate nie agterbly nie, maar saam geneem word. Daarom is dit so belangrik dat die kerk betyds sal beseef wat sy verantwoordelikheid ten opsigte van die bestuur van hierdie verandering is. “Die kerk het kulturele ingenieurs nodig, mense wat al die komplekse kragte wat op die kerk inwerk in berekening kan bring, mense wat hulle verbeelding kan gebruik om nuwe oplossings uit te dink, mense wat die kerk kan help om na ’n ware missionale kerk te groei en te ontwikkel.” (Niemandt 2007:34). Om verandering te bestuur is die relevante toerusting van lidmate van kritiese belang. Meer as ooit tevore sal die kerk sy toerustende taak ernstig moet opneem. Lidmate sal gemotiveer moet word om toegerus te wil word ter wille van eie oorlewing en nie ter wille van toerusting as sodanig nie. Tereg merk Cowley op “Die effektiewe hantering van verandering gaan met ’n lerende ingesteldheid gepaard, nie om bepaalde leerinhoude te bemeester nie, maar eerder ’n openheid om voortdurend vorige leerervarings af te lê ten einde nuwe leerinhoude te ontgin en nuwe horisonne vir groei en ontwikkeling te ontdek.” (Cowley, 2007:716). In die bestuur van hierdie proses van verandering speel kommunikasie ’n uiters belangrike rol. Die kerk sal weer nuut hieroor moet besin en die veranderinge as ’n geleentheid aangryp. In Engeland het die Anglikaanse kerk ’n werkgroep saamgestel met die oog op die hantering van hierdie proses van verandering. Die werkgroep kom tot die gevolgtrekking dat verandering juis aan die kerk betekenisvolle geleenthede skep. “As the Church of England aims to be a Church for everyone in the country, being truly among them as Jesus was with the people of his day (the ‘incarnational principle’), the Church

needs to respond to the changes in our culture.” (Mission-shaped church 2004:1) daarom is dit belangrik om raak te sien hoe die kultuur van die volk teenswoordig lyk sodat die gesig van die kerk ook kan verander volgens die eise wat die tyd stel. Hierdie manier van kyk na die veranderende kultuur sal die kerk in staat stel om met die verskeidenheid van mense kontak te maak en onder leiding van die Heilige Gees vas te stel in watter mate die kerk ook soms “counter-culturally” moet optree.

In Suid-Afrika behoort die Ned Geref Kerk dieselfde gesindheid te openbaar. Iets daarvan kom reeds na vore in die kerk se Algemene Diensgroep vir Gemeentebediening wat met 'n studie rondom gestuurde gemeentes besig is.

5.KONKLUSIES

Om hierdie eerste deel van die studie mee af te sluit, word kortliks 'n paar konklusies uit bogenoemde beredenering aangeteken. Hiermee word die eerste vrae van die probleemstelling en navorsingsdoelwitte oor die koninkryk, die identiteit van die kerk en die aard van die konteks waarbinne die kerk funksioneer, beantwoord.

- Die God van die Bybel is 'n unieke God. Hy is die monoteïstiese God wat almagtig heers oor die heelal. Hy is die enigste ware God wat die Skepper van die hemel en die aarde is. Hy het die laaste sê oor alles en almal en het die reg en die mag om alles en almal te gebruik om sy plan met die skepping tot uitvoer te bring. Hom kom al die lof en aanbidding en eer toe as die Koning oor alles en almal.
- Die almagtige God kies om sy identiteit op aarde deur mense bekend te maak. Daarom het Hy die mens gemaak na sy beeld. Daarom het Hy aan die mens die opdrag gegee om namens hom hier op aarde te heers en alles so uit te bou dat God se identiteit sigbaar kan word. Verder het God vir hom 'n bepaalde volk, die volk Israel, uitgekies om met hulle in 'n verbondsverhouding te staan. Aan hulle gee Hy al sy verbondsbeloftes en vra van hulle om so te leef en op te tree tussen die ander volke dat sy identiteit bekend sal word en almal op aarde sal besef dat God die enigste ware almagtige heerser is. In die opsig het die mens dus 'n missionale verantwoordelikheid en is dit vandag nog die primêre doel van die mens se bestaan om dit so te doen dat God se identiteit sigbaar kan word en Hy verheerlik word.
- God het sy toorn oor die mens se sonde op sy Seun, Jesus Christus, op aarde kom aflaaï sodat die mens kan besef hoe lief God hom het. Jesus Christus het deur sy gehoorsaamheid aan sy Vader uiteindelik sy lewe aan die kruis kom gee om te boet vir die mens se sonde. Hy het ook weer opgestaan uit die dood en opgevaar na die hemel om so sy oorwinning oor die bose te demonstree. God se koninkryk is dus nie meer 'n belofte wat in die toekoms lê nie, maar het 'n praktiese werklikheid geword. God se liefde vir die hele wêreld moet deur God se mense, sy kerk op aarde, uitgedra word deur woord en daad sodat almal kan hoor dat hulle welkom is in God se koninkryk. Die kerk se missionale verantwoordelikheid lê dus daarin dat God se identiteit en sy koninkryk die wêreld ingedra moet word.
- Die tyd waarin ons leef, beleef geweldige veranderinge wat die uitdaging vir die kerk van die Here om 'n missionale rol te speel soveel groter maak. Oor die algemeen het die mense van ons tyd postmoderne mense geword. Hierdie mens sal dus op 'n eie unieke manier gehelp moet word om missionaal te funksioneer. Daarvoor sal die kerk veral sy oë moet oopmaak vir nuwe maniere van doen en veral nuwe maniere van

kommunikeer sodat die eietydse mens bemagtig kan word om missionaal 'n verskil te maak in die alledaagse lewe. Hierin kan elektroniese kommunikasie 'n beduidende rol speel.

- Om gelowige te wees, beteken om deel te wees. Die kerk van die Here is 'n hegte groep mense wat nie sonder mekaar kan klaarkom nie. Terwyl ons in 'n postmoderne samelewing die gebrek aan lojaliteit op alle terreine en ook in die kerk beleef, sal spesiale moeite gedoen moet word om gelowiges die erns van betrokkenheid by 'n gemeente in te skerp. Die gelowige sal steeds moet besef dat die ander hom/haar nodig het en dat hy/sy die ander nodig het. Terwyl die Internet daagliks op die meeste van ons mense se tafel 'n saambindende rol speel in die netwerk van die lewe, kan dit ook benut word om die individuele gelowige aan die ander gelowiges te bind.
- Om hierdie diens aan mekaar en saam aan die wêreld te lewer, moet elke gelowige bemagtig word. In Suid-Afrika word hierdie verantwoordelikheid tot diens des te meer belangrik as die nood rondom ons in ag geneem word. Wanneer in die Bybel na die ware eienskappe van egte geloof verwys word, dan gebruik Jesus juis die omsien na die mense in nood as teken van egte geloofsverbintenis aan God se koninkryk (Matt 25:31-46) en Jakobus vertel van die valsheid van geloof as dit nie in daade omgesit word nie, daade van omgeeliefde (Jak 2). Johannes skryf in 2 Joh:4 van sy vreugde toe hy van die gemeentelede in die gemeente raakgeloop het en gesien het hoe dat hulle geloof in Jesus uit hulle lewensstyl uitstraal. Hy sê: “Die goddelike waarheid straal sommer uit die manier waarop hulle hulle gedra.” (Die Boodskap vertaling).
- Meer as ooit tevore het die kerk die verantwoordelikheid om gelowiges toe te rus tot hierdie soort van bemagtiging sodat die kerk die lig vir die wêreld en die sout van die aarde kan wees (Matt 5:13 & 14). Die eise wat die postmoderne samelewing aan gelowiges stel, laat mens besef dat dit nie meer goed genoeg is dat mense slegs geestelik gevoed en toegerus word wanneer hulle en in die mate waarin hulle instaat is om erediens geleenthede by te woon nie. Die eise wat beroepe aan mense se tydsbesteding stel vra dat die kerk ander maniere moet ontgin om geestelike begeleiding aan mense te bied. Daarom moet besef word dat die benutting van die Internet dit vir die kerk (gemeente) moontlik maak om enige persoon enige plek in die wêreld met geestelike versorging te bedien. Hiervoor is die benutting van massamedia en veral die gemeente se webblad uiters geskik.

6.DIE INTERNET

Tot hiertoe is gefokus op die aard van God se koninkryk en die impak wat dit op die verstaan van kerk-wees het. Daar is aangedui dat die kern daarvan daarop neerkom dat die roeping van die kerk missionaal van aard is. God se koninkryk moet op aarde gestalte kry deur die missionale funksionering van die kerk onder alle mense en op alle plekke. Die konteks waarbinne dit moet gebeur is 'n vinnig veranderende konteks waarin die postmoderne mens God moet dien en bedien moet word. Die Kerk, ook die NGK, kan nie hierdie tipiese kenmerke van die makro veranderende samelewing ignoreer nie. Die kerk moet dit eerder omarm en positief benut in diens van God se koninkryk.

In die volgende gedeelte van die studie sal nou aangetoon word hoe die Internet as internasionale elektroniese kommunikasiemiddel die kerk in sy roeping kan ondersteun. Daarmee word aangedui hoe die kerk onder andere die konteks van die tyd kan verreken in haar bedieningstruktuur. In hierdie hoofstuk word die ontwikkeling en belang van die Internet aangetoon en word dit toegepas op die navorsingsvraag, naamlik: "Hoe kan die massamedia en veral die webblad die gemeente help om aan missionale kerk-wees gestalte te gee?". Dit is immers God wat in ons die moontlikheid geskep het om so 'n kommunikasiemiddel soos die Internet te kon skep. "Whenever we express our God-given creativity by coming up with something that will help us be more fruitful, that will multiply and promote human flourishing in a way that honors God, we act out of the imago Dei, the "image of God" in which we were created." (Challies, 2011:256-60).

Waarvan word gepraat as die term "Internet" gebruik word? Waar het dit alles begin? Hoekom het dit begin? Watter rol speel dit in mense se lewens? Wat het dit alles met die kerk uit te waai? Dit is alles vrae waarop nou verder antwoorde gesoek moet word.

Destyds met die uitvinding van die poswese, telegramme, telefone, die radio en uiteindelik die rekenaar, het die wêreld verstom gestaan. "Long before the arrival of digital communications, the steam engine, telegraph pole and coalmine quickened the pace of the world" (Ryan 2010:Kindle ed, loc 38).

Eweskielik kon mens met iemand anders kontak maak, selfs mekaar se stemme hoor, terwyl jy letterlik duisende kilometer van mekaar af is. Met die rekenaar kan mense berekenings doen en dokumente skep wat nooit vantevore moontlik was nie, grafiese materiaal en selfs geanimeerde stof oor die hele wêreld heen versprei sonder om fisies kontak te maak. Dit is om die minste te sê revolusionêr.

Wat sal mens dan van die Internet sê? Skielik het die wêreld weer letterlik "plat" en "klein" geword. Nie net kan mens nou met mekaar oor die aarde kommunikeer nie, maar jy kan selfs mekaar sien terwyl jy kommunikeer. Jy kan met die rekenaar nie net dokumente

skep nie, maar kennis kan wêreldwyd tot almal se toegang beskikbaar gestel word asof jy al die boeke van 'n biblioteek in jou kantoor of huis het, en dit teen 'n fraksie van die koste. Met die nuutste tegnologie in die omgewing van mobiele telefone het mens nie eers meer 'n rekenaar nodig om op Internet te kommunikeer nie. Mens kan dus met net 'n selfoon in die hand via Internet met ander kommunikeer. Mens kan letterlik elke oomblik van die dag met ander deel en ander se kommentaar daarop terug ontvang binne 'n paar sekondes. Dokumente kan oor die hele aardbol rondgeskuif word binne sekondes. En dit word hoofsaaklik moontlik gemaak met 'n verskynsel wat ons “die Internet” noem. “The Internet is at once a world-wide broadcasting capability, a mechanism for information dissemination, and a medium for collaboration and interaction between individuals and their computers without regard for geographic location” (Leiner et al 2010:<http://www.isoc.org/Internet/history/brief.html>, besoek 9 November 2010). Vandag bied die Internet 'n globale informasie netwerk wat nie net belangrik is vir die ekonomie, industrie en akademie nie, maar wat ook individue in hulle persoonlike lewens en huise daaglik radikaal beïnvloed. Ryan dui aan dat die koms van die Internet 'n geweldige verandering ten opsigte van die individu se plek in hierdie wêreld meegebring het. “It is also the story about the coming power of the networked individual as the new vital unit of effective participation and creativity.” (Ryan 2010: Kindle ed loc 48). Die koms van die Internet het dit moontlik gemaak vir die individu om dwarsoor die wêreld op elke terrein 'n betekenisvolle rol te speel. Dit bemagtig die mens om sy opinie te lug, op alle vlakke mee te ding, gemeenskappe te beïnvloed, selfs die staat uit te daag en 'n beslissende rol te speel in die verkiesing van 'n land se president (soos in die VSA rondom Obama gebeur het). “the Internet is a centrifugal force, user-driven and open.” (Ryan 2010: Kindle ed loc 63). Die mens en daarby ook die kerk sal deeglik daarvan moet kennis neem en die krag daarvan verdiskonteer tot eie voordeel – of ons nou wil of nie.

Die vraag is: waar en hoe het dit alles begin en wat het dit alles te make met die kerk en die missionale verantwoordelikheid van die kerk?

6.1.Oorsprong en bedoeling van die Internet

Volgens Ryan (Ryan 2007: Kindle ed, loc 68) was die Koue oorlog tussen die VSA en die Soviet Unie (Rusland) van die vyftiger jare in die vorige eeu en die gepaardgaande militêre eise wat dit na vore gebring het, die grootste enkele oorsakende faktor vir die tot stand kom van die Internet. Dit het algaande duidelik geword dat die moondheid wat op die mees effektiewe manier kommunikasie tussen militêre dissiplines kan bewerkstellig die beste toegerus sal wees om die druk van die ander moondheid te kan afweer. Vir dié doel het die VSA 'n groep mense, RAND genoem, aangesê om hieroor navorsing te doen.

Volgens hulle “improving the communications network across the United States was the key to averting war.” (Ryan 2010: Kindle ed, loc 127).

Leonard Kleinrock het die eerste geskrif oor die “packet switching theory” in Julie 1961 opgestel en in 1964 die eerste boek daaroor die lig laat sien. Die volgende groot stap was om rekenaars met mekaar te laat “praat”. Die eerste aangetekende voorkoms van rekenaarinteraksie tussen mense via ’n netwerk sonder grense is notas wat deur J.C.R. Licklider van MIT in Augustus 1962 aan mense gestuur is waarin hy sy “Galactic Network”-konsep bespreek het. Hy het die visie met ander gedeel van ’n netwerk van rekenaars wat aan mekaar verbind kan word sodat mense van enige plek af met die rekenaar data en programme kan aflaai. Die idee het nie oral byval gevind nie en soms was die navorsing ’n moeilike saak.

In 1965 het Thomas Merrill en Roberts saamgewerk om ’n rekenaar met die naam TX-2 in Massachusset (Mexico) via ’n lae spoed skakel telefoonlyn aan die Q-32 in Kalifornië te verbind en so die eerste (hoewel klein) rekenaar netwerk ooit te bou. Die resultaat hiervan was die ontdekking dat dit fisies moontlik is om sulke soort netwerke te kan oprig en vir kommunikasie te benut. Daarmee is die behoefte aan die rondskuif van data ook bevestig.

Die volgende groot ontwikkeling wat die Internet ’n groot sprong vooruit gegee het, is die daarstel van die “ARPANET”-konsep in 1967. Daarmee saam het verskeie ander geskrifte oor die verskuiwing van data pakkette te voorskyn gekom sonder dat die ontwerpers van mekaar geweet het. Hieruit het die ontwikkeling vinnig uitgebrei sodat teen 1969 vier rekenaars aan mekaar kon koppel aan die oorspronklike ARPANET.

In 1968 het hierdie ontwikkeling ’n groot stukrag gekry toe ’n maatskappy van Cambridge, Massachusetts met die naam van “Bolt, Beranek and Newman (BBN)” (van der Merwe, van Dyk & Prinsloo 2008:3) die reg verkry het om ’n projek te loods wat die eerste “IMP” (Interface Message Processors) daar gestel het. Teen die einde van 1969 is hoofsaaklik rekenaars en kleiner rekenaars op verskillende universiteitskampusse in die VSA via ’n netwerk aan mekaar gekoppel en so is die konsep wat ons vandag as die Internet ken gebore. So is daar mettertyd deur die studente allerlei protokols en programme ontwikkel wat die ARPANET-konsep ’n sukses sou maak.

In 1971 is nog 19 addisionele webwerwe bygevoeg vir ’n totaal van 23. In 1972 het die ARPANET gegroei tot 32 webwerwe en in 1973 is die eerste internasionale toevoegings gemaak toe Engeland en Noorweë tot die netwerk toegetree het. “Growth was exponential. By 1989 there were more than 100 000 hosts connected to the network that was increasingly called “the Internet” (van der Merwe et al 2008:4).

As gevolg van die geweldige uitbreidings in die tagtiger jare het die kommersiële wêreld in die Internet begin belangstel omdat daar besef is dat netwerkskakeling ’n belangrike rol

in die vooruitgang van die ekonomie kan speel. Omdat hardeware en programme wat deur verskillende verskaffers ontwerp is van mekaar verskil het, het dit die kommunikasie oor die netwerk bemoeilik en algaande is tot die besef gekom dat sekere protokolle gestandaardiseer sal moet word om kommunikasie te vergemaklik. Dit het daartoe gelei dat 'n volledige pakket van protokols (die "TCP/IP" genoem) ontwerp is. Dit het dus nie meer saak gemaak watter soort rekenaar of program jy gebruik om met die Internet te konnekteer nie, solank as wat jou rekenaar die "TCP/IP" ondersteun het.

In 1990 het Tim Berners-Lee toestemming gekry om 'n program te ontwerp wat hy "WorldWideWeb" genoem het. Dit sou die basis vorm vir die skakeling van dokumente met mekaar dwarsoor die Internet. Dit was uiteindelik die voorloper van die "World Wide Web" (www) wat vandag so algemeen bekend is vir skakeling van webbladsye oor die Internet (van der Merwe et al 2008:5). Ryan gee die volgende kort omskrywing oor die essensie van die Internet :

"The Internet is a loose arrangement of connected but autonomous networks of devices. Each device, a 'host' in networking jargon, uses a 'protocol' to communicate with other devices on the network. These protocols tie together diverse networks and govern communication between all computers on the Internet. Not only are the protocols elemental to the Internet and how it works, but the unique collaboration between their designers was the formative event of Internet culture." (Ryan 2010: Kindle ed, loc 505).

Mettertyd het die manier hoe hierdie kommunikasie sou plaasvind geweldig ontwikkel. Aanvanklik was vaste telefoonlyn daarvoor gebruik. Later sou radio seën benut word en nog later het die digitale seën te voorskyn gekom.⁴

Wat hier van belang is, is die feit dat die koms van die Internet kommunikasie wesenlik verander het. Almal kan letterlik met almal kommunikeer oor die hele wêreld sonder dat die kommunikasie deur een sentrale punt beheer word. Enige mens kan sy opinie met ander deel en kan deur ander se opinies beïnvloed word. Wanneer die werkgroep van die Anglikaanse Kerk in Engeland genoem "Mission-shaped Church" hulle navorsing te boek stel, kom hulle tot die gevolgtrekking dat die Westerse wêreld aan die begin van die derde millennium ten beste beskryf kan word as 'n netwerk gemeenskap waar die vloei van inligting prioriteit nommer een inneem. Daardeur word die gemeenskap gevorm. Die belang van die Internet lê in die feit dat dit geen sentrale beheerpunt het nie. Almal word met almal verbind. Elke gebruiker kies sy/haar eie roete met net die soekgereedskap as

⁴ Vir 'n volledige uiteensetting van hierdie ontwikkeling kan Ryan, J se boek "A history of the Internet and the digital future" gelees word.

spilpunt waarom alles draai. So word netwerke van verhoudings geskep rondom gemeenskaplike gesprekstemas.

Alhoewel die aanvanklike bedoeling van die Internet (volgens Ryan) dus was om die militêre kommunikasie in die VSA te vergemaklik, het die uiteindelijke ontwikkeling daarvan meegebring dat ons vandag 'n kommunikasie netwerk tussen mense het wat oud en jonk dwarsoor die wêreld raak. Natuurlik het dit 'n positiewe en 'n negatiewe effek op mense. Die kerk moet egter hierdie gegewe kommunikasiemiddel(s) positief benut om gelowiges so te begelei dat hulle al beter elke dag die koninkryk van God missionaal in hulle doen en late kan gestalte gee en God verheerlik. Volgens Friesen (Friesen 2010: Kindle ed, loc 29) maak Erich Jantsch die volgende opmerking wat hier ter sprake is: "In life, the issue is not control, but dynamic connectedness." Dit stel die vereiste dat die kerk in geheel asook elke gemeente in die kleiner konteks nie anders kan nie as om die geleentheid wat die Internet bied optimaal te benut in die uitlewing van die kerk se missionale roeping. In die res van hierdie studie sal in detail hierop gefokus word.

6.2.Sosiale kommunikasie netwerke/media

Wikipedia wys daarop dat sosiale media beide webblad gebaseerde en mobiele tegnologie gebruik om kommunikasie in interaktiewe dialoog te omskep. "Andreas Kaplan and Michael Haenlein define social media as "A group of Internet-based applications that build on the ideological and technological foundations of Web 2.0, and that allow the creation and exchange of user-generated content." (Wikipedia: http://en.wikipedia.org/wiki/Social_media#cite_note-0, besoek op 6 Maart 2012) Met ander woorde, sosiale media is media vir sosiale interaksie wat sosiale kommunikasie op 'n ander dimensie stel. "This term social media encompasses many forms, each of which furthers some kind of interactive communication. It is a form of horizontal communication, where content is created and commented on by amateurs, by the crowds of users rather than the few professionals." (Challies, 2011: Kindle ed, loc 117-19). Omdat dit moontlik gemaak word deur alomteenwoordige toeganklike kommunikasietegnologie, het die manier waarop organisasies, gemeenskappe en individue kommunikeer, substansieel verander. Brown stel dit soos volg: "Social media encompasses a broad range of activities, platforms, and technologies all with a common theme: the ability to rapidly publish to the Web and to communicate with an audience." (Brown 2011: Kindle ed, loc 16) Hierdie gereedskap en gehore neem verskillende vorme aan wat wissel van kort boodskappe van nie meer as 140 karakters nie (Twitter), video en oudio opnames, Internet forums, Facebook groepe en bladsye en tegnologie wat dit moontlik maak om foto's op die lug te vertoon. Deur 'n boodskap te skep of te reageer op iemand anders se boodskap of om kommentaar te lewer, is almal maniere om van massamedia gebruik te maak. Eric Harr skryf soos volg

oor sosiale media: “Social media is the #1 online activity with 1.5 billion users and the fastest-growing form of communication in history. In three years, social media has drawn together one in six humans on the planet. If it were a country, Facebook would be the third largest.” (<http://socialme-diatoday.com/eric-harr-resonate-social-media/458294/> never-been-better-time-be-alive, besoek op 6 Maart 2012)

Alhoewel hierdie studie nie die benutting van al die verskillende voorkomste van kommunikasie netwerke vir die bediening in die kerk volledig navors nie, moet daar kortliks kennis geneem word van hierdie sosiale netwerk kommunikasiesisteme. Dit is veral so omdat dit nie los staan van die Internet nie. In baie gevalle is dit kommunikasie sisteme wat beide die Internet en die mobiele selfoon as medium van kommunikasie gebruik. “This new digital world is a world built on socializing, on communication, and we are finding that social mores are quickly changing so that we declare people we’ve never met our friends, and many of us develop our deepest relationships through social networks and games.” (Challies, 2011:Kindle ed, loc 1088-90).

Juis hierdie feit beteken dat mense oral waar hulle hulle ook mag bevind, bereik en dus beïnvloed kan word. Die kerk moet dus nie net hiervan kennis neem nie, maar dit benut tot voordeel van die bediening aan die lidmate. Met verloop van tyd het daar letterlik tientalle sulke sosiale media sisteme die lig gesien. Dit is nie moontlik om almal hier te noem nie, maar ter wille van voorbeeld, word die volgende indeling wat deur Linda Fulkerson (<http://onbloggingwell.com/23-types-of-social-media-sites/>, besoek op 6 Maart 2012) gemaak word, hier weergegee.

1. Werfjoernaal — Wikipedia omskryf “blogs” soos volg:

“A blog (a portmanteau of the term web log) is a personal journal published on the World Wide Web consisting of discrete entries (“posts”) typically displayed in reverse chronological order so the most recent post appears first. Blogs are usually the work of a single individual, occasionally of a small group, and often are themed on a single subject.” (<http://en.wikipedia.org/wiki/Blog>, besoek op 6 Maart 2012).

Dit is 'n tipe sosiale media. Die mees populêre “free blogging platforms” is WordPress.com, TypePad, en Blogger.

2. Social Networking Sites — Fokus daarop om verhoudings tussen mense met dieselfde belangstellings tot stand te laat kom. Voorbeelde hiervan is Facebook, MySpace en Friendster.

3. Social News — Nooi mense om kommentaar op nuusberigte te lewer. Voorbeelde is Digg en PopURLs.

4. Social Measuring — Is bedoel om die inhoud van artikels te meet. Voorbeelde is Technorati en BlogPulse.
5. Microblogging – Verskil van gewone “blogs” daarin dat die inhoud beperk word tot kort boodskappe. 'n Voorbeeld is Twitter.
6. Social Bookmarking — Bied gebruikers die geleentheid om sekere webblaaie te merk, te organiseer en met ander te deel. Voorbeelde is Del.ici.ous en Diigo (formerly Furl).
7. Social Q&A – Gebruikers kan vrae vra en antwoorde stel. Voorbeelde is Answers.com en Yahoo! Answers.
8. Video Sharing — Om video's op Internet te laai en op ander kommentaar te lewer. Voorbeelde is YouTube en Vimeo.
9. Photo Sharing — Om foto's op Internet te laai en op ander kommentaar te lewer: voorbeelde is Flickr en PhotoBucket.
10. Social Search — Sommige soekenjins maak resultate aan 'n sosiale media gemeenskap bekend waar gebruikers interaktief deur epos kan reageer. Voorbeelde is Google en Yahoo!
11. Professional Networks — Hierdie is 'n soort virtuele “Rolodex” wat professionele mense geleentheid bied om mekaar aan te beveel en inligting oor die industrie met mekaar te deel. Voorbeelde is LinkedIn en Plaxo.
12. Niche Communities — “Niche networking has grown beyond the message boards of old into full-fledged communities. There is no “leader of the pack” in this category, but here is a list of social media niche sites maintained by Traffikd.”
13. Podcasting Communities — Podcasting gemeenskappe is sosiale netwerke wat podcasters, adverteerders en luisteraars met mekaar verbind. 'n Voorbeeld hiervan is Blubrry.com.
14. Blog Networks – Dit is gewoonlik of 'n groot versameling van “blogs” met 'n verskeidenheid van temas of 'n kleiner meer gefokusde groep versamelings. Soms moet 'n gebruiker registreer om toestemming te kry om die inhoud te lees wat aan gebruikers 'n sekere vlak van prestige verleen. Voorbeelde hiervan Gawker, b5Media en 9Rules.
15. Blogging Communities — Is minder eksklusief as die vorige een. Dit bied aan gebruikers geleentheid om met mekaar te deel en interaktief te verkeer deur gereelde “blog posts”. Voorbeelde hiervan is BlogHer en LiveJournal.
16. Presentation-sharing Sites — Bied gebruikers geleentheid om skyfie aanbiedings met ander te deel. 'n Voorbeeld hiervan is SlideShare.

17. Content-driven Communities — Staan ook bekend as “Wikis.” Gebruikers kry hier geleentheid om 'n bydrae te lewer tot gepubliseerde artikels. Die mees bekende is Wikipedia.
18. Product-based Communities — Dit is webwerwe waar allerlei produkte aanlyn gekoop en ook verkoop kan word. Die bekendstes is Ebay en Amazon.com.
19. Review & Recommendation Sites — Deesdae kan Internet gebruikers 'n oorsig van feitlik enige iets aanlyn bekom. Twitter vra “What are you doing?”, en Shelfari (en ander boekresensie gemeenskappe) vra “What are you reading?” Webtuistes met reis aanbevelings is besonder gewild. Voorbeelde is TripAdvisor, Lonely Planet en Where I've Been.

6.3. Etiek van Internet- en sosiale media kommunikasie

Een van die waarhede wat met die koms van die Internet gekom het om te bly, is dat mense dwarsoor die hele wêreld met mekaar verbind word. Sweet skryf hieroor en sê: “Connection is one of the absolutes of life. We don't choose it; it is hard-wired within us. Just as neurons that are unable to connect with other neurons will die, so abandoned souls will atrophy and die. Our well-being depends on our ability to connect with other humans.” (Sweet 2012:1) Hy verdeel mense in twee groepe: die Gutenbergers en die Googlers. Eersgenoemde groep is mense wat geneig is om vas te haak by die verlede. In die geskiedenis was die uitvinding van die boekdrukkuns deur Gutenberg in die vyftiende eeu net so 'n revolusionêre verskynsel soos wat die koms van die Internet in ons dag is. Die Googlers (so genoem na aanleiding van die soekenjin Google) is weer die mense wat gewillig is om eietyds te dink en aan te pas. (vgl Sweet 2012:4). Challies sluit hierby aan deur te sê dat mens deur die Internet dit regkry om dwarsoor die wêreld nuwe vriendskappe te sluit wat 'n kosbare invloed op jou lewe het. “This new digital world is a world built on socializing, on communication, and we are finding that social mores are quickly changing so that we declare people we've never met our friends, and many of us develop our deepest relationships through social networks and games.” (Challies, 2011:Kindle ed, loc 1088-90)

Juis omdat hierdie onderlinge afhanklikheid van mekaar waar is, is die mens ook blootgestel aan positiewe en negatiewe beïnvloeding deur die sosiale media. Dat dit baie nodig is om oor die etiek van die Internet te praat, is geleë in die feit dat die Internet ook deel vorm van hierdie gebroke werklikheid waarin ons leef en dat sondige mense dit misbruik om die bose mee te dien. Miskien vra Feinberg die regte vraag in sy boek oor die etiek as hy sê:

“What makes good acts good and evil acts evil? If Nazi soldiers ask if I am hiding Jews in my attic, is it immoral to lie in order to safeguard those I am protecting?”

How do I know my moral rules are correct? How would I prove that Christian ethics are binding on non-Christians?" (Feinberg, JS & PD 2010:21)

Die laaste deel van sy opmerking is vir ons doel veral belangrik. Etiek word altyd vanuit 'n bepaalde kultuur, konteks en godsdienstige agtergrond benader. Vir ons mag dit miskien ononderhandelbaar lyk dat etiek vanuit 'n Christelike konteks bekyk moet word. Maar, watter gesag het ons om te beweer dat die beginsels wat geformuleer word vir ander mense buite die Christelike etiek geldig is?

Die grootste bedreiging kom van gemorspos wat deur middel van epos boodskappe na rekenaars gestuur word. 'n Organisasie soos M86 Security Labs (http://www.m86security.com/labs/spam_statistics.asp, besoek op 8 Maart 2012) vermeld in sy jongste verslag dat 72,1% van inkomende eposse van firmas onder hulle beskerming deur gemorspos infekteer was. Die gevaar van gemorspos is dat dit kwaadwillige virusse op rekenaars aflaai wat op verskillende maniere jou data infiltreer en vernietig.⁵ 'n Firma soos Spamhaus bied interessante statistieke oor die oorsprong van hierdie gemorspos. Die VSA staan bo-aan die lys gevolg deur Sjina en Rusland. Vir volledige inligting kan <http://www.spamhaus.org/statistics/countries.lasso> besoek word. Daarom is dit so belangrik dat geen rekenaar sonder 'n effektiewe antivirus program gebruik moet word nie.

Behalwe die gevaar van virus besmetting is daar ook talle ander misbruike wat via Internet 'n negatiewe invloed op mense uitoefen. Dink maar net aan die promovering van pornografie wat vrylik beskikbaar is, geweld, negatiewe taalgebruik en so sal die lysie nog langer gemaak kan word.

Miljoene mense word letterlik daaglik daardeur beïnvloed. Kwaadwillige boodskappe beloop daaglik 14,5 biljoen. Sommige maatskappye beweer dat kwaadwillige boodskappe selfs soveel as 73% van alle epos daaglik uitmaak. (vgl <http://www.spamlaws.com/spam-stats.html>, besoek op 8 Maart 2012).

Die bedreigings wat ervaar word, hou natuurlik verband daarmee dat dit steeds mense is wat die verskillende sosiale media gebruik. Die media hou nie 'n bedreiging as sodanig in nie, maar die feit dat dit mense in 'n gebroke werklikheid is wat kommunikeer word die media deur die mense benut om mekaar mee te bedreig. Twee ervarings die afgelope tyd (Januarie tot Maart 2012) het my opnuut weer die erns van hierdie saak laat besef. Een van die NGK se kerklike gespreksforums op die Internet moes onlangs gesluit word vanweë die feit dat kwaadwillige mense dit misbruik het om die kerk by te kom en dan dikwels met taalgebruik en onaanvaarbare uitdrukkings wat kwetsend en

⁵ Vir die volledige verslag kan gegaan word na <http://www.m86security.com/labs/>.

onaanvaarbaar vir die algemene publiek is. Die ander ervaring hou verband met die feit dat 'n persoon wat homself as toegewyde gelowige as segsman vir ontevrede lidmate aangestel het, die sosiale media misbruik het om 'n persoonlike vendetta op 'n baie liefdelose wyse teen die leiers van die NGK te loods. Dit het my opnuut laat beseef dat wanneer oor die gebruik van sosiale media gepraat word, sal 'n baie duidelike standpunt ten opsigte van die etiek daarvan uitgespel moet word. Mense wat sosiale media benut, sal baie duidelik bewus gemaak moet word oor die etiese beginsels vir die gebruik daarvan.

In hierdie verband het die Christen 'n spesiale verantwoordelikheid. “As a Christian, you have the unique challenge of simultaneously living in two worlds. You live in this natural world, where you have responsibilities to your community and nation. You are also a citizen of the kingdom of God and are accountable to the Lord Almighty (see Philippians 3:20-21).” (Stanley 2011:8) Daarom moet ons mekaar help om 'n stel norme daar te stel waaraan ons gehoorsaam moet wees sodat sosiale media tot opbou van mense benut kan word en God se koninkryk daardeur uitgebou word.

Behalwe antivirusprogramme moet 'n poging aangewend word om 'n etiek vir Internetgebruik te formuleer wat as basis vir die kerk se kommunikasienetwerk kan dien. Dit beteken nie dat 'n lysie van moets en moenies opgestel word nie, maar dat daar veral na 'n aantal duidelike beginsels gekyk moet word. Verskillende persone het al 'n poging aangewend om 'n lys van beginsels daar te stel. So bv werk Allan Turner met 'n stel van vyf beginsels:

- Doen dit geweld aan enige duidelike onderrig in die Woord van God?
- Doen dit skade aan die mens (fisies, psigies, of spiritueel), wat die tempel van die Gees is?
- Het dit enige nadelige effek op die swakker gelowige of die nie-gelowige?
- Onteer dit die uitgesproke wil van enige iemand wat 'n Godgegewe reg het om oor my te heers?
- Verheerlik dit God? Met ander woorde, kan ek God se seën vra met 'n skoon gewete? (vgl <http://allanturner.com/ethic.html>, besoek op 8 Maart 2012)

Wanneer die Christian Medical Fellowship in Engeland soek na etiese beginsels vir die mediese profesie word van die standpunt uitgegaan: “We should resist the temptation to construct a pharisaical list of do's and don'ts but rather look for biblical ethical principles to guide our decision making.” (<http://www.cmf.org.uk/publications/content.asp?context=article&id=1330>, besoek op 8 Maart 2012) Daarmee word bedoel dat die samevatting van die Wet naamlik om God bo alles lief te hê en jou naaste soos jouself (Matt 22:37-40) eerbiedig moet word. Christelike moraliteit gaan ook verder as

blote wettiese gehoorsaamheid. Dit beteken om die tweede myl saam te stap (Matt 5:21-22, 27-28). Dit behels die beginsels van liefde soos gevind word in 1 Kor 13:4-8).

Geisler laat die klem val op die onderskeid tussen twee benaderings van die etiek naamlik “Deontological Ethic” en “Teleological Ethic”. Die verskil tussen die twee word dan soos volg opgesom:

“Deontological Ethic

Rule determines the result.
Rule is the basis of the act.
Rule is good regardless of result.
Result is always calculated within the rules.

Teleological Ethic

Result determines the rule.
Result is the basis of the act.
Rule is good because of result.
Result is sometimes used to break rules.” (Geisler 2010: Kindle ed, loc 164)

Wat is eties korrekte gedrag? Feinberg formuleer dit mooi deur te sê: “To act ethically or morally means to act in accord with accepted rules of conduct that cover moral (as opposed to non-moral) matters. To have ethics or a morality is to hold a set of beliefs about what is good and evil, commanded and forbidden.” (Feinberg, FS & PT 2010: Kindle ed, 21)

Volgens Geisler se vergelyking tussen Deontologiese etiek en Teleologiese etiek kan mens konkludeer dat Feinberg etiese beginsels soek binne die sfeer van eersgenoemde soort etiek. Christelike etiek word dus sterk gebind aan sekere gegewe beginsels wat as opdragte bindend vir die gewete van die mens is.

Omdat dit hier gaan om Christelike etiek, word die Woord van God as basis van hierdie gesprek gebruik. Dit op sigself is nie so 'n maklike saak nie. Die oomblik wat van die Woord van God gepraat word, kom Skrifgebruik ter sprake. Daaroor is daar uiteenlopende meningsverskil onder gelowiges. Hier word egter uitgegaan van die veronderstelling dat Skrifgebruik in ons tyd baie duidelik rekening moet hou met die feit dat die Bybel 'n baie ou geskrif is wat primêr tot stand gekom het in 'n tyd waarvan die konteks radikaal verskil het van die konteks van ons tyd. Claassen en Loubser merk die volgende op:

Die konteks van 'n teks is kardinaal vir die verstaan daarvan. Dit is veral belangrik in die geval van die lees van 'n Bybelteks. Trouens waar die Bybel ook al misbruik is en allerhande eierdane rondom die betekenis van 'n teks uitgevoer is, is nie moeite gemaak met die konteks nie. Indien die konteks buite rekening gelaat word, kan die Bybel gebruik word om letterlik enige iets te sê. As daar gepraat word oor die verstaan van tekste moet dit altyd as ‘teks-binne-konteks’ verstaan word. Leë kontekslose teologiese omskrywings doen die betekenis van 'n teks geen eer aan nie. Elke teks moet in sy eie, anderse en unieke

leefkonteks verstaan word. Bybelgedeeltes moet gelees word teen die agtergrond van die historiese, kulturele en sosiopolitieke konteks waarbinne dit ontstaan het. Om die Bybel binne konteks te lees, moet met die volgende rekening gehou word:

- * Dit is belangrik dat die leser 'n basiese historiese raamwerk in gedagte sal hou.
- * Die tydlyn waarbinne tekste ontstaan het, is belangrik.
- * Die ontstaan van die Bybel vanaf 'n mondelinge tradisie tot 'n geskrewe dokument moet in ag geneem word.
- * Nie net die konteks van die teks nie maar ook dié van die leser is ter sprake.
- * Die verhouding tussen Ou en Nuwe Testament moet ter sprake kom.
- * Die skopus van verskillende vertalings moet waardeur word.
- * Skrifgesag en die inspirasie daarvan is belangrik.” (vgl Claassens & Loubser 2010:6)

Feinberg erken dat die Skrif die bron van alle etiese norme moet wees en vra dan tog of dit hoegenaamd moontlik is dat die Bybel wat in 'n ander tyd en plek geskryf is as dié waarin ons vandag leef, gebruik kan word as basis van die etiek. Hy voeg nog 'n volgende vraag hierby en dit is of die Ou Testament hoegenaamd iets te sê het vir die Christen van ons tyd wat in die Nuwe Testamentiese tyd na die koms van Jesus Christus leer. (vgl Feinberg JS en PD 2010: Kindle ed, 40). Verder tref die Feinberg broers 'n belangrike onderskeid tussen Bybelse etiek en die gebruik van die Bybel in etiek. Om hierdie probleem te help oplos, bied hulle die volgende stel riglyne vir die benutting van die Bybel in etiese sake aan:

First, one must distinguish between general principles or commands and specific applications of those commands... The key point here is that general principles normally apply to many situations, including those of our own day.

A second interpretive principle is that one must interpret the OT or NT command in light of its own social, political, and religious context.

Third, one must discover, if possible, the reason for the command. Is the rationale theological or purely cultural?

Fourth, one should decide how modern society relates to OT law altogether?
(Feinberg, JS en PD 2010: Kindle ed, 42)

Wanneer in gedagte gehou word dat dit hier veral gaan om die beginsel dat die kerk 'n missionale doel in die wêreld het, is bogenoemde etiese uitgangspunte soveel meer van belang. Daar moet deurentyd in ag geneem word dat een van die primêre mikpunte wat met die ontwerp van die gemeente se webblad bereik moet word, is om juis die mense wat die webblad gaan lees wat nog-nie-gelowiges is, daardeur geprikkel moet

word om verder belang te stel. Die webblad is dus nie primêr gerig op die lidmate van die gemeente nie, maar juis op die nog-nie-gelowiges wat doelbewus maar ook en veral toevallig die webblad besoek. Juis sulke mense moet kan agterkom dat die eer van God en die welwese van alle mense in die webblad gerespekteer word.

Met dit alles as agtergrond word hier 'n poging aangewend om net kortliks die paar belangrikste etiese riglyne vir die gebruik van sosiale media aan te dui. Uit die aard van die saak gaan dit dus nie hier om spesifieke etiese vraagstukke nie, maar oor beginsels wat geld vir die algemene gebruik van sosiale media as kommunikasie sisteme. Wanneer egter in die kommunikasie oor etiese sake geredeneer word, sal die norme wat hierbo genoem word, in elke spesifieke geval toegepas moet word.

6.3.1. Die skeppingsmatigheid van die mens

In die skeppingsgedig van Gen 1 (vgl opmerkings van vroeër op bl 15 ev) word vertel dat die mens aan die einde van die skeppingsgebeure op 'n baie unieke manier deur God geskep word. Dit is asof God met homself in gesprek tree en sê: “Kom Ons maak die mens as ons verteenwoordiger, ons beeld, sodat hy kan heers oor die vis in die see, die voëls in die lug, die mak diere, die wilde diere en al die diere wat op die aarde kruip.”

Geen ander deel van die skepping word op so 'n wyse direk aan God verbind soos die mens nie. Slegs die mens word God se “beeld” genoem. Die 1953 Afrikaanse Bybelvertaling vertaal hierdie uitdrukking met “na ons gelykenis”. Die 1890 Darby Bible, American Standard Version, die King James Version asook die English Standard Version vertaal op dieselfde wyse met “after our likeness”. Die Lewende Bybel vertaal met “mense wat soos Ons lyk” en die The Message vertaal met “in our image, make them reflecting our nature”. The Good News Translation vertaal met “they will be like us and resemble us”.

Die Hebreeuse woord wat hier gebruik word is die woord *šelem*. The Complete Word Study Dictionary: Old Testament verduidelik:

A masculine noun meaning an image, a likeness, a statue, a model, a drawing, a shadow. The word means image or likeness; its most celebrated theological and anthropological use was to depict human beings as made in God's own image (Gen 1:26, 27; 5:3). People continue to be in His image even after the fall, although the image is marred (Gen 9:6), and still serves as the basis of the prohibition not to kill human beings. (Baker 2003, c2002: electr ed, ref 6754).

Die begrip word ook metafories gebruik om aan te toon dat die mens soos 'n skaduwee asof in 'n droom leef (Ps 39:6 & 7). Op dieselfde wyse word van die ongelowige mens gepraat as mense wat soos 'n droom voor God verdwyn as Hy ingryp

(Ps 73:20). Die woord word ook gebruik om konkreet te verwys na mensgemaakte gode van die vreemde nasies (2 Kon 11:18; Amos 5:26. Ook Eseg 7:20; 16:17). Dit is veelseggend dat die woord ook in Gen 5:3 gebruik word wanneer Adam 'n seun in die wêreld bring. Dan word gesê: “Toe Adam 130 was, het hy die vader geword van 'n seun, sy beeld, een soos hyself.” Dit wil dus voorkom dat die woord bedoel dat daar 'n baie noue ooreenkoms is tussen die werklikheid en beeld wat gevorm of gemaak word. Die een verteenwoordig in baie realistiese terme die ander.

So word oor die skepping van die mens gepraat. Wat verder hier opvallend is, is die feit dat dit van die mens gesê word nog voor die sondeval. Dat die mens dus beeld (verteenwoordiger) van God is hou nie verband met die feit dat die mens in God glo of nie. Dit vorm deel van die skeppingsmatige aard van die mens. Laasgenoemde opmerking hang natuurlik af van die vertolking van Gen 1. As dit geskryf was as reaksie op die skeppingsverhale van die heidennasies om daarmee 'n geloofstandpunt in te neem oor wie God is, sou mens kon redeneer dat dit die woorde van gelowige verbondsmense is en dat dit in eerste instansie van verbondsmense gesê word. Hier word egter geredeneer dat daar nie genoeg grond is om so 'n standpunt te handhaaf nie. Al is dit die verklaring van die verbondsvolk van God, is dit nogtans uit die formulering van Gen 1:26 duidelik dat die bedoeling is dat dit van alle mense waar is. Of die mens dus glo of nie, hy/sy leef as verteenwoordiger van God op aarde om namens God orde te handhaaf, kultuur te ontwikkel en God se skepping ten goede te dien.

Wat vra dit van die mens? Wanneer Johannes aan die gemeente 'n pastorale brief skryf, maak hy heelwat van die wese van God. Hy sê in 1 Joh 1:5: “God is lig en daar is geen duisternis in hom nie.” Later in 1 Joh 4:8 & 16 skryf hy: “God is liefde.” Dat God lig en liefde is, speel 'n belangrike rol dwarsdeur die Bybel om God se teenwoordigheid by sy volk te verseker. Wanneer God in die woestyn vir Moses roep om sy volk uit Egipte te gaan uitlei, verskyn Hy aan hom in die vorm van 'n brandende bos (lig) in die woestyn. Later as die volk besig is om deur die woestyn te trek na die beloofde land kry Aäron die opdrag om olielampe in die tent van samekoms te laat brand dwarsdeur die nag sodat die lig wat skyn die volk gedurig daaraan kan herinner dat God in hulle midde teenwoordig is (Lev .24:2 & 3). Dat God lig is, sou dus simbolies deur die lamp in die tent van samekoms God verteenwoordig.

Wanneer hierdie uitspraak oor God in gedagte gehou word, verstaan mens skielik beter wat Jesus bedoel het toe Hy die skare in die bergpredikasie geleer het en gesê het: “Julle is die lig vir die wêreld. Laat julle lig so voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik.” (Matt 5:13 & 16). Die manier hoe die mens God dus op aarde moet verteenwoordig is deur jou goeie

dade, dade van gehoorsaamheid aan Hom. Goeie dade se doel is dus nooit om die mens te verheerlik nie, maar om God God te laat wees. Deur die mens se goeie dade kry God geleentheid om in hierdie wêreld soos 'n lig te skyn. Wanneer Johannes hieroor met die gemeente praat, sê hy verder in 1 Joh 4:12 “Niemand het God nog ooit gesien nie, maar as ons mekaar liefhet, bly God in ons en het sy liefde in ons sy doel volkome bereik.” Dit is asof Johannes vir die gemeente sê hulle moet God aan die wêreld sigbaar maak deur mekaar lief te hê en in liefde saam te leef. Wat 'n geweldige gedagte dat ons as mense God op aarde sigbaar moet laat word.

Al is dit so dat die mens God op aarde verteenwoordig omdat dit deel van die mens se skeppingsmatigheid is, is dit ook waar dat die gelowige mens daarby op 'n baie spesiale manier God hier op aarde na die sondeval verteenwoordig. Paulus skryf hieroor aan die gemeente in Korinte en sê van die gemeente in 1 Kor 3:16 “Weet julle nie dat julle die tempel van God is en dat die Gees van God in julle woon nie? As iemand die tempel van God beskadig, sal God hom straf, want die tempel van God is heilig, en die tempel is julle.” Na die herskeppende werk van God in mense se lewens vorm hulle saam die plek waar God deur sy Heilige Gees kom woning maak het. Om hierdie saak verder te beklemtoon, sê Paulus dieselfde ding van elke gelowige mens in 1 Kor 6:19 “Of besef julle nie dat julle liggaam 'n tempel van die Heilige Gees is nie? Julle het die Heilige Gees, wat in julle woon, van God ontvang, en julle behoort nie aan julleself nie: julle is gekoop, en die prys is betaal. Julle moet God dus in julle liggaam verheerlik.” Nie net die gemeente as geheel nie, maar ook elke gelowige mens is op 'n baie spesiale manier die draer van die Heilige Gees. Waar die gelowige dus ook elke dag beweeg, praat, werk, ontspan of net teenwoordig is, is hy/sy verteenwoordiger van God as God se nuutgemaakte “tempel”.

Die eerste belangrike beginsel waarvan ons dus hier kennis moet neem, is die feit dat die mens in sy skeppingsmatigheid en die gelowige as herskepte eiendom van God die verantwoordelikheid het om namens God op aarde op te tree. Wat die mens dus ook al doen, mag nooit om die mens as sodanig gaan nie, maar altyd om die eer van God. Hierdie waarheid geld ook die gebruik van die Internet en ander kommunikasie middele.

6.3.2. God se liefdesgebod

Terwyl Israel deur die woestyn trek en op pad is na die beloofde land gee God aan hulle 'n stel reëls waarvolgens Hy verwag hulle sal lewe ten einde as sy verbondsvolk uit te staan tussen die ander volkere rondom hulle. Hierdie stel reëls staan allerweë bekend as die Tien Gebooie of die Wet van God. Dit is op twee plekke in die Ou Testament volledig opgeteken naamlik in Eks 20 en Deut 5. Met eerste oogopslag lyk

dit dus dat dit by God gaan om die nakom van 'n klompie reëls en regulasies as mens tot sy eer wil leef. Die fariseërs en skrifgeleerdes het ook later so geredeneer en om seker te maak dat hulle ten volle die wil van die Here doen, het hulle die tien gebooi wat God gegee het nog verder gaan uitrafel en nog 346 reëls gaan formuleer. So het hulle dan die volk onderrig met die uitgangspunt dat dit in die mens se verhouding met God gaan om die nakom van reëls sodat God tevrede gestel kan word.

In verband hiermee gebeur daar dan in Matt 23 'n baie interessante ding. Jesus erken dat die skrifgeleerdes en die fariseërs die gesag het om die wet van Moses te vertolk (vers 2) en moedig selfs die skare aan om alles te doen wat die godsdienstige leiers vir hulle sê (vers 3). Daarmee hoor ons dat Jesus nie iets teen die nakom van al hierdie reëls as sodanig het nie. En tog lees mens verder in Matt 23 dat Jesus nie minder nie as sewe keer (verse 13, 15, 16, 23, 25, 27 en 29) 'n oordeel oor die leiers uitspreek met die woorde “Ellende wag vir julle, skrifgeleerdes en Fariseërs...”. Verder laat Hy hulle in geen onduidelike taal nie verstaan presies hoe ontevrede Hy oor hulle is. Hy voeg hulle woorde toe soos “huigelaars” (verse 13, 15, 23, 25, 27 en 29), “Blinde dwase” (vers 17), “Julle blindes” (vers 19), “Blinde leiers” (vers 24), “Blinde Fariseërs” (vers 26), “witgeverfde grafte” (vers 27) en die ergste van alles noem Hy hulle “slange” en “addergeslag” (vers 33). Hoekom doen Jesus dit?

Die probleem wat die leiers van die kerk in Jesus se tyd gehad het word mooi saamgevat in die woorde van Matt 23:23-25 “Julle gee tiendes van kruisement, anys en koljander, maar wat volgens die wet van God die swaarste weeg, laat julle na: geregtigheid, barmhartigheid en betroubaarheid. Juis hierdie dinge moet 'n mens doen en die ander nie nalaat nie. Blinde leiers! Julle skep die muggie uit julle beker uit, maar julle sluk die kameel in. Julle maak die buitekant van die beker en die skottel skoon, maar binne is hulle vol hebsug en onmatigheid.” Daarmee het Jesus kom beklemtoon dat dit in ons verhouding met God nie gaan om 'n blote uiterlike nakom van allerlei wette en reëls nie, maar in die eerste instansie om 'n innerlike gesindheid wat in die uiterlike manier van lewe sigbaar moet word. Hierdie innerlike gesindheid word in die Bybel saamgevat in een woord: liefde. Die gerigtheid van hierdie liefde lê op twee vlakke naamlik 'n vertikale vlak: “Luister, Israel, die Here is ons God, Hy is die enigste Here. Daarom moet jy die Here jou God liefhê met hart en siel, met al jou krag.” (Deut 6:4 en 5. Vgl ook Matt 22:37; Mark 12:30) en 'n horisontale vlak: “...jy moet jou naaste liefhê soos jouself.” (Lev 19:18. Vgl ook Matt 22:39; Mark 12:31).

Wat Jesus dus kom doen, is om vir ons daarop te wys dat gesonde etiek waardeur God verheerlik word nie gebou is op die blote nakom van 'n klomp uiterlike regulasies nie, maar veral bestaan uit gedrag wat gemotiveer word vanuit die binneste van die

mens deur 'n gesindheid wat opregte liefde genoem word. Opregte liefde het ten doel om God en ander mense se eer na te jaag. Die probleem van die skrifgeleerdes en Fariseërs wat deur Jesus in Matt 23 aangespreek word, was juis geleë in 'n lewenswyse wat uitsluitlik gerig was op eie gewin, dikwels ten koste van ander. Opregte liefde bring juis mee dat die eie-ek van die mens verdwyn en dat jou optrede nooit ten koste van ander geskied nie.

Om ons verder te help verstaan waarom hierdie liefdesgebod werklik prakties gaan, is daar verskillende skrywers in die Nuwe Testament veral wat dit vir ons uitspel. Paulus skryf herhaaldelik daaroor. Dink maar aan gedeeltes soos 1 Kor 13 wat as 'n loflied oor die liefde beskou kan word. Hy kom uiteindelik tot die konklusie dat niks die moeite werd is as dit nie deur liefde gemotiveer word nie (1 Kor 13:1-3) want sê hy: “Die liefde is geduldig, die liefde is vriendelik; dit is nie afgunstig nie, is nie grootpraterig nie, is nie verwaand nie. Dit handel nie onwelvoeglik nie, soek nie sy eie belang nie, is nie liggeraak nie, hou nie boek van die kwaad nie. Dit verbly hom nie oor onreg nie, maar verheug hom oor die waarheid. Dit bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles.” (verse 4-7). Die liefde sal ook nooit vergaan nie (vers 8) want uiteindelik is die grootste van alles, die liefde (vers 13).

Wanneer Paulus aan die gemeente in Kolosse skryf dan vermaan hy hulle om bo alles mekaar lief te hê (Kol 3:14) want “Dit is die band wat julle tot volmaakte eenheid saambind.” Wat dit prakties beteken, spel hy onder andere uit deur te sê: “Nou moet julle al hierdie dinge laat staan: woede, haat, nyd en gevloek. Vuil taal moet daar nie uit julle mond kom nie. En moenie vir mekaar lieg nie.” (Kol 3:8 en 9) Dit is die negatiewe. Aan die positiewe kant van die saak roep hy hulle op: “Wees geduldig met mekaar en vergewe mekaar as die een iets teen die ander het. Soos die Here julle vergewe het, moet julle mekaar ook vergewe. Bo dit alles moet julle mekaar liefhê. Dit is die band wat julle tot volmaakte eenheid saambind. En die vrede wat Christus gee, moet in julle lewens die deurslag gee. God het julle immers geroep om as lede van een liggaam in vrede met mekaar te lewe. Wees altyd dankbaar. Die boodskap van Christus moet in sy volle rykdom in julle bly. Leer en onderrig mekaar met alle wysheid. Met dankbaarheid in julle harte moet julle psalms, lofgesange en ander geestelike liedere tot eer van God sing. En wat julle ook al sê of doen, sê en doen dit alles in die Naam van die Here Jesus en dank God die Vader deur Hom.” (Kol 3:13-17)

Om hierdie gesprek mee af te sluit, kan verwys word na Feinberg se praktiese vrae wat mens help om eties korrek op te tree. Hy noem die volgende:

If one answers any of the questions negatively, he should not engage in the activity at issue. Each person must ask and answer for himself alone before the Lord.

The first question is, am I fully persuaded that it is right?

Second, can I do it as unto the Lord?

Third, can I do it without being a stumbling block to my brother or sister in Christ?

Fourth, does it bring peace?

Fifth, does it edify my brother?

Sixth, is it profitable?

Seventh, does it enslave me?

A final test is, does it bring glory to God? (Feinberg ,JS & PD 2010:54-55)

Behalwe vir die Bybelse moraliteit wat mens as gelowige moet handhaaf ook wanneer jy deur middel van sosiale media kommunikeer, is daar ook nog die gewone regsimplikasies wat in werking kan tree as mens onnadenkend ander se menseregte skend met die manier waarop jy die sosiale media gebruik. Sarah Britten maak mense hierop attent in 'n artikel wat op 27 Mei 2012 in die tydskrif bylaag van Rapport “My Tyd” verskyn het. Sy maak hierdie belangrike opmerking: “Dink voor jy twiet”. (Rapport bylaag My Tyd 27 Mei 2012:28). Sy herinner mense aan 'n paar voorvalle waar mens deur middel van Twitter dinge kwytgeraak het sonder om te dink. So byvoorbeeld is die onlangse voorval van 'n wit model, Jessica Leandra Dos Santos wat 'n twiet met die k-woord gebruik het, waarna 'n swart model Tshidi Thamana gereageer het met die wens dat “alle wit mense dood is”. Jessica is intussen haar FHM-titel as model van die jaar vir 2011 en borgskappe kwyt. Al het albei modelle om verskoning gevra, is hulle waarskynlik hulle loopbane kwyt.

6.4.Sosiale media en die kerklike bediening

Die bedoeling van hierdie paragraaf is om die belang van sosiale media vir kerklike bediening aan te dui en riglyne te verskaf oor hoe dit prakties kan funksioneer.

Uit die lys wat hierbo gegee is oor sosiale media kan mens agterkom dat sosiale media hoofsaaklik bedoel is om spesifieke inligting vir spesifieke groepe beskikbaar te stel met die oog daarop om interaksie uit te lok of om sekere produkte te bemark. So byvoorbeeld is die gebruik van Twitter en Facebook oor die algemeen meer populêr onder die gewone publiek terwyl 'n medium soos LinkedIn bedoel is vir persone wat op 'n meer professionele basis met mekaar wil kommunikeer.

In die bylaag Jip van Beeld se uitgawe van 26 Maart 2012 rapporteer Riëtte Grobler soos volg oor sosiale media nadat sy met 'n klompie jongmense en ander daaroor gesprek gevoer het:

Dit kan gebruik word as 'n manier om regerings omver te werp en om boodskappe oor sosiale ongeregtigheid soos 'n veldbrand te laat versprei.

Deur ons sosiale-netwerk-platform te gebruik, kan ons sien waarom ons vriende omgee, vrae stel en mekaar help om dit te beantwoord én kan ons mense met soortgelyke standpunte van regoor die wêreld ontmoet.

Dr Sharlene Swartz van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing stem saam dat dié netwerke gesprekke aan die gang sit tussen mense wat andersins dalk nooit iets met mekaar te doen sou hê nie.

'Die onmiddellikheid waarmee mense tot optrede opgeroep kan word, is baie handig. 'n Mens kan sosiale bewegings begin en mense vinnig tot optrede laat oorgaan' sê Swartz. (Beeld, Jip bl 3)

Watter medium ook al gebruik word, die feit van die saak is dat dit maniere is om met ander mense kontak te maak en inligting deur te gee wat weer daartoe kan lei dat mense beïnvloed word. Die kerk moet hierdie kommunikasie middele omarm en positief benut om mense met die Evangelie te bereik en vanuit 'n Bybelse etiek so te beïnvloed dat God se grootheid en heerskappy aan mense gekommunikeer word. 'n Baie groot persentasie van gemeentedele het daagliks toegang tot die Internet via rekenaars (in beroepsverband en/of tuis) en/of selfone. Selfs skoolkinders word al meer verplig om inligting op die Internet te soek vir gebruik in tuisopdragte van huiswerk. As na die dalende syfers van erediensbesoekers gekyk word, is die vermoede groot dat die grootste aantal van hierdie Internet gebruikers waarskynlik selde en selfs nooit in die erediens kom nie en nog minder geleenthede soos Bybelskole, kategetiese skole, omgee-/selgroepe en ander kerklike byeenkomste bywoon waar hulle geestelik versorg kan word. Daarby moet steeds onthou word dat baie van hierdie sosiale media toeganklik is deur mense se mobiele aparate soos die selfoon, elektroniese leie (ipad) en "i-phones" omdat die ontwikkeling van selfone in ons tyd sodanig is dat mense selfs volle Internet toegang op hulle fone het. Dit beteken dat mense bereik kan word selfs al is hulle nie by hulle rekenaars tuis of elders nie. Daarom het dit gebiedend noodsaaklik geword dat die Internet met al die kommunikasie moontlikhede wat dit bied, benut word om mense met die Evangelie te bereik en ook geestelik op te bou en toe te rus om as gelowiges so te leef dat hulle God se koninkryk op aarde vergestalt.

Hoe kan hierdie media in die bediening aangewend word? Die volgende word genoem sonder om daarmee te kenne te gee dat dit die enigste is.

6.4.1. Diensgroep vir kommunikasie

Om enige bediening in 'n gemeente te laat slaag, is dit noodsaaklik dat 'n groep mense daarvoor die leiding neem.

An effective and sustained Internet ministry requires teamwork for two main reasons. First, growing and maintaining the website takes a lot of time—people must gather, create, organize, edit, and post the content. And, people must research technical details and implement solutions. Second, Internet ministry requires many different skills and gifts, and God does not stuff all these gifts into one person. God created us to be interdependent. (Stevenson 2011: Kindle ed, loc 302-5)

Verskillende gemeentes se kerkrade gebruik verskillende terme om die organiserende spanne in die gemeente te benoem. Soms word dit “kommissies” genoem of “aksiespanne” of “diensleiers” of “bedieningsgroepe” of iets anders. Wat dit genoem word is nie so belangrik nie solank as daarmee bedoel word die groep mense in die gemeente wat vir 'n spesifieke diensterrein verantwoordelikheid neem om die strategie en struktuur van die bediening uit te werk en te bemark sodat gemeentede daarby betrokke kan raak om hulle gawes in diens van God se koninkryk te benut. Die bedoeling van so 'n groep mag nooit wees om die bediening alleen te hanteer en uit die hande van gemeentede te neem nie. Die gedagte van Paulus in Ef 4:12 waar hy oor die leiers in die gemeente sê “Sy doel daarmee was om die gelowiges toe te rus vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam van Christus”, moet steeds gehandhaaf word.

Hier word gekies om te praat van 'n diensgroep om daarmee die klem op dienslewering te plaas. Omdat kommunikasie so 'n kritiese onontbeerlike rol speel in die funksionering van 'n gemeente behoort daar in elke gemeente 'n diensgroep vir kommunikasie in die lewe groep te word. Uit die aard van die saak omvat kommunikasie veel meer as net elektroniese kommunikasie maar hier word nie op alle aspekte van kommunikasie ingegaan nie. 'n Groot deel van hierdie kommunikasie behoort te fokus op die elektroniese middele van kommunikasie. Hiervoor moet sosiale media aangewend word veral met die oog op die uitbreiding van die koninkryk van God hetsy deur inligting bekend te maak of om gelowiges toe te rus en op te bou vir hulle dienswerk of met die doel om 'n interaktiewe kommunikasie kanaal daar te stel sodat enige persoon (nie net gemeentede nie) iewers 'n adres het om vrae te vra en/of reaksie te toon. Met die kommunikasie middele tot beskikking en veral met die koms van die Internet het dit nodig geword dat in elke gemeente so 'n diensgroep tot stand gebring word. Kommunikasie is lank nie meer 'n saak wat net op die kantlyn as 'n toevalligheid hanteer kan word nie. Mark Stevenson (2011) skryf soos volg oor sy jare lange ervaring:

With the Internet, you can: improve your church's communication quickly, easily, and inexpensively; empower lay volunteers for active participation; minister to people at any time and in any place; connect people in caring community; allow your sermons, devotions, and Bible studies to continue to minister for years to come; and expand your ministry to reach people around the world.

By die samestelling van die diensgroep vir kommunikasie moet daar dus voorsiening gemaak word vir persone wat bekwaam is om die verskillende media aan te wend. Die diensgroep in die gemeente waarvan Stevenson lidmaat is naamlik die Ginghamburg Church in Ohio, VSA, word soos volg saamgestel:

- 'n Leier wat hoofsaaklik die groep moet motiveer, visionerend moet dink en die koers moet aandui. Hy/sy hoef nie noodwendig rekenaar bekwaam te wees nie, maar moet begrip en waardering hê vir die waarde van die bediening.
- 'n Bestuurder wat die hele projek moet bestuur.
- 'n Inhoudsbestuurder wat verantwoordelik is vir die samestelling van die inhoud en die verkryging daarvan.
- 'n Modereerder wat enige terugvoering en reaksies van mense op die inhoud wat uitgestuur word, moet kontroleer. So 'n persoon moet seker maak dat antwoorde op vrae voorsien word en dat versoeke na die regte persone deurgegee word.
- 'n Skrywer en redakteur wat die teks van die inhoud moet opstel en redigeer.
- 'n Ontwerper of grafiese kunstenaar het die taak om die voorkoms van webblad te ontwerp.
- 'n Media ontwerper wat klank en video inhoud moet opstel en beskikbaar stel.
- 'n Data prosesseerder wat die taak het om die inhoud in te sleutel.
- 'n Web ontwikkelaar wat meer gevorderde webontwerpe hanteer.
- 'n Programmeerder met die verantwoordelikheid vir die dinamiese ontwerp en programmering van die medium wat gebruik word.
- 'n Webmeester wat die oorhoofse rekenaardienste hanteer. (vgl Stevenson 2011: Kindle ed, loc 302-312)

As in ag geneem word dat die gemeente wat ter sprake is 'n baie groot gemeente is, kan verstaan word waarom bogenoemde diensgroep so groot is. Of dit egter werklik nodig is om al hierdie verskillende poste in die diensgroep afsonderlik te vul, bly te betwyfel. Wat ons wel uit hierdie samestelling aflei, is dat seker gemaak moet word dat die hele kommunikasie bediening nie net deur een of twee persone hanteer word nie, maar dat al die verskillende aspekte van so 'n bediening deur bekwame persone hanteer word. Een persoon kan sekerlik meer as een funksie behartig. Daar moet egter

deurgaans seker gemaak word dat die bediening deur 'n span entoesiastiese mense wat 'n passie vir hierdie soort bediening het, hanteer word. Niemand in die groep moet soveel verantwoordelikheid dra dat die saak daar onder ly nie.

6.4.2.Watter media?

As mens daaglik net om jou waarneem watter sosiale media deur mense benut word, blyk dit dat die volgende hoofsaaklik ter sprake is wanneer binne die gemeentelike bediening na effektiewe kommunikasie media gesoek word: Facebook, Twitter, Podcasts, werfjoernale, linkedin en webbladsye. Die eerste vyf sosiale media staan nie teenoor of in kompetisie met die gemeente se webblad nie, maar kan in samehang daarmee benut word om die kommunikasie in die gemeente soveel meer aktueel en effektief te maak.

Daarom sal daar voorts kortliks op hierdie media gekonsentreer word en veral aandag gegee word aan die benutting van die gemeente se webblad as bedieningsmiddel.

6.4.2.1.Twitter

Twitter is 'n besonder vinnig groeiende sosiale netwerk wat tans meer as 140 miljoen gebruikers het (vgl <http://en.wikipedia.org/wiki/Twitter>: besoek op 9 Mei 2012). Daar word verwag dat dit nog gaan ontplof tot baie meer. Dit is in Maart 2006 deur Jack Dorsey ontwerp en in Julie van daardie jaar vrygestel. Daar word bereken dat dit tans meer as 340 miljoen “tweets” daaglik hanteer en meer as 1.6 biljoen soek navrae. Twitter Inc. is in San Francisco gebaseer met addisionele dienskantore in New York City. Die Twitter webblad is een van die top tien mees besoekte webblaaie op die Internet.

Omdat Twitter ontwerp en bestuur word in 'n konteks waar Engelse terminologie aan die orde van die dag is en omdat dit baie moeilik vertaalbaar is, word die tegniese werking van die medium in die woorde van Jason Katzenbag weergegee.

Twitter's core technology is a device agnostic message routing system with rudimentary social networking features. They accept messages from SMS, web, mobile web, instant message, or from third party API projects. Twitter's engineering team works with an open-source web application framework called Ruby on Rails. The web site and user interface were designed using Omnigraffle and Photoshop. They like to make frequent changes to the interface, and Rails provides them with a skeleton code frameworks so they don't have to re-do the whole site every time they add or change something like a sign in form or a picture

upload feature. I realize that 90% of you do not care about this but now you know. Twitter has a very simple interface for interacting with other users – simply type your message in to a text box, and click to send it out. It then goes into Twitter’s database, is sent out to all that area following you, will appear on your own homepage, your profile and on any cross-platform third party application you might be using (I will get into much more details on this later). (<http://www.johncow.com/what-is-twitter-and-how-does-it-work/>, besoek op 9 Mei 2012)

Boodskappe word beperk tot 140 karakters met geen spesiale kodes nie. Daar kan egter in die boodskap na ander skakels verwys word. Die aanvanklike bedoeling was om 'n kommunikasie netwerk te skep vir familie, vriende en medewerkers deur net op een kern vraag met kort boodskappe (bekend as “tweets”) te antwoord naamlik: “Wat doen jy?” Dit het egter baie goue 'n manier van kommunikasie tussen alle mense geword. 'n Mark navorsings firma met die naam van Pear Analytics in San Antonio (VSA) het 2 000 “tweets” oor 'n periode van twee weke in Augustus 2009 tussen 11:00 en 17:00 ondersoek en die inhoud daarvan in ses kategorieë ingedeel naamlik: “Pointless babble – 40%, Conversational – 38%, Pass-along value – 9%, Self-promotion – 6%, Spam – 4%, News – 4%” (<http://en.wikipedia.org/wiki/Twitter>, besoek op 9 Mei 2012)

Hierop het Danah Boyd wat 'n sosiale netwerk navorser is, gereageer en gesê dat dit wat deur Pear Analytics “Pointless babble” genoem word eerder gekarakteriseer kan word as “social grooming” en/of “peripheral awareness”. Sy verduidelik dat persone “want[ing] to know what the people around them are thinking and doing and feeling, even when co-presence isn’t viable” (<http://en.wikipedia.org/wiki/Twitter>)

Dit is 'n netwerk wat op rekenaars en selfone benut kan word. Dit is 'n baie eenvoudige manier van kommunikasie. 'n Boodskap wat nie langer as 140 karakters is nie word in die rekenaar of selfoon se tekskassie getik en deur op die “stuur” ikoon te klik, kan dit uitgestuur word na almal wat op die publieke tydlyn is of jy kan dit net stuur na die mense wat jou volg. Dit sal op jou tuisblad, profiel en enige ander derde party platform aan wie jy verbind is, verskyn. Dit gebeur baie vinnig en word dadelik op die netwerk vrygestel. Die groot geheim van hierdie manier van kommunikeer lê by volgelingskap: wie jou volg en wie jy volg en dit geskied kosteloos. Daar moet dus moeite gedoen word om te sorg dat jy soveel as moontlik mense kry wat jou volg. Uiteindelik vind daar 'n soort ketting reaksie plaas: iemand lees die opmerkings en boodskappe wat jy skryf en reageer daarop. Dit word weer deur ander mense gelees wat daardie persoon volg. So kring die aantal mense wat van die inhoud van jou opmerkings bewus raak al verder uit sodat jy verbaas is wie almal daardeur bereik word.

Alhoewel die oorspronklike bedoeling met Twitter was om familie, vriende en medewerkers met mekaar te verbind, word dit vandag deur baie mense, besighede en organisasies benut om met mekaar in verbinding te kom en inligting oor nuusgebeure, nood, produkte en hulp met mekaar te deel en so by mekaar betrokke te raak dat die wêreld ten goede bedien word.

Uit hierdie kort uiteensetting van Twitter is dit baie duidelik dat die kerk hierdie kommunikasie medium baie beslis as missionale bedieningsinstrument kan benut. Hierdie stelling dra des te meer gewig as in ag geneem word wat Jeremiah Owyang, 'n analis van industrieë wat sosiale media bestudeer, waarneem dat Twitter nie net deur jongmense gebruik word nie, maar veral ook deur ouer volwassenes (tussen 40 en 55 jaar). "Adults are just catching up to what teens have been doing for years," (<http://en.wikipedia.org/wiki/Twitter>, besoek op 16 Mei 2012). Verder is die lys van beïnvloeding wat deur benutting van Twitter al gedoen is 'n verdere aanduiding dat ons hier te make het met 'n kragtige instrument wat nie langer deur die kerk in sy bediening geïgnoreer kan word nie. Twitter word vir 'n wye verskeidenheid van doelwitte deur baie industrieë en organisasies benut. Dit is al gebruik om protes te organiseer, soms "Twitter revolusies" genoem. Hieronder val byvoorbeeld die revolusie in Egipte in 2011, die protes in Tunisië n 2009-2010, die protes met die verkiesing in Iran en die burgerlike onrus in Moldovië in 2009.

'n Meer positiewe manier om Twitter te benut is in noodgevalle. So is dit in San Francisco gebruik met die aardbewings wat daar plaasgevind het. Nog 'n positiewe gebruik van Twitter is om radio- en TV programme interaktief kommunikeerbaar te maak. Daar is deesdae talle programme waarin luisteraars en kykers gevra word om in te skakel, onder andere dan ook via Twitter. In hierdie verband is daar al in kerke eredienste (veral vir die jeug) aangebied waarin hulle tydens die verloop van die erediens via Twitter kon reageer op die erediensgebeure.

As bogenoemde in ag geneem word, is dit duidelik dat Twitter 'n kommunikasie netwerk is wat in die kerk as geheel en ook in sinodes, ringe en gemeentes effektief aangewend kan word om nie net oor en weer te kommunikeer nie, maar ook missionaal benut kan word om mense te beïnvloed. Byna elke bediening in die kerk kan baat by die gebruik van Twitter. Dit is vinniger as e-pos, makliker as telefoonoproepe en meer gebruikersvriendelik as die stuur van sms-tekste. Dit kan mense vinnig op hoogte hou van byeenkomste, afsprake en enige ander inligting.

Hieroor sê Sweet kortweg: "I mean Twitter can make you a better Jesus-follower." (Sweet 2012:62)

Boodskappe kan op verskillende maniere gestuur word. Dit kan privaat net aan mense wat jy self kies gestuur word. Dit kan ook aan 'n spesifieke groep mense gestuur word. Indien jy graag 'n wye onbeperkte groep mense wil bereik, kan dit gestuur word sodat enige iemand wat Twitter gebruik die boodskap kan lees. Teen die agtergrond hiervan noem Coppedge die volgende moontlike gebruike van Twitter in die gemeente:

- Herinner mense aan gebeure, vergaderings, byeenkomste op die gemeente se program.
- Dit bied aan gemeentelede en die leiers van verskillende groepe en bedieninge in die gemeente die geleentheid om op 'n vinnige manier nood onder ander se aandag te bring en veral ook versoeke tot voorbidding te vra.
- Die leraar(s) van 'n gemeente kan op 'n persoonlike manier kontak maak met gemeentelede en op gereelde basis iets van hulleself met mense deel. So kan mense die leraar(s) beter leer ken en deur hulle bemoedig word. “By sharing parts of your life, pastors can help people to better to relate to them as a person, not just as a pastor. Your real-life sermon illustrations are played out daily. With Twitter, you don’t have to wait for a weekend message to sneak in that illustration. Simply post a Tweet and, in the process, give people a view into your life and your world. (Coppedge, AD 2009:23)
- Lidmate kry geleentheid om interaktief deel te neem aan die bespreking van aktuele sake deur oor en weer opinies te gee en antwoorde te kry.
- Elke bedienings- of aksiegroep in die gemeente kan die betrokke bediening onder lidmate se aandag bring of lidmate herinner aan aksies. “Don’t let “oh, I forgot about that after church” become a legitimate excuse. Invite people to follow your ministry on Twitter – for free! – to put their talents to use in serving other members of the body and your community” (Coppedge, AD 2009:14)
- Die kort boodskappe van Twitter kan benut word om die gemeente se webbladsy te bemark.
- Die leraar(s) kan ook deur middel van Twitter die prediking van die Sondag opvolg deur die kern van die boodskap aan lidmate deur te stuur op die Maandag. Skakels na ander webbladsye of klank- en video materiaal kan met Twitter deurgegee word.
- Ouers kan deur Twitter gehelp word met die opvoeding van hulle kinders.

“One youth pastor (@keithmorrison) I know is using their junior high Twitter account to communicate with the parents and engage in dialogue without sending yet another church email. This kind of communication allows parents to see what

their child's leader is thinking, how they're working with the kids and even what other parents are saying." (Coppedge, AD 2009:20)

- Twitter is 'n maklike manier om die personeel van die gemeente voortdurend met mekaar in kontak te laat bly.
- Dit is 'n manier om fondsinsamelingsprojekte onder die gemeenskap se aandag te bring. Wanneer Twitter hiervoor benut word, moet altyd in gedagte gehou word dat die gemeenskap nie noodwendig sal belangstel om fondse te voorsien vir projekte wat binne die gemeente se eie belang aangewend word nie. Die oomblik egter wat die gemeente projekte buite die grense van die gemeente aanpak en dan veral projekte wat 'n bydrae lewer tot die opheffing van die nood en/of opheffing van die gemeenskap, sal baie organisasies en besighede belangstel om finansiële ondersteuning te verleen as hulle maar net daarvan bewus gemaak kan word. Hiervoor is Twitter 'n baie handige hulpmiddel.

Uit bogenoemde opmerkings is dit duidelik dat 'n sosiale medum soos Twitter beslis in 'n gemeente met groot nut aangewend kan word.

Social media such as Twitter can be retooled as a discipleship tool. It can be a transformative vehicle to faith, a powerful spiritual discipline, and a relational connector to God, fellow Christians, and the world. Whatever tools we use in service to Christ (whether words, images, music, audiovisuals, social media), they can be used for our own satisfaction or used to the glory of the Savior. (Sweet 2012:87)

Om Twitter effektief in die gemeente te benut, moet die volgende werkswyse gevolg word:

- Deeglike beplanning oor die benutting van Twitter is die eerste stap. Met hierdie beplanning word veral bedoel dat die doel van Twitter bespreek word. In dié verband moet onthou word dat Twitter benut kan word om gesprek (conversation) te bewerk, of dit kan gebruik word om mense se aandag te vestig op iets (megaphone).
- Die plan van aksie moet met die leiers van die gemeente gedeel word.
- Die gemeente moet daarvoor ingelig word en gemotiveer word om met entoesiasme saam te werk. Uit gesprekke wat ek self met verskeie gemeentelede oor Twitter gevoer het, blyk dit dat in ons eie konteks daar by baie mense 'n redelik negatiewe persepsie oor Twitter bestaan en ook baie onkunde voorkom. 'n Hele paar mense het dadelik op Twitter reageer met die opmerking: "Ek wil nie hê die hele wêreld moet alles van my persoonlike lewe af weet nie." Daarmee word dan gewoonlik bedoel dat as jy deel is van Twitter ander mense outomaties toegang tot jou persoonlike lewe het. Mense verstaan nie altyd dat jy in beheer is van wat jy bekend maak en wat nie.

Daar sal dus 'n hele opvoedingsproses rondom die gebruik van Twitter moet plaasvind om die negatiewe persepsies af te breek. Dit mag ook nodig wees om lidmate aan te moedig om by Twitter te registreer en daar kan selfs oorweeg word om 'n persoon wat kundig is in die hantering van Twitter te kry om die gemeentelede touwys te maak rondom die gebruik van die medium.

- Lidmate wat inkoop in die plan van aksie moet gehelp word om te verstaan hoe om die medium te gebruik. Vir baie mense is dit nie so ooglopend eenvoudig om die kommunikasie met Twitter sommer self te bemeester nie.
- Omdat dit by Twitter hoofsaaklik gaan om wie jy volg en wie jou volg, is dit belangrik om te konsentreer op die opbou van 'n groep volgelinge. Die gedagte dat dit gaan om volgelingskap laat mens onmiddellik dink aan Jesus wat telkens vir mense gevra het om hom te volg. Sweet reageer op hierdie gedagte met die opmerking: “The real question is not, would Jesus tweet? but, what would Jesus tweet? The Twitter question of “What are you doing?” has been replaced in my mind with “What is God doing?” and “Where do I see Jesus?” and “What am I paying attention to?” (Sweet 2012:65)

Op die Internet is daar verskeie persone wat wenke gee oor tegnieke om volgelinge te werf. Don Gilbert (<http://www.mastersofseo.com/author/admin/>, besoek op 30 Mei 2012) noem byvoorbeeld tien stappe wat gevolg kan word. In die tydskrif Social Media van 13 Oktober 2009 gee DS Clark raad (vgl <http://Internet-search-marketing.com/twitter-followers-how-to-create-a-large-following-in-a-matter-of-months.php>, besoek op 30 Mei 2012). Kathryn Vercillo noem twintig maniere om volgelinge te verkry (vgl <http://kathrynvercillo.hubpages.com/hub/20-Ways-to-Get-Followers-on-Twitter>, besoek op 30 Mei 2012). Ann Donnelly noem dertien metodes om volgelinge te verkry (vgl <http://www.searchenginejournal.com/how-to-get-twitter-followers/29960/>, besoek op 30 Mei 2012). Laura Hale skryf saam met sewe en vyftig ander helpers hieroor (vgl <http://www.wikihow.com/Get-More-Followers-on-Twitter>, besoek op 30 Mei 2012).

Hoekom Twitter? 'n Laaste woord hieroor van die kant van Coppedge:

By creating logical, simple ways for your folks to follow the kinds of things that they're interested in you'll start to see the value of Twitter take off exponentially. Eventually, your church can reduce the cost of expensive mailers, minimize (or eliminate) email spam from your ministries and increase attendance & involvement in the life of your church. Finally, as I've mentioned earlier, adding usage and metrics guidelines for Twitter is a good idea. Your communications team/ministry should include proper Twitter practices as part of your communications acceptable usage policy. (Coppedge, AD 2009:60)

Hoekom Twitter en nie net 'n gewone sms-diens nie? Twee groot faktore speel hier 'n rol: koste en effektiwiteit. 'n SMS-diens kan nogal 'n aardige bedrag kos indien dit op groot skaal gebruik word. Huidig kos dit omtrent 28 sent per sms (afhangende van die hoeveelheid wat met een transaksie gekoop word). Twitter is kosteloos. Wat effektiwiteit betref is mens met sms'e beperk tot die selfoonnommers tot beskikking. Met Twitter het mens 'n onbeperkte toegang tot persone wat die boodskap kan ontvang. Verder moet in ag geneem word dat mens met Twitter toegang het tot persone wat rekenaars sowel as selfone het terwyl mens met sms'e beperk is tot persone met selfone.

6.4.2.2. Facebook

Die ontstaan en verloop van Facebook tot hiertoe is niks minder nie as merkwaardig. Die sosiale netwerk is die handewerk van Mark Zuckerberg saam met sy studente kamermaats Eduardo Saverin, Dustin Moskovitz en Chris Hughes en is die besitting van en word beheer deur "Facebook, Inc." Alhoewel die naam van die netwerk vir 'n kort rukkie Facemash genoem was, (vgl <http://inventors.about.com/od/fstartinventions/a/Facebook.htm>, besoek op 30 Mei 2012) is dit later die naam "Thefacebook" gegee en uiteindelik bekend gestel as "Facebook". Dit is ontleen aan die naam van die boek wat by Harvard universiteit aan eerstejaar studente gegee is by inskrywing met die bedoeling om daarin inligting van ander studente beskikbaar te stel sodat onderlinge verhoudinge gebou kan word. Die aanvanklike bedoeling van Facebook was om die studente van die universiteit van Harvard (Cambridge, Massachusetts, VSA) deur middel van 'n Internet netwerk met mekaar in verbinding te bring met die oog daarop om op humoristiese wyse die foto's van studente met mekaar te vergelyk en dan te besluit wie is "hot" en wie is "not". "Mark Zuckerberg put his computer science skills to good use by hacking into Harvard's security network and where he copied the student ID images used by the dormitories and used them to populate his Facemash website." (vgl <http://inventors.about.com/od/fstartinventions/a/Facebook.htm> besoek op 30 Mei 2012). Die netwerk is egter gou uitgebrei na ander inrigtings in die omgewing van Boston, die Ivy League en Stanford Universiteit. So het dit algaande uitgebrei om ander universiteite in te sluit. In September 2005 is 'n hoërskole-weergawe bekend gestel. Daarna is dit ook vir ander maatskappye soos Apple Inc. en Microsoft beskikbaar gestel en op 26 September 2006 is dit oopgestel vir enige iemand wat ouer as dertien jaar is en oor 'n wettige e-posadres beskik. "However, according to a May 2011 Consumer Reports survey, there are 7.5 million children under 13 with accounts and 5 million under 10, violating the site's terms of service." (<http://en.wikipedia.org/wiki/Facebook>, besoek op 30 Mei 2012). In Januarie 2009 is Faceook aangewys as die sosiale netwerk wat die meeste deur gebruikers oor die hele wêreld maandeliks benut word. Volgens

Wikipedia het Entertainment Weekly onlangs die netwerk deel gemaak van die lys van “best-of” vir die einde van die afgelope dekade met die opmerking: "How on earth did we stalk our exes, remember our co-workers' birthdays, bug our friends, and play a rousing game of Scrabulous before Facebook?" (vgl <http://en.wikipedia.org/wiki/Facebook>, besoek op 30 Mei 2012).

Op 24 Oktober 2007 het Microsoft 1,6% van die aandele vir 'n bedrag van \$240 miljoen bekom wat aan Facebook 'n totale waarde van \$15 biljoen gegee het. “In November 2010, based on SecondMarket Inc., an exchange for shares of privately held companies, Facebook's value was \$41 billion (slightly surpassing eBay's) and it became the third largest U.S. Web company after Google and Amazon.” (vgl <http://en.wikipedia.org/wiki/Facebook>, besoek op 30 Mei 2012). DoubleClick het in 2011 bekend gemaak dat Facebook in Junie van daardie jaar een triljoen bladbesoekers gehad het wat dit die mees besoekte webwerf in die wêreld gemaak het. Op 17 Mei 2012 is aandele openbaar beskikbaar gestel teen 'n bedrag van \$38 per aandeel wat die maatskappy se waarde op \$104 biljoen geplaas het. Dit is die hoogste waardering van 'n nuwe publieke maatskappy tot datum. Tans is Facebook betrokke by die ontwerp van hardeware en hoop om teen 2013 sy eie slimfoon (smartphone) uit te bring.

Ten spyte van al die hoogtepunte wat bereik is, is dit ongelukkig ook so dat daar deur die loop van Facebook se bestaan ook verskillende negatiewe kritiek gekom het en verskeie regsdinge teen die maatskappy aanhangig gemaak is. Die ernstigste van hierdie sake is die aanklag teen Mark Zuckerberg dat hy sy idee by ander studente afgekyk en gesteel het. Dit word vertel dat Mark deur drie senior studente van Harvard naamlik Cameron Winklevoss, Tyler Winklevoss, and Divya Narendra genader is om te help met die ontwerp van 'n sosiale netwerk vir die studente en alumni wat HarvardConnections.com genoem sou word. In die verloop van hierdie proses het Mark klaarblyklik sy idee gekry om eers sy eie sosiale netwerk te ontwerp en dan voor te gee dat die ontwikkeling van HarvardConnections.com nie lewensvatbaar is nie. (vir detail van aantygings, vgl <http://www.businessinsider.com/how-facebook-was-founded-2010-3>, besoek op 30 Mei 2012). Die sake kon egter tot dusver telkens bevredigend geskik word.

Hoe werk Facebook? Persone wat Facebook wil gebruik, moet daarvoor registreer by www.facebook.com. By registrasie verskaf jy 'n gebruikersnaam wat jyself kies. Indien die gebruikersnaam reeds deur iemand anders benut word, sal dit onmiddellik bekendgemaak word en moet jy 'n ander een kies totdat dit uniek is. Saam met die gebruikersnaam kies jy ook 'n wagwoord. Hierdie gebruikersnaam en wagwoord word

dan gebruik om telkens wanneer jy op Facebook wil ingaan, in te teken. Sodra jy ingeteken is, is daar 'n hele verskeidenheid opsies wat jy kan uitoefen.

- Om ander Facebook gebruikers op te spoor, is betreklik maklik. Op die blad is daar aan die bokant ruimte vir die insleutel van iemand se naam en/of van wat dan op die internet gesoek sal word. Uit die lys persone wat dan aangebied word, kan gekies word watter persone jy graag deel van jou “vriendekring” wil maak. Aan hulle word outomaties 'n versoek gestuur waarin gevra word of hulle jou vriendskap wil aanvaar of nie.
- Die “vriende” wat jy lys kan in verskillende groepe of kategorieë verdeel word.
- Jy kan op “vriende” se persoonlike Facebook blaaie ingaan (indien jy toegelaat word) en gaan kyk wat daar gepubliseer is. Op verskillende maniere kan jy dan op daardie publikasies 'n opmerking maak en net aantoon dat jy hou van wat jy daar sien. Dit is baie interessant dat jy nie kan aandui dat jy nie van iets hou nie behalwe as jy 'n negatiewe opmerking skryf.
- In jou eie Facebook-blad kan jy sekere verstellings insit wat volgens jou keuse aan mense toestemming verleen om op jou Facebook in te gaan. Jy kan net sekere persone toelaat of jy kan alle mense toelaat om jou Facebook te lees.
- Deur middel van jou blad kan jy boodskappe neerskryf, foto's publiseer, skakels na ander webblaaie noem en selfs video materiaal oplaai. Veral die funksie om foto albums aanlyn aan ander te kan toon, is baie populêr. Daar is ook ander netwerke soos Photobucket en Flickr wat mens toelaat om foto's op te laai, maar hulle beperk die gebruiker met die aantal foto's wat benut kan word terwyl Facebook sy gebruikers toelaat om tot 200 foto's in een album te publiseer. “The website is the most popular for uploading photos, with 50 billion uploaded cumulatively.” (<http://en.wikipedia.org/wiki/Facebook>, besoek op 30 Mei 2012).
- Jy kan ook vanuit ander webblaaie artikels of ander inhoud deel (share) met persone deur 'n skakel uit daardie webblad na jou eie Facebook-blad.
- Jy kan ook in jou eie blad aantoon dat jy sekere ander persone se blaaie (pages) volg sodat wanneer iets op daardie persoon se blad verskyn, dit ook na jou blad gestuur word. In hierdie opsig werk dit baie soos die volgfunksie van Twitter.
- Van die nuutste ontwikkelings op Facebook is 'n kalender funksie wat die gebruiker toelaat om sekere gebeure op kalender aan te teken en ander gebruikers die moontlikheid bied om dit op hulle rekenaar kalenders af te laai.
- Sedert April 2011 is dit ook moontlik om lewendige stem oproepe via “Facebook Chat” te kan maak. “This feature, which is provided free through T-Mobile's new Bobsled service, lets the user add voice to the current Facebook Chat as well as

leave voice messages on Facebook.” (<http://en.wikipedia.org/wiki/Facebook>, besoek op 30 Mei 2012).

- Sedert 6 Julie 2011 het Facebook ook 'n video oproep funksie moontlik gemaak. Hiervoor word die bekende Skype tegnologie gebruik.
- Om die gebruik van Facebook nog makliker te maak, is op 6 Maart 2012 'n applikasie genoem “Messenger for Windows” bekend gestel. Dit stel mense met Windows 7 as gebruikers sisteem op hulle rekenaars in staat om sekere Facebook dienste te benut sonder om web soekgereedskap (browser) te gebruik.

Van al hierdie funksies moet deeglik kennis geneem word aangesien Facebook tans beskou word as die mees populêre sosiale netwerk. In Mei 2012 was die lande met die meeste Facebook gebruikers soos volg: die VSA met 157,3 miljoen, Brasilië met 47.0 miljoen, Indië met 46,3 miljoen, Indonesië met 42,2 miljoen en Mexiko met 33,1 miljoen. Dit het dan ook die afgelope paar jaar verskeie pryse wêreldwyd gewen soos onder andere “placement into the “Top 100 Classic Websites” by PC Magazine in 2007, and winning the “People's Voice Award” from the Webby Awards in 2008. In 2010, Facebook won the Crunchie “Best Overall Startup Or Product” for the third year in a row and was recognized as one of the “Hottest Silicon Valley Companies” by Lead411” (<http://en.wikipedia.org/wiki/Facebook>, besoek op 30 Mei 2012).

Die belangrike vraag is egter watter betekenis dit vir die kerklike bediening inhou en dan veral vir missionale kerk-wees? Hier moet steeds ingedagte gehou word dat ons leef in 'n tyd waarin dit vir mense verskriklik belangrik geword het om via 'n netwerk met mekaar verbind te word. Facebook beïnvloed die sosiale lewe en aktiwiteite van mense op verskillende maniere. Omdat dit ook op mense se selfone beskikbaar is, word mense in staat gestel om deurlopend met familie, vriende en ander persone in verbinding te bly ongeag waar hulle ook al in die wêreld mag wees en toegang tot die internet het. Dit verenig mense met gemeenskaplike belange en/of geloofsoortuigings. Dit is bekend daarvoor dat dit al gehelp het om verskeie persone wat van mekaar oor die jare vervreem het, weer met mekaar in verbinding te laat kom. Op Wikipedia word die verhaal van John Watson vertel wat na twintig jaar wat hy na sy vervreemde dogter gesoek het, weer met haar in aanraking kon kom. Nog so 'n vader-dogter hereniging was dié van Tony Macnauton en Frances Simpson wat mekaar na bykans 48 jaar weer via Facebook ontdek het. Niemandt noem twee gevalle wat hierdie behoefte onderstreep:

Two events underlined this ability to form real community and build relations. A colleague with whom our team of pastors have the best of personal relations chose Facebook to announce the fact that she was in a newfound relationship.

The good news was posted on Facebook before she informed us of the love of her life! When a student at the Faculty of Theology was in a serious car accident (he subsequently died) a grieving Facebook community of more than 1400 formed within days. (Niemandt 2012:9)

Hieroor het Sweet 'n baie interessante opmerking verwysende na Heb 12: “Googlers don’t approach the “cloud of witnesses” truth as an interesting idea or novel theory. They apply it to their lives, nearly every waking moment. How? Through social networking. Facebook can be a digital form of the “great cloud of witnesses.” (Sweet 2012:158)

Hy meen dat Facebook ook die naam “Flatbook” sou kon genoem word aangesien dit oor die vermoë beskik om die wêreld waarin ons leef plat te maak. “Facebook can burn to the ground the barriers that keep people apart. The 800 million people (and counting) who use Facebook are not there to recruit members to their silo; they are there to connect with a diverse, international, democratic array of individuals.” (Sweet, 2012:161) omdat dit so is, het dit in die verlede al gehelp met die loods van politieke veldtogte en veral in die loodsing van noodlenigings veldtogte. Sweet beklemtoon die belang van verhoudings tussen mense. Deur middel van die massamedia kan hierdie behoefte aan verhoudings bevredig word al is dit dan net verhoudings via 'n onsigbare netwerk. “Relationships have become the most valuable, most important form of cultural capital in our globalized world... The social-networking generation is sold out to relationships... Relationships drive us, and the best thing in life is to find a relationship with God” (Sweet 2011: Kindle ed, loc 811-814, 3405-6)

Met bogenoemde alles as agtergrond kan gelet word op die manier hoe Facebook funksioneer en in die kerklike bediening benut kan word as missionale bedienings-instrument. Sweet vra ook die vraag: “The opportunity to gain exposure for a message has never been greater, and that should hold an irresistible attraction for Christians, Christian ministries, and the church at large. Micro media is now mass media, but how is it being used for God’s kingdom?” (Sweet 2012:26)

Hy vra die vraag veral in die lig van sy opmerking: “Relationship is foundational to all evangelization, and people find and experience biblical truth in relationship” (Sweet 2011: Kindle ed, loc 746) Alhoewel ons in 'n tyd leef waarin enige mens toegang het tot 'n magdom van inligting en terwyl dit moontlik is om meer as ooit te vore dogmatiese feite en teologiese antwoorde oor belydenis kwessies te bekom deur middel van gepubliseerde werke en veral die internet, is dit tog opvallend dat mense al minder belangstel in ortodoksie en al meer behoefte het aan warmte deur middel van kontak met ander al is dit dan ook net deur 'n sosiale netwerk. Orto-praksie is aan die orde van

die dag. Geloof is nie 'n probleem wat opgelos moet word nie en ook nie 'n vraag wat beantwoord moet word nie, maar 'n misterie wat geleef en met mekaar gedeel moet word. (vgl Sweet 2011: Kindle ed, loc 299) Hiermee kan Facebook geweldig baie help.

Die volgende moontlikhede word kortliks genoem:

- Soos hierbo die geval is met Twitter kan Facebook eweneens benut word om met gemeentelede kontak te maak met die oog op bekendmaking van inligting in verband met byeenkomste, aktiwiteite en vergaderings binne die gemeente. Die voordeel van Facebook is egter dat dit byna onbeperkte ruimte vir die lengte van sulke boodskappe laat en dit ook moontlik maak om foto's en ander grafika in die boodskap te inkorporeer. Dit beteken dat baie meer detail oor die geleentheid gegee kan word. Een voorbeeld van die gebruik van Facebook op hierdie manier is die twee inskrywings op die Facebook blad van die NGK Ventersdorp-Oos. Op 28 Mei 2012 staan die inskrywing: "Roudiens vir Oom Bill Woest Woensdag 30 Mei 11:00 uit Oos gemeente en Theuns Lourens Vrydag 1 Junie om 11:00 uit Oos gemeente. Ds Gerrit." En op 31 Mei 2012 die inskrywing: "SAVF ouetehuis basaar Saterdag vanaf 08:30. Kom ons ondersteun hulle. Ilze en haar span doen regtig baie goeie werk en het ons hulp nodig om die pot aan die kook te hou. As die Here dit op jou hart lê om 'n donasie te maak, inbox ons net asb. Ds Gerrit." (<http://www.facebook.com/ngkerk.ventersdorpoos>, besoek op 30 Mei 2012.)
- As pastorale hulpmiddel kan Facebook gebruik word om mense te bemoedig en vertroos of selfs geluk te wens en te ondersteun met gebeurlikhede in iemand of 'n groep mense se lewens. Sweet meen dat Facebook 'n groot rol te speel het in die ondersteuning en opbou van ouers met die opvoedingstaak van hulle kinders met die gevolg dat "Surprisingly, kids today feel closer to their parents than was true of any generation in the twentieth century. Facebook and other TGIF media do more to build and broaden family ties than quash them." (Sweet 2012:174)
- Een van die groot voordele van Facebook is die feit dat dit veral bedoel is om interaktief met ander mense gesprek te voer, hetsy lidmate of enige iemand anders. Sweet vertel van so 'n benutting: "I have a youth-ministry friend who claims that almost overnight, Facebook has become "the most important tool that I own." He may have a couple dozen kids show up on Sunday evening. But during the week he will have Facebook conversations with two or three times that number of kids." En voeg verder daarby: "In other words, the more we use Facebook, the more we find ourselves in the faces of each other and the more we find God in face-to-face interface." (Sweet 2012:161 & 163) Vroeër is reeds geskryf oor die behoefte by vandag se postmoderne mens om interaktief by 'n netwerk van mense ingeskakel te wees. Die kerk het dus die keuse om deur middel van Facebook hierdie behoefte te bevredig of om toe te sien dat 'n

generasie verloor word vir die toekoms. (vgl Sweet 2012:197). Met interaktief bedoel Sweet dan “someone’s participation has the ability to shape the content of the experience itself”.

- Omdat die stuur van boodskappe met of sonder grafika daarby nie beperk is tot gemeentelede nie, maar letterlik publiek beskikbaar gestel kan word, het Facebook groot waarde om juis missionale kerk-wees te dien. Deur middel van Facebook kan die kerk ‘n groot rol speel om die koninkryk van God in hierdie wêreld gestalte te laat kry. “If Jesus were here today (which he is), he would run to embrace people in these new social spaces. Jesus taught us to be “in” the world, whatever that world is, but not “of” the world, or “out of it” either. Christians are always standing at an angle to their age.” (Sweet 2012:53) Byers en Stockdale gee tien wenke hoe om 'n gemeente se Facebook blad so aan te bied dat dit optimale waarde het as missionale bedienings instrument. (Byers en Stockdale :Kindle ed, loc 8-88)

6.4.2.3. Podcasts

In Wikipedia word Podcasts soos volg verduidelik:

A podcast is a type of digital media consisting of an episodic series of audio files subscribed to and downloaded through web syndication or streamed online to a computer or mobile device. The word is a neologism derived from "broadcast" and "pod" from the success of the iPod, as podcasts are often listened to on portable media players. (<http://en.wikipedia.org/wiki/Podcast>, besoek op 7 Junie 2012)

Die term “Podcast” is vir die eerste keer deur Ben Hammersley gebruik in 'n artikel in die koerant “The Guardian” in Februarie 2004. Dit is 'n elektroniese medium wat oudio lêers deur middel van die internet gratis beskikbaar stel aan gebruikers met rekenars of selfs selfone van die nuwer generasie wat normaalweg as slimfone (smart phones) bekend staan. Dit is nie tegnologie wat aan iemand spesifiek behoort nie, maar wat beskikbaar is vir enige iemand om oudio lêers op te laai na die internet en ook af te laai vir eie benutting. “It is very much a horizontal media form: producers are consumers and consumers become producers and engage in conversations with each other.” (<http://en.wikipedia.org/wiki/Podcast>, besoek op 7 Junie 2012).

Verskillende individue en groepe soos onder andere Dawn en Drew van “The Dawn and Drew Show”, Kris en Betsy Smith van “Croncast and Dan Klass of The Bitterest Pill” het bygedra tot die bekendstelling en popularisering van die medium. VJ Adam Curry word beskou as die persoon wat na vore gekom het met die idee om oudio teks via die internet op draagbare media spelers beskikbaar te stel. Saam met sagteware ontwikkelaar, Dave Winer, het hy 'n program genoem “iPodder” ontwerp. Dit het hom in staat gestel om direk van die Internet af radioprogramme af te laai na sy iPod-speler. Verskeie ontwikkelaars het

die idee verder ontwikkel (vgl <http://computer.howstuffworks.com/internet/basics/podcasting.htm>, besoek op 7 Junie 2012). So is die “iPodderX” deur August Trometer en Ray Slakinski ontwikkel. Hierdie nuwe tegnologie sou mettertyd die plek inneem van wat vroeër op die radio as gespreksprogramme uitgesaai is. In Junie 2005 het Apple iTunes 4.9 bekend gestel met die oog op die aflaai en luister na Podcast lêers. Later sou ook ander produkte die lig sien met dieselfde doel in gedagte. Hieronder is onder andere GodCast, Podcast Realty, GuidePod, Pod-Casting, MyPod, Podvertiser, Podango, ePodcast, PodCabin, Podcaster, PodcastPeople, PodShop, PodKitchen, Podgram, GodPod en Podcast. Naas oudio lêers het dit later ook moontlik geword om video’s op dieselfde manier via die internet beskikbaar te stel.

An enhanced podcast can display images simultaneously with audio. These can contain chapter markers, hyperlinks, and artwork; all of which is synced to a specific program or device... Enhanced podcasting is considered to be a very practical way to present information. This new technological phenomenon is becoming more prominent in schools, universities and businesses; as it is an efficient way to present school and university lectures, slide shows, video clips, and other presentation materials of the like. (vgl <http://en.wikipedia.org/wiki/Podcast>, besoek op 7 Junie 2012)

Hierdie tegnologie maak dit dus vir enige iemand met 'n rekenaar moontlik om self “a radio disc jockey, talk show host or recording artist” (<http://computer.howstuffworks.com/internet/basics/podcasting.htm>, besoek op 7 Junie 2012) te word. Omdat dit 'n gratis diens is wat vir publieke gebruik beskikbaar gestel word, beteken dit dat ook die kerk en met name gemeentes van hierdie diens gebruik kan maak om op missionale manier die koninkryk van God te dien. In baie gemeentes word eredienste op klankbane vasgelê. Daar is ook talle gemeentes wat elke erediens beeldsend sodat ouers in moederskamers of lidmate wat in aangrensende geboue op die erediens inskakel die prediker kan sien. Hierdie materiaal sou vir baie wyer gehore beskikbaar gestel kan word indien dit via podcasts op die internet opgelaaai kan word. Deur dit te doen kan enige iemand oor die hele aardbol tot hierdie lêers toegang hê. Op so 'n manier kan die Evangelie wyd versprei word. Selfs die Bybelskool en kleingroep materiaal wat in gemeentes gebruik word, sou op hierdie manier tot die lidmate en ander mense buite die grense van die gemeente beskikbaar gestel kan word. Dink net wie almal daardeur bereik kan word en watter impak dit op die uitbreiding van die koninkryk van God kan hê. En dit alles kosteloos.

6.4.2.4. LinkedIn

LinkedIn is 'n sosiale netwerk webblad vir mense met professionele beroepe. Die firma met dieselfde naam is in Desember 2002 gestig deur Reid Hoffman en 'n span wat lede is van PayPal en Socialnet.com (Allen Blue, Eric Ly, Jean-Luc Vaillant, Lee Hower,

Konstantin Guericke, Stephen Beitzel, David Eves, Ian McNish, Yan Pujante, and Chris Saccheri) en vrygestel in Mei 2003. Op 9 Februarie 2012 was daar meer as 150 miljoen geregistreerde gebruikers volgens die firma se eie verslag. (vgl <http://en.wikipedia.org/wiki/LinkedIn>, besoek op 3 Julie 2012).

Die webblad funksioneer op dieselfde manier as Facebook behalwe dat dit hoofsaaklik deur professionele persone binne die konteks van hulle beleweniswêreld benut word. Daarom sal persone dit ook benut om ander beroepsgeleenthede te soek en hulleself aan te bied vir poste. Aangesien predikante ook as professionele beroepslui erken word, bied hierdie webblad 'n gulde geleentheid vir geestelike insette en beïnvloeding deur positiewe prinsipiële waardes te kommunikeer. Dit is 'n wonderlike geleentheid.

6.4.2.5 Werfjoernale

'n Werfjoernaal is 'n “discussion or information site published on the World Wide Web consisting of discrete entries (“posts”) typically displayed in reverse chronological order so the most recent post appears first.” (<http://en.wikipedia.org/wiki/Blog>, besoek op 10 Julie 2012). Tot die jaar 2009 was so 'n werfjoernaal gewoonlik die werk van een persoon of dié van 'n klein groepie persone. Gewoonlik was op een tema gefokus. Meer onlangs het “multi-author blogs” (MABs) die lig gesien met inskrywings deur 'n groot groep outeurs wat ook professioneel geredigeer word. “MABs from newspapers, other media outlets, universities, think tanks, interest groups and similar institutions account for an increasing proportion of blog traffic. The rise of Twitter and other “microblogging” systems helps integrate MABs and single-author blogs into societal newstreams. Blog can also be used as a verb, meaning to maintain or add content to a blog.” (<http://en.wikipedia.org/wiki/Blog>, besoek op 10 Julie 2012)

Die term “weblog” was uitgedink deur Jorn Barger op 17 Desember 1997. Die korter weergawe “blog” is weer deur Peter Merholz gevorm deur grappenderwys die woord weblog te verdeel in twee woorde “we blog” in die kantlyn van sy werfjoernaal Peterme.com in April of Mei 1999. Kort daarna het Evan Williams by Pyra Labs die woord “blog” as beide werkwoord en selfstandige naamwoord gebruik (“to blog,” meaning “to edit one's weblog or to post to one's weblog”) (<http://en.wikipedia.org/wiki/Blog>, besoek op 10 Julie 2012). So het die term “Blog” algaande meer populêr geword.

'n Tipiese werfjoernaal bestaan gewoonlik uit 'n kombinasie van teks, foto's, skakels na ander werfjoernale en webblaaie, musiek in die vorm van mp3-lêers en selfs video's. Die aanvanklike bedoeling met werfjoernale was om 'n soort dagboek oor jou lewe te hou. Deesdae word dit baie gebruik om standpunte oor sekere sake bekend te maak, bemerking van artikels en projekte te doen en bekendstelling van gebeure. Inskrywings word gewoonlik in chronologiese volgorde van die nuutste tot die oudste geplaas sodat die

jongste inskrywings gewoonlik eerste gelees kan word. Dit is meesal interaktief met die bedoeling dat ander mense op iemand se werfjoernaal opmerkings kan maak en so kommentaar oor die ter sake inligting kan lewer. Dit het moontlik geword omdat die vroeëre vereiste om internet-taal soos HTML te gebruik om teks op die internet te plaas nie meer nodig is nie.

Wurfjoernale kan 'n geweldige invloed hê op die verloop van 'n bepaalde saak. Een so 'n voorbeeld is die gebeure in 2002 rondom Trent Lott, meerderheidsleier in die VSA Senaat. Tydens 'n geselligheid ter ere van Senator Strom Thurmond het Trent Lott die senator geprys deur te suggereer dat die VSA beter daaraan toe sou wees indien Thurmond as president gekies was. Alhoewel hierdie opmerkings in die openbaar gemaak is, het geen media daarvoor verslag gedoen nie. Nadat "bloggers" egter die storie via die internet versprei het, het politieke krisis ontstaan wat uiteindelik daartoe gelei het dat mnr Lott geforseer is om terug te staan as meerderheidsleier. Teen die jaar 2004 het politici hulle toenemend daarop toegelê om werfjoernale te gebruik om menings te vorm. Hierdie manier van doen word deesdae versterk deur die gelyktydige benutting van Twitter wat in der waarheid 'n mini-wurfjoernaal is.

Met verloop van tyd het verskillende soorte werfjoernale die lig gesien. So is daar byvoorbeeld persoonlike werfjoernale (die oorspronklike bedoeling), werfjoernale van organisasies, werfjoernale volgens sekere genres en soorte media. Verskillende soorte soekgereedskap kan gebruik word om na spesifieke werfjoernale op internet te soek. Omdat werfjoernale in die openbaar groot effek op mense, insluitende die skrywer self, kan hê, het Tim O'Reilly met die idee na vore gekom dat 'n etiese kode ontwerp moet word vir skrywers van werfjoernale. "The idea of the code was first reported by BBC News, who quoted O'Reilly saying, "I do think we need some code of conduct around what is acceptable behaviour, I would hope that it doesn't come through any kind of regulation it would come through self-regulation." (<http://en.wikipedia.org/wiki/Blog>, besoek op 10 Julie 2012). O'Reilly het saam met ander met sewe punte na vore gekom as deel van die etiese kode:

- "Take responsibility not just for your own words, but for the comments you allow on your blog.
- Label your tolerance level for abusive comments.
- Consider eliminating anonymous comments.
- Ignore the trolls.
- Take the conversation offline, and talk directly, or find an intermediary who can do so.
- If you know someone who is behaving badly, tell them so.

- Don't say anything online that you wouldn't say in person.” (<http://en.wikipedia.org/wiki/Blog>, besoek op 10 Julie 2012)

Soos met ander sosiale media is dit ook die geval met werfjoernale: dit het 'n integrale deel van die aanlyn kultuur geword. “Practically everyone reads blogs now, whether they're “official” news blogs associated with traditional news media, topic-based blogs related to one's work or hobbies, or blogs purely for entertainment, just about anyone you ask has at least one favorite blog.” (<http://www.webdesignerdepot.com/2011/03/a-brief-history-of-blogging/>, besoek op 10 Julie 2012). Of die kerk en gemeentes dit wil weet of nie, dit is die manier hoe mense met mekaar in aanraking kom en inligting uitruil of opinies lig. Hoe gouer die kerk en haar gemeentes iets daadwerkliks daaraan doen om ook via werfjoernale met lidmate en deur lidmate met die gemeenskap te kommunikeer, hoe gouer sal die kerk ook langs hierdie weg missionale invloed op die gemeenskap kan uitoefen en relevant bly in die tyd waarin ons vandag leef.

6.5. Samevatting

In hierdie hoofstuk is aangetoon dat die Internet deel is van die dinamies veranderende wêreld waarin die kerk vandag moet funksioneer. Dit bied aan die kerk geweldige moontlikhede om via die sosiale media en veral die gemeente se webblad lidmate asook alle ander mense missionaal te bedien. So word die Internet uiteindelik in die hand van die kerk 'n missionale bedieningsinstrument wat geen grense ken nie.

7. DIE GEMEENTE SE WEBBLAD

Die legkaart van die studie is stadig maar seker besig om voltooi te word. Tot dusver het elke stukkie daarvan in plek gekom. Van die eerste stukkie wat gehandel het oor die aard van God se koninkryk en ontdek is dat dit die sentrum van die hele legkaart vorm en die middelpunt is waarom alles draai, tot die laaste stukkie wat nou gaan om die benutting van die gemeente se webblad as missionale bedieningsinstrument om aan hierdie koninkryk van God in hierdie wêreld gestalte te gee. Dit sluit aan by die ander stukkie wat hierbo uiteengesit is naamlik die missionale roeping van die kerk, die postmoderne konteks waarbinne hierdie roeping gestalte moet kry en die een uitstaande kenmerk van die dinamies veranderende samelewing waarbinne die Internet as eietydse kommunikasie-sisteem 'n geweldige groot rol speel.

Laasgenoemde vyf punte (6.4.2.1 tot 6.4.2.5) het gehandel oor verskillende maniere van kommunikasie via die Internet wat deur middel van rekenaars asook selfone benut kan word om dwarsoor die wêreld met ander mense in verbinding te tree en boodskappe deur te gee. Hierdie manier van doen word onder die gesamentlike noemer van “sosiale netwerke” gegroepeer. Daarvoor is daar programme ontwerp wat dit vir enige persoon met die nodige hardeware moontlik maak om sonder spesifieke opleiding of kwalifikasie maklik te kommunikeer. Enige iemand kan dus net sy/haar boodskap intik en dit wegstuur.

Wanneer ons nou kom by die webblad is dit egter heeltemal 'n ander situasie. Anders as met die sosiale kommunikasie style is webblaie veel meer gekompliseerd en ook van 'n baie groter omvang. Soos reeds aangetoon staan die twee kommunikasie gebeure nie los van mekaar nie, maar is ten nouste aan mekaar verbind en komplimenteer die een die ander. Om 'n beeld te gebruik om die verband tussen die twee te probeer verduidelik sou mens kon sê dat 'n webblad soos 'n lugmagbasis is waar 'n verskeidenheid verskillende vliegtuie kan land, weer herlaai aan goedere, mense en brandstof en dan weer vertrek na verskillende ander bestemmings. Die lugmagbasis bly egter die konstante waar telkens heen teruggekeer kan word om die vliegtuig te versien, op te dateer en gereed te maak vir 'n volgende vlug. Dit beteken ook dat by so 'n lugmagbasis al die verskillende vliegtuie, passasiers, goedere en personeel se behoeftes in ag geneem moet word en deur 'n effektiewe infrastruktuur ondersteun moet word. Dit is egter die begin van 'n netwerk wat dwarsdeur die hele land en die hele wêreld 'n invloed het.

Met hierdie beeld in gedagte moet dus hier besef word dat 'n webblad veel meer is as maar net die kommunikasie van 'n bepaalde boodskap aan iemand. Daarom kan mens ook verstaan dat dit hier om veel meer gaan as maar net die benutting van een soort sagteware program. Leiner maak die volgende belangrike opmerking deur te sê: “The

Internet is as much a collection of communities as a collection of technologies, and its success is largely attributable to both satisfying basic community needs as well as utilizing the community in an effective way to push the infrastructure forward.” (Leiner et al, 2010: <http://www.internetsociety.org/internet/internet-51/history-internet/brief-history-internet>, besoek op 9 November 2010). In 'n webblad word die gemeenskap se belange gedien deur die benutting van 'n verskeidenheid van tegnieke en kommunikasiestyle. Alhoewel die aanvanklike bedoeling vir die ontwikkeling van die Internet nie bedoel was om alle gemeenskappe oor die hele wêreld met mekaar in verbinding te bring nie, het die ontwikkeling van die verskillende tegnologieë in die uitbouing van die Internet tot gevolg gehad dat die hele wêreld letterlik vandag via Internet met mekaar in kontak kan kom. Hierdie potensiaal word dan ook veral deur die ontwerp van 'n webblad deur instansies, organisasies, besighede, individue en watter ander entiteit mens ook aan kan dink, benut om met die wêreld daar buite te kommunikeer. Dit is so omdat die webblad nie net gaan om een bepaalde boodskap nie, maar gebruik word om die volle verskeidenheid van sake rakende die eienaar daarvan te omvat.

With the internet, you can: improve your church's communication quickly, easily, and inexpensively; empower lay volunteers for active participation; minister to people at any time and in any place; connect people in caring community; allow your sermons, devotions, and Bible studies to continue to minister for years to come; and expand your ministry to reach people around the world. (Stephenson, 2011: Kindle ed, loc 133-37)

Omdat die Internet so 'n integrale deel van mense se leefwêreld geword het, verwag hulle dat organisasies, instellings en helaas ook gemeentes oor 'n webblad sal beskik. Om nie ten minste oor die mees basiese webblad te beskik nie, is so goed as om nie die organisasie in die telefoongids te lys nie of om nie 'n naambord voor die instansie se adres aan te bring nie. “For example, we want our church webpages intermingled with links to the sin-filled webpages because people who go to an internet search engine looking for meaning or answers or fun will perhaps click our website link instead of others. We ought to be where people in need are, and many of them are on the internet..” (Stephenson, 2011: Kindle ed, loc 189-91)

Die eerste webblad het op 6 Augustus 1991 in die Switserse Alpe by 'n fasiliteit van CERN die lig gesien en is ontwerp deur die toe 36-jarige fisikus met die naam van Tim Berners-Lee.

Sir Timothy John "Tim" Berners-Lee, OM, KBE, FRS, FEng, FRSA (born 8 June 1955), also known as "TimBL", is a British computer scientist, MIT professor and the inventor of the World Wide Web. He made a proposal for an information

management system in March 1989 and on 25 December 1990, with the help of Robert Cailliau and a young student at CERN, he implemented the first successful communication between a Hypertext Transfer Protocol (HTTP) client and server via the Internet. (http://en.wikipedia.org/wiki/Tim_Berners-Lee, besoek op 17 Julie 2012)

Hierdie eerste webblad was uit die aard van die saak 'n baie basiese blad en het hoofsaaklik ten doel gehad om die inligting deur te gee rondom die ontwikkeling van die www-projek waarmee hulle besig was. Die adres van die eerste blad was <http://info.cern.ch/hypertext/WWW/TheProject.html> en hoewel hierdie blad lankal nie meer op die Internet verskyn nie, kan die voorkoms daarvan nog gesien word deur in te gaan op <http://www.w3.org/History/19921103-hypertext/hypertext/WWW/TheProject.html>. (vgl <http://www.wired.com/geekdad/2011/08/world-wide-web-20-years/>, besoek op 17 Julie 2012). Aan die hand van hierdie blad kon lesers van destyds meer leer aangaande “hypertext”, die rekenaartaal wat nodig is om webblaaie te ontwerp. Hulle kon ook leer hoe om op die Internet te soek na inligting. Mens moet natuurlik in ag neem dat die enigste mense wat destyds toegang tot die Internet via soeker sagteware gehad het, was Berners-Lee en sy kollegas by CERN. Die res van die wêreld was dus onbewus van hierdie grootse gebeurtenis wat die hele wêreld se kommunikasie nog radikaal sou beïnvloed. Gelydelik het die oprigting van soek fasiliteite op die Internet uitgebrei. In 1993 met die vrystelling van die “Mosaic” soek program het hierdie hele saak 'n groot hupstoot gekry.

In 1994, Berners-Lee founded the World Wide Web Consortium (often referred to as “W3C”) at MIT in order to create standards for the web to ensure that different websites would all work the same way. Berners-Lee, now 56, is still the director of the W3C, in addition to several other positions he holds. While there are and surely always will be some deviations from the standards by many websites and browsers, it’s not a stretch to say that the web as we know it would probably not exist if not for the W3C’s guidance. (<http://www.wired.com/geekdad/2011/08/world-wide-web-20-years/>, besoek op 17 Julie 2012).

In 2004 is Berners-Lee deur koningin Elizabeth II tot ridder geslaan vir die baanbrekerswerk wat hy verrig het. In April 2009 is hy gekies as buitelandse verteenwoordiger van Brittanje in die VSA se Nasionale Akademie vir Wetenskap.

Vandag vir die meeste Internet gebruikers is dit nou, twintig jaar later, bykans onmoontlik om te dink dat daar 'n tyd was wat mens nie via webblaaie op die Internet met die wêreld kon kommunikeer nie. Dit is ook onmoontlik om jou voor te stel hoe die wêreld sou wees as hierdie ontwikkeling nie plaasgevind het nie. Daarby is dit ook ondenkbaar hoe die wêreld daar gaan uitsien oor nog twintig jaar met die vinnige uitbreiding van Internet kommunikasie soos ons dit nou ervaar.

•Wat die webblad soveel anders maak as al die genoemde massa media is die feit dat dit met baie groter sorg ontwerp en in stand gehou moet word. Waar die ander massa media deur enige iemand gebruik kan word deur net 'n boodskap in te tik of 'n foto en/of video op te laai omdat die nodige sagteware daarvoor reeds ontwerp is, moet die webblad deur kundiges opgestel word. Daar is wel sagteware soos Wordpress beskikbaar wat dit moontlik maak dat onopgeleide mense 'n webblad kan opstel, maar dit het baie beperkings. Vir die ontwerp van 'n webblad is kennis van “hypertext” nodig. Hiervoor word programme soos Adobe Dreamweaver, iWeb, Frontpage en NetObjects Fusion, om net 'n paar te noem, gebruik. Hierdie programme stel die ontwerper in staat om die nodige kodes van die “HTML” (HyperText Markup Language) of “XHTML” (Extensible HyperText Markup Language), “CSS” (Cascading Style Sheets), “JavaScript” en ander te hanteer in die ontwerp en in standhouding van webblaaie. In die volgende bespreking moet steeds onthou word dat 'n missionale ekklesiologie as uitgangspunt hier geld. Daar sal dus telkens hierna verwys word en gepoog word om aan te toon hoe die webblad as bedieningsinstrument die missionale roeping van kerke wees komplimenteer. By elkeen van die volgende stappe moet ook steeds onthou word dat in die proses van ontwerp van die webblad die volgende vyf vrae beantwoord moet word:

- Word die Woord van God suiwer verkondig?
- Bou dit die mens wat die tempel van die Heilige Gees is op of breek dit af (fisies, psigies en spiritueel)?
- Watter effek het dit op die “swakker” gelowige en op die nie-Christen: opbouend of afbrekend?
- Word die wil van God deurgaans gehandhaaf en as hoogste fokus gehoorsaam?
- Word God verheerlik? Met ander woorde, kan God se seën met 'n skoon gewete afgebid word?

Omdat 'n webblad so omvattende kommunikasie-middel is en met sorg beplan moet word, word die volgende elemente bespreek.

7.1. Spanwerk

In aansluiting by wat reeds gesê is by 10.4.1 oor die Diensgroep vir Kommunikasie word hier ten opsigte van die webblad beklemtoon dat dit belangrik is om 'n span benadering vir hierdie Internet bediening te volg. Hierdie span vorm dan 'n onder afdeling van die Diensgroep vir Kommunikasie. Dit beteken dat 'n verteenwoordiger van die span deel moet uitmaak van die Diensgroep en dat nie al die lede van die span dus ook op die Diensgroep dien nie. Omdat die webblad 'n hele verskeidenheid van bedieningselemente hanteer, is dit nodig om 'n groep mense wat op die verskillende elemente kan konsentreer

te gebruik vir die effektiwiteit van hierdie bediening. Stephenson maak die volgende opmerking:

An effective and sustained internet ministry requires teamwork for two main reasons. First, growing and maintaining the website takes a lot of time—people must gather, create, organize, edit, and post the content. And, people must research technical details and implement solutions. Second, internet ministry requires many different skills and gifts, and God does not stuff all these gifts into one person. God created us to be interdependent. (Stephenson 2011:Kindle ed, loc 302-305)

Omdat die grootte van gemeentes en die hoeveelheid asook verskeidenheid van aktiwiteite verskil, is dit moeilik om 'n vaste getal vir hierdie span te noem. In elke geval sal seker gemaak moet word dat al die aktiwiteite en kategorieë van die gemeente verteenwoordig word. Dit beteken ook nie dat daar een persoon van elke aktiwiteit in die span moet wees nie. 'n Span wat te groot is, is ook nie prakties nie en kan te lomp funksioneer. Die ideaal is waarskynlik om hoogstens drie tot vyf persone in so 'n span te hê. Een persoon sal dus meer as een belang moet verteenwoordig. Wat van groot belang is, is dat ten minste een persoon deeglike kennis van webblad ontwerp sal hê. So 'n persoon moet die tegniese versorging hanteer. Dit is van kardinale belang dat die lede van die span werklik 'n passie vir die saak aan die dag sal lê. Uiteindelik gaan dit nie om net nog 'n aktiwiteit van die gemeente nie, maar om die uitbreiding van God se koninkryk. Die spanlede moet saam met 'n Paulus van ouds kan sê: “Die liefde van Christus dring ons.” (2 Kor 5:14). Stephenson maak die volgende belangrike opmerking: “Value the people on your team more than the task of building your website.” (Stephenson 2011: Kindle ed, loc 2930-31)

7.2 Versameling van inligting

Nadat die span wat met die webblad gaan werk saamgestel is, moet begin word om inligting te versamel. Hierdie is waarskynlik die heel belangrikste deel van die webblad. Die span sal vir hulleself antwoorde op 'n hele aantal vrae moet kry. Die volgende word genoem:

7.2.1. Doel

Die doel van die webblad moet duidelik uitgespel word. Wat moet met die webblad bereik word? Hierdie doel hou uit die aard van die saak verband met die verstaan van kerk-wees. Soos reeds aangetoon is die belangrikste roeping van die kerk om God se koninkryk gestalte te laat kry deur missionaal te funksioneer. Hierdie oorhoofse roeping van die gemeente sal in die formulering van die webblad se doel verantwoord moet word. Wanneer Stephenson oor die doel van 'n webblad vir 'n gemeente/kerk nadink dan besef hy dat dit die gemeente/kerk dadelik teenwoordig maak in 'n area (die

Internet) waar miljoene mense letterlik elke dag gaan soek na antwoorde en inligting oor 'n baie wye spektrum van aangeleenthede.

Each church should be where the needy people are found. We want our web ministry to be right in the midst of the sin-filled websites that we hear about. For example, we want our church webpages intermingled with links to the sin-filled webpages because people who go to an internet search engine looking for meaning or answers or fun will perhaps click our website link instead of others. We ought to be where people in need are, and many of them are on the internet. (Stephenson 2011: Kindle ed, loc 188-91)

Wanneer hier dus gekyk word na die verkillende aspekte wat ter sprake is met die ontwerp van die gemeente se webblad, moet gedurig onthou word dat die fokus en die klem die hele tyd val op die missionale roeping van die gemeente. By elke bladsy en afdeling van die gemeente se webblad moet die vraag gevra word: “Word die missionale roeping van die gemeente gedien? (Om te help met die beantwoording van hierdie vraag kan ook gerus gekyk word na die meetinstrument wat in Bylaag A as addendum hierby aangeheg is.)

Dit hang weer saam met 'n volgende vraag wat hiermee ten nouste saamhang naamlik die vraag wie die mense is wat met die webblad bedien gaan word.

7.2.2. Die teikengehoor

Hierdie mense bestaan hoofsaaklik uit twee groepe naamlik die groep wat deel uitmaak van die gemeente en die groep wat buite die gemeente is in die gemeenskap en wat dit betref in die res van die wêreld. Wat die mense in die gemeente betref sal die webblad sekerlik benut word om hulle toe te rus en geestelik so op te bou dat hulle al meer en al beter hulle missionale roeping sal verstaan en ook al beter in staat gestel word om hierdie missionale roeping te kan uitvoer in hulle daaglikse manier van lewe. Hierdie groep mense (gemeentelede) kan weer onderverdeel word in kleiner groeperinge. Daar is ouer lidmate wat al afgetree is en dus nie meer elke dag werksverpligtinge het nie. Hulle is nog steeds deel van die kerk en moet gehelp word om hulle unieke aard te verstaan en missionaal gestalte te gee. Dan is daar die groep werkende lidmate (waarskynlik die grootste groep mense) wat toegerus moet word en gehelp moet word om op hulle eie manier daaglik missionaal te funksioneer in die werks- en ander plekke waar hulle beweeg. Daar is moontlik 'n beduidende groep jong ongetroude werksmense of studente. Miskien is daar 'n groep skoolkinders in verskillende skole. Hoe die gemeente ookal saamgestel is, die gemeentelede moet toegerus en gemotiveer word om missionaal kerk te kan wees op watter manier hulle ookal in die gemeenskap betrokke is. Die ander groep mense is mense wat nie

noodwendig lidmate van die gemeente is nie, maar in die onmiddellike omgewing of verder en in die res van die wêreld bereik kan word met die boodskap van God se koninkryk. Hoe kan hierdie mense deur middel van die webblad bedien word? Wat hier van belang is, is om te verstaan dat die webblad van die gemeente nie in eerste instansie ten doel het om die gemeente te laat groei nie, maar om God se koninkryk gestalte te gee. In 'n ondersoek wat onlangs gedoen is na die inhoud van gemeentes wat reeds webblaaie het, het aan die lig gekom dat by 'n hele aantal gemeentes die webblad eintlik maar net benut om inligting oor die gemeente se aktiwiteite bekend te maak. Sake soos eredienstye, kategeese byeenkomste en jeugbyeenkomste se vergadertye word gegee. Verder word inligting oor die betaalde personeel gegee soos die kantoorpersoneel, die leraars en soms ook die koster en kassier. In 'n hele paar gevalle is dit al waarvoor die gemeente se webblad gebruik word terwyl dit soveel meer betekenis kan hê. Daarom is dit van kardinale belang dat die doel van die webblad rondom die mense wat daardeur bereik kan word, baie duidelik binne die missionale roeping van die gemeente uitgespel moet word. Bowlby sê 'n duidelike antwoord moet gevind word op die basiese vraag: “What do you hope to accomplish by building this web site? Is there a specific group of people that will help you reach your goals? It is helpful to picture the “ideal” person you want to visit your web site. Consider their age, sex or interests – this will later help determine the best design style for your site. (Bowlby:<http://www.idesignstudios.com/blog/web-design/phases-web-design-development-pro-cess/>, besoek op 8 Julie 2012).

7.2.3. Inhoud

Wat is die waarskynlike behoeftes van bogenoemde mense waarin die webblad kan voorsien? Waarna gaan soek mense op die Internet om hulle geestelike behoeftes te bevredig? Daarmee saam kom ook die vraag waarna mense behoort te soek om geestelik verryk te word?

7.2.4. Koste

Daar is bepaalde kostes verbonde aan die daarstelling van die webblad. As daar nie in die gemeente iemand is wat as deel van sy diens in die gemeente die webblad gratis kan ontwerp en instandhou nie, kan die koste nogal heelwat beloop om iemand van buite te kry om dit te doen. Verder is daar hier en daar gratis “hosts” beskikbaar om die webblad te huisves en aanlyn te plaas. Die span moet net daarvan seker maak dat die spasie op die lug groot genoeg is vir die webblad se behoeftes. Gewoonlik is die spasie wat gratis verkry kan word nie voldoende om al die moontlikhede van die webblad te hanteer nie. Die maandelikse koste van so 'n “host” moet van die begin af verreken

word. Die voordeel is dat die gemeente 'n aantal (dikwels onbepaalde hoeveelheid) epos-adresse gratis kry wat aan gemeentedele beskikbaar gestel kan word.

7.3. Beplanning

Sodra die span weet wat die doel van die webblad is en al die nodige inligting versamel het, is dit nodig om die blad haarfyn te beplan voordat dit ontwerp kan word. Hier gaan dit om die ontwerp van 'n webkaart (site map). “The site map is a list of all main topic areas of the site, as well as sub-topics, if applicable. This serves as a guide as to what content will be on the site, and is essential to developing a consistent, easy to understand navigational system.” (Bowly: <http://www.idesignstudios.com/blog/web-design/phases-web-design-development-process/>, besoek op 8 Julie 2012). Hier moet nou besluit word uit watter elemente die webblad gaan bestaan. Daar is baie moontlikhede. Die volgende kan oorweeg word.

7.3.1. Gemeentelike inligting

Daar is heelwat inligting oor die gemeente wat geplaas kan word sodat lidmate op hoogte gehou kan word en sodat ander persone wat inligting oor die gemeente soek of wat selfs per ongeluk die webblad oopmaak deur die inligting geprikkel kan word. Die kerk in geheel kan ook baie geld spaar op drukwerk as elke gemeente (ring) oor 'n webblad beskik waarop die gemeente se inligting verskyn. Dit kan die druk van die jaarlikse Jaarboek uitskakel en waarskynlik ook meer op datum wees as die kerk se Jaarboek. Dit op sigself kan al klaar 'n missionale funksie vervul.

Elke gemeente het 'n historiese lyn. Die “storie” van die gemeente kan in kort op die webblad geplaas word sodat mense in en buite die gemeente die herkoms en verloop van die gemeente se bestaan kan besigtig. Dit help mense verstaan wat die agtergrond van die gemeente is en gee ook begrip vir die manier waarop die gemeente tans bestaan en funksioneer. Ons leef tans in 'n tyd waarin mense graag huiswerk doen oor kerke en gemeentes voordat hulle daarby aansluit. Dit is nie meer vanselfsprekend dat omdat iemand binne die geografiese grense van 'n gemeente woonagtig is die persoon ook noodwendig by daardie gemeente inskakel nie. Daarom is dit belangrik om alle nodige besonderhede oor die gemeente beskikbaar te stel sodat mense kan weet waarmee hulle te doen kry. “More people every day look to the internet as their primary source of all information, and that includes looking for a church.” (Stephenson 2011: Kindle ed, loc 174-75)

Meeste gemeentes laat elke jaar 'n kalender druk waarop al die besonderhede van die gemeente se administrasie en aktiwiteite vir die verloop van die jaar aangedui word. Hierdie kalender kan op verskillende maniere op die webblad aangebring word. Dit kan byvoorbeeld in 'n PDF formaat geplaas word sodat mense met rekenaars en selfs

selfone dit maklik kan oopmaak en/of aflaai en lees. Indien dit in 'n formaat soos “Outlook Calender” geplaas word, kan persone wat Microsoft Office se pakket gebruik (dit is die oorwegende pakket wat deur die meeste mense gebruik word) die kalender op hulle rekenaar en/of selfoon aflaai en saam met hulle ander inskrywings byderhand hê. Deur die kalender so op die webblad te plaas, word dit moontlik vir lidmate en ook enige ander persoon van buite die gemeente om die gemeente se inligting en aktiwiteite enige plek en enige tyd te bekom en daarop te reageer. Hierdie manier van doen dien ter selfdertyd as 'n soort bemerking van die gemeente se aktiwiteite en indien dit reg geplaas word, dien dit ook as 'n soort ope uitnodiging vir ander mense om aan die aktiwiteite te kom deelneem.

Gewoonlik is daar 'n aantal betaalde amptenare in die gemeente wat dien as die kontakpunte vir verskeie funksies in die gemeente. Daar is gewoonlik ten minste een leraar, 'n kerkkantoor, 'n skriba of saakgelastigde, 'n kassier, 'n koster, 'n musiekleier en/of orrelis en in baie gevalle ook ander leiersfigure wat as kontakpunte diens doen. Dit is belangrik dat hierdie partye se kontakbesonderhede duidelik op die webblad aangebring word.

Deesdae maak baie persone gebruik van aanlyn bankdienste om finansiële betalings te doen. Omdat dit veiliger is as om met kontant te werk, gebruik baie mense dit ook om hulle maandelikse dankoffer oor te betaal. Daarom is dit nodig om die gemeente se bankbesonderhede vir sulke inbetalings op die webblad te plaas.

In die meeste gemeentes (indien nie almal nie) is daar verskillende groepe mense wat in die gestaltes van diensgroepe of taakgroepe of kommissies die georganiseerde dienste in die gemeente hanteer. Daar is ook verskillende aksiegroepe vir spesifieke kategoriale bedieninge in die gemeente. So is daar dikwels 'n spesifieke bedieningsgroep vir die jeug, gesinne, ouer mense, dames en kleingroepe om maar net 'n paar te noem. Dit is belangrik dat daar oor hierdie verskillende bedieninge inligting op die webblad geplaas word sodat lidmate en ook ander mense kan verstaan waaroor dit gaan en hoe hulle daarby betrokke kan raak. Gee dus inligting oor die struktuur en werksaamhede asook kontakbesonderhede van die leiers. Kerkraadslede se besonderhede kan ook geplaas word. Dit is egter belangrik om seker te maak dat die verskillende persone wat hier ter sprake is, toestemming verleen vir die plasing van hulle besonderhede. Dit is belangrik dat mense se privaatheid nie geskend word deur die plasing van persoonlike besonderhede sonder persone se mede wete nie. Daarom is dit ook nie wenslik dat die hele gemeente se data op die webblad gepubliseer word nie al is dit in baie gemeentes op rekenaar databasisse beskikbaar. Wanneer kontak besonderhede gegee word, is dit belangrik om alle beskikbare inligting te gee:

telefoonnommers (landlyn en selfoon), adres (straat en posbus) en epos-adres. Stephenson maak ook hierdie belangrike opmerking oor die plasing van besonderhede van persone: “Keep it up-to-date. Don't post personal phone numbers or addresses without permission. Never post private email addresses; instead, create email aliases.” (Stephenson 2011: Kindle ed, loc 2931-32)

In elke gemeente is daar 'n aantal gereelde byeenkomste soos die eredienste, Bybelstudies, Bybelskool, jeugbyeenkomste, kategese, gebedsaksies, geskeduleerde uitreike om net 'n paar te noem. Al verskyn hierdie inligting ook gewoonlik op die gemeente se kalender, is dit dalk goed om dit ook afsonderlik op 'n prominente plek op die webblad te plaas.

Op die webblad behoort daar ook inligting te verskyn oor die gemeente se visie en missie. Deur dit daar te plaas, kan die lidmate en ook ander mense van buite die gemeente 'n idee kry hoe die gemeente dink oor gemeente-wees en hoe gemeen word die gemeente inpas in God se plan vir sy koninkryk op aarde. Indien dit reg geplaas word, het dit 'n geweldige waarde om missionaal in die gemeenskap 'n verskil te maak. Dit help ook dat mense kan verstaan waaroor dit eintlik in die gemeente gaan en hoe hulle daarby betrokke sou kon raak.

So kan daar sekerlik ook ander nodige inligting wees wat op die webblad geplaas kan word. In sommige gemeentes is daar bv 'n maandelikse of kwartaallikse nuusbrief wat gedruk uitgegee word. Plaas dit ook op die webblad. In baie gemeentes is daar elke Sondag 'n gedrukte bladje met afkondigings wat by die deure uitgedeel word. In groot gemeentes kan dit nogal 'n aardige bedrag elke maand kos en heelwat tyd in beslag neem. Plaas die aankondigings op die webblad en verwys lidmate daarheen as opvolg bron. Stephenson gee in dié verband die volgende wyse raad: “Try to have complete information but know that missing information is better than wrong information on the website. Provide an obvious way to contact the web team from the website to send suggestions and questions.” (Stephenson 2011: Kindle ed, loc 2961-64).

7.3.2. Geestelike versorging

Een van die heel belangrikste indien nie dié belangrikste fokus van die bediening in die gemeente behoort te wees om lidmate geestelik te versorg op so 'n manier dat gelowiges gehelp word om geestelik te ontwikkel sodat elkeen afsonderlik en almal gesamentlik al beter in staat is om hulle missionale roeping in die daaglikse gang van die lewe te verstaan en te kan uitleef. Ons leef tans in 'n tyd waarin mense se programme al voller raak en daar al minder tyd beskikbaar is om ook by die toerustingsaktiwiteite in die gemeente se bedieningsprogram uit te kom. Aan die anderkant sit die meeste van ons lidmate daagliks vir lang ure voor rekenaars en/of

hanteer selfone waarop ook toegang tot die Internet moontlik is. Dit bring mee dat die webblad van die gemeente een van die handigste maniere is om mense via die Internet met geestelike toerusting te bereik. Benut dus die webblad om toerustingsmateriaal te plaas. In sommige gemeentes is daar weeklikse Bybelskole. Plaas dieselfde materiaal wat daar behandel word ook op die webblad. Op dieselfde manier kan die materiaal wat by die kategeese gebruik word op die webblad geplaas word. In sommige gemeentes is daar weeklikse Bybelstudie groepe. Plaas die materiaal op die webblad sodat dit vir meer mense as net dié wat die byeenkomste kan bywoon, beskikbaar is. Dieselfde kan gedoen word met die materiaal wat in omgegroepe of ander kleingroepe gebruik word. Daar is dalk van tyd tot tyd sekere temas in die gemeente of gemeenskap waaroor mense graag begeleiding verlang. Laat 'n kundige (die leraar of iemand anders) dan so 'n artikel skryf en beskikbaar stel vir plasing op die webblad.

Wanneer materiaal geplaas word, is dit egter van uiterste belang om seker te maak dat waar kopiereg ter sprake is die regte kanale gevolg word om die regte nie te skend nie. Verder moet ook onthou word dat mense nie belangstel om artikels wat te lank is te lees nie. Die goue reël is om artikels nie langer nie as twee of uiters drie A4 bladsye lank (10pt skrif, enkel gespaseer) te laat wees.

Nog 'n manier om die geestelike versorging te doen en tegelyk ook 'n missionale bedieningsinstrument in die hand van lidmate te plaas, is om die preke en ook ander voordragte wat in die gemeente gelewer word in die vorm van klank- en selfs video lêers op die webblad te plaas. “By using the internet, you can make the sermon available to others both inside and outside of the congregation, now and in the future. People have sent us emails stating that content on the church's website has changed their lives. Many times, these people live hundreds of miles away, and the content they reference is months or even years old. Without the internet, they probably would not have experienced this benefit.” (Stephenson 2011: Kindle ed, loc 85-88)

Daar is verskillende sagteware programme op die mark wat dit moontlik maak om klank en video materiaal so te verwerk dat dit maklik op enige rekenaar afgelaai kan word. In die gemeente waar die skrywer tans lidmaat is, het dit al meermale gebeur dat lidmate kom rapporteer dat hulle 'n bepaalde preek eers regtig ingeneem het nadat hulle dit van die webblad gaan aflaai en weer daarna geluister het. Daar is ook in die betrokke gemeente lidmate wat die preke aflaai en onder ander persone versprei. Een persoon gebruik dit in kleingroep besprekings. 'n Ander lidmaat het 'n firma wat sekuriteitsdienste bied. Hy versprei die preke per CD onder die werknemers waarvan sommige dan in kleingroepe daarna luister en dit bespreek. In die gemeente is daar ook heelwat huisgesinne waarvan daar een of meer kinders is wat iewers in die buiteland

woonagtig is. Daardie kinders vind dit baie verrykend om dan na die preke wat in hul tuisgemeente gelewer is af te laai en daarna te luister. So kan gemeentelede aangemoedig word om die preke te versprei onder kollegas, vriende en selfs aan vreemdelinge uit te deel en so 'n missionale rol in mense se lewens te speel. Dit is selfs moontlik om die preke af te laai en op Facebook of ander sosiale media te plaas vir verspreiding van die Evangelie.

Die belangrike vereiste hiervoor is egter dat seker gemaak moet word dat klank- of video lêers nie te groot is sodat dit moeilik is om af te laai nie. Dit geld veral mense wat nie die vinnigste Internet ontvangs het nie.

7.3.3. Verwysingsbronne

Elke gemeente hoef nie van vooraf die wiel uit te vind en te ontwerp nie. Op die Internet is daar alreeds heelwat webblaaie wat uitstekende toerustingsmateriaal bevat. Op die webblad van die gemeente kan sulke skakels geplaas word sodat mense net daarop kan klik en na die materiaal geneem word. So is daar artikels op ander gemeentes (en ander denominasies) se webblaaie wat benut kan word. Daar is ook op die NGK se webblad verslae van kerklike kommissies en werkgroepe asook kerklike vergaderings wat as geestelike toerustingsmateriaal gebruik kan word. Daar is ook toegang tot kerklike belydenisse en die besluiteregisters van kerklike vergaderings wat gebruik kan word. Plaas die skakels na sulke webblaaie op die gemeente se webblad. Daar is ook op die Internet Bybelstudieprogramme beskikbaar en selfs sagteware wat beskikbaar is om Bybels en studiemateriaal af te laai. So is daar byvoorbeeld die gratis program van e-Sword wat afgelaai kan word. Bybel Media maak dit ook moontlik dat Bybels in verskillende vertalings op selfone afgelaai kan word deur te gaan na <http://m.bibles.co.za>. So is daar ook ander sulke gratis hulpmiddels beskikbaar. Gebruik die gemeente se webblad om sulke skakels bekend te stel sodat gemeentelede en ander wat op die webblad ingaan dit kan kry en benut. Ook hierdie manier van doen maak dit moontlik dat die webblad missionale betekenis kan hê en persone bereik kan word wat andersyds nooit in aanraking met geestelike toerustingstof kom nie. Dit help alles om gemeentelede en ander bestaande gelowiges geestelik te bemagtig sodat hulle geestelik so kan ontwikkel dat hulle missionale roeping al beter uitgevoer kan word.

7.3.4. Interaktiewe deelname

Soos reeds hierbo aangetoon is, leef ons in 'n tyd waarin mense graag kontak met ander wil maak al is dit dan via 'n gesiglose netwerk van kommunikasiemedia. Die gemeente se webblad kan in hierdie behoefte voorsien deur dit moontlik te maak dat mense interaktief op die webblad kan reageer. Dit is moontlik om op die blad 'n vorm beskikbaar te stel wat persone wat graag lidmate van die gemeente wil word aanlyn kan

invul en aan die administrasie van die gemeente beskikbaar stel. So kan op die webblad toegang tot die gemeente se Facebook, Twitter en ander massa media moontlik gemaak word. Die gemeente kan op die webblad ook sy eie “blog” bekend stel en mense nooi om daarop in te gaan en daar te reageer. Deur sulke interaktiewe deelname op die webblad te stimuleer, word die blad 'n lewendige kommunikasie kanaal wat op sigself weer missionale betekenis kan hê.

7.3.5. Fotogalery

'n Foto sê baie keer meer as baie woorde. Mense hou ook baie daarvan as hulle hulleself op foto's kan sien. Dit is dus 'n goeie idee as mens foto's neem tydens die byeenkomste van die gemeente en op die webblad 'n galery daarvoor skep. Mens kan ook vir die gemeentelêde vra om foto's wat hulle neem, beskikbaar te stel om op die gemeente se webblad te plaas. Wanneer dit gedoen word, is daar egter 'n paar riglyne wat in ag geneem moet word. Met die ontwikkeling van tegnologie het kameras ook al hoe meer verbeter sodat selfs die kleinste kamera en selfs selfone deesdae baie goeie gehalte foto's kan neem. Dit beteken gewoonlik dat foto's met 10 en selfs 14 Mega pixels geneem word. Die probleem daarmee is egter dat die lêers van sulke foto's dan ook baie groot is en as dit netso in die webblad gepubliseer sou word, is die gevaar dat dit baie lank neem om af te laai of oop te maak en dus mense erg gaan frustreer. Dit is ook nie nodig om foto's van soveel digtheid te gebruik nie omdat die grootte wat die foto's op die webblad is ook baie duidelik is teen baie laer pixels. Dit beteken dus dat mens foto's wat op die webblad geplaas word altyd eers moet verklein (compress) voordat dit gebruik word. Daar is verskillende sagteware beskikbaar waarmee hierdie verkleinings gedoen kan word. Gewoonlik is foto's van tussen 300 en 500 Kilo bytes goed genoeg om steeds goeie gehalte foto's te bied en tog ook vinnig genoeg kan oopmaak en/of aflaai. 'n Woord van waarskuwing: wees baie versigtig om nie te veel foto's met eens op te laai nie. Dit kan dalk te oorweldigend wees. Foto's moet ook nie vir altyd op die webblad gelos word nie. Besluit vooraf hoe lank foto's geplaas gaan word (een maand is 'n goeie tyd) en haal dit dan af of verskuif dit na 'n argief-lêer waar dit ook weer later gevind kan word indien dit nodig sou wees.

7.3.6. Advertensies

Dit mag wees dat dit 'n gemeente redelik duur kan kos om 'n webblad tot stand te bring omdat 'n ontwerper betaal moet word om die ontwerp te doen. Dan probeer gemeentes soms om deur middel van advertensies die koste van die ontwikkeling te verhaal. Hieroor skryf 'n groep wat hulleself noem “Internet Evangelism Day team” soos volg:

Adverts on a church site are a turn off. If you truly have no budget for a church site, then use a free page system without adverts eg. pages.google.com. But a website is so strategic to your church, we urge you to pay real money for a better solution! Sites with your own domain name and low tech content management input (i.e. editing using a browser interface) cost a relatively small monthly rate. ([http://www.internetevangelismday.com/church site design.php](http://www.internetevangelismday.com/church%20site%20design.php), besoek op 25 Julie 2012)

Die ander negatiewe aspek van advertensies is soms dat die instansie/individu wat die advertensie plaas so voorskriftelik kan wees ten opsigte van die plasing dat dit die voorkoms en algemene indruk wat die webblad moet vertoon negatief kan benadeel.

7.3.7. Voorbidding

In die lig van wat reeds hierbo gesê is oor mense se behoefte om kontak te maak met ander al is dit dan via 'n netwerk skeep ook die behoefte om deur ander ondersteun te word via hierdie netwerk. As gelet word op die boodskappe wat dikwels op Facebook geplaas word dan kry mens die indruk dat mense nogal graag hulle nood met ander wil deel. Dit lei daartoe dat mense graag ander wat in nood verkeer ondersteun en bemoedig deur middel van inspirerende boodskappe en voorbidding. Die webblad van 'n gemeente is 'n ideale plek om versoeke vir sulke voorbidding te plaas.

“Pages which relate to felt needs are very strategic. Several studies have shown that in a majority of lasting adult conversions, a personal life problem played a major part in drawing them to faith. Offering to pray for site visitors’ needs can also be strategic, if you can do this with integrity and appropriate privacy. And there are many other innovative possibilities: try to think outside the box!” ([http://www. Internetevangelismday.com/church site design.php](http://www.Internetevangelismday.com/church%20site%20design.php), besoek op 25 Julie 2012)

Wanneer dit egter gedoen word, moet seker gemaak word dat die goedkeuring en instemming daarvoor van die betrokke partye gekry word. Mens moet nie maar net aanvaar dat enige persoon in nood dit sal verwelkom dat die nood aan almal oorgedra word nie. Daar moet altyd die nodige respek vir persone se privaatheid getoon word.

Bogenoemde lys sake maak nie aanspraak op volledigheid nie. Dit dien as voorbeelde van wat alles op so 'n webblad geplaas kan word. Elke gemeente se span moet self die plaaslike omstandighede ontgun. Dit kan baie help om so wyd moontlik met ander persone te praat oor moontlike behoeftes wat in so 'n webblad opgevang kan word. Hier word bedoel gesprek met gemeentedele sowel as ander persone wat buite die gemeente staan.

7.3.8. Administrasie

Daar is administratiewe sake wat aandag moet geniet. Om 'n webblad op die lug te kry, moet gebruik gemaak word van 'n gasheer-instansie vir die tegniese plasing van die blad op die Internet. Die blad moet by so 'n gasheer geregistreer word en daar moet 'n maandelikse of jaarlikse fooi betaal word. Met registrasie by so 'n instansie moet seker gemaak word dat die instansie genoeg spasie op die Internet verskaf om die behoefte van die webblad te bevredig. Dit beteken dat die span deeglike huiswerk vooraf moet doen oor die behoefte aan spasie wat benodig sal word. Omdat dit hier om tegniese inligting gaan, moet die span 'n kundige in dié verband se advies inwin. Voordat die blad ontwerp word, moet die span reeds besluit wie die administratiewe aspek van die blad gaan hanteer. Dit behels die maandelikse (of jaarlikse) betaling, die gereelde opdatering, die bemerking, die hantering van enige terugvoering en/of interaksie wat voortspruit uit die besoeke deur mense aan die blad en watter ander aspek daar oog mag wees wat administratiewe aandag verg.

7.4. Ontwerp

Nadat die span klaar beplanning gedoen het en 'n goeie idee het wat alles op die webblad geplaas moet word, moet die eintlike ontwerp van die blad begin. Al is daar deesdae allerlei kitsprogramme beskikbaar vir die ontwerp van 'n webblad is dit nog steeds beter om die dienste van 'n kundige persoon te bekom. Kits programme het dikwels baie te kort kominge en beperkings. Verder moet steeds in gedagte gehou word dat hier nie sprake moet wees van 'n webblad ter wille van 'n webblad nie, maar dat dit steeds gaan om die uitbouing van die missionale bediening van die gemeente. Met die oog daarop is dit dus van kritiese belang dat die kundige ontwerper ook voortdurend tydens die ontwerp van die webblad met die span in gesprek sal tree sodat die hele proses gereeld gekontroleer kan word om in te pas by die aanvanklike bedoeling wat vooraf geformuleer is. Jordaan het hieroor die volgende te sê: “Use professionals if at all possible. There is a thing such as a bad website and it is all over the Internet. If you need to use volunteers, make sure that you and they know what a good and a bad website is. This will help you to put something decent online.” (<http://blog.sachurch.co.za/category/website-design/>, besoek op 25 Julie 2012).

Om dus te help met die effektiewe ontwerp van die blad kan die volgende riglyne help.

7.4.1. Die Hoofblad (Homepage)

Die Hoofblad is die eerste blad waarmee enige persoon wat op die webblad ingaan kennis maak. Dit is dus te verstane dat hierdie blad besondere aandag moet kry omdat

eerste indrukke gewoonlik blywende indrukke is en iemand se houding en persepsie van die blad bepalend kan beïnvloed. Die volgende basiese riglyne word hier genoem:

7.4.1.1. Oopmaaktyd

Die eerste en heel belangrikste aspek van die webblad is die tyd wat dit neem om die blad oop te maak. “Not everyone has broadband. Some graphic heavy church websites (especially with animated graphics) can be slow even on broadband. ‘Quick’ means: there should be readable text visible within three or four seconds, and most graphics within perhaps six seconds.” (http://www.internetevangelismday.com/church_site_design.php, besoek op 25 Julie 2012). Dit mag baie indrukwekkend lyk as mens 'n webblad oopmaak en daar is allerlei grafiese “kunsies” wat voor jou oë afspeel soos allerhande kleure wat flits, animasies en/of pragtige grafika wat verskyn, maar dit neem etlike minute voordat die blad uiteindelik oop en bruikbaar is. Die doel van die blad is nie primêr die ten toonstelling van 'n grafiese fantasie wêreld nie, maar om mense welkom te laat voel en soos die vader in die gelykenis van die verlore seun van die Bybel met oop arms ontvang te word. Daarom moet tierlantyntjies liefsvol gelaat word en moet eenvoudig en warmte die leuse wees. Jordaan sê in kort net: “No splash page. No animated gifs. These are intensely irritating to users, and a percentage will never bother to click through. Equally annoying are websites that automatically play music when the visitor arrives at the homepage.” (<http://blog.sachurch.co.za/category/website-design/>, besoek op 25 Julie 2012).

Behalwe vir die ontwerpers deel van die hoofblad wat oopmaak tyd betref, is daar ook die aspek van die spoed waarvoor kliënte beskik wat die blad besoek. Sommige het toegang tot die vinnigste Internetspoed in die wêreld (soos in ander lande) of die vinnigste spoed in Suid-Afrika (wat van die stadigste in die wêreld is) of slegs die spoed van 'n gewone modem wat deur 'n telefoonlyn en skakeltoon gekoppel word (dial up modem). Laasgenoemde bied op sy vinnigste slegs 50 Kb/sekonde wat baie stadig is. Sover moontlik moet laasgenoemde persone ook in ag geneem word met die ontwerp van die webblad.

7.4.1.2. Gebruikervriendelikheid

Daar is min dinge wat mense so frustreer as om op 'n webblad in te gaan en dan jou dood te sukkel om in die blad te beweeg of om te vind waarna jy soek.

This is a key part of website usability. Visitors need to feel in control, and continually sense where they are within the architecture of the website. If they feel lost, they may leave prematurely, never to return. Your navigation menu should appear identically on all your pages – never make people return to the homepage

in order to find a new page. ([http://www. Internetevangelismday.com/church site design.php](http://www.Internetevangelismday.com/church_site_design.php), besoek op 25 Julie 2012)

Die spyskaart moet so ver moontlik logies uiteen gesit word. Om dit moontlik te maak, moet die volgende vraag beantwoord word: Indien iemand na 'n saak op die webblad sou soek, wat is die mees logiese plek waar dit gesoek sal word? Om dit te bepaal, kan dit baie help om 'n groep vrywilligers te vra om hulle mening hieroor te gee. Sluit verskillende tipes mense in hierdie groep in: verskillende ouderdomme, geslagte en akademiese ontwikkeling.

Dit is ook belangrik om die spyskaart duidelik sigbaar op die Hoofblad te plaas en nie op 'n volgende blad waarheen iemand wat die blad besoek eers moet navigeer nie. Mense hou nie daarvan om eers te gaan soek na die spyskaart voordat hulle in die webblad kan “beweeg” nie.

Daar moet ook nie te veel sake op die spyskaart gelys word nie. Die goue reël is om nie meer as tien sake te noem nie. Indien dit nodig is om na meer sake as dit te verwys, moet daar verkieslik van sub-skakels in die spyskaart gebruik gemaak word. Die spyskaart kan dus ook saamgestel word uit 'n aantal kategorieë waaruit die webblad bestaan met onderafdelings by elke kategorie. Hier kan goedsikks gebruik gemaak word van die “alt” funksie waar die verwysing na 'n spesifieke onder afdeling op die webblad sigbaar word wanneer met die rekenaar se muis oor die item in die spyskaart beweeg word.

7.4.1.3. Taalgebruik

Die taalgebruik op veral die Hoofblad is van besondere belang. In dié verband moet formele kerklike en godsdienstige taal vermy word.

There are several reasons for this. Non Christian site visitors may have no Christian background, and these terms will be meaningless to them. Alternatively, they may indeed have a previous Christian background, and ‘churchy’ jargon is a part of the baggage that irritates them. Even for Christians, insider jargon tends to lose meaning with time. Fresh neutral language brings back the depth of spiritual reality contained in the words, as a Bible paraphrase will often bring out. ([http://www. internetevangelismday. com/church site design.php](http://www.internetevangelismday.com/church_site_design.php), besoek op 25 Julie 2012)

Sonder om swak Afrikaans te gebruik, is dit belangrik om ten minste algemene spreektaal in ag te neem en te benut. Mense wat die blad besoek, moet die gevoel kry dat vir gewone mense voorsiening gemaak word. Indien die bedoeling is dat die webblad werklik 'n wye trefkrag moet hê, is dit natuurlik wenslik dat die blad ook in

Engels vertaal word. 'n Mooi voorbeeld van so 'n webblad is die blad van die NGK (www.ngkerk.org.za) Dit is ook moontlik om selfs sindelike humor te gebruik.

In many cultures, especially where there is low church attendance or hostile media (increasingly, this means almost everywhere), public perception of Christians is a skewed caricature. Informality and humor are disarming and endearing, and can go some way to correcting this negative image. We are allowed to use humor! God invented it, and the Bible uses it frequently. ([http://www. Internetevangelismday.com/church site design.php](http://www.Internetevangelismday.com/church%20site%20design.php), besoek op 25 Julie 2012)

7.4.1.4. Algemene voorkoms en grootte van die blad

Benewens die spoed waarmee 'n webblad oopmaak, is die algemene voorkoms van die blad van baie groot belang. Met “grootte van die blad” word bedoel die spasie wat die blad inneem op iemand se rekenaar wanneer die blad oopgemaak word. Hiervoor moet weereens in ag geneem word dat alle besoekers aan die blad se rekenaars nie van dieselfde gehalte is nie en beslis ook nie oor dieselfde grootte skerms beskik nie. Maak voorsiening vir gewone standaard rekenaars. Uit navorsing blyk dit dat meeste mense rekenaarskerms met 'n resolusie van 1024 X 768 pixels gebruik (vgl [www. internetevangelismday.com/church site design.php](http://www.internetevangelismday.com/church%20site%20design.php), besoek op 25 Julie 2012). Dit kan dus 'n goeie algemene riglyn vir die ontwerper wees.

Die balans van kleur, grafika, wit spasies en teks moet harmonieus wees en nie die indruk van beknoptheid of onafgerondheid skep nie. Omdat die ontwerp van 'n webblad 'n fyn kuns is, kan dit gebeur dat die persoon wat die kuns nie regtig onder die knie het nie, die blad nie vloeiend en harmonieus ontwerp nie. Om hierdie aspek reg te kry, is dit goed om 'n buite staander se opinie oor die webblad in te win. Watter indruk kry iemand wat nie by die ontwerp betrokke is nie, van die blad se samestelling en uitleg. “Graphic design and layout can make the same text look readable and interesting, or completely off putting. Research shows that people make a very quick judgement about a site, largely based on its appearance, and will quickly click away if it does not hold their attention.” ([http://www. internetevangelismday.com/church site design.php](http://www.internetevangelismday.com/church%20site%20design.php), besoek op 25 Julie 2012).

7.4.1.5. Verwelkoming

Daar is min dinge wat mense so positief ervaar as wanneer hulle welkom voel. Die vraag is dus: watter emosie beleef iemand wat vir die eerste keer die gemeente se webblad besoek? Is daar enige moeite met die blad gedoen om enige persoon, ongeag wie hy/sy is en watter godsdienstige erfenis die persoon het of nie het nie, welkom te laat voel? Wanneer 'n nog-nie-gelowige die webblad vir die eerste keer besoek en die openings paragraaf lui: “This congregation is for new-born believers who love God very

much” (soos skrywer onlangs tee gekom het) gaan so 'n persoon beslis nie baie welkom voel en die begeerte hê om verder op die webblad na iets te soek nie. Dit mag goed bedoel wees, maar buitelanders word nie daardeur aangemoedig om in so 'n gemeente belang te stel nie. Aan die ander kant, as so 'n nog-nie-gelowige op die webblad ingaan en die gevoel kry dat hy/sy hier tuis kan kom, het die blad as missionale bedienings instrument sy doel bereik. Twee mooi voorbeelde van webblaaie wat uit hul pad gaan om enige persoon tuis te laat voel, is die webblad van die NGK Pierneef wat as eerste paragraaf die volgende woorde het:

“VIR WIE IS HIERDIE GEMEENTE BEDOEL? Ernstige gelowiges wat graag die Here wil dien, minderbevoorregtes, dié wat ly en swaarkry, elkeen wat die Here eerste stel in sy/haar lewe, nederiges, boemelaars, kriminele, rokers, gays, lesbiërs, hetero seksueles, egbrekers, gewone mense, spesiale leiers, ou mense en jongmense, ouers en kinders, hoogmoediges, godsdienstiges, materialiste, rassiste, mense wat dink dat hulle sonder die Here kan klaarkom en dus selfvoldaan is, Dwelmverslaafdes, misdadigers, alkoholiste, sondaars, verlore mense, almal wat besef dat hulle voor God niks is nie, afhanklikes van een of ander middel, tradisionaliste... Enige mens wat aan hierdie vereistes voldoen, al woon hy/sy waar ookal, is welkom.” (<http://www.ngkpierneef.co.za>, besoek op 10 November 2011).

Die ander voorbeeld is die webblad van Echo Jeugontwikkeling in die Moot van Pretoria:

Dwelmverslaafdes, misdadigers, alkoholiste, daggarokers, ateïste, prostitute, prokureurs, morsjorse, gomsnuivers, Blou Bul ondersteuners, vandaliste, boemelaars, kriminele, rokers, studente, boeremusiek liefhebbers, gays, freedom fighters, speed cops, swartmense, pastore, geldgieriges, onnies, kwaadpratere, tronkvoëls, egbrekers, witmense, gomtorre, geheelonthouers, bruinmense, boelies, dominees, rowers, boere, losbandiges, stadsjapies, tieners, apartheidshelde, nerds, wash-outs, sataniste, hoofdogters, ou tannies, kommuniste, kunstenaars, materialiste, wewenaars, leuenaars, metal heads, orreliste, skinderbekke, kerkmense, kerkloses, gewone mense, sondaars...WELKOM! (<http://www.echo-youth.co.za>)

Die verwelkoming hoef nie noodwendig so sterk verwoord te wees nie, maar moet daarop gerig wees om enige persoon werklik te laat voel die webblad aanvaar hom/haar as mens vir wie die persoon ook al mag wees.

7.4.1.6. Mense en nie geboue/geld nie

Wanneer 'n persoon op die gemeente se webblad ingaan en die eerste prominente ding wat hy/sy daar vind is 'n foto van die kerkgebou en/of 'n oproep tot 'n finansiële

bydrae, moet mens nie verbaas wees dat so 'n persoon sal dink dat dit nie vir die gemeente om mense gaan nie, maar om geboue en geld. Kerk-wees gaan om mense en verhoudings en nie om geboue en geld nie. Een prentjie of foto is duisend woorde werd. “Many church websites omit this vital element. Almost all popular magazines and book covers display faces – because human interest is what we respond to. Ideally there should be ‘meet some members’ pages on the site.” ([http://www.internetevangelismday.com/church site design.php](http://www.internetevangelismday.com/church%20site%20design.php), besoek op 25 Julie 2012) Die ideaal is dat daar in die webblad afsonderlike bladsye ingevoeg word waar foto's van mense gepubliseer word.

Plaas 'n foto van mense op die voorblad. 'n Groepfoto van vriendelike gemeentelede kan 'n baie positiewe missionale uitwerking op 'n buitestaander hê wat vir die eerste keer die gemeente se webblad besoek. Die ander moontlikheid is om 'n kort skyfievertoning van die gemeente se aktiwiteite met die klem op mense wat die geleentheid geniet het, op die hoofblad te plaas. As nog-nie-gelowiges van buite af na die webblad kyk, moet hulle die indruk kry dat dit in die gemeente gaan om alle mense en nie net gemeentelede of spesifieke soort mense nie. Indien die aktiwiteite dus te prominent op die hoofblad geplaas word, kan dit die indruk skep dat aktiwiteite belangriker as mense is en dan mis die blad sy missionale doel.

Omdat baie lidmate hul dankoffers of ander donasies aan die kerk deur middel van aanlyn betalings via die Internet doen, is dit wenslik dat die gemeente se bankbesonderhede op die hoofblad geplaas word. Waak egter daarteen om dit so prominent te doen dat die indruk geskep word dat dit vir die gemeente om geld gaan. Indien die res van die hoofblad mensvriendelik ingerig word, sal dit natuurlik baie help om die indruk dat dit om geld gaan uit te skakel.

7.4.1.7. Gemeente se identiteit

Elke gemeente het 'n eie identiteit. Aan die eenkant het dit 'n gedefinieerde identiteit. “Daarmee word bedoel: die gemeente beskryf volgens die doel wat God daarmee het – die gemeente soos die Bybel dit ‘definieer’.” (Nel 1994:12) Dit hou verband met die kerk se teologiese ekklesiologiese beskouing van kerk-wees vanuit die Skrif. Naas hierdie gedefinieerde identiteit het die gemeente ook 'n empiriese identiteit wat daarin bestaan dat die gemeente binne 'n bepaalde geografiese gebied val (In die NGK ook bepaalde geografiese gemeentegrense), 'n sekere sosio-ekonomiese groep mense bedien, vanuit 'n sekere historiese agtergrond kom en so is daar sekerlik ook nog ander faktore wat die unieke identiteit van die gemeente bepaal – “... die werklike gemeente soos dit op 'n bepaalde plek bestaan en funksioneer.” Nel praat daarvan dat die gemeente 'n

bepaalde gegewendheid is en ook 'n wordende werklikheid op pad is. (vgl Nel 1994:21-28).

Hierdie empiriese identiteit het bepaalde invloede en dikwels ook bepalende invloed op die bediening in die gemeente en die gemeente se siening van haar ekklesiologie. Tussen hierdie twee komponente van die gemeente se identiteit heers daar 'n sekere spanning. Aan die een kant is die gemeente al 'n sigbare entiteit en aan die ander kant is die gemeente nog op pad iewers heen.

Vanuit die nadenke oor die gemeente se identiteit moet nou gekom word tot die formulering van die gemeente se visie en missie. Die visie hou verband met die vraag oor die bestaansdoel van die gemeente (vgl Nel 1994:22) wat aansluiting vind by die gedefinieerde identiteit van die gemeente.

Dit gaan ... allereers om doelgerigte begeleiding van die gemeente tot insig in sy identiteit. Dit sou identiteitsvinding genoem kon word. Wie in die kerk hiertoe kan kom, kan twee dinge doen: eerstens meewerk aan die formulering van die missie of taak van die kerk (wat uit sy identiteit voortvloei) en tweedens meewerk aan die formulering van die identiteit en missie van 'n bepaalde gemeente op 'n bepaalde plek en in 'n bepaalde konkrete situasie op 'n bepaalde tyd in die geskiedenis. (Nel 1994:22)

Omdat die webblad die gesig van die gemeente na buite is, is dit baie belangrik om op die hoofblad 'n kort weergawe van die gemeente se visie en missie te gee. In die tyd waarin ons vandag leef, is dit lank nie meer vanselfsprekend dat mense wat binne die geografiese grense van 'n bepaalde gemeente intrek noodwendig ook daardie gemeente se lidmate word nie. In die algemene spreektaal praat mense daarvan dat hulle eers “Church hopping” doen voordat hulle by 'n gemeente betrokke raak. Daarmee word bedoel dat verskillende moontlikhede ondersoek word voordat by 'n gemeente aangesluit word. In dié verband het dit dus baie groot waarde om op die webblad 'n duidelike beeld te gee van die gemeente se gedefinieerde en empiriese identiteit soos geformuleer in die visie- en missie omskrywings. Hier word egter weereens beklemtoon dat dit kort en kragtig moet wees en dat die vereistes vir missionaliteit, soos reeds beskryf, in gedagte gehou moet word.

7.4.1.8. Geloofsbelydenis

In aansluiting by bogenoemde nadenke oor die gemeente se identiteit is dit ook nodig om te kyk na die dogmabelydenis van die gemeente. Elke gemeente het sekere kern sake waarin geglo word. Sonder om daarvan 'n baie lang uitgerekte blad te maak, kan dit goed wees om tog in kort 'n uiteensetting te gee van die gemeente se basiese geloofsinhoud. Dit moet egter so gedoen word dat ander wat nie presies so glo nie, nie

veroordeel voel nie. “Very often, ‘less is more’. Similarly, any link to a church’s doctrinal statement is probably not appropriate on the homepage. And, if you have one – call it ‘What we believe’, not the cold and formal ‘doctrinal statement’.” ([http://www.internetevangelismday.com/church site design.php](http://www.internetevangelismday.com/church%20site%20design.php), besoek op 25 Julie 2012)

Hierdie identiteit hou verband met die gemeente se visie en missie. In die visie word uitgespel wat gesien word as die gemeente se hoof doel van bestaan. In die missie word geformuleer hoe die gemeente meen om die doel na te jaag en te bereik. Uit die aard van die saak spreek die visie en missie boekdele van die gemeente se verstaan van kerk-wees en hulle roeping om hierdie kerk-wees prakties te laat grond vat. Dit is belangrik dat hierdie formulerings op die hoofblad van die webblad geplaas word sodat daar geen misverstand sal wees oor die wese en taak van die gemeente nie. Dit is egter van baie groot belang om die formulerings op die blad so te verwoord dat dit optimaal missionaal van aard sal wees. Daarmee word veronderstel dat die gemeente wel 'n missionale ekklesiologie handhaaf. Indien dit nie die geval is nie, sal dit in elk geval nie help om op die webblad die indruk te laat dat die gemeente missionaal ingestel is as dit nie die geval is nie.

As aanvaar word dat die gemeente wel 'n missionale ekklesiologie najaag, kan dit nogtans gebeur dat die formulering van die visie en missie baie dogmaties en ortodoks kan wees. Dit mag alles goed en wel vir die gemeentelid se eie verstaan van hulle kerk-wees wees, maar nie vir buitestaanders nie. Daarom is dit van groot belang dat die visie en missie so vir die doel van die webblad geformuleer word dat die klem op ortopraksie val en nie op ortodoksie nie. Sweet se opmerking is hier van toepassing:

The worst thing you can do to Christianity is to turn it into a philosophical endeavor. Faith is more than beliefs to be learned; it is bonds to be lived. Faith is more than holding the “right” beliefs; it is holding the “right” (that is, the “least of these”) hands. We are judged by the world not on the basis of how “right” we’ve gotten what we believe but on how well we’re living it—on how we love God and people. (Sweet 2011: Kindle ed, loc 747-50)

7.4.1.9. Kontakdata

Die verwysing in die spyskaart na 'n bladsy waar kontak inligting gevind kan word, moet baie prominent aangedui word. Daar is min dinge wat besoekers aan 'n webblad so kan frustreer as om te moet soek na inligting om kontak met die eienaar van die webblad te maak. Dit sou goed wees as sulke kontak data op die hoofblad geplaas kon word, maar omdat dit gewoonlik heelwat ruimte in beslag neem, is dit ook goed om 'n aparte bladsy met al die nodige data van die gemeente se personeel te ontwerp eerder as om te min data te voorsien ter wille van spasie.

Data wat hier van belang is, is gewoonlik eerstens die telefoonnommer van die kerkkantoor wat dan navrae na die regte persoon kan kanaliseer. In hierdie verband is dit goed om saam met die landlyn ook 'n selfoonnommer, epos-adres en faksnommer te verskaf. Dit is ook belangrik om die naam van die gemeente en die straatadres te verskaf en selfs deur die benutting van 'n ikoon 'n skakel na 'n padkaart van die adres beskikbaar te stel. Dit mag dalk wees dat iemand nie noodwendig telefonies of via Internet die gemeente wil kontak nie, maar wat graag 'n erediens of ander byeenkoms wil bywoon en dan wil weet waar die gemeente se geboue kompleks geleë is. Indien gemorspos 'n probleem is, is dit raadsaam om in plaas daarvan om 'n epos adres direk op die hoofblad te plaas, 'n antwoordvorm te ontwerp wat mense kan invul en dus aanstuur sonder dat hulle die epos adres self sien. “Offering a ‘contact form’ (rather than displaying an email address online) will stop ‘spambots’ from ‘harvesting’ your email addresses in order to send spam.” (<http://www.internetevangelismday.com/church-site-design.php>, besoek op 25 Julie 2012)

Soos reeds hierbo (6.4.2.2, bl 121) aangetoon is, bied Facebook baie moontlikhede vir 'n gemeente om met die gemeenskap en des needs die wêreld rondom, op missionale wyse te kommunikeer. Daarom is dit wenslik dat op die hoofblad ikone vir die benutting van massamedia geplaas word. Hier word gedink aan Facebook, Twitter, LinkedIn en werfjoernale. Deur ikone op die hoofblad te plaas, word dit vir besoekers van die blad moontlik gemaak om maklik kontak te maak deur benutting van hierdie massamedia. Uit die aard van die saak is dit met die oog daarop belangrik dat iemand in die kommunikasiespan verantwoordelikheid neem vir die reaksie op hierdie soort kommunikasie sodat persone nie dit benut en daar kom geen reaksie van die kant van die gemeente nie. Wat dit betref, die volgende opmerking: “Don’t try to duplicate Facebook with your website, rather reach out through Facebook. and make use of a Fan Page. Your users are on Facebook almost everyday and this will be a way of giving yourself a voice where they socialize. Make sure your website is optimized for your physical area.” (<http://blog.sachurch.co.za/category/website-design/>, besoek op 6 Aug 2012)

Dit moet dus vir mense moontlik gemaak word om op verskillende maniere en dwarsdeur die dag of nag kontak te kan maak. Dit het al gebeur dat iemand in die een of ander krisis beland en dan iemand se pastorale hulp dringend nodig het. So 'n persoon weet dalk van die kontak moontlikhede op die gemeente se webblad en kan dit dan benut. Op hierdie manier kan die webblad dus as missionale bedienings instrument 'n groot rol in mense se lewens speel. Dit is egter van baie groot belang dat op terugvoering van mens gereageer word. “This is an area in which many churches fail.

Many people report the experience of emailing a church and NEVER hearing back. If you can't respond to emails quickly, maybe you should not offer email links on your website!" ([http://www. Internetevangelismday.com/church site design.php](http://www.Internetevangelismday.com/church%20site%20design.php), besoek op 25 Julie 2012) Dit geld natuurlik vir reaksie op enige navrae wat aan 'n gemeente gerig word. Daarom is dit nodig dat die span wat verantwoordelik is vir die bestuur van die webblad deeglik seker maak dat iemand die opdrag het om op navrae te antwoord.

Deel van die kontak data behoort ook 'n vorm in te sluit wat persone wat graag lidmate van die gemeente wil word, kan invul. Dit gebeur soms dat persone graag by 'n gemeente wil inskakel en dan nie weet hoe om dit te doen nie. As dit van die nuwe persoon afhang om kontak te maak, skeep dan die geleentheid om dit maklik te kan doen. Dit is egter van kritiese belang dat nuwe lidmate nie die indruk moet kry dat dit vir die gemeente net om "vormgodsdien" gaan nie. Vorms wat dus by die kerkkantoor aankom via die webblad moet so gou moontlik na iemand gekanaliseer word wat die aansoek kan opvolg met 'n persoonlike besoek. Dit hoef nie noodwendig 'n leraar te wees nie, maar enige iemand anders wat met die nodige warmte 'n besoek kan aflê en die nuwe lidmaat/-mate kan verwelkom. So 'n opvolgbesoek moet net so gou moontlik gedoen word.

Bykomende inligting op die vorm vir nuwe lidmate kan insluit 'n aanduiding van kleredrag, algemene spiritualiteit, tipe musiek en sang en fasiliteite wat beskikbaar is. "An unchurched person visiting a church for the first time has to face huge hurdles of fear or potential embarrassment. Try to imagine yourself in a new social situation in a foreign country!" ([http://www. internetevangelismday.com/church site design.php](http://www.internetevangelismday.com/church%20site%20design.php), besoek op 25 Julie 2012)

7.4.1.10. Terugvoering

Die groot vraag wat mens natuurlik gedurig vir jouself afvra rakende 'n webblad, is of die blad hoegenaamd in sy doel slaag. Om die antwoord vas te stel, is dit baie goed om op die hoofblad 'n treffer meter (hit counter) aan te bring. Dit is 'n meter wat verskillende inligting verskaf betreffende die kliënte wat die webblad besoek. So 'n meter kan gratis afgelaai word van die Internet en op die blad geïnstalleer word. Daar is 'n wye verskeidenheid sulke meters beskikbaar. Sommige gee net basiese inligting soos die hoeveelheid persone wat die webblad besoek het en na spesifieke bladsye op die webblad gaan kyk het. Dan is daar ook sulke meters wat baie detail oor besoeke gee. Jy kan byvoorbeeld sien van watter deel op die aarde die besoeke kom. Die manier hoe op die webblad ingegaan is, kan gesien word. Selfs die Internet adres van waar die konneksie na die webblad gemaak is, kan gesien word. So sou mens dus met sulke besoekers selfs kontak kon maak. Deur hierdie detail inligting te sien, kan mens

agterkom vanwaar die meeste besoekers kom en vir wie dit iets beteken. Mens kan ook agterkom of dieselfde persone gereeld die blad besoek. Dit is 'n aanduiding dat die blad op deurlopende manier vir mens iets beteken of nie. “Your site’s hosting company should provide you with detailed statistics online, or offer you a daily/weekly download of ‘raw statistics’ which you can process using your own software... Your site provider may give online statistics, or a raw statistics download which you can process using various stat programs.” ([http://www. internetevangelismday.com/church site design.php](http://www.internetevangelismday.com/church%20site%20design.php), besoek op 25 Julie 2012)

In dié verband bied Google 'n baie handige webblad as hulpmiddel naamlik www.googleanalytics.com. Deur op daardie webblad in te gaan en die betrokke webblad van die gemeente te registreer, kan baie detail van die webblad se verbruik gesien word sonder dat daar op die webblad self 'n meter aangebring is. Uit ervaring van my betrokkenheid by die webblad van die NGK Pierneef kon ons byvoorbeeld deur middel van hierdie webblad agterkom dat daar 'n paar persone in Kanada, Nieu Zeeland, Namibië en Australië is wat gereeld die blad besoek. Dan is daar ook enkele mense van die Kaap en die Vrystaat wat die blad gereeld besoek bo en behalwe die persone van die plaaslike gemeenskap. Daar kon ook vasgestel word watter blaaië die meeste belangstelling trek en hoe lank persone op die verskillende blaaië vertoef. Dit bied uiteindelik handige inligting om die ontwerp van die webblad aan te pas en op datum te hou.

Telkens as mens op die hoofblad ingaan, word die getal besoekers opdateer en in syfers aangetoon (Dit geld nie die detail van besoeke soos hierbo uiteengesit nie. Daardie inligting kan net deur die webmeester gesien word). Almal kan dit sien en so bewus raak van gewildheid van die blad al dan nie. Dit op sigself het motiveringswaarde. As mens op 'n webblad ingaan en sien dat dit gereeld en deur baie mense besoek word, sê dit onwillekeurig dat daar iets in hierdie webblad sit wat mense graag wil hê. Vir die span wat die blad bestuur is dit 'n goeie aanduiding of die blad slaag of nie. Indien die getalle baie laag bly, kan iets anders probeer word om die blad meer onder mense se aandag te bring.

'n Ander manier van terugvoering kry is om op die hoofblad te vra dat mense op die blad se inhoud moet reageer. Hierbo is reeds melding gemaak van die belangrikheid om die blad interaktief te laat wees. Op die hoofblad kan dit vir mense maklik moontlik gemaak word deur ikone te gebruik wat mense na verskillende massamedia neem soos Facebook, Twitter, LinkedIn en werfjoernale. Wanneer mense dan op die ikoon klik, word hulle onmiddellik na die betrokke massamedia program geneem en kan hulle 'n boodskap intik en aanstuur. Die hoofblad sou ook goedskiks soos 'n werfjoernaal

gebruik kon word waar 'n prikkelende stelling of vraag oor 'n aktuele saak gestel kan word en mense dan aanmoedig om daarop te reageer deur op een van die ikone te klik. Sulke terugvoering is 'n baie goeie aanduiding van die gewildheid van die blad en kan 'n missionale funksie vervul.

7.4.2 Ander bladsye

Daar is reeds oor die spyskaart iets gesê. Wat hier van belang is, is om iets te sê oor die bladsye waarna in die spyskaart op die hoofblad verwys word.

7.4.2.1. Gidsblad vir bedieninge

Wanneer die aktiwiteite van die gemeente in die vorm van verskillende bladsye verduidelik word, moet seker gemaak word dat alle aktiwiteite en kategorieë ewe veel aandag geniet. Dit kan baie negatiewe effek op mense van buite die gemeente hê as hulle agterkom dat net sekere groepe aandag geniet en daar nie plek is vir iemand soos hy/sy nie. So byvoorbeeld kan daar soveel moeite gedoen word met die blad van die jeugbediening in die gemeente en omtrent niks aan die senior bediening nie sodat 'n senior persoon die indruk kan kry dat daar nie in die gemeente vir hom/haar regtig plek is nie. “Try to put yourself in an outsider’s shoes. It can be very hard for many people to take the courage to visit a church service for the first time on their own. How difficult might you find it to turn up for the first time to a hobby or sports club, wanting to find out more?” ([http://www. internetevangelismday.com/church site design.php](http://www.internetevangelismday.com/church%20site%20design.php), besoek op 25 Julie 2012) Daarom moet die aktiwiteite so omskryf word dat ander en veral vreemdelinge van buite die gemeente daardeur aangespoor sal word om belang te stel. Klem moet veral val op kleiner meer informele byeenkomste waar dit vir vreemdelinge dalk makliker sal wees om tuis te kom. Saam met die omskrywing van die aktiwiteit of bediening moet daar altyd die telefoonnommer van iemand wat oor die saak gekontak kan word, geplaas word.

In die uiteensetting van die diversiteit van die gemeente se aktiwiteite moet die buitestaander kan agterkom dat die gemeente betrokke is by die plaaslike gemeenskap waarvan die gemeente deel uitmaak. In dié verband kan die ontwerp van die webblad dus ook 'n doel dien om die gemeente opnuut te laat nadink oor die aard van die gemeente se bediening. As die gemeente nie by die plaaslike gemeenskap betrokke is nie, kan dit natuurlik nie op die webblad so 'n indruk probeer gee nie. Deur dus die maatstawwe vir 'n missionale ekklesiologie op die webblad toe te pas, kan dit ook 'n manier wees om die missionale bediening van die gemeente te toets. Die webblad kan nie missionaal van aard wees as die onderliggende bedieningsbenadering wat in die gemeente gehandhaaf word nie daarby inpas nie.

7.4.2.2. Gidsblad vir personeel/leiers

Terwyl die basiese kontak inligting van die gemeente reeds op die hoofblad gevind kan word, is dit goed om op 'n aparte gidsblad voorsiening te maak vir die inligting van die gemeente se personeel of betaalde amptenare en ander gemeentelike leiers wat 'n prominente rol in die funksionering van die gemeente speel. Hier word gedink aan die leraar/-s, koster, gemeente bestuurder, finansiële bestuurder (kassier), musiekleier/orrelis en kerkraadslede wat saam verantwoordelik is vir die bestuur van die gemeente. Hier gaan dit nie om die diensgroep leiers of leiers van die gemeente se verskillende bediening wat reeds hierbo genoem is nie.

Omdat mense daarvan hou om 'n gesig aan 'n naam te koppel en dit 'n meer persoonlike en warm ervaring aan inligting gee, moet foto's van die persone sover moontlik by die inligting geplaas word. As hier ook missionaal gedink word en in gedagte gehou word dat ons hoofsaaklik met 'n post-moderne kultuur rondom ons te doen het, is dit verkieslik dat foto's nie te formeel en strak moet wees nie. Die meer informele voorkoms van leiers in foto's skep by mense van buite die indruk dat dit mens-mense is en nie formele institusionele mense nie. Dit dra ook 'n beeld van die gemeente/kerk na buite uit wat toeganklikheid bevorder of kan afbreek.

Volledige inligting is ook hier van groot belang. Dit mag egter nodig wees om elkeen van die persone eers persoonlik te nader en te verneem of die persoon daarmee gemaklik is dat die inligting beskikbaar gestel word.

7.4.2.3. Kalender

Daar is reeds melding gemaak van die verskillende style waarin die kalender beskikbaar gestel sou kon word (vgl *.3, bl 126). Hier word nou net beklemtoon dat dit beter is om die kalender as 'n aparte item op die spyskaart van die hoofblad te plaas as om dit direk op die hoofblad te plaas. Wat egter wel gedoen kan word, is om elke maand net 'n kopie van die spesifieke maand op die voorblad te plaas. Dit hoef nie veel plek op te neem nie en help mense om die aktualiteit van die kalender raak te sien.

7.4.2.4. Preke

Die Internet bied aan die kerk 'n wonderlike geleentheid om die verkondiging van die Woord oor die hele aardbol te laat weerklink. Dit is tans alreeds in baie gemeentes die gebruik om ten minste die prediking gedeelte van die eredienste digitaal op te neem en deur middel van CD's aan mense beskikbaar te stel. Die ontwikkeling van Internet tegnologie het dit moontlik gemaak dat sulke opnames wat dikwels uit groot lêers bestaan, so te kan verwerk dat dit funksioneel via die Internet op rekenaars afgelaai kan word. Dit is veral moontlik as net die spraakgedeeltes van eredienste opgeneem word.

Deur preke op Internet beskikbaar te stel, beteken dit dat enige iemand oor die hele aarde versprei dit kan aflaai en daarna luister.

Daar is selfs gemeentes wat die eredienste nie net in oudio formaat opneem nie, maar selfs in video formaat. Met verskillende sagteware wat tans reeds beskikbaar is, kan sulke video materiaal wat gewoonlik baie groot lêers is, sodanig gereduseer word dat dit moontlik is om dit op Internet vir aflaai beskikbaar te stel. Deur dit te doen, kan die uiteindes van die aarde bereik word met die verkondiging van God se Woord. Daar is talle voorbeelde hiervan. In die NGK Pierneef is daar met 'n opname vasgestel dat daar ongeveer vyftig van die gemeente se lidmate op daardie stadium in die buiteland woonagtig was. Daar is ook vasgestel dat 'n hele aantal van hierdie lidmate met die plaaslike gemeente via die Internet kontak behou deur op die gemeente se webblad in te gaan. Heelwat van hulle laai ook graag die preke wat in die webblad geplaas word, af sodat hulle in hul eie moedertaal die Woord van God kan hoor. Dan is daar weer ander lidmate in die gemeente wat graag die preke aflaai om vir iemand anders te laat hoor of om self weer 'n tweede maal daarna te luister om beter te verstaan. Sommige mense laai die preke af om in klein groepe daarna te luister en te bespreek. Daar is dus 'n verskeidenheid moontlikhede vir die benutting van preke om ander met die Woord te bereik.

7.4.2.5. Toerusting

Daar is reeds in die probleemstelling (1.1.2, bl 14) hierbo daarvan melding gemaak dat die gebrek aan geestelike toerusting 'n baie groot probleem in die NGK is. Talle van die kerk se lidmate is vandag in 'n gesekulariseerde wêreld vasgevang met 'n gebrek aan tyd. Dit gebeur dikwels dat organisasies of besighede nie vakatures wat mag ontstaan, met iemand anders vul nie met die gevolg dat die oorblywende personeel ekstra verpligtinge by kry en dus geweldig min tyd vir persoonlike versorging gegun word.

Daar is verder ook 'n bekommernis dat die erediensbywoning van lidmate in die hoofstroom Kerke waaronder die NGK ook sorteer, aan die afneem is. Aan die ander kant, sit al meer mense daagliks voor rekenaars met toegang tot die Internet en kan hulle met gemeentes se toerustingmateriaal bereik word. Daarom behoort gemeentes moeite te doen om toerustingmateriaal wat op verskillende maniere in die gemeente gebruik word, op die Internet beskikbaar te stel. In 'n hele aantal gemeentes is daar tans Bybelskole en/of kleingroep bedienings. Deur die materiaal op die Internet via die webblad beskikbaar te stel, word dit vir ander mense, binne en buite die gemeente, moontlik om daardeur geestelik versorg te word.

Dit is in dié verband belangrik om aktuele temas te bestudeer sodat mense in die praktyk van hulle menswees toegerus kan word. Daar is ook op ander webwerwe wonderlike toerustings materiaal waarna in die gemeente se webblad verwys kan word. Wanneer dit gedoen word, is dit belangrik dat instansies wie se webblad dit is, toestemming gee dat na die webblad verwys word indien dit van toepassing is. Wat hierdie saak baie sou aanhelp, is as daar in die NGK 'n algemene kantoor ingerig kon word waar gemeentes die materiaal wat ontwikkel word kon aanmeld sodat ander gemeentes ook daartoe toegang kan kry. Dit sou 'n geweldige sprong vooruit wees as die Kerk 'n reëling kon tref dat gemeentes se materiaal oor en weer benut mag word. Dit sou meebring dat elke gemeente op haar webblad met vrymoedigheid na ander gemeentes se webblaaie kon verwys en oor en weer beïnvloeding dus so kan plaasvind. 'n Ander moontlikheid is dat gemeentes die materiaal wat op verskillende terreine van die kerklike werk ontwerp word, ook op die webblad van die NGK geplaas word sodat gemeentes op hulle eie webblaaie net met 'n skakel na die NGK se webblad kan verwys en die materiaal deur enige persoon benut kan word.

7.4.2.6. Foto's

Een foto vertel 'n hele verhaal en is 'n duisend woorde werd. Ontwerp 'n bladsy wat deur middel van foto's as vertoonvenster van die gemeente se bedrywighede kan diens doen. Laat die klem hier val op mense en minder op strukture en geboue. Mense stel belang in wat mense by 'n gemeente doen. Dit maak die gebeure persoonlik en lewendig. Veral foto's van mense wat iets saam doen en dit geniet, het baie missionale impak op ander van buite die gemeente. Dit is ook baie belangrik dat foto's reservert en op datum gehou word.

7.5. Toetsing

Met die ontwerp van die webblad is dit van kritiese belang dat seker gemaak moet word dat daar nie tegniese foute met die taal formulerings, spelling, sin konstruksies, grafika en ander tegniese funksies van die blad is nie. Die tegniese ontwerper van die blad kan die ontwerp nagaan en deeglik toets terwyl die taalkundige deel na 'n taalkundige verwys kan word. "Poor spelling, grammar or punctuation will reduce the credibility of any website. And all written text should be checked and revised, by someone other than the writer. Websites need the writing style and gifts of a journalist, not a preacher." ([http://www. internetevangelismday.com/church site design.php](http://www.internetevangelismday.com/church_site_design.php), besoek op 25 Julie 2012)

Nadat die webblad ontwerp is, is dit 'n goeie ding om dit aan verskillende gemeentelede asook persone buite die gemeente beskikbaar te stel om te toets of dit aan die verwagting van 'n missionale bedieningsinstrument voldoen. "The self-

presentation should be a product of the entire congregation. The effort must be shared by as many members as planning your worship service or newsletter is. The task must be as reasoned and serious as that of calling the next minister.” (<http://blog.sachurch.co.za/category/website-design/>, besoek op 6 Aug 2012)

Die ontwerpspan moet vir die persone wat aan die toetsing deelneem riglyne voorsien waarvolgens hulle na die webblad moet gaan kyk. In Bylaag A (bl 195) word 'n volledige vraelys verskaf waaruit die span 'n seleksie kan maak na gelang van eie omstandighede. Die vraelys bestaan uit twee afdelings: 'n vraag wat 'n bepaalde aspek aanspreek en 'n punt wat toegeken kan word na gelang van die antwoord op die vraag. (vgl [http://www.internetevangelismday.com/church site design.php](http://www.internetevangelismday.com/church%20site%20design.php), besoek op 17 Julie 2012)

Gebruik persone van albei geslagte vir bogenoemde toetsing. “Male and female brains really are wired differently – they respond to different issues and notice different things! Because there are more male than female church webmasters, we strongly urge female input into all aspects of church website design and content.” ([http://www.internet-evangelismday.com/church site design.php](http://www.internet-evangelismday.com/church%20site%20design.php), besoek op 17 Julie 2012)

7.6. Aflewering

Nadat die webblad noukeurig en met groot omsigtigheid ontwerp is, is dit nodig dat die blad publiek op die Internet beskikbaar gestel word. Om dit te kan doen, is dit nodig dat 'n gasheer met die nodige Internettoegang gevind word. “Think of a server as a powerful computer which will store your web site files in a place where anyone can access them.” ([http://hrr.hartsem.edu/leadership/ designing_church_ sites.html](http://hrr.hartsem.edu/leadership/designing_church_sites.html), besoek op 6 Aug 2012).

Wat gashere betref, is daar verskillende moontlikhede. Daar is ook verskillende opsies waarna gekyk moet word ooreenkomstig die gemeente se verwagting en potensiaal ten opsigte van die webblad. Oor die algemeen is faktore wat ter sprake is hoofsaaklik die koste daaraan verbonde en die spasie op die lug wat gebied word. Daar is enkele gashere wat gratis diens lewer. Wanneer sulke dienste benut word, moet egter net seker gemaak word dat die lugspasie wat aangebied word voldoende vir die gemeente se behoeftes is. Sam met die spasie op die lug is daar gewoonlik ook verskillende opsies betreffende epos adresse. Daar is van die gashere wat selfs 'n onbeperkte aantal epos adresse aan die gemeente beskikbaar stel wat deur gemeentede benut kan word vir persoonlike epos fasiliteite.

Wat hier van groot belang is, is die noodsaaklikheid dat die naam wat vir die webblad geregistreer word sodanig is dat dit maklik herkenbaar is. Behalwe vir die gemeentede moet dit ook maklik deur ander mense gevind kan word sodat, al weet mense nie wat

die presiese naam van die webblad is nie, hulle nogtans by die webblad kan uitkom deur net na die gemeente se naam op die Internet te soek. Daar moet dus 'n logiese koppeling tussen die naam van die gemeente en die naam van die webblad gemaak kan word.

7.7. Instandhouding/opdatering

Die ontwerp en beskikbaarstelling van die webblad is maar die begin van die hele proses. Die instandhouding en voortdurende opdatering daarvan is nie net noodsaaklik nie, maar 'n onontbeerlike deel van die sukses van die webblad. Daar is min dinge wat mense so gou afsit van 'n webblad as om daarop in te gaan en te sien dat die gegewens daarin verouderd is en nie op datum gehou word nie. Dieselfde geld wanneer mense op 'n webblad ingaan en by sommige items in die spyskaart die boodskap kry: “Bladsy nog onder konstruksie.” “Few things look worse than links to ‘forthcoming events’ which were actually two months ago! Check for anything that gives the impression that page material is dated and unchanged. Areas of a site can be easily forgotten.” ([http://www.internetevangelismday.com/church site design.php](http://www.internetevangelismday.com/church%20site%20design.php), besoek op 17 Julie 2012)

Die geheim is dus om een persoon in die webbladspan spesifiek opdrag te gee om toe te sien dat die blad op datum bly. So 'n persoon hoef nie alles self te kan doen nie, maar moet toesien dat die regte persoon verwittig word van enige veranderinge wat aan die blad aangebring moet word. Dit is ook 'n baie goeie reëling om van die begin af te besluit dat die webblad elke week op 'n vooraf vasgestelde dag hersien word en op datum gebring word indien nodig. Hiervoor dien Maandae gewoonlik as 'n goeie moontlikheid omdat dit dan geleentheid bied om betyds die vorige Sondag se preek en aankondigings op die blad aan te bring.

7.8. Bemaking

Die Afrikaanse spreekwoord “onbekend maak onbemind” is hier van toepassing. Dit help veel as die gemeente se webblad met groot sorg en baie moeite en koste ontwerp word en niemand weet daarvan nie. As so 'n webblad reg hanteer is, is dit die publieke gesig van die gemeente na binne en na buite. Daarom is dit van die uiterste belang dat die gemeente se webblad deeglik bemark word.

Terwyl daar baie voordeel spruit uit 'n webblad vir die gemeente maak Kerr die volgende belangrike opmerking in verband met die bemaking daarvan: “Marketing your online information service is as important – if not more so – as ‘real world’ marketing activities. No matter how familiar your users may be with your service, new resources need to be promoted. If you are actively seeking new users – or aiming for greater use

by the existing user base – then effective promotion is not just desirable, it is essential.” (Kerr 1999:4). Die volgende wenke word hieroor aan die hand gedoen:

7.8.1. Eenvoud en relevansie van die bronadres (BA)

Maak dit maklik vir mense om die kontak verwysing van die blad te kan memoriseer en onthou. Hierbo is reeds gesê dat die naam van die webblad ooglopend aan die gemeente se naam gekoppel moet kan word. Hoe makliker dit is om die naam te onthou en die verband daarvan met die gemeente te kan lê, hoe beter sal mense ook die webblad kan onthou en meer gereedlik besoek. Dit sal ook meebring dat dit makliker kan gebeur dat persone wat nie noodwendig na die gemeente se webblad gesoek het nie, daarop sal afkom as hulle na enige iets anders op die Internet gaan soek wat naby verband hou met die naam van die gemeente. 'n Mooi voorbeeld hiervan is die webblad van die NGK Pierneef waarvan die webblad se naam is www.ngkpierneef.co.za. Hierdie betrokke blad is so ontwerp dat as enige iemand iets gaan soek op die Internet met die woord Pierneef in, dan kom mense dikwels by hierdie gemeente se webblad uit.

7.8.2. Prominensie van die bronadres (BA)

Dit is baie opvallend om op te merk dat in die sekulêre besigheidswêreld die naam van 'n instansie of besigheid se webblad gewoonlik baie duidelik naas die naam van die besigheid of saak aangebring word. Dikwels sal hierdie naam van die webblad selfs op vervoermiddels van die besigheid of saak aangebring word. Tog gebeur dit selde met die webblaaie van gemeentes. Tot soveel as twee jaar gelede was dit opvallend dat die webblad gegewens van gemeentes van die NGK in die kerk se Jaarboek in dieselfde grootte skrif as die ander gegewens van die gemeente gedruk is. Nadat die skrywer hiervan die uitgewers se aandag gevestig het op die belangrikheid daarvan dat gemeentes se webblad gegewens duideliker moet uitstaan, word die gegewens soos tans in vetdruk gepubliseer sodat dit ooglopend uitstaan tussen die ander gegewens. Dit is 'n stap in die regte rigting alhoewel die lettertipe nog groter sou kon wees. Dit is van uiterste belang dat die naam van die gemeente se webblad baie duidelik aangebring word waar dit ook al gedoen kan word. Plaas dit op die naambord van die gemeente, die briefhoofde van die kantoor, die visitekaartjies van personeellede, die gedrukte aankondigings bladje wat Sondae by die eredienste uitgedeel word, die jaarlikse kalender se voorblad en waar ook al op amptelike wyse met mense vanuit die gemeente gekommunikeer word.

7.8.3. Benut die webblad vir die bedieninge

Dit gebeur al meer dat gemeentes hulle eie kategetiese materiaal uitwerk en ook materiaal vir bespreking in kleingroepe of wyksbyeenkomste. Publiseer hierdie materiaal op die gemeente se webblad sodat lidmate verplig is om op die webblad in te

gaan en dit daar af te laai vir gebruik. So kan die webblad benut word om oor verskillende sake met die gemeente te kommunikeer in plaas daarvan dat die kommunikasie via gedrukte dokumente geskied. Deur dit so te doen, kan baie geld gespaar word en raak lidmate tuis met die gebruik van die webblad. Moedig voortdurend ook lidmate aan om die preke en ander toerusting materiaal wat op die webblad van die gemeente verskyn, met ander mense met wie hulle te doen kry, te deel en so deel te neem aan die missionale uitreik van die gemeente na die gemeenskap rondom hulle.

7.8.4 Prominensie op die Internet

Op die Internet is daar verskillende soekgereedskap wat gebruik kan word om na 'n tema te gaan soek. Die mees bekendes is Google, Yahoo, Bing, Aol Search, Lycos en Giga Blast om maar net 'n paar te noem. Hoe hierdie soeknetwerke te werk gaan, is om onder andere in bestaande webblaaie wat op die Internet geregistreer is, woorde en begrippe te identifiseer en aan die hand van sekere norme in volgorde van prioriteit te plaas. Wanneer iemand dan soek na 'n bepaalde onderwerp of saak op die Internet deursoek die soekmeganisme eerstens die prioriteitslys en vertoon resultate aan die soeker in volgorde van die prioriteitslys. Die geheim in die ontwerp van 'n webblad is dus om sleutelwoorde so op die webblad te plaas dat die soekgereedskap dit maklik sal herken en hoog op die prioriteitslys sal plaas.

Hierdie tegniek kan benut word om seker te maak dat wanneer enige besoeker aan die Internet na temas gaan soek waaroor iets verskyn in die gemeente se webblad, die soekgereedskap so 'n persoon na die gemeente se webblad sal lei omdat dit hoog op die prioriteitslys verskyn. Hierdie tegniek kan meebring dat mense wat nie noodwendig na die gemeente se webblad gesoek het nie, tog daarby uitkom en dus met die inhoud daarvan bereik kan word. Dit word uiteindelik 'n geweldige handige missionale bemarkingsaspek wat beslis met die ontwerp van die webblad ingebou moet word.

8. KWALITATIEWE NAVORSING VAN GEMEENTELIKE WEBBLAAIE IN DIE NGK

Die legkaart van hierdie studie is nou voltooi. Die saak oor God se koninkryk is aangespreek en gesien dat die heerskappy van God die sin van die lewe vorm. Die mens as beeld van God en in besonder die kerk as liggaam van Jesus Christus is op aarde geplaas nie ter wille van die mens of die kerk nie, maar ter wille van die koninkryk sodat God as die Almagtige Heerser bekend gestel kan word. Daaruit word die roeping van die kerk geformuleer as 'n missionale roeping. God wil sy koninkryk primêr deur sy kerk bekendstel. Om daarmee suksesvol te wees, moet die kerk die eietydse konteks waarin die mens leef en die kerk kerk moet wees, verreken. Hierdie konteks is 'n dinamies veranderende konteks wat in ons tyd veral beïnvloed word deur die koms van die Internet. Alhoewel die Internet deur die mens op baie onheilige maniere gebruik word, moet die kerk dit nie as 'n negatiewe monster beveg nie, maar eerder benut en infiltrer as missionale bedieningsinstrument. Daarom moet die kerk en met name elke gemeente moeite doen om die verskillende massamedia as kommunikasienetwerk te benut. Van hierdie middele is die gemeente se webblad die kragtigste omdat dit meer permanent van aard is. Dit is die oase waarby die ander massamedia kan aansluit en met energie die wêreld ingestuur kan word.

Al hierdie elemente van die studie vorm saam die stukke van die legkaart waarmee ons besig is om die een groot doelwit te bereik naamlik om aan te toon dat die Internet en met name die webblad van die gemeente, 'n missionale bedieningsinstrument by uitnemendheid binne die postmoderne wêreld van vandag is. Die laaste navorsingsvraag wat nou nog beantwoord moet word, is of hierdie prentjie van die legkaart so deur gemeentes raakgesien en benut word.

In hierdie hoofstuk word dus nou aandag gegee aan die vraag in watter mate die bestaande webblaaie van gemeentes in die NGK daarin slaag om die doelwit van missionale kerk-wees as kommunikasiesisteem te dien. Hier word van 'n kwalitatiewe navorsingsmetode gebruik gemaak omdat dit nie hier om sekere statistieke gaan wat kwantitatief gemeet kan word nie. Dit gaan eerder om die waarneming van 'n bepaalde strategie in 'n gemeente waardeur die gemeente se vermoë om eietydse massamedia in diens van die missionale roeping te benut. "The study is classified as qualitative if the purpose of the study is primarily to describe a situation, phenomenon, problem or event." (Kumar 2005:12). Nie alle data is kwantifiseerbaar nie en daarom kan die aard van kommunikatiewe gebeure via die gemeente se webblad nie altyd met die inwin van kwantitatiewe data gemeet word nie. "Kwalitatiewe navorsing kan verkennend, beskrywend of verklarend van aard wees." (Landman 1990:46). Dit is wat hier beoog word.

Om dit te doen, is vyf vrae ontwerp aan die hand waarvan elke webblad kwalitatief evalueer is. Die vrae lui soos volg:

- Dra die algemene ontwerp van die hoofblad by tot missionale kerk-wees?
- Dra die ander blaaie van die webblad by tot missionale kerk-wees?
- In watter opsig word die webblad benut vir die geestelike toerusting van die gemeente se lidmate (en ander gelowiges) met die oog op missionale kerk-wees?
- Bied die blad genoegsame geleentheid vir interaktiewe kommunikasie?
- Word skakels na ander webblaaie gegee?

Die verduidelikende motivering vir elke vraag word by die toetsing van die vraag gegee.

In die proses van evaluering is gepoog om so objektief moontlik die vrae te beantwoord. Uit die aard van die saak is daar altyd by enige kwalitatiewe navorsing 'n mate van subjektiwiteit betrokke. Om vas te stel watter gemeentes oor 'n webblad beskik, is die Jaarboek van die NGK vir 2012 gebruik as bron. Verder is via die verskillende sinodale kantore aan elke gemeente 'n skrywe gerig om navraag te doen of die gemeente van 'n webblad gebruik maak al dan nie. Op hierdie manier is vasgestel dat veel meer gemeentes webblaaie het as wat tans in die Jaarboek aangetoon word. Uit bogenoemde bronne is uiteindelik vasgestel dat daar tans 144 gemeentes in die NGK is wat oor funksionerende webblaaie as kommunikasiemiddel beskik. Volgens die Jaarboek van 2012 is daar tans 1153 gemeentes in die NGK. Dit beteken dus dat slegs 12,48% van alle gemeentes tans van webblaaie gebruik maak. As na die verskillende sinodale gebiede gekyk word, sien die statistieke soos volg daaruit:

Sinode	Getal gemeentes	Getal webblaaie	Persentasie (%)
Hoëveld	126	9	7,14
Kwazulu-Natal	57	5	8,77
Namibië	44	2	4,54
Noord-Kaapland	81	3	3,73
Noordelike	125	40	32,00
Oos-Kaapland	104	3	2,88
Oostelike	87	26	29,00
Vrystaat	160	4	2,50
Wes en Suid Kaap	229	39	17,00
Wes-Transvaal	145	13	8,96

Die vrae word na elke webblad geneem en beantwoord teen die agtergrond van die basiese vereistes wat in elke geval vir alle webblaaie geld. Peters noem dit 'n drie-been stoel: "Three legs on which the stool will stand: (1) high-quality, significant content; (2) attractively, meaningfully presented; (3) promotion to encourage visiting." (<http://church>

and websites.mht, besoek op 2 Jan 2009). Wat hier volg, is 'n samevattende beeld van al die webblaaie op elke vraag. Hoe die vrae in elke afsonderlike webblad beantwoord word, kan in Bylaag B gesien word.

8.1. Vraag 1: Dra die algemene ontwerp van die hoofblad by tot missionale kerk-wees?

Die heel belangrikste blad van enige webblad is die hoofblad. Wanneer enige iemand die BA van die gemeente se webblad op Internet insleutel, maak die webblad op die hoofblad oop. Die eerste indrukke wat die leser daar kry, is van kritiese belang vir die persoon se verdere belangstelling in die res van die webblad. Daarom is dit so belangrik dat hierdie blad so ontwerp word dat veral die vreemdeling of buitestaander geprikkel sal word om verder na die inhoud van die hele webblad te kyk. In hoofstuk 7 hierbo en in Bylaag A word 'n hele aantal sake genoem wat van belang is om die webblad effektief (missionaal gerig) te ontwerp. Nou moet die vraag beantwoord word of gemeentes wat webblaaie het, slaag in hulle pogings om die hoofblad so te ontwerp dat dit missionale betekenis het. Met missionaal word hier bedoel dat die hoofblad daartoe sal bydrae dat enige besoeker aan die blad, hetsy dit 'n lidmaat, ander gelowige of 'n totale nog-nie-gelowige is, deur die ontwerp van die blad sal belangstel om ook na die res van die webblad te gaan kyk en moontlik deur die inhoud geprikkel word om in die boodskap van die kerk belang te stel.

Met die evaluering van die bestaande webblaaie is die volgende ten opsigte van die hoofblad gevind:

8.1.1. Verwelkomingswoord

Daar is min dinge wat mense se belangstelling so vasvang as 'n woord van welkom. Dit is egter ook so dat daar verskillende maniere is waarop so 'n verwelkoming gedoen kan word. Om maar net te sê "welkom" is nie noodwendig genoeg nie. Wanneer die bewoording egter iets besonder en persoonlik word, het dit heeltemal 'n ander uitwerking op die leser.

In die navorsing is gevind dat gemeentes waarvan die webblaaie as missionaal van aard beleef is, moeite gedoen het om mense hartlik welkom te laat voel met die oopmaak van die hoofblad. Voorbeelde hiervan is die volgende:

- Pierneef (www.ngkpieerneef.co.za) – "Ons verwelkom graag alle mense hier by ons. Al behoort jy tot watter ras of sosiale groep, gelowig of ongelowig, arm of ryk - almal is hier by ons welkom in die eredienste en enige ander byeenkoms waar ons as gemeente die Here saam dien. Die Here het jou lief en daarom is jy welkom."
- The Reeds (www.ngthereeds.org.za) – "Jy is welkom by NG Gemeente The Reeds. Ons nooi jou uit om deel van ons geloofs familie te wees!"

- Waterkloofrif (www.ngwaterkloofrif.co.za) – “Welkom by NG Waterkloofrif. By NG Waterkloofrif kry jy vriendelike mense. Hier is almal welkom - jy ook. By NG Waterkloofrif raak jy nie weg nie - elkeen is belangrik en elkeen word raakgesien. So maak die Here met ons. Al is daar biljoene mense op aarde, die HERE sien JOU raak, Hy weet as een van JOU hare uitval. Jy is ontsettend kosbaar vir Hom. Daarom wil Hy 'n pad met jou loop. In NG Waterkloofrif het ons nie 'n klomp frilletjies en beloftes nie. What you see is what you get. Een ding kan ons jou verseker: hier sal jy Sondag vir Sondag die WOORD van die Here hoor - die Bybel word gelees. Ons is 'n gemeente van die WOORD, van die SKRIF. Die Gees van Waarheid werk met ons, volgens die Skrif en deur die Skrif. Hy gebruik die Skrif om ons te onderrig in 'n wêreld wat die Skrif uitlag, wat die Skrif nie meer ken nie. Daarom sê ons aanhoudend: Moenie luister na die mens wat die erediens lei, of die Skrif lees nie, maar luister na die stem van God se Gees wat jou hart aanraak. Wil jy beleef hoe die Gees van God met jou, in jou en deur jou werk? Kom dan met hierdie verwagting na byeenkomste toe - vra die HERE om met jou te werk - en HY sal.”
- Pierre van Ryneveld (www.pvr.co.za) – “Welkom by ons geloofsfamilie se web-werf. Saam is ons op reis na heelheid in Christus en wil by jou in haak en jou lewensreis saam met jou beleef. Kuier gerus lekker hier op ons webwerf. Gesels, word deel en droom saam met ons. Sien jou op die reis...”
- Suiderkruis (Potch-Suid) (www.suiderkruis.com) – “Baie welkom by ons gemeente! 'n Gemeente van Jesus Christus vir oud en jonk!”
- Alberton-Suid (www.albertonsuid.com) – “Welkom by ons gemeente webtuiste. Alberton-Suid is as familie van God saam op 'n ontdekkingsreis van die krag van die evangelie. Saam met jou wil ons die Here aanbid, genesing ontvang en Sy liefde uitleef. Ons hoop jy geniet dit om op ons webtuiste tyd te spandeer. Mag ons mekaar hier raakloop.” Saam met hierdie woorde speel daar 'n kort video (via Flashplayer) waarin 'n getekende mannetjie elkeen persoonlik welkom heet.

Die sukses van bogenoemde gemeentes se woord van welkom is geleë in die feit dat die klem op mense en verhoudings val. Die belewenis wanneer die hoofblad oopgemaak word, is dadelik een van warmte en dat die bepaalde gemeente in jou as mens, wie en wat jy ook al is, belangstel. Verder is die belewenis dat die gemeente graag jou hand wil vat en saam met jou die pad wil stap. Dit is nie 'n ervaring van die gemeente het gearriveer en arme jy is nog nie waar hulle is nie. Die behoefte van gelowiges en nog-nie-gelowiges is dikwels 'n soeke na iemand wat net 'n hand van vriendskap en liefde uitsteek om saam die pad te loop. Dit is die boodskap wat hierdie boodskappe van welkom uitsaai.

8.1.2. Droom-, visie- en missiestellings

Hoe 'n gemeente haar roeping verstaan, word gewoonlik verwoord in 'n formulering wat deur sommige gemeentes as hulle Godgegewe “droom” verstaan word. Ander noem dit die gemeente se “missie” en ander selfs die “visie” van die gemeente. Hier word nie geredeneer oor die teologiese korrektheid al dan nie van die terme nie. Wat hier van belang is, is die vraag of gemeentes daarin slaag om by besoekers aan die webblad die indruk te skep dat die gemeente verstaan waaroor missionale kerk-wees gaan.

In die navorsing is gevind dat baie gemeentes die geleentheid van die webblad benut om op die hoofblad (by sommige verskyn dit op ander blaaie) 'n formulering van hul roeping te plaas. Somtyds is die formulering 'n kil teologiese en saaklike formulering wat dadelik die indruk skep dat teologiese formulering vir die gemeente van groot belang is. Dit kan besoekers afskrik. Daar sal natuurlik altyd diegene wees wat daarvan hou. Hier word gekies vir 'n minder formele teologiese formulering omdat warmte en die ervaring dat daar vir enige mense plek is, by die oorgrote meerderheid van mense swaarder weeg as koue formuleringe.

Voorbeelde van formuleringe wat na my mening slaag om missionale kerk-wees na buite te dien, is die volgende:

- The Reeds (www.ngthereeds.org.za) – “Ons glo dat God die Vader, sy Seun gestuur het na die wêreld; Ons glo ook dat Jesus die Heilige Gees gestuur het en dat die Vader, Seun en Gees die kerk, daarom ook ons gemeente, stuur na sy wêreld toe. Ons gemeente is bevoorreg om aan hierdie missie van God deel te neem. God kom dus vandag na die wêreld deur ons gemeente aan wie Hy 'n nuwe identiteit gegee het. Die manier waarop God deur ons gemeente in hierdie wêreld sigbaar word, is deur middel van die bediening van ons gemeente soos dit uitgebeeld word in ons bedieningsembleem. Die bediening in ons gemeente is gerig op: Diens aan God, diens aan mekaar as geloofsfamilie en diens aan die wêreld waar ons elke dag is en leef.”
- Lyttelton-Oos (www.lytteltonoos.org.za) – “Lyttelton-Oos bestaan om God te verheerlik deur dissipels te wees wat vrugte dra (Joh 15:8). Hierdie vrugte vloei voort uit 'n noue verhouding met God, mekaar en ons naaste. Dissipels leef 'n lewe in oorfloed en help mense om 'n lewe in oorfloed te leef deur hulle te help om: ware lewensvrede te beleef, 'n egte lewenstuiste te vind, lewenskrag te ervaar, lewensvernuwing te ondergaan en lewensvervulling te vind.”
- Tygerpoort (www.ngtyger.com) – “NG Tygerpoort is 'n gemeente in die ooste van Pretoria. Die gemeente is lewendig en vol energie - ons bestaan nie ter wille van onself nie!”

- Warmbad-Wes (www.warmbadwes.co.za) – “Die gemeente se visie is: ONS IS GOD SE LIG VIR DIE WÊRELD. Die gemeente se missie is OM JESUS KONING TE LAAT WEES, in die lewe van elke lidmaat, in ons gemeente en in die wêreld. Die gemeente strewe, in afhanklikheid van God, om hierdie doelstelling tot eer van God te bereik, en glo dat die hele gemeente, groot en klein, hierby betrokke moet wees.”

8.1.3. Die naam en logo van die gemeente

In die Engelse taal ken ons die uitdrukking: “What is in a name. A rose by any name is still a rose.” Hierdie uitdrukking is in missionale kerk-wees via die webblad nie waar nie. ’n Naam kan baie meer betekenis hê as wat mens ooit kan dink. Deur die naam van ’n gemeente word alreeds iets van die missionale houding van die gemeente gesê. Juis om hierdie rede het verskillende gemeentes die afgelope jare die naam van die gemeente verander om juis missionale betrokkenheid aan te dui. Dit is opvallend dat dit juis hierdie gemeentes is wat moeite doen om op die hoofblad van die gemeente se webblad deur die naam en logo wat daarmee saamgaan ’n missionale indruk te maak.

Voorbeelde hiervan is die volgende:

- Hulp en Hoop Gemeenskapskerk (www.nghulpenhoop.org.za) – Dit is die nuwe naam van die gemeente wat vroeër as Potgietersrus-Oos bekend gestaan het. Deur die nuwe naam wil die gemeente uitdrukking gee aan ’n doelbewuste keuse om missionale kerk te wees. Op die webblad van die gemeente word op die hoofblad die nuwe naam saam met ’n logo gegee: “NG HULP EN HOOP GEMEENSKAPSKERK – Ons bou brûe na jongmense!”
- Kerksondermure (www.kerksondermure.org) – Op die gemeente se webblad word oor die naam gesê: “... in 2006 het die naam van NG Gemeente Verwoerdburgstad verander na Kerksondermure. Die naamsverandering is gebore uit ’n begeerte om ’n naam te hê wat verwoord wie ons is en wil wees. Hierdie verandering het nuwe momentum te weeg gebring in Kerksondermure se bestaan.” Saam met die naam op die hoofblad is die logo “loof, luister, leef”.
- Lux Mundi (www.luxmundi.org.za) – Op die webblad van die gemeente word die volgende oor die gemeente se naam gesê: “Ons gemeentenaam wil iets herhaal van Jesus se woorde:
 - Daar is geen ander lig vir die wêreld as Jesus nie.
 - Maar ons verstaan ook dat Hy ons roep om Sy lig in die wêreld te weerkaats.
 - Ons naam sê dat ons hierdie roeping toe-eien en ernstig opneem.”
 Saam met die naam op die voorblad verskyn die logo: “Jesus-volgelingen, oop en liefdevol, vir die gemeenskap, dienend.”

- Paarlberg (www.paarlberg.org.za) – “Paarlberg Gemeente. Gestuurde medewerkers in God se wingerd.”
- Jeffreysbaai (www.ngkjeffreys.co.za) – “NGK JEFFREYSBAAI. God maak ons golwe van liefde en lig vir die wêreld in nood.”
- Doornkloof (www.ngdoornkloof.org.za) – “Doornkloof Familiekerk. Waar Geloof deur Liefde tot Dade oorgaan.”
- Witrivier (www.ngwitrivier.co.za) – “NG GEMEENTE WITRIVIER. OASE van JESUSLIEFDE.”

Bogenoemde is enkele voorbeelde van gemeentes wat moeite doen om deur die naam en logo van die gemeente op die hoofblad van die gemeente se webblad 'n duidelike aanduiding te gee van hulle missionale ingesteldheid in die uitlewing van die gemeente se roeping. Wanneer die besoeker die webblad oopmaak, bied dit dadelik 'n motivering om verder in die gemeente se bedieninge en aktiwiteite belang te stel.

8.1.4. Program en aktiwiteite van die gemeente

In die meeste gevalle word die mees resente byeenkomste en/of aktiwiteite op die program van die gemeente op verskillende maniere op die hoofblad van die webblad aangebring. Waar dit gebeur terwyl die res van die hoofblad 'n missionale impak het, is dit 'n baie handige hulpmiddel vir mense wat in die gemeente belangstel om daarby betrokke te raak. Waar die aankondigings nie gedra word deur die res van die hoofblad nie, het dit nie baie effek nie. In enkele gevalle word buitengewoon moeite gedoen om 'n bepaalde aktiwiteit op die hoofblad besonder sterk uit te lig. In sulke gevalle het die aankondigings op sigself missionale betekenis.

'n Enkele voorbeeld van bogenoemde is die volgende:

- Middelburg-Suid (www.midsuid.co.za)

Gebedssake vir Novembermaand. Kliek hier
Beroep van nuwe leraar
Die kerkraad het besluit om weer 'n nuwe leraar te beroep. Sodra die profiel en advertensie gereed is sal dit hier beskikbaar wees.
Orrelispos
Die gemeente het 'n pos vir orrelis beskikbaar. Die advertensie sal ook binnekort hier verskyn.
Gemeenteprogram
11 November om 08:00 Erediens - bevestiging van geloof; kinderkerk 09:00 Kategese
11 November om 10:00 Kerskonsert met Rina Hugo ten bate van die Christelike Seemansorganisasie
17 November om 18:30 Kerssangdiens
18 November om 08:00 Nagmaal NET EEN OGGEND EREDIENS
18 November om 18:30 Kerssangdiens
25 November slegs een erediens om 08:00

8.1.5. Ander sake

Met die bestudering van die gemeentes se webblaaie is daar enkele kere interessante items op die hoofblaaie van gemeentes gevind wat noemenswaardig is en beslis

oorweeg kan word om besoekers se aandag te trek en belangstelling vir die ander blaai van die webblad te kweek. Die volgende word genoem:

- Wanneer die hoofblad oopmaak, word 'n reeks foto's van die aktiwiteite in die gemeente vertoon. Foto's trek beslis die aandag veral as dit oor mense gaan. Daar is talle voorbeelde wat hier genoem kan word. Die volgende word verwys: Magalieskruin-Pretoria (www.magalieskruin.com); Villieria (www.ngv.co.za); Wonderpark (www.ng-wonderpark.co.za); Lynnwoodrif (www.lynnwoodrif.co.za); Strubenvale (www.strubenvale.org.za). Hier moet egter ook vermeld word dat foto's van geboue nie baie missionale betekenis het nie. Dit hou die gevaar in dat besoekers dadelik die indruk kry dat dit vir die gemeente om hulle geboue gaan en nie om die diens aan mense nie. Geboue is nooit so belangrik nie, al is dit soms baie oud en het dit selfs monumentale betekenis. Voorbeelde van sulke webblaaie is Hartbeespoort (www.hartiesng.com); Worcester-Audenberg (www.ngk-audenberg.za.org); Wellington (www.wellingtongemeente.co.za).
- By baie mense is daar 'n honger na stories van hoop. Om op die hoofblad alreeds stories van hoop te plaas, het dit beslis baie missionale waarde vir besoekers. 'n Voorbeeld van so 'n webblad is dié van Worcester-Vallei (www.Ngkworcestervallei.co.za).
- In 'n hele aantal gevalle word die werfjoernaal van die gemeente op die hoofblad sterk beklemtoon. Dit kan as sodanig baie missionale waarde hê aangesien dit dadelik die indruk skep dat die gemeente oop is vir interaktiewe gesprek wat in die tyd waarin ons leef vir baie mense van groot belang is. Hier moet egter weer beklemtoon word dat dit verband hou met die res van die hoofblad se uitleg. Indien die klem op die werfjoernaal die enigste is wat op die hoofblad van betekenis is, kan dit dalk sy krag verloor. Voorbeelde hiervan is: Lynnwood (www.nglynnwood.co.za); Andrew Murray Pretoria (www.andrew-murraypretoria.co.za).
- By sommige webblaaie word op die hoofblad redelik prominent verwys na geestelike artikels. Dit kan baie missionale betekenis hê veral as die temas wat aangespreek word baie aktueel van aard is. Voorbeelde hiervan is: Waverley (www.ng-waverley.co.za) en Pierneef (www.ngkpierneef.co.za).
- 'n Goeie voorbeeld van hoe die hoofblad gebruik kan word om inligting oor die temas van die prediking onder mense se aandag te bring is die webblad van Pierneefgemeente (www.ngkpierneef.co.za). Op die hoofblad word 'n prentjie met skakel na die nuwe Bybelvertaling "Die Storie" gegee. Tans word die prediking aan hierdie vertaling gewy deur een hoofstuk per Sondag as vertrekpunt vir die erediens te neem (Daar is 31 hoofstukke). Wanneer op die prentjie geklik word, word die leser na

die webblad van Die Storie (The Story) geneem waar allerlei interessante agtergrondgegewens en besprekingsvrae vir kleingroepe gevind kan word.

- Dan is daar die enkele gemeente wat op die hoofblad op prominente wyse baie maak van geestelike humor. Dié gemeente is die Toringkerk (www.toringkerk.co.za).

8.1.6. Tegniese gebreke

Oor die algemeen is die webblaai van die gemeentes tegnies baie goed versorg en kan mens agterkom dat dit in die meeste gevalle werklik deur professionele mense ontwerp is. Dit is baie belangrik dat 'n webblad tegnies goed en korrek ontwerp word aangesien daar min dinge is wat 'n besoeker aan 'n webblad so maklik belangstelling laat verloor as wanneer die blad (en hier geld dit veral vir die hoofblad) tegnies swak ontwerp is. Elemente wat hier ter sprake is, is die spoed waarmee die blad oopmaak. Webblaie wat geneig is om stadig oop te maak en tot frustrasie by besoekers kan lei is byvoorbeeld dié van Hartbeespoortgemeente (www.hartiesng.com) en Parkkruin Familiekerk (www.parkkruin.co.za). In enkele gevalle is die hoofblad heeltemal te besig soos byvoorbeeld by Wonderboompoort (www.wonderboompoort.com) en Wierdapark-Suid (www.wierdapark-suid.co.za). Die webblad van Drieankerbaai (www.ekliefmykerk.blogspot.com) is 'n goeie voorbeeld van hoe 'n webblad nie moet lyk nie. Dit is heeltemal te besig, onbenullige resepte is op die hoofblad en 'n hele aantal plasings se skrif is onleesbaar klein. Nog 'n voorbeeld van 'n hoofblad wat heeltemal sy doel mis, is die webblad van Franschoek (www.ngkfranschhoek.co.za). Die hoofblad word in sy geheel gewy aan die advertensie van 'n leraarspos.

8.2 Vraag 2: Dra die ander blaai van die webblad by tot missionale kerk-wees?

Die missionale krag van 'n gemeente se webblad lê eintlik in die ander blaai waarheen die navigasie spyskaart verwys. In daardie blaai kan onbeperkte hoeveelheid inligting op baie verskillende maniere beskikbaar gestel word aan gemeentelêde, ander gelowiges en ook aan enige ander persoon wat die webblad mag besoek. Inligting kan daar onbepaald gestoor word en toegang kan maklik later verkry word. In die tyd waarin ons leef waar die meeste van ons lidmate en ander persone feitlik heeldag toegang tot rekenaars het, bied hierdie inligtingsbron 'n missionale geleentheid aan die kerk wat ongeëwenaar is. Met die ontwikkeling van die selfoontegnologie is die inligting van hierdie webblaie selfs op mense se selfone beskikbaar. Die vraag is of gemeentes hierdie wonderlike geleentheid vir toerusting en bedieningsmotivering werklik optimaal benut?

Die navigasie spyskaart in al die webblaie is gebruikersvriendelik. Dit is nie moeilik om na iets op die webblaie te soek nie en etikette se benamings is altyd duidelik en voor die hand liggend. In enkele gevalle is die gevaar by sommige van die

bladverwysings dat die ketting van die verwysing dalk onnodig lank kan word. Dit kan tot gevolg hê dat 'n besoeker gefrustreerd raak omdat hy/sy van die een skakel na die ander moet gaan voordat die eintlike blad eers gevind word. Dit is egter slegs in 'n paar gevalle so. Een voorbeeld hiervan is Sesmylspruit (www.sesmyl.co.za).

In die meeste webblaaie word die volgende blaaie naas die hoofblad aangetref:

- *Geskiedenis/herkoms* van die gemeente: Dit is altyd interessant om te sien hoe die gemeente ontstaan het en waar die gemeente vandaan kom. Op hierdie blad word gewoonlik vertel hoe die gemeente tot stand gekom het, hoe oud dit is, hoe dit haar naam gekry het en hier en daar word ander interessante inligting gegee. Hoe ouer die gemeente is, hoe belangriker word dit gewoonlik om hierdie agtergrond te gee. Mooi voorbeelde van hierdie aspek in gemeentes se webblaaie is dié van Tafelberg (www.tafelbergkerk.co.za)

Dit is alles aan 'n edele dame by name Mej Hertzog te danke.

Dr JD (Koot) Vorster, 'n voormalige leraar van Tafelberg-gemeente, het by geleentheid tereg opgemerk dat Mej Hertzog die "moeder" van ons gemeente is. Hierdie dame het, na die afsterwe van haar ouers, besluit om hul nagedagtenis op 'n buitengewone wyse te eer deur die kerkgebou op te rig op die perseel waar haar ouerhuis gestaan het.

Die laaste bepaling van die bemakingsakte lees "The donor desires to have it recorded that the whole subject of the donations has been erected and set apart in loving memory of her late Father and Mother, William Frederik Hertzog and Susanna Cornelia Hertzog (born Hiddingh)."

Mej Hertzog is op die ouderdom van 59 oorlede. Met haar afsterwe het 'n plaaslike koerant, die Cape Times, haar as een van die "aristocratic Dutch" genoem en berig op 9 Januarie 1897 dat "She was very gentle in her habits and manners, courting privacy and avoiding publicity and was a marvelous good business woman."

Sy het geen koste ontsien met die oprigting en inrigting van die kerkgebou nie. Ens.

Wellington www.wellingtongemeente.co.za

Waar alles begin het

Die kerkgebou van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Wellington is 'n nasionale gedenkwaardigheid en word allerweë as een van die mooistes in die Boland beskou. 'n Besondere ryk geskiedenis is daaromheen verweef. Histories gesien word die groei van die gemeente nou verbind met die naam van die groot kerklike figuur, dr. Andrew Murray.

Gelyktydige ontstaan van die dorp en gemeente

* Na die vestiging van die eerste Franse Hugenote as boere in die Wamakersvallei groei die getalle inwoners geleidelik sodat 'n eie gemeenskapslewe mettertyd ont-wikkel. 'n Rapsie meer as 100 jaar verloop voordat die eerste pogings teen 1800 aangewend word om 'n eie gemeentesentrum te bekom.

- *Vissie, missie en waardes*: In die meeste webblaaie word die gemeente se droom soos wat die gemeente se roeping verstaan word, uitgespel in 'n blad. Daaruit kan baie gou gesien word of die gemeente regtig missionaal ingestel is of nie. Voorbeelde van so 'n omskrywing wat werklik missionaal gerig is, is die volgende:

Alkmaar (www.alkmaar.co.za)

Ons visie, missie en waardes

ONS WAARDES :

- † Volgehoue verheerliking van God
- † Toegewyde gebedslewe
- † Spontane gehoorsaamheid aan God
- † Sigbare dankbaarheid † Nederige diensbaarheid
- † Doelgerigte dissipelskap
- † Liefdevolle geloofsfamilie

ONS VISIE :

Ons wil 'n gemeente wees wat omgee vir God en sy Woord, vir mekaar en vir die wêreld.

ONS MISSIE :

Ons gee om vir God en sy Woord, vir mekaar en vir die wêreld. Daarom wil ons deur die genade van God strewe om al groeiende 'n gemeente te wees wat 'n geïntegreerde bediening van ■ aanbidding ■ gemeenskap van gelowiges ■ dissipelskap ■ diens ■ en evangelisering vestig waarin elke lidmaat sy/haar funksie vervul met die gawes wat God ons gee.

Kwartaaltema (4e Kwartaal): Iets spesiaal om te deel - die gelowige se roeping na buite.

Waverley-Oos (www.ngwaverleyoos.co.za)

Op soek?

Hier staan ek, ek soek 'n gemeente.

Daar is baie gemeentes in Pretoria. Waarom sal ek Waverley-Oos kies?

Wat maak Waverley-Oos uniek? Hoekom staan hierdie gemeente uit en wil ek graag hier aanbid?

Dis lekker om openhartig met jou hieroor te kan gesels. Dis lekker om te weet waar jy met mense staan. Dis lekker en opwindend om deel te wees van iets wat baie groter as jy is. Om deel te wees van 'n groep mense met verskillende gawes wat kwaliteit aandag, energie en tyd spandeer om gesamentlik iets luisterryk en pragtig te vorm. Dis lekker om te identifiseer met verhewe dinge. Dis goed vir die gees en die gemoed om my en my gesin se lewens te voed en te vul met kwaliteit en gehalte. Ja, dis nou maar eenmaal een van die grootste lekkertes om jou kinders te sien geestelik blom.

Hoe is Waverley-Oos?

• Lewend • Dinamies • Opwindend • Vars • Besielend

Wat bied hierdie gemeente jou?

• 'n Geestelike tuiste • 'n Plek waar jou totale geestelike welsyn aandag kry • 'n Ruimte vir groei • Geborgenheid • Genoeg veiligheid sodat jy waarlik, eg jouself kan wees • Liefde • Harmonie, humor en lag • 'n Plek waar jy jou ten volle voor God en mense kan ultiel.

Waarvoor lééf ons?

• Vir God • Vir mekaar



Wie het 'n Plek hier? Waverley-Oos is 'n plek waar elkeen welkom is, en waar elkeen 'n plek in ons gemeente het. Oud en jonk, mooi en lelik, vet en maer, lank en kort, mans en vroue, getroud en ongetroud, elkeen, het 'n plek in Waverley-Oos. Ons geniet, benut en vier ons verskeidenheid. Hier wil ons nie hê almal moet min of meer dieselfde wees, dieselfde dink, en dieselfde voel nie. Ons geniet verskeidenheid as deel van die uniekheid en andersheid waarmee God ons elkeen geskape het. Soos ons in die natuur die veelheid van kleur en tekstuur van plante, diere, voëls, insekte en landskappe geniet, geniet ons in Waverley-Oos unieke, vrydenkende en interessante mense. Elk anders. Jy het 'n plek hier.

Verbintenis

Waverley-Oos se lidmate het hulself vrywillig verbind tot 'n aantal baie belangrike sake, sodat elkeen presies weet waartoe ons as 'n groep onself verbind het. Ons is verbind tot :

Onvoorwaardelike liefde

Ek sal my medegelowiges liefhê, selfs al stem ons nie altyd saam nie.

Algehele beskikbaarheid

Ek stel myself, my tyd, my energie, my insig en my gawes tot beskikking van die gemeente.

Getroue voorbidding

Ek sal gereeld vir hierdie gemeente, en spesiale sake soos uitgelig, voorbidding doen.

Groot openheid

Ek sal my lief en leed, voorspoed en teenspoed, probleme en ideale met my medegelowiges deel.

Absolute eerlikheid

Ek onderneem om altyd in liefde die waarheid te praat.

Sensitiwiteit vir ander

Ek sal met Christus se gesindheid lewe, met Sy oë kyk, met Sy ore luister en met Sy hart omgee.

Waaragtige vertroulikheid

Ek beloof om nie vertroulike dinge vir ander mense oor te vertel nie.

Volkome beheer deur die Heilige Gees

Ek wil onder beheer van die Heilige Gees lewe en myself en my gawes tot diens en seën van die gemeente stel.

Hoe is ons nie?

Ten slotte help dit dalk om 'n aanduiding te gee van hoe ons onself as gemeente nie verstaan nie. Ons is nie outyds, verkrampt, eng of eksklusief nie. Ons is nie doods of onveranderlik nie. Ons is nie preuts of uitermate vroom of ortodoks nie. Ons is nie snobisties, egosentriek of aanstellerig nie. Ons is nie 'n ryk, meerderwaardige of 'n blink gemeente, wat graag die kollig steel nie. Ons is nie 'n kompeterende en vertonerige gemeente nie. Ons wil nie die voorblad van die pers haal en uitstallerig wees nie. Ons hou ons nie op met die praktyke van die sondige natuur nie, nl : onsedelikheid, onreinheid, losbandigheid, afgodsdienst, towery, vyandskap, haat, nayswer, woede, rusies, verdeeldheid, skeuring, afguns, dronkenskap of uitspattigheid nie. (Gal 5:19)

Uitnodiging

As jy met hierdie waardes vereenselwig, nooi ek jou hartlik uit. Kom besoek ons 'n slag. Kom kyk wat jy sien en ervaar. Miskien is dit net die plek vir jou. Ek sal bly en gelukkig voel as ons gemeente in jou en jou gesin se lewe 'n verskil kan maak. Ek weet van 'n paar honderd gesinne wat hier 'n hawe gevind het, 'n rusplek vir die siel. Ek glo ons kan dit vir jou ook wees.

Laasgenoemde uiteensetting is 'n baie mooi voorbeeld van 'n formulering wat baie missionale krag besit. Enige iemand wat dit lees, sal lus word om by so 'n gemeente betrokke te raak of ten minste te gaan inloer by die byeenkomste daarvan.

- *Aktiwiteite van die gemeente (program, kalender, afkondigings):* Feitlik elke webblad verskaf hierdie inligting. In sommige gevalle word dit baie volledig gedoen met kalenders wat in verskillende formate afgelaai kan word, terwyl ander weer net die inligting wat betrekking op die maand en selfs die week het, gee. Indien laasgenoemde gebeur, is dit van kritiese belang dat die webblad op datum gehou word, wat nie in alle gevalle gebeur nie. Wanneer programgewens nie op datum is nie, het dit beslis die effek dat mense belangstelling verloor. 'n Mooi voorbeeld van 'n gemeente wat op die webblad moeite doen om 'n item op die program missionaal te bemark, is die webblad van Wellington (www.wellingtongemeente.co.za)



ONS GEMEENTE SE Kerssangdiens

Vanjaar beplan ons weer ietsie BAIE spesiaals met ons kerssangdiens op Sondag, 25 No-vember 2012, om 19:00 in ons kerkgebou!

Dit beloof om almal van oud tot jonk in die regte stemming vir die kerstyd te plaas. Teken solank hierdie datum aan en kom woon die diens as gesinne, familie en vriende saam by!

'n Webblad waar besonder moeite gedoen word met die afkondigings van die week is dié van die gemeente Tygerpoort (www.ngtyger.com). Die inligting word naamlik in 'n kort skyfiereeks beskikbaar gestel. Deur op die voorblad van die inligting te klik, word die skyfiereeks geaktiveer. Dit kan gevind word by <http://issuu.com/ngtygerpoort/docs/11-11-2012/3>.

- *Bedieninge:* Die belangrikste inligting van 'n gemeente is dié oor die bedieningstruktuur van die gemeente. Om die visie en missie te formuleer en om die waardes waarvolgens dit uitgeleef gaan word, te formuleer is alles nog deel van die teoretiese besinning oor die gemeente se verstaan van kerk-wees. Deur dit met entoesiasme te doen, het natuurlik missionale waarde. Dit is egter eers by die uitspel van die gemeente se bedieningstruktuur dat die praktyk van die gemeentelewe aangeraak word. Hoe en waar is die gemeente in die praktyk besig om 'n verskil te maak? In die meeste webblaai word hierdie saak aangespreek. Almal slaag egter nie daarin om dit so te doen dat dit werklik missionale betekenis het nie. In sommige gevalle word die bedieninge slegs genoem sonder om daarop uit te brei. Voorbeelde van sulke webblaai is Wonderpark (www.ngwonderpark.co.za) en Wilgelspruit (www.wilgelspruit.co.za). In baie gevalle blyk dit uit die lys van bedieninge wat in gemeentes genoem word dat die gemeente met wonderlike dinge in die praktyk besig is. Wanneer dit egter net genoem word, bestaan die gevaar dat besoekers van die webblad nie verstaan waaroor dit regtig gaan nie en dus nie geprikkel word om daarby betrokke te raak nie. In 'n hele paar gevalle (soos die twee wat genoem is) word die kontakbesonderhede van die leiers van die bedieninge gegee en mense gevra om die persone te kontak vir meer inligting. Dit is waarskynlik goed genoeg vir lidmate of toegewyde gelowiges wat die webblad besoek, maar beslis nie vir vreemdelinge wat nog-nie-gelowiges is. Sulke persone sal waarskynlik nie sommer

die moeite doen om die leier van 'n bediening te kontak nie en nie verder belangstel nie.

Dan is daar weer gemeentes wat op hulle webblaaie besonder baie moeite doen om elke bediening breedvoerig te verduidelik en mense uit te nooi om daarby betrokke te raak. Voorbeelde van sulke webblaaie is die volgende:

Onrusrivier (www.ngkonrusrivier.co.za): Elke bediening word op 'n afsonderlike blad verduidelik, kontakbesonderhede gegee en selfs nuus uit die bediening meegedeel. So byvoorbeeld word oor die gebedsbediening gesê:

Mandaat

Omdat Jesus Christus die Hoof van ons gemeente is, wil die Gebedsbediening met God in gebed praat en na Hom luister oor wat Hy vir ons gemeente wil hê. Ook om in te tree vir ons gemeenskap, ons land, ons gebroke en siek lidmate en vir die redding van verlore nes.

Nuus uit die Bediening

Die skole het weer begin.

Ons gebede vir al die skole in die Grootte Hermanus is, dat ons Hemelse Vader almal sal seën en dat 2012 'n wonderlike nuwe jaar sal wees. Ons dank Ons Hemelse Vader vir die 100% slaagsyfer van ons matrikulante by Hermanus Hoërskool. "Goeie onderwysers gee nie net die beste wat daar in hulle vakgebied is aan hulle leerlinge nie, maar ook die beste van wat in hulleself is." (Ruth Vaughn)

Bid vir die minister van Basiese Onderwys, Angie Motshekga, en die adjunkmi-nister, Enver Surty.

Bid dat hulle ontvanklik sal wees vir die Here se opdragte oor hoe om positiewe verandering in die land se onderwysstelsel aan te bring.

Waarom is dit vir Christengelowiges belangrik om die Woord van die Here te ken? Paulus gee twee redes in 2Timoteus 3:15: Sodat ons Christus en Sy verlossing kan leer ken en om ons te help om geestelik te groei sodat ons toegerus kan wees vir alles wat God wil hê ons moet doen. Groei impliseer onderrig (leerstellings), vemanning, terugwysing en toerusting (2 Tim. 3:16). Onderrig beteken ons leer ken die regte pad, vermaning waarsku ons wanneer ons die pad byster raak, teregwysing sê ons hoe om weer op die regte pad te kom en toerusting in geregtigheid leer ons hoe om op koers te bly.

Wynberg (www.ngkerkwynberg.co.za)

Diensaksie

1. Oorsig.

Hierdie aksie maak ons gemeente se liefde sigbaar deur daadwerklike diensbetoon. Die klem val op doen, hoewel daar ook gepraat word. Enige persoon wat daarvan hou om met die hande te werk, inkopies te doen, mense te ver-voer, te bak, of iemand wat selfs 'n professionele diens as getuie wil verrig, is welkom om by die diensaksie aan te sluit. Lidmate kan by die volgende diensgroepe aansluit:

'n Ondersteuningsgroep wat praktiese hulp verleen aan bejaardes, sorgbehoewendes, enkelouers, en mense wat in krisis se verkeer. Dit kan die volgende behels: voedsel, klere, ruikers, herstelwerk, of mediese hulp.

'n Vervoerdiens wat bejaardes help met vervoer na eredienste, hospitale, en inkopiesentrums. Lede help ook om die seniorklub te vervoer tydens uitstappies.

'n Voedselprojek wat voedsel aankoop en kospakkies opmaak vir versprei-ding aan mense wat ondersteun word. Lidmate van ons eie gemeente sowel as omlig-gende gemeentes word ondersteun. Dienswerk aan die plakkers in Houtbaai. Lidmate wat bereid is om veral mediese en opvoedkundige dienste te lewer, kan by hierdie aksie aansluit. Ons werk in hierdie verband saam met ander kerke.

Hulp aan die nagskuiling in Wynberg. Hierdie projek sal op dreef kom wanneer die nagskuiling gedurende die lente van 1994 open. Handwerkklassie en voedsel-voorsiening word beoog.

2. The Open Door

Hierdie is 'n interkerklike inisiatief in Maynardweg, Wynberg. Dit is basies 'n sokombuis wat 'n gesonde bord kos elke middagete beskikbaar stel aan bergies en haweloses.

Die etes kos R2 per bord. The Open Door versprei ete-kaartjies teen R2 elk aan die publiek. Enigiemand wat in besit is van so 'n kaartjie kan 'n ete kry.

Die kaartjies is gesog onder die daklose gemeenskap in die Wynberg omgewing. Elke dag word tussen een honderd en 120 mense gevoed.

U kan kaartjies koop by die kerkkantoor, of laat weet my en ek kan dit by u aflower. Die kerkraad stel 'n bedrag van R200 per maand beskikbaar vir die aankoop van etekaartjies.

U sal die kaartjies baie nuttig vind om uit te deel in die Wynberg omgewing as u gevra word vir geld vir brood, of as u iemand sien wat hulpbehoewend is, en u nie weet hoe om te help nie.

The Open Door het voortdurend 'n tekort aan leë margariene of roomys bakkies, en styrofoam-houers vir wegneem etes. As u kan of wil help, skakel The Open Door gerus direk by 762 5971. Dit is 'n gemeenskaps-baseerde inisiatief, wat baie waardevolle werk doen, veral in die koue wintermaande, en mense se lewens op 'n tasbare manier raak.

3. Huis Nuweland

Die NGK het hierdie ouetehuis en versorgingsoord jare gelede opgerig. Dit huisves tans 85 bejaardes, en is geleë in Sylviaweg, Claremont. Daar is 'n waglys van ongeveer 150 mense.

Dit is oop vir bejaardes van enige kerkverband.

Heelwat van ons gemeentelede bly daar. Huis Nuweland word tans bedreig deurdat die staatsubsidie moontlik nie veel langer beskikbaar gaan wees nie.

Desnieteenstaande is Huis Nuweland finansieel gesond. Daar word 'n balans gehandhaaf tussen behoeftige en vermoënde bejaardes, en 'n groot mate van kruis-subsidiëring vind plaas.

Ondersteun asb hulle fondsinsameling pogings. Daar word gereeld in die gemeentelike bulletin Sondae tydens die eredienste voorbrand gemaak vir hulle fondsinsamelings.

Indien u bewus is van enige oortollige voedsel, sal Huis Nuweland dit verwelkom. So bv. het die Tuine-tak van Woolworths onlangs begin om produkte wat hul vervaldatum bereik het, aan Huis Nuweland beskikbaar te stel. Dit word baie waardeur deur die inwoners.

Maar die inwoners het veral behoefte aan geselskap en meelewing. Hulle waardeur besoeke deur musikante en kunstenaars, wat van tyd tot tyd gereël word.

Indien u enigsins kan bydra, kan u gerus direk skakel met die bestuur van Huis Nuweland by tel 657800. Hulle sal self reël, byvoorbeeld, om voedsel by u af te haal.

U mag moontlik net 'n boek gaan voorlees aan iemand wat bedlêend is, of ou tydskrifte gaan aflaai. Dit word geweldig waardeur, en maak 'n verskil aan iemand se lewe. Skakel met die bestuur en hoor wat hul behoeftes is.


4. Behoeftige gemeentelede. Ens, ens.

Wanneer enige besoeker hierdie webblaaie oopmaak, kan hulle dadelik inligting oor die betrokke aksie of bediening bekom. Dit skep die indruk dat die gemeente presies weet waarmee hulle besig is en prikkel die leser om by die betrokke aksie betrokke te raak. So het die blad missionale betekenis.

- *Ligging van kerkkompleks:* Op feitlik alle webblaaie word die gemeente se adres aangegee en in baie gevalle word 'n padkaart ingesluit. Dit het as sodanig missionale betekenis daarin dat sou iemand graag die gemeente wou besoek, is dit maklik om die ligging daarvan te bekom en die kompleks te vind. Omdat baie mense deesdae van navigasie toestelle in hulle voertuie gebruik maak, word in sommige webblaaie ook die ruitverwysings gegee. Een voorbeeld is die gemeente Waterval (www.watervalgemeente.co.za)



Padkaart na ons gemeente



- **Foto's:** Daar is alreeds hierbo verwys na die waarde van foto's (vgl by 7.3.5, bl 144). Een van die verskynsels wat op baie webblaaie waargeneem word, is die vertoon van foto's van gebeure in die gemeente. Dit word op verskillende maniere gedoen. Soms word skyfievertonings ingevoeg soos byvoorbeeld by Proteapark (www.ngproteapark.co.za); Magalieskruin (www.magalieskruin.com); Villieria (www.ngv.co.za); Lichtenburg (www.klipkerk.org.za); Suider-Paarl (www.suider-paarl.co.za). Daar is verskillende tegniese programme beskikbaar om hierdie soort vertonings moontlik te maak waarvan die mees populêre program Flashplayer is. Behalwe skyfievertonings is daar ook heelwat gemeentes wat foto albums op die webblad plaas. Voorbeelde hiervan is Kimberley-Bakenskop (www.ngbakenskop.co.za) en Die Kruin (www.kruinparke.co.za – ongelukkig nie op datum nie). met die foto's moet die klem altyd op mense val sodat besoekers iets van die saamwees en vreugde van gelowiges kan beleef.
- **Nuusblad:** Op 'n aantal gemeentes se webblaaie word 'n weeklikse, maandelikse of kwartaallikse nuusblad geplaas. Dit gee vir die besoeker aan die blad 'n baie mooi oorsig van resente aktiwiteite in die gemeente en kan aansporend wees tot deelname. Voorbeeld hiervan is Lux Mundi (www.luxmundi.org.za) en Humans-dorp (www.humansdorp.ng.org.za).
- **Ander sake:** In enkele gevalle word daar moeite gedoen om vir kinders verskillende blaaie te skep. So byvoorbeeld word op die webblad van Wonderboom-Suidgemeente (www.ngkwbs.org.za) vir kinders Bybelverhale geplaas en selfs 'n aantal verhale in strokiesprente formaat. Rustenburg ([181](http://www.ngmoederge-</div><div data-bbox=)

meentertb.co.za) bied weer vir kinders prente om in te kleur, 'n teksvers vir elke dag en nuus artikels uit sekulêre dagblaaië. Aan sake soos preke, oordenkings, gespreksforums en toerustingartikels word in die volgende vraag rapporteer.

Ten slotte kan hier net genoem word dat die webblaaië getuig van baie inisiatief en daar is sekerlik nog meer wat sou kon aandag geniet. Die enigste negatiewe opmerking wat hier gemaak moet word, is die feit dat daar ongelukkig 'n hele paar van die webblaaië is wat nie op datum is nie. Ongelukkig het dit 'n negatiewe effek op besoekers se belangstelling omdat daarmee indirek gesê word dat die blad nie so belangrik is dat dit resente aandag kry nie. Dit mag nie gebeur nie.

8.3. Vraag 3: In watter opsig word die webblad benut vir die geestelike toerusting van die gemeente se lidmate (en ander gelowiges) met die oog op missionale kerke-wees?

Hierdie vraag is van kritiese belang vir die navorsingsdoelwit en hipotese van hierdie studie. Deel van die probleemstelling van hierdie studie hou verband met die feit dat gemeentes nie die Internet (via die webblad) benut om lidmate toe te rus vir hulle geloofsreis elke dag nie terwyl die meeste van hulle daaglik met rekenaars en die Internet in hulle persoonlike lewens werk. In die kwalitatiewe navorsing is dit dus baie belangrik om vas te stel of hierdie hipotese enigsins waar is al dan nie en daarom word hierdie vraag pertinent gevra. Met toerustingsmateriaal word hier bedoel geestelike toerusting wat daarop gerig is om lidmate en ander gelowiges in staat te stel om hulle roeping te verstaan en gehelp word om dit prakties so uit te leef dat God se koninkryk al meer gestalte kry. Dit gaan dus om meer as net geestelike groei ter wille daarvan om die gelowige in staat te stel om sy/haar persoonlike lewe te kan hanteer.

Die navorsing lewer die volgende resultate:

- *Eie toerustingsmateriaal aangebied:* Daar is 'n aantal gemeentes (± 24) wat moeite doen om eie interne toerustingsmateriaal op die webblad beskikbaar te stel. Dit beteken dat enige iemand wat die blad besoek hierdie materiaal in eie tyd en plek kan deurgaan en geestelik verryk word. 'n Wye reeks temas word op verskillende maniere aangebied. Voorbeelde van sulke toerusting wat as teks aangebied word kan gevind word by Pierneef (www.ngkpierneef.co.za); Eldoraigue Familiëkerk (www.eldofam.co.za); Waterkloofrif (www.ngwaterkloofrif.co.za); Margate (www.margate.ng.org.za) en Noordkus (www.noordkus.co.za). Daar is gemeentes wat geestelike verrykingsmateriaal op baie interessante manier deur middel van video's aanbied. Voorbeelde hiervan is Toringkerk (www.toringkerk.co.za); Bellville Uitsig (www.uitsigkerk.co.za); George Bergsig (www.george-bergsig.co.za) en Pierre van Ryneveld (www.pvr.co.za).

Alhoewel die materiaal wat aangebied word kan lei tot geestelike ontwikkeling is dit nie in alle gevalle geskik om gelowiges tot missionale dienslewering op te lei nie. By die bestudering van die webblaaie ontstaan die persepsie dat gemeentes nie regtig doelbewus materiaal verskaf vir missionale diens nie, maar eerder vir gelowiges se eie geestelike groei. Getuigenis hiervan is onder andere die moeite wat gedoen word om preke op verskillende maniere beskikbaar te stel – in oudio-, teks en beeld formaat. Hiervan is daar baie voorbeelde. Daar is ook enkele gemeentes wat materiaal vir gebruik in kleingroepe beskikbaar stel. Kyk hier byvoorbeeld na die webblaaie van Die Eike (www.ngkeike.co.za); Moreletapark (www.moreleta.org) en Sesmylspruit (www.sesmyl.co.za).

Wat hierdie saak nog meer interessant maak, is die feit dat in heelwat gemeentes se programskedules dit duidelik is dat in die gemeente baie moeite gedoen word om lidmate geestelik te versorg en toe te rus – selfs met die oog op missionale diens toe te rus. In sommige gemeentes is daar selfs uitgebreide skoling wat aangebied word. Voorbeelde hiervan is Moreletapark (www.moreleta.org); Waterkloof (www.waterkloofkerk.co.za); Lynnwoodrif (www.lynnwoodrif.co.za – waar 'n uitgebreide Bybelskool gevestig is) en Bethlehem-Oos (www.ngbhmoos.co.za). Die enigste gemeente wat werklik die Bybelskool materiaal ook op die Internet beskikbaar stel is Pierneefgemeente. Die materiaal is in baie gevalle werklik beskikbaar maar dit wil voorkom dat die probleem eerder daarin lê dat gemeentes nie verstaan watter toerustingseleentheid die webblad bied nie.

8.4.Vraag 4: Bied die blad genoegsame geleentheid vir interaktiewe kommunikasie?

Met interaktiewe kommunikasie word bedoel dat mense opmerkings kan maak, vrae kan vra en opinies kan lug en so deel kan word van 'n twee-rigting kommunikasie oor sake rakende die gemeente. Ons lewe tans in 'n tyd dat sulke soort kommunikasie aan die orde van die dag is. Daar word daagliks talle programme oor die radio en televisie uitgesaai waarin luisteraars en kykers versoek word om op verskillende maniere kontak met die uitsaaier te maak en so aan die program deel te neem. Dit is deel van die postmoderne mens se lewensstyl om deel te neem en 'n opinie te lig. Hierdie soort kommunikasie bied aan die kerk en met name aan 'n gemeente 'n gulde geleentheid om die Internet as missionale instrument te benut.

Wat dit betref, toon die navorsing dat daar heelwat gemeentes is wat hierdie moontlikheid raaksien en dit benut vir gesprekvoering. In die meeste gevalle waar interaktiewe kommunikasie moontlik gemaak word, word skakels na Facebook en Twitter op die webblad geplaas. 'n Meer effektiewe manier is deur gebruik te maak van 'n werfjoernaal. Gemeentes wat hierdie tegniek benut is byvoorbeeld Pierre van

Ryneveld (www.pvr.co.za); Premiermyn (www.premiermyn.ng.org.za) en Andrew Murray Pretoria (www.andrewmurraypretoria.co.za). Gemeentes wat besondere klem op interaktiewe kommunikasie plaas, bied aan besoekers op elke blad van die webblad die geleentheid om te reageer deur 'n opinie te lug of kommentaar te lewer. Voorbeelde hiervan is Lynnwood. (www.nglynnwood.co.za); Waverley (www.ngwa-verley.co.za) en Toringkerk (www.toringkerk.co.za).

8.5.Vraag 5: Word skakels na ander webblaaië gegee?

Hierdie vraag het ten doel om vas te stel of die gemeente se webblad ook gebruik maak van die inligting en toerustingsmateriaal wat op ander webblaaië op die Internet beskikbaar is. Benewens die inligting en toerusting wat vanuit die gemeente self via die webblad vertoon word, is daar ook ander moontlikhede waarheen skakels op die webblad besoekers kan verwys. So kan 'n netwerk van toerusting tot beskikking van die besoeker gestel word. Dit is sodanig het missionale bedieningskrag. Die besoeker wat op 'n gemeente se webblad sulke materiaal vind, sal weer volgende keer die blad besoek om meer van die skakels te benut. Dit maak elke besoeker beïnvloedbaar deur die inhoud wat op die webblad beskikbaar gestel word – ook ander inligting bo en behalwe die skakels na ander webblaaië. Hierdie tegniek help dus om die gemeente se webblad te bemark en ook om besoekers aan die Internet geestelik te bereik.

Die navorsing het in dié verband getoon dat daar maar min webblaaië van gemeentes is waarop daar regtig ander skakels gebied word. In enkele gevalle is daar webblaaië wat 'n ryke verskeidenheid van geestelik verrykende webblaaië tot die beskikking van besoekers stel. Voorbeelde hiervan is Montana (www.ngmontana.co.za); Pierneef (www.ngkpierneef.co.za); Wonderboom-Suid (www.ngkwbs.org.za – hier word 'n baie volledige lys volgens die alfabet aangebied); Dennesig (www.ngdennesig.org.za – baie volledig); Driehoek (<http://ngdriehoek.vaal.co.za>) en Strubenvale (www.struben-vale.org.za).

8.6 Samevatting

As na bogenoemde verslag gekyk word, is dit duidelik dat die Internet beslis baie moontlikhede aan gemeentes bied om 'n missionale verskil in die samelewing te maak. Dit wil egter voorkom of gemeentes nie regtig die gemeentelike webblad daarvoor benut nie, maar eerder ingestel is op die beskikbaar stel van inligting oor die gemeente aan lidmate. Dit blyk ook dat as na die bediening en aktiwiteite van gemeentes gekyk word soos dit op die webblaaië bekend gemaak word, daar wel in baie gemeentes klem op missionale kerk-wees gelê word. Daar word 'n hele klomp projekte genoem binne die gemeenskap waar die gemeentes bestaan en ver buite gemeentes se grense oor die hele wêreld. Baie lidmate is ook hierby betrokke. Dit wil egter ook voorkom dat in die

meeste gevalle die webblaai van gemeentes nie benut word om gelowiges aan te spoor en veral toe te rus vir die kerk se missionale taak in die wêreld nie. Uit die webblaai is dit ook duidelik dat daar op plaaslike vlak in heelwat gemeentes moeite gedoen word met die geestelike versorging en toerusting van die lidmate. As sulke gemeentes ook die kanaal van die Internet via die gemeente se webblad sou benut, kan die effek soveel groter wees. Mense wie se beroepseise nie ruimte maak vir die bywoon van Bybelskool- en ander toerustingsgeleenthede in die gemeente nie, maar wat feitlik heeldag voor 'n rekenaar sit met toegang tot die Internet sou sodoende gehelp kon word om in hulle eie tyd geestelik versorg en toegerus te word. Dieselfde geld vir baie ander lewenssituasies waar mense via rekenaars en selfs via selfone toegang tot die Internet het.

9.KONKLUSIE

In hierdie studie is die volgende navorsingsdoelwitte bereik:

- (1) Daar is in hoofstuk 2 aangetoon dat God se koninkryk die primêre fokus en rede vir bestaan van die ganse skepping is. Hieroor lewer die Ou Testament en Nuwe Testament voldoende getuienis.
- (2) In hoofstuk 3 is gekyk na die Bybelse ekklesiologie in die lig van God se koninkryk. Daar is vasgestel dat God se bedoeling met sy Kerk op aarde volgens sy Woord is om gestalte aan God se koninkryk te gee. Daarom het die kerk 'n missionale roeping.
- (3) In hoofstuk 4 is ondersoek ingestel na die tipiese kenmerke van die konteks waarbinne hierdie roeping vandag uitgeleef moet word en vasgestel dat dit verband hou met die verstaan van die dinamiese veranderende samelewing waarin die postmodernisme 'n groot rol speel.
- (4) In Hoofstuk 6 is gekyk na die koms van die Internet as deel van die eietydse konteks waarin ons leef. Daar is uiteengesit hoe die massamedia en veral die webblad van 'n gemeente gebruik kan word as missionale bedieningsinstrument van 'n gemeente. Benutting van elektroniese massamedia bied 'n gulde geleentheid aan die kerk om hierdie missionale roeping kommunikatief uit te leef.
- (5) In hoofstuk 8 is gekyk na die praktyk van webblaai in die NGK met die oog daarop om vas te stel hoe dit tans in die NGK gestel is met die benutting van webblaai in gemeentes. Deur middel van kwalitatiewe navorsingsvrae is elke webblad geëvalueer en daaroor is samevattend verslag gedoen.

Uit wat hierbo uiteengesit is, word tot die gevolgtrekking gekom dat die hipotese naamlik “dat gemeentes van die NGK nie eietydse elektroniese media (veral die gemeente se webblad) effektief benut om die gemeente se missionale opdrag (na binne en na buite) te dien nie”, waar is. Daar is in die studie aangetoon dat die missionale roeping van die kerk en daarmee van elke gelowige ten nouste saamhang met die feit dat die koninkryk van God die sentrale fokus van die kerk op aarde moet wees en dat God die Kerk as Liggaam van Jesus Christus op aarde wil gebruik om aan hierdie koninkryk gestalte te gee. Die dinamies veranderende konteks waarin die kerk vandag hierdie missionale roeping moet uitleef, bied veral met die koms van die Internet geweldige moontlikhede om lidmate en ander gelowiges toe te rus vir hierdie missionale roeping. Dit bied ter selfdertyd die moontlikheid om ander mense wat nie deel van die gemeente is nie en wat selfs nog-nie-gelowiges is, met die Evangelie van Christus te bereik. Uit die resultate van die kwalitatiewe navorsing blyk dit dat slegs 'n klein hoeveelheid gemeentes van hierdie missionale bedieningsinstrument bewus is en dat



sels hierdie gemeentes nog nie regtig weet hoe om die instrument in te span nie.
Hieraan sal die kerk ernstig aandag moet gee.

10.AANBEVELINGS

Ten slotte word 'n aantal aanbevelings vanuit hierdie studie gedoen vir die aandag van die NGK.

- 10.1. In die lig van die belangrikheid van hierdie saak, word aanbeveel dat die NGK op al die verskillende vlakke van die kerklike struktuur kennis neem van hierdie studie.
- 10.2. Die kerk word versoek om meganismes daar te stel om gemeentes bewus te maak van hierdie aangeleentheid. Die volgende moontlikhede word genoem:
 - Die plasing van artikels in die kerkblaai oor die aangeleentheid. Hier word veral aan 'n nuusblad soos die Kerkbode gedink.
 - Plasing van so 'n artikel op die NGK se webblad.
 - Verspreiding van inligting oor die saak deur middel van 'n brosjure aan alle gemeentes.
 - Die reël van konferensies vir gemeentes op streekbasis.
 - Gesprek oor die aangeleentheid oor RSG se kerknuus program Sondagoggende.
 - Plasing van artikels in die nuusblad van elke sinode.
- 10.3. Die kerk word versoek om hierdie saak in te sluit in die opleiding van teologiese studente deur met finale jaar studente daaroor in gesprek te tree.
- 10.4. Aangesien die meeste gemeentes verplig is om van professionele webblad ontwerpers gebruik te maak om vir gemeentes webblaie te ontwerp en dit in stand te hou, raak die finansiële uitgawe daarvan groot. Die kerk word derhalwe versoek om sterk oorweging te gee aan die moontlikheid om 'n kantoor vir Internetkommunikasie te begin. So 'n kantoor kan alle Internetkommunikasie vir gemeentes en kerklike vergaderinge hanteer. Gemeentes se webblaie kan daar ontwerp en in stand gehou word en toerusting kan inisieer word vir die benutting van massamedia en die gemeentelike webblad.
- 10.5. Die kerk word versoek om alles moontlik te doen om elke gemeente (of dan ten minste elke ring) in staat te stel om 'n eie webblad te hê. Sodra dit 'n werklikheid word, kan die kerk dit oorweeg om nie meer die onkoste aan te gaan om jaarliks 'n gedrukte jaarboek uit te gee nie, maar slegs 'n lys met gemeentes/ringe/ander instansies en diensgroepe se bronadresse op die kerk se webblad te publiseer waar alle inligting van elke gemeente gevind kan word.



Gebed.

Lewende Here en God,

U verlos ons deur die vreugde van U koninkryk in oorvloed aan ons uit te deel. Help ons nou om deel te wees van u oorvloed en instrumente te wees van u vrede.

U gee lewe, wonderlike, oorvloedige lewe, wat meer en meer word hoe meer en meer ons weggee en uitdeel.

Help ons om vandag te weet dat die hemelse boekhouding anders balanseer - dat liefde nie opgebruik kan word nie, maar meer en meer word hoe meer ons opoffer.

Dankie dat u aan ons goeie werke gee om te doen, sodat ons mekaar en U kan dien. Dit is 'n vreugde om u kinders te wees

Amen

(Met dank aan prof Nelus Niemandt)

Literatuurverwysings

- Algemene Sinodale Kommissie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1988: *Handboek vir die erediens*. Goodwood, Kaap: Nasionale Boekdrukkery.
- Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk 2004. Agenda.
- Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, 2012. *Jaarboek van die Nederduitse Gereformeerde Kerke 2012*. Wellington: Tydskriftemaatskappy.
- Applying Sociology within various society levels*, <http://www.appliedsoc.org/society/> (Accessed on 20 September 2010)
- Baker, W 2003, c2002. *The complete word study dictionary: Old Testament*. AMG Publishers: Chattanooga.
- Balz, HR, & Schneider, G 1993. *Exegetical dictionary of the New Testament. Translation of: Exegetisches Worterbuch zum Neuen Testament*. [Electronic ed]. Grand Rapids: William B Eerdmans.
- Beeld* 26 Julie 2010. *Die digitale Reformasie*, bl 10.
- Beeld*, 26 Maart 2012. *So word jy 'n kliktivis*, bl 3.
- Bellis, M. *Who Invented Facebook? The history behind the number one social media network Facebook*. <http://inven-tors.about.com/od/fstartinventions/a/Facebook.htm> (Accessed on 30 May 2012).
- Bevan, SB & Schroeder, RP 2009. *Constants in Context. A Theology of Mission for Today*. New York: Orbis Books.
- Blum, M 2011. *20 Years Ago Today: The First Website Is Published*. <http://www.wired.com/geekdad/2011/08/world-wide-web-20-years/>. (Accessed on 17 July 2012).
- Bosch, DJ 1991. *Transforming Mission*. New York: Orbis Books.
- Bowlby, [Online] <http://www.idesignstudios.com/blog/web-design/phases-web-design-development-pro-cess/>. Accessed on 8 July 2012.
- Bromiley, GW 1985. *Theological Dictionary Of The New Testament*. Grand Rapids: William B. Eerdmans.
- Brown, 2011. *Learn to use Facebook, Twitter, and LinkedIn: The How-To Guide*. Vook.
- Bybelse Ensiklopedie 1998, c1977. Uit Nederlands vertaal. (electronic ed.). Logos Library System; 2de hers. uitg. Kaapstad: Verenigde Protestantse Uitgewers.
- Byers, D & Stockdale, MB. *10 Tips for Bulding Community on Your Church's Facebook Page*. [Kindle version accessed 30 July 2012 from Amazon.com]
- Carlson, N 2010. *At Last -- The Full Story Of How Facebook Was Founded*. <http://www.businessinsider.com/how-facebook-was-founded-2010-3> (Accessed on 30 May 2012).

- Carson, D A 1994. *New Bible commentary: 21st century edition*. Leicester, England: Inter-Varsity Press.
- Castells, M 2007. *Mobile communication and society. A global perspective*. Cambridge, London: The MIT Press.
- Challies, T 2011. *The Next Story: Life and Faith after the Digital Explosion*. [Kindle version, accessed 8 June 2012 from Amazon.com]. Grand Rapids: BakerBooks.
- Chapman, C. *Abrief history of blogging*. <http://www.webdesignerdepot.com/2011/03/a-brief-history-of-blogging/>. (Accessed on 10 July 2012).
- Claassens, G & Loubser, G 2010. *Die Bybel en sy Boodskap*. Ongepubliseerde lesings by UP se Kontekstuele Bediening. Oktober 2010.
- Clark, DS 2009. *Social Media*. <http://Internet-search-marketing.com/twitter-followers-how-to-create-a-large-following-in-a-matter-of-months.php> (Accessed on 30 May 2010)
- Coppedge, AD 2009. *The reason your church must twitter*. E-Book.
- Cowley, MJP 2007. *Bestuur van verandering in die lerende organisasie: vestiging van psigologiese vaardighede*. Doktorale proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- Chadwell DW. *Christian Growth Series Study Guide* [Online] <http://www.westarkchurch-ofchrist.org/chadwell/growth/index.html>, Accessed on 14 Febr 2012.
- Christian Medical Fellowship, <http://www.cmf.org.uk/publications/content.asp?context=article-&id=1330>, (Accessed on 8 Maart 2012).
- Clarke, *Clarke's Commentary on the Bible*. <http://clarke.biblecommenter.com/genesis/1.htm>.
- Deffinbaugh, B <http://bible.org/seriespage/uniqueness-ephesians-among-epistles> (Accessed on 14 February 2012)
- Deist, F 1997, c1996. *Coram Deo: Lewe voor die aangesig van God*. [Elektroniese uitgawe] Kaapstad: Lux Verbi.
- De Villiers, JL 1998. *Die Handeling van die Apostels*. [Elektroniese uitgawe] Kaapstad: NGK Uitgewers.
- Dreyer, W 2009. Kruisgewys, September 2009, bl 5.
- Du Rand, J 1999. 1 Johannes in Vosloo, W & Van Rensburg, F J 2000, c1999. *Die Bybellennium Eenvolumekommentaar. Die Bybel uitgelê vir eietydse toepassing*. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy:.
- Balia, D & Kim, K (Ed) 2010. *Edinburgh 2010 Volume II. Witnessing to Christ Today*. Oxford: Regnum Books International.
- Donelly, A <http://www.searchenginejournal.com/how-to-get-twitter-followers/29960/> (Accessed on 30 May 2012).

- Easton Illustrated Dictionary, <http://mb-soft.com/believe/txo/proselyt.htm> (Accessed on 26 September 2010)
- Elwell, WA 1988. *Baker encyclopedia of the Bible. Map on lining papers*. Grand Rapids: Baker Book House.
- Feinberg, J S & P D 2010. *Ethics for a brave new world. 2nd edition*. [Kindle version, accessed 16 March 2012 from Amazon.com]. Grand Rapids: BakerBooks.
- Friberg, T, Friberg, B, & Miller, N F 2000. *Analytical lexicon of the Greek New Testament*. Baker's Greek New Testament library. [Electronic ed] Grand Rapids: Baker Books.
- Friesen, D J 2009. *Thy Kingdom Connected. What the Church Can Learn from Facebook, the Internet, and Other Networks*. [Kindle version accessed 12 August 2009 from Amazon.com]. Grand Rapids: BakerBooks.
- Fulkerson, L. *23 Types of Social Media Sites*. <http://onbloggingwell.com/23-types-of-social-media-sites/>. (Accessed on 6 March 2012).
- Geisler, N L 2010. *Christian Ethics: Contemporary Issues & Options. 2nd ed*. [Kindle version, accessed 15 March 2012 from Amazon.com]. Grand Rapids: BakerBooks.
- Gilbert, D. <http://www.mastersofseo.com/author/admin/> (Accessed on 30 May 2012).
- Gispen, W H et al 1977. *Bybelse Ensiklopedie. Tweede hersiene uitgawe*. Kaapstad: Die Verenigde Protestantse Uitgewers (Edms.) Bpk.
- Hagner, DA 2002: *Word Biblical Commentary: Matthew 14-28. Word Biblical Commentary*. Vol. 33B (887). Dallas:Word, Incorporated.
- Hale, L <http://www.wikihow.com/Get-More-Followers-on-Twitter> (Accessed on 30 May 2012).
- Harr, E. <http://socialme-diatoday.com/eric-harr-resonate-social-media/458294/never-been-better-time-be-alive>. (Accessed on 6 March 2012).
- Harris, R L 1980. *Theological Wordbook of the Old Testament*. Chicago: Moody Press.
- Harrison, R W 2002. *A Missiological Hermeneutic for sharing the Gospel with Computer Hackers*. [Online] <http://www.christianhacker.org/html/outreach/cha-missionmethod.html>, Accessed on 10 September 2010.
- Heyns, J A 1977. *Die Kerk*. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.
- Heyns, J A 1978. *Dogmatiek*. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.
- Internet Evangelism Day team, [http://www.internetevangelismday.com/church site design.php](http://www.internetevangelismday.com/church%20site%20design.php) (Accessed on 25 Julie 2012)
- Jaffarian, M 2009. *International Bulletin of Missionary Research*, January 2009, Vol 33, Issue 1.
- Jonker, WD 1998. *Die brief aan die Romeine*. (Elektroniese uitg) Kaapstad: NGK Uitgewers.
- Jordaan, J. *NEVER NEVER – 10 Tips For a Great Church Website* <http://blog.sachurch.co.za/category/website-design/> (Accessed on 25 July 2012).
- Joubert, S 2009. *Jesus, 'n Radikale Sprong*. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

- Katzenbag, J <http://www.johncow.com/what-is-twitter-and-how-does-it-work/>, (Accessed on 9 May 2010)
- Keil, CF & Delitzsch, F 2002. *Commentary on the Old Testament*. Peabody, MA: Hendrickson.
- Keil, CF & Delitzsch, F. *Biblical Commentary on the Old Testament*. <http://kad.biblecommenter.com/genesis/1.htm> (Accessed on 20 February 2011)
- Kerkbode, 4 Junie 2010. *SA kerk sal nuut moet dink, wys studietoer*, bl 6.
- Kerkbode, 4 Junie 2010. *Kerklike Zimbabwe is reeds by ons*, bl 11.
- Kerkbode, 4 Junie 2010. *Nuwe tendense in die kerk*, bl 18.
- Kerr, M 1999. *How to Promote Your Web Site Effectively*. London: Aslib.
- Kittel, GF & Friedrich, G translated by Bromley, GW 2000. *Theological Dictionary Of The New Testament* [Electronic Ed]. Stuttgart: W. Kohlhammer Verlag.
- Köstenberger, A J. *Theology and mission*. [Online] <http://www.biblical-foundations.org/pdf/NT%20Theology%20and%20Mis-sion.PDF> (Acessed on 10 & 25 September 2010).
- Kumar, R 2005. *Research Methodology. A Step-by-step Guide for Beginners. Second edition*. London: SAGE Publications.
- Landman, EF 1990. *Relevante Temas in die Hedendaagse Navorsingsmetodologie en die Betekenis daarvan vir die ontwerp van 'n Navorsingsprogram*. PhD-proefskrif, Universiteit van Pretoria.
- Leiner, B M et al 2010. *A Brief History of the Internet*. [Online] <http://www.inter-netsociety.org/internet/internet51/history-internet/brief-history-internet>. (Accessed on 9 November 2010).
- Marshall, I H 1978. *The Gospel of Luke : A commentary on the Greek text. Includes indexes*. Exeter [Eng.]: Paternoster Press.
- McKnight, S 2004. *The Jesus creed. Loving God, loving others*. Cape Cod: Paraclete Press.
- McLaren, BD 2006. *The secret message of Jesus. Uncovering the truth that could change everything*. Thomas Nelson, Inc: Nashville.
- Mission-shaped Church 2010. *Church planting and fresh expressions of church in a changing context*. London: Church House.
- Newbigin, L 1995. *The open secret. An introduction to the thology of mission*. [Kindle version accessed 13 July 2011 from Amazon.com]. Grand Rapids: William B Eerdmans.
- NGK (Nederduitse Gereformeerde Kerk), 2007. *Vir die erediens. 'n Handleiding*. Wellington: Bybelmedia.
- Niemandt, C J P 2007. *Nuwe Drome vir Nuwe Werklikhede. Geloofsgemeenskappe in pas met 'n postmoderne wêreld*. Wellington: Lux Verbi.BM.
- Niemandt, C J P 2010. *The Church in a time of transition*.

- Niemandt, C J P 2012. *Trends in missional ecclesiology*. HTS Teologiese Studies/Theological Studies 68(1), Art. #1198, 9 pages. <http://dx.doi.org/10.4102/hts.v68i1.1198>.
- Padilla, CR 2010: *Mission Between the Times: Essays on the Kingdom*. Grand Rapids: Langham Monographs.
- Peters <http://churchandwebsites.mht>, (Accessed on 2 January 2009).
- Poniewozik, J *TIME Updates Zuckerberg's Status to "Person of the Year"* <http://entertainment.time.com/2010/12/15/time-updates-zuckerbergs-status-to-person-of-the-year/#ixzz2EHAY0cSL><http://tunedin.blogs.time.com/2010/12/15/time-updates-zuckerbergs-status-to-person-of-the-year/> (Accessed on 20 January 2011)
- Richards, L O 1996. *The Bible readers companion* (electronic ed.). Wheaton: Victor Books.
- Rapport, Bylaag My Tyd 27 Mei 2012. *Pasop wat jy in die kuberruim sê*. Bl 28.
- Ryan, J 2010. *A History of the Internet and the Digital Future*. [Kindle version accessed 9 Nov 2010 from Amazon.com]. Reaktion London: Books Ltd.
- Saayman, W 2007: *Being Missionary – Being Human. An overview of Dutch Reformed Mission*. Pietermaritzburg: Cluster Publications.
- Stanley, C F 2011. *Turning the tide. Real hope, real change*. New York: Howard Books.
- Stevenson, M 2011. *Web-empowered ministry: connecting with people through websites, social media, and more*. [Kindle version accessed 4 May 2012 from Amazon.com] Nashville: Abington Press.
- Strong, J. 1996. *The exhaustive concordance of the Bible: Showing every word of the text of the common English version of the canonical books, and every occurrence of each word in regular order*. (electronic ed.). Ontario: Woodside Bible Fellowship.
- Sullo, B *Right Brain vs. Left Brain*, <http://www.funderstanding.com/content/right-brain-vs-left-brain> (Accessed on 10 October 2010)
- Sweet, L 2011. *Church Real in a Social-Network World. From Facebook to Face to Face Faith*. Colorado Springs: Waterbrook Press.
- Sweet, L 2012. *Viral: How Social Networking is Poised to Ignite Revival*. Colorado Springs: Waterbrook Press.
- Turner, A. <http://allanturner.com/ethic.html>, (Accessed on 8 Maart 2012).
- Van der Linde, 1998: *Sending binne 'n Postmoderne Wêreld: Uitdaging vir die NG Kerk*. BD-skripsie, Universiteit van Pretoria.
- Van Der Merwe, A, Van Dyk T & Prinsloo, C 2008. *Internet and Web Design*. Pretoria: Unisa.
- Van Zyl, AH red 1989. *Die Verklarende Bybel 1983-vertaling*. Kaapstad: Lux Verbi.
- Vercillo, K <http://kathrynvercillo.hubpages.com/hub/20-Ways-to-Get-Followers-on-Twitter> (Accessed on 30 May 2012).
- Von Rad, G 1975. *Old Testament Theology. Volume 1*. London: SCM Press Ltd.

- Vosloo, W., & Van Rensburg, F J 2000, c1999. *Die Bybellennium Eenvolumekommentaar. die Bybel uitgelê vir eietydse toepassing*. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.
- Watson, S *How podcasting works*. <http://computer.howstuffworks.com/internet/basics/podcasting.htm>, (Accessed on 3 July 2012).
- Westermann, C 1981. *Hoofdlijnen van een theologie van het Oude Testament*. Kampen: Uitgeversmaatschappij JH Kok.
- Williams JR 2010. *The Origin of the Church in The Christian Broadcasting Network*. [Online] [http://www.cbn.com/spirituallife/Bible StudyAndTheology/DrWilliams/ 10Teachings_eight.aspx](http://www.cbn.com/spirituallife/BibleStudyAndTheology/DrWilliams/10Teachings_eight.aspx). (Accessed on 10 October 2010)
- Williams, R 2004. *Mission-shaped church. Church planting and fresh expressions of church in a changing context*. London: Church House Publishing.
- World Wide Worx, <http://www.internetworldstats.com/af/za.htm> (Accessed on 10 September 2010)
- Wright, C J H 2006. *The mission of God*. United States of America: InterVarsity Press.
- Wright, C J H 2010. *The mission of God's people*. [Kindle version accessed 20 May 2011 from Amazon.com]. Colorado Springs: David C Cook.
- Wright, NT 2011. *Simply Jesus. Who he was, what he did, why it matters*. [Kindle version accessed 10 Febr 2013 from Amazon.com]. Colorado Springs: David C Cook.
- Wright, NT 2011. *Surprised by hope*. [Kindle version accessed 11 Febr 2013 from Amazon.com]. Colorado Springs: David C Cook.
- Zodhiates, S 2000. *The complete word study dictionary: New Testament* (electronic ed.). Chattanooga: AMG Publishers.
- http://www.btz.lt/English/Giedrius/works/Mission_in_OT_and_NT.pdf (Accessed on 10 September 2010)
- <http://en.wikipedia.org/wiki/Marcionism> (Accessed on 5 October 2010).
- <http://www.southafrica.info/about/people/population.htm#religions> (Accessed on 15 September 2010).
- http://www.m86security.com/labs/spam_statistics.asp, (Accessed on 8 March 2012).
- <http://www.spamlaws.com/spam-stats.html>, (Accessed on 8 March 2012).
- <http://en.wikipedia.org/wiki/Twitter>.
- <http://en.wikipedia.org/wiki/Facebook>, (Accessed on 30 May 2012).
- <http://en.wikipedia.org/wiki/Podcast>, (Accessed on 7 June 2012).
- <http://en.wikipedia.org/wiki/LinkedIn>.
- <http://en.wikipedia.org/wiki/Blog>.
- http://en.wikipedia.org/wiki/Tim_Berners-Lee.
- http://en.wikipedia.org/wiki/Social_media#cite_note-0

BYLAAG A

Wat hier volg, is 'n aantal vrae waarmee 'n webblad evalueer kan word. Die klem van die evaluasie val op missionaliteit. Uit die aard van die saak is die toekenning van punte op die antwoorde 'n subjektiewe toekenning. Dit is tog 'n maatstaf wat help om 'n gemeente se webblad te evalueer.

Daar word telkens 'n tema gegee en dan volg 'n aantal vrae rondom die tema.

Bron: [http://www.internetevangelismday.com/church site design.php](http://www.internetevangelismday.com/church%20site%20design.php)

Usability: design, readability and testing:

1. Is most of the homepage 'above the fold' i.e. not much more than one screen in height at 1024 x 768 screen resolution, which the majority of people now use? And is it a jumping off point to the rest of the site, rather than a page that tries to give too much information? Score 4
2. Is the overall balance of color, graphics, white space and text, harmonious and gentle on the eye? (Ask someone with an eye for graphic design to give an honest answer.) Score 6
3. Are there no more than about 10 different link options in the main menu? Score 3
4. Does your website have an entry 'splash page', so that the menu options only start on a second page? Minus 20
5. Is your website quick to load, even on a dial up connection? Score 4
6. Do you help visitors visiting inner pages of your church website to get a clear sense of "Where am I, where have I been, where can I go?" by placing visual 'you are here' clues such as color highlighting or arrow markers on the navigation menu? Score 8
7. Have you tested the church website in different browsers, using varied font size settings and screen resolutions, and resolved issues such as text disappearing or obscuring other content, etc? Score 6
8. Have you carried out a testing program on site usability, using volunteers who are web users of only moderate experience – and then acted on the weaknesses this found? Score 8
9. Was it a specific part of the planning brief that the church website be made outsider friendly to non Christians, and that their needs be prioritized over those of the members? Yes Score 15 No Minus 1
10. Have you asked willing people with no church background to visit the website and explain their impressions? Score 30

11. If you conduct such a site test with non Christians, which overall 'take away' impression of the website do they report: "This church is about people, and I already feel I am starting to know and like some of them. I feel they will welcome me in an un pressured way, just as I am, any time I am ready to visit." Score 30
 - * "This church only seems to portray itself in terms of a formal program of weekly meetings. It does not tell me anything about the people there. So I am not sure I would be really welcome, and even if I did go, it might be very much on their terms. This site is only for the members, not for outsiders like me." Minus 30
 - * Somewhere between the two. Score 0
12. Does the website take care to rephrase 'Christianese' jargon words and concepts with everyday language, so that non Christian site visitors can feel at home? Score 15
13. Does the church website use recommended design principles for visually disabled people? Score 3
14. Is there a purpose statement displayed on the homepage which, while perhaps good at motivating your members, could be off putting to some non Christians because it is all about 'reaching others for Christ'? Or do other aspects of the site give the impression 'We are out to convert you', rather than 'We are a family of flawed real people, please come and share the journey with us.' Minus 15
15. Does all text added to your site go through: * a procedure of proof reading for typos, spelling, grammar, and to impose a consistent house style? * a revision process to reduce word count and improve clarity?
16. If the site has profiles of members of the leadership team, do these only contain spiritual sounding information, and lack details about their hobbies, families and other interests which make them seem 'real' people. Minus 5
17. Do you feature profiles (with photos) of a representative range of church members – probably not full testimonies, but rather to demonstrate that the church is a family of normal real people who will welcome newcomers when they visit? Score 25
18. Is there a photo of real people on the homepage, more prominent than any picture of the church building? Score 20
19. Are there additional pictures of church members within the website? Score 15
20. Are there photos of the interior of the church building (again with people included), so that potential visitors feel that they 'know' the church premises before they visit? Score 10
21. Within the norms of your culture, does the writing style of the website demonstrate informality and self deprecating humor? Score 15

22. Does the overall website offer a specific welcome to different categories of people, such as youth, marrieds with families, different ethnicities, retired people, etc.; and clearly reflect this diversity of membership within the site content? Score 10
23. Does the website specifically invite people to a range of activities within the church – not just the Sunday services, which can be a very big hurdle for a non Christian? And does it also give a specific contact person(s) relating to that activity? Score 5
24. Does the church website demonstrate an identification with, and interest in, the wider local community? Score 5
25. Are you using other types of innovative or changing content that will both draw not yet Christians to the site, and then encourage them to visit again? Score 25
26. Is it easy to find news about upcoming events? Score 10
27. Is there outdated news on the church website which should have been removed? Minus 10
28. A warm enticing website is little use if first time visitors to the church do not actually receive a face to face welcome. Have you trained all your church members, and instituted clear strategies, to ensure that every first time visitor is actually spoken to, welcomed and followed up? (NOT merely asked them from the pulpit to fill in a visitor card.) Score 20
29. Do you offer a newsletter (distributed by email or RSS feed) about church events? Score 3
30. Does the site explain the church's child safety code of practice, thereby reassuring potential visitors with children? Score 3
31. Do you also include a link to a privacy policy (probably in the page footer)? Score 332 Do you appeal prominently for money for general funds on your homepage, or elsewhere in the site, without explaining that this is only for members? Minus 10
32. Are you using a free hosting service which places adverts on your pages? Or doing other things listed in the 'Reason' section? Minus 30

Being found by search engines, getting return visits:

1. Is your street address, including state/county/district, postal code, country, and phone number, shown in the footer of the homepage? Score 10
2. Are your church name, town, and area, also clearly included in 'title tag' coding on your home page, and does this title code use the full 70+ characters available for this purpose? Score 10
3. Do inner pages of your website also carry custom 'title tag' code that describes each individual page? Score 3
4. Does each page also have a 'meta description' in the page head, giving additional enticing information about that page? Score 2
5. Does your site score well on an HTML and CSS validation test? Score 5

6. Do you encourage visitors to bookmark the website? Score 2
7. Are most main pages no more than two levels deep within the site (i.e. two clicks from the home page), with all links as normal text hyperlinks, and is every main page listed on a sitemap? Score 2
8. Have you submitted the church site address (URL) to the main international search engines (Google, Yahoo, MSN/Live), secular national and local lists and directories, and Christian find a church directories? In some countries, you can include your URL alongside your telephone book listing. It is also very important to get your site listed with Google 'Local Search'. Your denomination is likely to have a church listing system too. Score 5
9. Do you analyze your website visitor statistics? Score 5

Finding and using the physical church building:

1. Is there a clear street map on your website, which prints well? Score 5
2. Do you give clear information about public transport links, road access, and parking? Score 5
3. Do you explain what facilities are available to people with disability? Score 5
4. Do you provide some information to a first time visitor, that will answer fears such as "Is there a dress code?", "Will I have to do anything?", "Why do you sing songs? What if I don't know the words?" "What about bringing children?" "How long does the service last?" Score 5

Responding to inquirie:

1. Are 'contact us' options easy to find: phone (with office times), postal address, and email? Score 7
2. Does someone normally reply to all incoming emails within one working day? Score 7
3. Can the church team respond adequately to email requests for counsel and advice from outsiders – perhaps with a team of trained members able to respond to such inquiries? Score 5

Wider strategy and integration:

1. Is the church website integrated into your overall church outreach strategy? Score 10
2. Do you involve your webmaster/design team in church outreach planning? Score 10
3. Is your website URL easy to remember? Score 3
4. Is your website URL printed on your roadside noticeboard, all publications and leaflets, letterheads, press adverts and news releases? Is it also included in email footers of official church emails? Score 3

5. Do you encourage members to use the website as an evangelism tool to reach others, and provide pre printed contact cards for this purpose? Score 5

Analyzing the score on your Evaluation Report:

Less than 70: Please don't be disappointed, but make re purposing a priority.

70 - 150: Some good foundations, but the site will benefit from a thorough reassessment of style and purpose.

150 - 250: You are doing well, but analyze the areas that could be improved.

over 250: Great, keep going, constantly looking for ways to make your website more effective.

BYLAAG B

Hier volg kort evaluerende opmerkings oor elke webblad wat na my beste wete tans in gemeentes van die NGK gebruik word. Die opmerkings word gedoen aan die hand van die vrae wat aan die begin van hoofstuk 12 gevra word. Die beoordeling is so objektief moontlik gedoen volgens opmerkings wat in die studie oor die ontwerp van webblaaie gemaak is. Die klem val deurentyd op die navorsingsdoelwit van missionaliteit.

1. Northam www.ngnortham.co.za
 - 1.1. Die algemene ontwerp is goed versorg en professioneel uiteengesit. Heel bo is 'n woord van hartlike welkom wat aan almal gerig word. Verder is daar nie ander opmerklike aspekte wat missionale kerk-wees impliseer nie.
 - 1.2. Geen van die blaaie in die webblad is regtig spesifiek gerig op missionale kerk-wees nie. Dit gaan hoofsaaklik om die deurgee van inligting oor die gemeente se program. Die klem val eintlik net op die gemeentelede.
 - 1.3. Wat toerusting betref, word heelwat gemaak van die jaarlikse Mighty Men saamtrek. Dan word klankopnames van die preke ook beskikbaar gestel. Geen teken van ander formele toerusting nie.
 - 1.4. Interaktiewe kommunikasie word moontlik gemaak deur die kontakbesonderhede van die kerkkantoor en die leraar te gee, Facebook en 'n registrasievorm vir lidmate.
 - 1.5. Geen skakels na ander webblaaie word gegee nie.
2. Warmbad-Wes www.warmbadwes.co.za
 - 2.1. Netjiese voorblad waar die gemeente se droom duidelik uitgespel word naamlik om God se lig vir die wêreld te wees en om elke lidmaat te help om hierdie droom te verwesenlik. Verder slegs die program van die gemeente, die gemeente se agtergrond en ander gewone inligting oor die bank en kontak besonderhede.
 - 2.2. Geen van die bykomende blaaie is op missionale kerk-wees ingestel nie.
 - 2.3. Die blad word nie benut vir geestelike toerusting nie.
 - 2.4. Interaksie word slegs moontlik gemaak deur 'n vorm vir epos daar te stel.
 - 2.5. Geen skakels na ander webblaaie word gegee nie.
3. Familiekerk NG Kameeldrif www.kameeldrif.org
 - 3.1. Die voorblad is baie eenvoudig en redelik niksseggend behalwe vir 'n woord van hartlike welkom. Vir enige ander inligting moet na verskillende blaaie gegaan word.
 - 3.2. Dit blyk dat die gemeente tog gerig is op die gemeenskap alhoewel daar nie uitgespel word wat daarmee bedoel word nie. Daar is geen ander aanduiding van spesifieke missionale aktiwiteite nie.

- 3.3. Daar word groot klem gelê op die toerusting van lidmate veral rondom die familie as uitgangspunt. Verskillende programme is daarop gerig om families in die verskillende fases van die lewe toe te rus. In dié verband is daar ook 'n gereelde Bybelskool wat by die temas van die prediking aansluit alhoewel geen materiaal van die Bybelskool op die webblad geplaas word nie. Die klem in die blad val dus hoofsaaklik op die deurgang van inligting oor die gemeente se bediening en programme.
- 3.4. Interaksie word moontlik gemaak deur 'n Werfjoernaal, Twitter en Facebook.
- 3.5. Geen skakels na ander webblaaie.
4. Lynnwood. www.nglynnwood.co.za
- 4.1. Die voorblad is redelik eenvoudig met algemene inligting oor die nuwe leraar en 'n duidelike klem op die “Werfjoernaal artikels”. Daar is niks wat werklik klem op missionale kerk-wees laat val nie.
- 4.2. As deel van die webblad is daar 'n blad wat uitsluitlik gerig is op uitreike op verskillende maniere. Hieruit blyk dit dat die gemeente baie sterk gerig is op die gemeenskap in en buite die gemeente. Wat dit betref word daar heelwat inligting oor die aktiwiteite gegee en nie soseer toerusting vir die uitreike nie.
- 4.3. Behalwe vir preke wat in teksformaat afgelaai kan word, is daar nie op die webblad as sodanig enige toerustingsmateriaal nie. Daar word wel inligting gegee oor geestelike verrykingsgeleenthede deur die loop van die jaar.
- 4.4. Die gemeente plaas baie klem op interaktiewe kommunikasie en maak dit vir mense moontlik om deur middel van registrasie kommentaar te lewer op die verskillende bediening. Daar word ook baie gemaak van gespreksforum deur Werfjoernale. Gemeentelede kan ook aanlyn persoonlike besonderhede aan die kerkkantoor stuur.
- 4.5. Geen skakels na ander webblaaie
5. Waverley-Oos www.ngwaverleyoos.co.za
- 5.1. Die voorblad het hoofsaaklik inligting oor die week se program en baie prominent die geskiedenis van die gemeente (wat nie op datum is nie).
- 5.2. Al word daar moeite gedoen met die uitspel van 'n aantal belangrike kernwaardes, is dit nie regtig baie missionaal van aard nie. Dit is baie op die lidmate self gerig en moedig nie mense aan om na die gemeenskap uit te reik nie. Daar word inligting gegee oor die diensraad vir sending. Die diensraad organiseer veral uitreike en projekte in die gemeenskap wat persone help met naaldwerkklasse en om te kook. Daar is 'n aantal uitreike buite die gemeente na sendingstasies. Gemeentelede word wel sterk aangemoedig om 'n missionale verskil in die gemeenskap te maak.
- 5.3. Die gemeente het 'n diensraad vir toerusting wat moeite doen om oud en jonk deur middel van kategese en 'n Bybelskool geestelik toe te rus. Op die webblad word wel

inligting oor hierdie werksaamhede gegee maar nie toerustingsmateriaal self nie. Dit gaan in die blad dus hoofsaaklik om inligting oor die gemeente se programme en bedieninge.

- 5.4. Interaktiewe kommunikasie is moontlik deur die gemeente se Facebook.
- 5.5. Geen skakels na ander webblaaie
6. The Reeds www.ngthereeds.org.za
- 6.1. Die eerste waarneming op die hoofblad is 'n woord van hartlike welkom. Daar word ook moeite gedoen om op die voorblad 'n duidelike missionale missie uit te spel en om almal te nooi om hieraan te kom deelneem. Verder is daar inligting oor die gemeente se program.
- 6.2. Op spesifieke blaaie word inligting gegee oor toerustingsgeleenthede wat daarop gerig is om lidmate toe te rus om daagliks 'n verskil in die gemeenskap te maak. Daar word ook inligting gegee oor verskillende missionale uitreike waarna gemeentelêde uitgenooi word om te kom deelneem.
- 6.3. Daar word melding gemaak van verskillende toerustingsgeleenthede. Geen toerustingsmateriaal op die webblad self nie.
- 6.4. Interaktiewe kommunikasie is moontlik deur middel van Facebook en 'n aanlynvorm waardeur met die kantoor kontak gemaak kan word.
- 6.5. Geen skakels na ander webblaaie
7. Waterkloof www.waterkloofkerk.co.za
- 7.1. Die voorblad is baie formeel en bevat self niks wat missionaal van aard is nie.
- 7.2. In verskillende van die ander blaaie word inligting oor die gemeente se missionale betrokkenheid gegee en lidmate uitgenooi om daaraan te kom deelneem
- 7.3. Alhoewel daar moeite gedoen word om geloofsvorming in die gemeente op verskillende maniere te bevorder, word op die webblad self geen toerustingsmateriaal of preke voorsien nie.
- 7.4. Geen interaktiewe kommunikasiekanaal nie behalwe deur 'n aanlyn vorm in te vul of per telefoon kontak te maak.
- 7.5. Geen skakels na ander webblaaie
8. NG Hulp en Hoop Gemeenskapskerk (Potgietersrus) www.nghulpenhoop.org.za
- 8.1. Op die voorblad is die gemeente se naam baie missionaal van aard. Verder is daar net inligting oor die week se program.
- 8.2. In die ander blaaie van die webblad word baie inligting gegee oor die gemeente se missionale betrokkenheid op 'n verskeidenheid van terreine binne en buite die gemeente.

- 8.3. Dit kom voor dat daar nie formele toerusting vir geloofsgroei aangebied word nie behalwe vir die funksionering van 'n hele aantal verskillende omgeegroepes.
- 8.4. Geen interaktiewe kommunikasiekanaal word op die blad vermeld nie.
- 8.5. Geen skakels na ander webblaaie
9. Warmbad www.ngwarmbad.co.za
- 9.1. 'n Netjiese hoofblad wat dadelik die indruk van afhanklikheid van die Here onderlinge ondersteuning tussen lidmate suggereer. Verder bevat dit slegs 'n indeks van die ander blaaie en kontak inligting. Die hoofblad is nie missionaal gerig nie en die foto van die kerkgebou wat baie prominent geplaas is, is hinderlik. Die simboliek van die foto waarin 'n weerligstraal na die gebou afgaan is sprekend van die feit dat die Here die gemeente tot stand laat kom het.
- 9.2. Al die ander blaaie van die webblad is daarop gerig om inligting oor die programme en aktiwiteite van die gemeente te voorsien. Daarvolgens blyk dit dat die gemeente wel grootliks missionaal op die gemeenskap gerig is.
- 9.3. Daar is geen toerustingsmateriaal op die webblad nie, selfs nie die inhoud van die preke nie. Uit die blyk dit tog dat daar op verskillende maniere toerusting van lidmate vir missionale bediening gedoen word.
- 9.4. Interaksie is moontlik deur op skakel na Kerknet te klik.
- 9.5. Op die hoofblad is daar skakels na Kerknet, Krux en Melissa Kloppers Home. Geen ander skakels.
10. Montana www.ngmontana.co.za
- 10.1. Netjiese en eenvoudige voorblad wat gebruikersvriendelik is. Op die voorblad is daar inligting oor die program van die week, 'n kort boodskap uit die Woord, 'n skakel na 'n Bybel webblad, 'n kort foto vertoning van 'n uitstappie van die seniorlidmate en 'n navigasie spyskaart na die ander blaaie van die webblad. Die logo van die gemeente plaas klem op gesinsverhoudinge. Die voorblad self is nie missionaal van aard nie.
- 10.2. Die ander blaaie van die webblad het baie inligting oor die gemeente se missionale betrokkenheid in die gemeenskap en daarbuite. Dit blyk dat die gemeente tog 'n missionale visie het waarby lidmate betrokke is.
- 10.3. Daar word nie toerustingsmateriaal as sodanig op die webblad geplaas nie. Daar is wel skakels na webblaaie waar geestelike verryking bekom kan word. Hiervan is die belangrikste die skakel na Bybelkennis, 'n webblad waar allerlei Bybelse temas en teologiese vraagstukke aangespreek word.
- 10.4. Interaksie word moontlik gemaak deur na die skakel van Nuconnect op die voorblad te gaan.

- 10.5. Op die hoofblad is daar 'n skakel na 'n blad waar skakels na 'n hele reeks ander ter sake webblaaie gevind kan word. So byvoorbeeld is daar skakels na die Algemene Sinode se webblad, die Kerkbode en Lig tydskrifte, Bybelmedia en die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
11. Waverley www.ngwaverley.co.za
- 11.1. Baie eenvoudige hoofblad wat mens onmiddellik prikkel om verder te lees en geestelik verryk te word. Op die voorblad is slegs 'n woord van welkom, verwysings na geestelike artikels en die navigasie spyskaart na die ander blaaie van die blad. Dit het beslis missionale betekenis.
- 11.2. Die ander blaaie van die webblad bevat inligting oor al die aksies, bedieninge en programme van die gemeente.
- 11.3. Daar is heelwat toerustingsmateriaal in die webblaaie wat geestelik verrykend is. die preke kan op twee maniere afgelaai word: as teks en as klank. Groepleiers word voorsien van stof om in kleingroepe te bespreek aan die hand van gestruktureerde besprekingsvrae. Heelwat leesstof word beskikbaar gemaak.
- 11.4. Die blad maak baie van interaksie. Op elke afsonderlik blad is daar geleentheid om kommentaar te lewer. Kommentaar word op die blad bekend gestel. Die interaktiewe aard maak die blad baie missionaal van aard.
- 11.5. Daar word nie skakels na ander webblaaie gegee nie.
12. Rustenburg www.ngmoedergemeentertb.co.za
- 12.1. Die hoofblad is redelik eenvoudig maar nie altyd baie duidelik uiteengesit nie. Dit voorsien slegs inligting oor die program van die gemeente en 'n navigasie spyskaart na die verskillende ander blaaie van die blad.
- 12.2. Die ander blaaie van die webblad verskaf hoofsaaklik inligting oor die bediening en aktiwiteite van die gemeente. Daaruit blyk dat die gemeente missionaal op verskillende maniere by die gemeenskap en wyer betrokke is. ongelukkig is 'n aantal van die blaaie nie op datum nie.
- 12.3. 'n Daaglikse Bybelvers en preke in klank kan dien as toerustingsmateriaal.
- 12.4. Interaksie is moontlik deur middel van Facebook en Werfjoernaal inskrywings.
- 12.5. Ander skakels verwys net na die Sentrum vir Kontekstuele Bediening, die gemeente se nuusblad en die nuusbrieff van die Burnards (sendelinge).
13. Doornpoort www.ngdoornpoort.co.za
- 13.1. Die voorblad is tegnies swak versorg. Die klem val baie swaar op die feit dat die gemeente vir gelowiges bedoel is en dus 'n negatiewe effek op nie-gelowiges sal hê. Op die hoofblad word slegs inligting oor die gemeente se program, 'n uiteensetting van die gemeente se leuse (nie missionaal van aard) en 'n spyskaart na die ander blaaie gegee.

- 13.2. Die blaaie gee slegs inligting oor die bedieninge en aksies van die gemeente. Heelwat daarvan is tegnies swak versorg.
- 13.3. Geen toerustingsmateriaal word gegee nie.
- 13.4. Die webblad is nie interaktief nie.
- 13.5. Geen skakels na ander webblaaie nie.
14. Proteapark www.ngproteapark.co.za
- 14.1. Die hoofblad is mooi netjies en goed versorg met 'n eenvoudige uitleg. 'n Skyfievertoning oor verskillende aspekte van die gemeente se bediening en aksies maak die interessant. Die woord van welkom is missionaal van aard en laat almal welkom voel. 'n Duidelik en eenvoudige navigasie spyskaart na die ander blaaie is gebruikersvriendelik van aard.
- 14.2. Die ander blaaie van die webblad bevat duidelike inligting oor die bedieninge en programme van die gemeente. Die gemeente is duidelik na binne en na buite missionaal ingestel en nooi mense om te kom deelneem.
- 14.3. Alhoewel daar vir verskillende toerustingseleenthede in die program van die gemeente voorsiening gemaak word, word die materiaal nie op die webblad beskikbaar gestel nie. Slegs die preke word in beeld en klank te koop aangebied.
- 14.4. Op die hoofblad is skakels na 'n Werfjoernaal, Twitter, Facebook en YouTube vir interaksie beskikbaar gestel.
- 14.5. Geen ander skakels word getoon nie.
15. Pretoria www.pretoriachurch.org
- 15.1. Die hoofblad is baie eenvoudig met slegs 'n verduideliking van die gemeente se aard en 'n navigasie spyskaart na die ander blaaie toe. Wat die hoofblad veral missionaal van aard maak, is die feit dat die blad in Afrikaans en Engels aangebied word.
- 15.2. Die ander blaaie van die blad verskaf slegs verduidelikings van die verskillende bene van die gemeente se bediening sonder inligting oor die aktiwiteite of programme.
- 15.3. Geen toerustingsmateriaal nie.
- 15.4. Geen interaktiewe skakels nie.
- 15.5. Geen verwysing na ander skakels nie.
16. Wonderboompoot www.wonderboompoot.com
- 16.1. Die hoofblad is baie besig en vol nuusberigte asook 'n baie uitgebreide navigasie spyskaart wat die ander blaaie aandui. Die week se dagboek verskyn ook op die hoofblad. Dit is missionaal van aard in die mate wat die nuusberigte prikkelend is en die logo van die gemeente 'n aanduiding gee dat die gemeente na ander se nood omsien.
- 16.2. Die ander blaaie op die blad verskaf hoofsaaklik inligting oor die aktiwiteite en bedieninge van die gemeente.

- 16.3. Behalwe dat die preke in klank beskikbaar gestel word, is daar nie ander toerustingsmateriaal op die blad beskikbaar nie. Daar is wel 'n skakel na SermonCentral wat toegang tot geestelike versorgingsmateriaal bied.
- 16.4. Interaksie word moontlik gemaak via Facebook.
- 16.5. 'n Paar skakels word gegee na relevante webbladsye.
17. Wierdapark-Suid www.wierdapark-suid.co.za
- 17.1. Die hoofblad is besonder besig met allerlei grafika oor aktiwiteite wat verwarrend is. dit is nie missionaal van aard nie. Daar is ook 'n navigasie spyskaart na die ander blaaie.
- 17.2. Die ander blaaie verskaf kortliks inligting oor die bediening in die gemeente maar vertoon nie regtig 'n missionale karakter nie.
- 17.3. Geen toerustingsmateriaal nie.
- 17.4. Interaksie is moontlik via Facebook.
- 17.5. Geen ander skakels beskikbaar nie.
18. Magalieskruin www.magalieskruin.com
- 18.1. 'n Eenvoudige hoofblad met 'n uitgebreide skyfievertoning as sentrale fokus en 'n skraal navigasie spyskaart na die ander blaaie. Dit is nie missionaal van aard nie.
- 18.2. Ander blaaie verskaf net die nodigste algemene inligting oor die aksies en bediening in die gemeente en is nie missionaal van aard nie.
- 18.3. Daar is geen toerustingsmateriaal nie behalwe dat die preke op video beskikbaar gestel word.
- 18.4. Interaksie is moontlik via Twitter en Facebook.
- 18.5. Geen ander skakels nie.
19. Hartbeespoort www.hartiesng.com
- 19.1. Die hoofblad is netjies uiteengesit. Die skyfievertoning van die kerkgeboue is lastig. 'n Kort uiteensetting van die gemeente se identiteit beklemtoon die erkenning van diversiteit onder lidmate. Daar is 'n netjiese navigasie spyskaart oor die ander blaaie. Die hoofblad is nie regtig missionaal van aard nie. Die hoofblad en ander blaaie is geneig om eeffe stadig oop te maak.
- 19.2. Die ander blaaie verskaf kortliks inligting en uiteensettings van die gemeente se bediening sonder om regtig detail te gee. Dit is nie missionaal gerig nie.
- 19.3. Geen toerustingsmateriaal nie.
- 19.4. Geen interaktiewe skakels nie.
- 19.5. Geen ander skakels nie.
20. Eldoraigue Familiekerk www.eldofam.co.za

- 20.1. Die hoofblad open met die missieverklaring in Afrikaans en Engels. Behalwe vir die navigasie spyskaart is daar net twee nuusberigte en skakels na Twitter en Lignet. Die blad skep 'n missionale indruk.
- 20.2. Die ander blaaie bevat inligting oor die aksies, bedieninge en programme van die gemeente.
- 20.3. Daar word baie toerustingsmateriaal vir geestelike groei beskikbaar gestel. Mense word ook telkens uitgenooi om self artikels vir plasing in te stuur.
- 20.4. Die blad bied ruim geleentheid tot interaktiewe deelname deur middel van Facebook, Twitter en epos.
- 20.5. Op verskillende blaaie is daar skakels na ander relevante webbladsye.
21. Florauna www.ngkflorauna.za.net
- 21.1. Die uitleg van die hoofblad is baie eenvoudig met 'n verklaring van voorneme wat klem plaas op verhoudings en diens. Dit is sodanig het missionale betekenis. Verder is daar 'n verwysing na dagstukkies (verouderd) die program van die week, 'n skakel na Facebook en die navigasie spyskaart na die ander blaaie.
- 21.2. Die ander blaaie lyk baie belowend totdat dit oopgemaak word en jy dan ontdek dat daar niks in is nie. Dit verskaf wel inligting wat missionale potensiaal inhou.
- 21.3. Die blad gee slegs inligting oor toerustingseleenthede maar geen materiaal nie.
- 21.4. Interaktiewe kommunikasie is moontlik deur Facebook.
- 21.5. Daar word slegs skakels na die Algemene Sinode en Geopende Deure gegee.
22. Pierneef www.ngkpierneef.co.za
- 22.1. Die hoofblad nooi alle tipes mense uit om by hierdie gemeente tuis te kom. Behalwe die navigasie spyskaart bied dit ook geestelike voedsel uit die Woord en verwysings na die afgelope Sondag se preek asook 'n skakel na die eietydse Bybelvertaling waarin die deurlopende storie van die Bybel vertel word. Mense word ook genooi om 'n verskil te kom maak en die week se program word gegee. Dan is daar ook die navigasie spyskaart wat na die ander blaaie op die blad verwys. Die hoofblad het 'n sterk missionale impak.
- 22.2. Die ander blaaie gee inligting oor die gemeente se identiteit en bedieningstruktuur. Hierin word beklemtoon dat die gemeente se bediening gemeenskapsentrië gefokus is. Daarin lê 'n missionale identiteit opgesluit.
- 22.3. Die webblad bied heelwat toerustingsmateriaal vir geestelike ontwikkeling. Klankbane van preke kan ook direk van die internet afgelaai of per CD bestel word.
- 22.4. Interaktiewe kommunikasie is moontlik via Facebook.
- 22.5. Daar word heelwat skakels na ander webblaaie gegee wat tegelyk missionale diensgeleenthede asook geestelike toerusting bied.

23. Pretoria-Oos www.ooskerk.org.za
- 23.1. Die hoofblad bied 'n rustige verwelkoming. Deur die bekendstelling van die gemeentes se waardes en droom word 'n missionale leefstyl openbaar wat ander lok om deel te word.
- 23.2. Die ander blaaie gee 'n uiteensetting van die gemeente se aktiwiteite en bedieninge. Daar is nie veel inligting oor missionale betrokkenheid nie.
- 23.3. Geen geestelike toerustingsmateriaal word aangebied nie, ook nie enige preke nie.
- 23.4. Interaktiewe kommunikasie is moontlik deur Facebook en 'n Werfjoernaal.
- 23.5. Geen ander skakels word gegee nie.
24. Raslouw www.raslouw.co.za
- 24.1. Die hoofblad is eenvoudig en kommunikeer baie duidelik deur skematiese voorstellings en woorde dat die gemeente missionaal binne en buite die gemeente betrokke wil wees. Tegnies is die flitsende beeld en woorde net hinderlik op die oë.
- 24.2. Die ander blaaie van die blad gee kortliks net die nodigste inligting oor die gemeente se bedieninge en program. Dit is nie missionaal van aard nie. gegewens is verouderd.
- 24.3. Geen geestelike toerustingsmateriaal word aangebied nie, ook nie enige preke nie.
- 24.4. Interaktiewe kommunikasie is slegs moontlik via elke leraar se werfjoernaal.
- 24.5. Geen ander skakels word gegee nie.
25. SA Gemeente www.sagemeente.com
- 25.1. Die hoofblad is eenvoudig en is Afrikaans en Engels geskryf. Die skyfievertoning van foto's en woorde skep 'n goeie missionale aanslag. Die res van die blad bied inligting oor nuusgebeure en 'n navigasie spyskaart na die ander blaaie.
- 25.2. Die ander blaaie van die blad verwys na die verskillende bedieningspunte van die gemeente en die aksies, programme en bedieninge wat daar gebeur.
- 25.3. Daar word nie toerustingsmateriaal aangebied nie behalwe vir preke wat beskikbaar gestel word.
- 25.4. Geen interaktiewe kommunikasie moontlik nie.
- 25.5. Geen ander skakels word gegee nie.
26. Sesmylspruit www.sesmyl.co.za
- 26.1. Behalwe vir die gemeente se logo en verklaring van voorneme is slegs die navigasie spyskaart baie groot afgedruk. Die verklaring het 'n missionale strekking.
- 26.2. Die ander blaaie gee 'n baie kort uiteensetting van die gemeente se bedrywighede. Die omslagtige manier om by die inligting uit te kom, is missionaal gesproke teen produktief.
- 26.3. Behalwe vir die materiaal wat in kleingroepe bestudeer word, word geen ander toerustingsmateriaal gegee nie.
- 26.4. Geen interaktiewe kommunikasie moontlik nie.

- 26.5. Geen ander skakels word gegee nie.
27. Suidoos Pretoria www.stellastraat.co.za
- 27.1. Die hoofblad gee slegs inligting oor byeenkomste van die gemeente en 'n navigasie spyskaart na die ander blaaië. Dit het geen missionale betekenis nie.
- 27.2. Die ander blaaië gee baie kortlikse inligting oor die aksies van die gemeente. Dit blyk dat die gemeente elke Sondagmiddag ook 'n erediens in 'n ander taal as Afrikaans of Engels aanbied en in dié sin dus missionaal betrokke is. Melding van ander hulp word ook breedweg genoem sonder om detail te gee.
- 27.3. Toerustingsmateriaal word verskaf in die vorm van klankopnames van preke en video opnames van Bybelstudie geleenthede.
- 27.4. Interaktiewe kommunikasie is moontlik via Facebook, Twitter en epos.
- 27.5. Geen ander skakels word voorsien nie.
28. Universiteitsoord www.universiteitsoord.co.za
- 28.1. Die hoofblad het benewens die naam van die gemeente slegs twee sketse wat verwys na die twee afsonderlike bedieningsfasette van die gemeente naamlik residensieel en studente.
- 28.2. Die ander blaaië gee kursoriese inligting oor die gemeente se bedrywighede vanuit beide afdelings. Dit blyk dat die gemeente by 'n hele paar missionale projekte betrokke is – ook in vakansietye.
- 28.3. Daar word nie toerustingsmateriaal op die webblad beskikbaar gestel nie.
- 28.4. Interaktiewe kommunikasie is moontlik via Facebook en epos.
- 28.5. Geen ander skakels word voorsien nie.
29. Wierdapark www.ngwierdapark.co.za
- 29.1. Op 'n baie eenvoudige en netjiese hoofblad word mens onmiddellik bewus van die gemeente se missionale ingesteldheid. Die hoofblad verduidelik hierdie houding deur 'n skematiese uitbeelding. Verder is daar net die navigasie spyskaart na die ander blaaië toe.
- 29.2. Die inligting op die ander blaaië het beslis 'n baie sterk missionale karakter.
- 29.3. Daar word heelwat toerustingsmateriaal beskikbaar gestel in die webblaaië.
- 29.4. Interaktiewe kommunikasie is moontlik via epos.
- 29.5. Geen ander skakels word gegee nie.
30. Andrew Murray Pretoria www.andrewmurraypretoria.co.za
- 30.1. Die hoofblad laat die klem val op kort boodskappe in die leraar se Werfjoernaal. Die program van die gemeente se aktiwiteite word ook aangekondig en die navigasie spyskaart na die ander blaaië.

- 30.2. Die ander blaaie van die webblad bied net die basiese inligting oor uitreik aksies van die gemeente. Oor die bediening self, word nie veel gesê nie. Die bediening in die gemeente is missionaal van aard en mense word deur die blaaie uitgenooi tot deelname.
- 30.3. Geen toerustingsmateriaal word op die webblad aangebied nie.
- 30.4. Interaksie is moontlik via die Werfjoernaal, Twitter en Flickr.
- 30.5. Geen ander skakels word aangebied nie.
31. Hartbeesspruit-Queenswood www.ngkhq.co.za
- 31.1. Die hoofblad het 'n eenvoudige uitleg met 'n storie oor geloof en die program van die gemeente naas die navigasie spyskaart na die ander blaaie toe. Dit is nie missionaal ingestel nie.
- 31.2. Die ander blaaie verskaf inligting oor die gemeente se bediening en aktiwiteite. Dit bevat heelwat oor die gemeente se missionale betrokkenheid in die gemeente en gemeenskap.
- 31.3. Toerustingsmateriaal is beskikbaar via skakels wat op die webblad na ander webblaaie gegee word.
- 31.4. Geen interaktiwiteit word voorsien nie.
- 31.5. 'n Hele paar sinvolle skakels na ander webblaaie word voorsien.
32. Louis Trichardt www.stadopdieberg.co.za
- 32.1. Die hoofblad vertoon 'n verduideliking van die gemeente se missionale visie aan die hand van 'n kort uiteensetting van Matt 5:14. Die kontakbesonderhede en navigasie spyskaart na ander blaaie verskyn ook.
- 32.2. Die ander blaaie verskaf net die nodigste inligting oor die gemeente se werksaamhede. Uit die inligting blyk dit dat die gemeente 'n missionale visie het en dat lidmate aangemoedig word om dit uit te leef. Sommige blaaie is verouderd.
- 32.3. Geen toerustingsmateriaal word aangebied nie.
- 32.4. Geen interaktiewe kommunikasie nie behalwe deur eposse met die leraars.
- 32.5. Geen ander skakels nie.
33. Mootvallei www.ngmootvallei.co.za
- 33.1. Die webblad bestaan nog net uit 'n hoofblad waarop die nodigste kontakbesonderhede en inligting oor byeenkomste gegee word.
34. Quaggapoort www.ngkerkquaggapoort.co.za
- 34.1. Die webblad bestaan nog net uit 'n missiestelling en verder inligting oor kontakbesonderhede.
35. Rietfontein-Suid www.rietfontein-suid.ng.org.za
- 35.1. Die hoofblad gee 'n roepingsverklaring waaruit dit duidelik blyk dat die gemeente missionaal betrokke is in die gemeenskap en wyer wêreld. Daar is ook inligting oor die

gemeente se byeenkomste en ander skakels na 'n verskeidenheid aksies en ander artikels.

- 35.2. Die ander blaaie gee inligting oor veral die gemeente se betrokkenheid by die nood in die gemeenskap en ondersteun die missionale bewussyn sterk.
- 35.3. 'n Hele aantal skakels na webblaaie met geestelike toerustingmateriaal word in die webblad bekend gestel.
- 35.4. Behalwe vir epos is daar geen ander interaktiewe kommunikasiestelsel nie.
- 35.5. Daar word wel skakels na ander webblaaie gegee.
36. Thabazimbi www.ngthabazimbi.co.za
- 36.1. Naas die navigasie spyskaart na ander blaaie verskyn op die hoofblad slegs kontakbesonderhede en die program van die gemeente se aktiwiteite. Dit is nie missionaal gerig nie.
- 36.2. Op die ander blaaie verskyn inligting oor die gemeente se aktiwiteite. Daar word melding gemaak van heelwat uitreik na nood in die gemeenskap en is in dié sin missionaal van aard. Die data is ongelukkig nie op datum nie.
- 36.3. Behalwe vir preke wat in teks beskikbaar gestel word (nie op datum nie), is daar geen ander toerustingmateriaal nie.
- 36.4. Interaktiewe kommunikasie word moontlik gemaak via Facebook.
- 36.5. Daar word geen ander skakels gegee nie.
37. Villieria www.ngv.co.za
- 37.1. 'n Skyfievertoning op die hoofblad plaas klem op die gemeente se missionale ingesteldheid. Daar verskyn ook 'n prominente verwysing na die preke en die program van die aktiwiteite. Die navigasie spyskaart verskyn horisontaal bo-aan die hoofblad.
- 37.2. Die ander blaaie gee inligting oor die programme in die gemeente. Geen verduideliking oor die bedieninge word gegee nie.
- 37.3. Geen toerustingmateriaal word verskaf nie.
- 37.4. Interaktiewe kommunikasie is moontlik via Facebook, Twitter en epos.
- 37.5. Geen ander skakels word gegee nie.
38. Waterkloofrif www.ngwaterkloofrif.co.za
- 38.1. Op die hoofblad word almal op eenvoudige maklike manier welkom geheet sodat almal by hierdie gemeente kan tuis voel. Dit is baie missionaal van aard. Die kontakbesonderhede, program vir die week en navigasie spyskaart na die ander blaaie word ook aangedui.
- 38.2. Die ander blaaie verskaf inligting oor die fokusareas in die gemeente se bediening. Hieruit is dit duidelik dat die gemeente in en buite die gemeenskap missionaal ingestel is.

- 38.3. Toerusting van lidmate is 'n hoë prioriteit. Inligting oor die programme vir toerusting word gegee asook skriftelike lesings oor Bybelstudies wat afgelaai kan word.
- 38.4. Geen interaktiewe skakels nie.
- 38.5. Geen ander skakels na ander webblaaie nie.
39. Wonderpark www.ngwonderpark.co.za
- 39.1. 'n Netjiese hoofblad vertoon skyfies met foto's van gebeure in die gemeente, inligting oor die program van die gemeente se aktiwiteite en 'n navigasie spyskaart na die ander blaaie. 'n Duidelike skakel na preke op YouTube verleen 'n missionale karakter daaraan.
- 39.2. Die ander blaaie bied slegs kontakinligting na die kommissies van die kerkraad. Geen uiteensetting van die bedieninge en aksies nie. die program van die gemeente kan op die afkondigings gelees word.
- 39.3. Behalwe vir preke wat in teksformaat en op YouTube gevind kan word, is daar geen ander toerustingsmateriaal nie.
- 39.4. Interaktiewe kommunikasie kan via Facebook gedoen word.
- 39.5. Geen ander skakels word voorsien nie.
40. Wonderboom-Suid www.ngkwbs.org.za
- 40.1. Die hoofblad is eenvoudig saamgestel en uiters missionaal van aard. Benewens nuusberigte uit die gemeente en 'n navigasie spyskaart na die ander blaaie word 'n foto vertoon van 'n gedeelte van die skilderwerk in die Sistynse kapel. As jy op die foto klik neem dit jou na 'n pragtige eenvoudige verduideliking van Jesus se liefde vir alle mense en die betekenis daarvan vir elkeen op aarde. Dit word vergesel van 'n uitnodigingsvorm om 'n oorgawe aan Jesus te maak en aanlyn in te stuur vir voorbidding en ondersteuning.
- 40.2. Die ander blaaie bied inligting oor die bedieninge, die program en aksies van die gemeente en is baie missionaal in gestel.
- 40.3. Daar word op die webblad self heelwat toerustingsmateriaal in verskillende formate aangebied. Oud en jonk kan geestelik verryk word. Die preke word in HTML formaat en as teks aangebied. Selfs humor word benut om verhale vir kinders aan te bied. Enige geloofsvraag kan aanlyn ingestuur word en sal deur kundiges beantwoord word.
- 40.4. Interaktiewe kommunikasie is moontlik deur die gemeente se Werfjoernaal, aanlyn vorms in te vul en per epos.
- 40.5. Daar is 'n blad wat 'n hele verskeidenheid skakels na ander webblaaie alfabeties van A tot Z bekend stel. Sodoende word mens bewus van 'n hele aantal geestelik verrykende webblaaie.
41. Alkmaar www.alkmaar.co.za

- 41.1. 'n Pragtige en baie interessante webblad wat deur middel van die ontwerp prikkend is en mens se aandag vang en sodoende missionale betekenis het. Op die hoofblad is slegs 'n verklaring van voorneme en die navigasie spyskaart na die ander blaaie. Die verklaring het wel missionale betekenis.
- 41.2. Dit is jammer dat die ander blaaie van die blad teleurstel. Daar is slegs 'n beskrywing van die gemeente se visie en missie en hier en daar iets oor die program van die aktiwiteite.
- 41.3. Geen toerustingsmateriaal word voorsien nie.
- 41.4. Interaktiewe kommunikasie is moontlik via Facebook, Twitter en epos.
- 41.5. Geen ander skakels na webblaaie nie.
42. Barberton www.ngkerkbarberton.co.za
- 42.1. 'n Netjiese webblad waarvan die hoofblad slegs die missie waarin verklaar word dat die gemeente met hulle gawes 'n verskil in die samelewing wil maak en inligting oor die gemeente se herkoms en navigasie spyskaart na die ander blaaie van die webblad.
- 42.2. Die ander blaaie gee slegs kontakinligting oor die verskillende bedieninge van die gemeente. Dit is geensins missionaal van aard nie. Die blaaie is baie verouderd.
- 42.3. Geen toerustingsmateriaal beskikbaar nie
- 42.4. Interaktiewe kommunikasie is moontlik via die gemeente se Werfjoernaal.
- 42.5. Geen ander skakels word gegee nie.
43. Bronkhorstspuit www.ngbhs.co.za
- 43.1. Die hoofblad open met 'n foto van die kerkgebou en 'n lied wat speel. Op die hoofblad is nuusbrokkies en 'n kort artikel in Engels oor die hantering van die lewe saam met God na analogie van Noag se ark. Laasgenoemde het missionale betekenis. Daar is ook 'n navigasie spyskaart na die ander blaaie op die webblad.
- 43.2. Die ander blaaie verduidelik in detail hoe die struktuur van die gemeentelike aktiwiteite daar uitsien en wat die reëls vir funksionering is. Die inhoud van die aksies en /of bedieninge word nie gegee nie. dit blyk dat die gemeente volgens baie sterk fundamentalistiese en wettiese sienings van organisasie funksioneer. Laasgenoemde is teen-missionaal van aard.
- 43.3. Geen toerustingsmateriaal word aangebied nie. Die preke word wel in verkorte teksformaat beskikbaar gestel.
- 43.4. Geen interaktiewe kommunikasie moontlikhede nie.
- 43.5. Geen ander skakels word gegee nie.
44. Dennesig www.ngdennesig.org.za

- 44.1. Die hoofblad bevat inligting oor die gemeente se aksies en program asook 'n navigasie spyskaart na die ander blaaie. 'n Vriendelike woord van welkom aan alle mense het beslis missionale waarde.
- 44.2. Die ander blaaie noem slegs die verskillende aksies en bedieninge in die gemeente maar verskaf geen verdere inligting nie.
- 44.3. Geen direkte toerustingsmateriaal word aangebied nie.
- 44.4. Interaktiewe kommunikasie is moontlik via Facebook, Twitter en epos.
- 44.5. Daar word baie skakels aangebied wat onder andere na 'n hele paar webblaaie met toerustende waarde verwys. In dié sin van die woord het die blad missionale betekenis.
45. Doornkloof www.ngdoornkloof.org.za
- 45.1. Die hoofblad is 'n baie eenvoudige en pragtige aanbieding van die gemeente se missie vanuit Ef 3:8 en het 'n sterk missionale inslag. Behalwe hierdie missie is daar ook 'n kort navigasie spyskaart na die ander blaaie.
- 45.2. Die ander blaaie verwys slegs na administratiewe sake, die nuusblad en gespreksforum waar verskeie temas aangeraak word.
- 45.3. Geestelike stimulering kan ervaar word deur deel te neem aan die gespreksforum en preke wat bestel kan word. Die Media-bediening maak opnames van alle eredienste op CD, en spesiale dienste (soos doopdienste) word ook opgeneem op DVD.
- 45.4. Interaktiewe kommunikasie in moontlik via die gespreksforum.
- 45.5. Geen ander skakels word voorsien nie.
46. Elarduspark www.ngelarduspark.org.za
- 46.1. Die hoofblad maak oop met 'n duidelike en eenvoudige woord van welkom aan alle mense. Dan is daar ook naas 'n navigasie spyskaart na die ander blaaie inligting oor die gemeente se verklaring van voorneme en die program van die maand. Die hoofblad kom beslis missionaal oor.
- 46.2. Die ander blaaie bied kortliks inligting oor die aktiwiteite van die gemeente en nooi almal uit om daaraan te kom deelneem.
- 46.3. Alhoewel geen toerustingsmateriaal op die webblad gegee word nie, word na heelwat ander bronne waar geestelike voedsel bekom kan word, verwys.
- 46.4. Interaktiewe kommunikasie is moontlik via Facebook.
- 46.5. Geen ander skakels word gegee nie.
47. Groblersdal www.ngkerkgroblersdal.co.za
- 47.1. Die hoofblad bied inligting oor die gemeente se programme, nuusberigte, die gemeente se visie en missie en 'n uitgebreide navigasie spyskaart na die ander blaaie. Dit is nie regtig missionaal van aard nie.

- 47.2. Die ander blaaie gee inligting oor die aksies en bedieninge in die gemeente asook detail kontakinligting na die verskillende verantwoordelike persone. Dit blyk dat die gemeente daarop ingestel is om 'n verskil in die gemeenskap te maak.
- 47.3. Geen direkte toerustingsmateriaal op die webblad self nie, maar wel verwysing na geestelike lektuur wat bestel kan word.
- 47.4. Geen interaktiewe netwerk nie.
- 47.5. Geen ander skakels word verskaf nie.
48. Kerksondermure www.kerksondermure.org
- 48.1. Die hoofblad open met 'n prikkelende skyfiereeks oor die bedieninge in die gemeente wat mens se belangstelling dadelik aanwakker om na die detail daarvan te gaan soek. Dit het sterk missionale betekenis. Verder word inligting oor die mees resente aktiwiteite gegee, 'n skakel na oudio-preke en 'n navigasie spyskaart na die ander blaaie. Die naam van die gemeente het sterk missionale waarde en maak die bediening oop na alle mense in die samelewing.
- 48.2. Die ander blaaie verduidelik in detail wat al die aksies en bedieninge van die gemeente behels met al die nodige kontakinligting wat nodig is daarby. Dit is duidelik dat die gemeente 'n geweldig wye bedieningsveld in die gemeenskap en onder gemeentede hanteer. Dit het baie missionale waarde.
- 48.3. Naas die preke wat in klank afgelaai kan word, is daar ook verskeie ander toerustingsmateriaal op die webblad beskikbaar vir geestelike ontwikkeling en toerusting rakende verskeie praktiese fasette van die lewe.
- 48.4. Interaktiewe kommunikasie is moontlik via Facebook en Twitter.
- 48.5. Geen ander skakels word aangedui nie.
49. Lux Mundi www.luxmundi.org.za
- 49.1. Die naam van die gemeente verklap alreeds die missionale ingesteldheid van die gemeente se visie en missie. Op die hoofblad word inligting oor die gemeente se eredienste, preke en nuusbuletin gegee asook verwysings na ander belangrike inligting oor aksies en onderwerpe.
- 49.2. Die ander blaaie gee gedetailleerde inligting oor al die bedieninge en aktiwiteite van die gemeente. Dit is duidelik dat die gemeente sterk missionaal funksioneer.
- 49.3. Daar word op die webblad self heelwat toerustingsmateriaal in verskillende formate aangebied vir geestelike vorming. Ook die preke word in mp3-formaat beskikbaar gestel.
- 49.4. Interaktiewe kommunikasie is moontlik via Facebook, Twitter en verskillende Werfjoernale.
- 49.5. Geen ander skakels word gegee nie.
50. Lynnwoodrif www.lynnwoodrif.co.za

- 50.1. Die hoofblad maak oop met 'n pragtige prent van 'n man se oop uitgestrekte hand wat onmiddellik 'n missionale boodskap verkondig. Verder is daar slegs 'n navigasie spyskaart na die ander blaaie en enkele nuusgebeure wat vertoon word.
- 50.2. Die ander blaaie gee detail inligting oor die gemeente se bedieninge en aktiwiteite. Die gemeente is duidelik missionaal ingestel op die gemeenskap.
- 50.3. Op die blad self is daar nie toerustingsmateriaal nie, maar via die webblad kan kontak gemaak word met die gemeente se uitgebreide Bybelskool wat ook per korrespondensie beleef kan word.
- 50.4. Interaktiewe kommunikasie is moontlik via Facebook. Op die hoofblad word ook geleentheid gebied tot deelname aan 'n aanlyn meningsopname oor verskillende aspekte van die erediens.
- 50.5. Geen ander skakels word gegee nie.
51. Lyttleton-Noord www.omgeekerk.co.za
- 51.1. Die blad is waarskynlik nog in die ontwerp stadium want die blad maak oop met 'n skoon hoofblad en die ander blaaie op die navigasie spyskaart is nog leeg.
52. Lyttelton-Oos www.lytteltonoos.org.za
- 52.1. Die eenvoudige hoofblad laat enige leser dadelik tuis voel. Dit is duidelik dat hierdie gemeente met deernis vir alle mense ruimte skep en ingestel is op missionale uitreik na die gemeenskap. Daar is 'n duidelike verwysing na die preke en ander hulpmiddels vir geestelike groei. Verder is daar 'n navigasie spyskaart na die ander blaaie en enkele resente nuusflitse.
- 52.2. In die ander blaaie word die aktiwiteite en bedieninge van die gemeente op eenvoudige maar effektiewe wyse verduidelik met 'n sterk missionale strekking daarin.
- 52.3. Naas die preke wat in klank afgelaai kan word, is daar ook artikels en video's wat op geestelike ontwikkeling gerig is.
- 52.4. Interaktiewe kommunikasie geskied via deelname aan die gemeente se Werfjoernaal.
- 52.5. 'n Hele paar ander skakels na kerklike en ander bronne word aangebied.
53. Meyerspark www.ngmeyerspark.co.za
- 53.1. 'n Baie eenvoudige en mooi hoofblad wat uitnodigend van aard is. Behalwe inligting oor die byeenkomste is daar 'n eenvoudige navigasie spyskaart na die ander blaaie.
- 53.2. Die ander blaaie noem slegs die bedieninge van die gemeente sonder om daarvoor inligting of kontakbesonderhede te gee.
- 53.3. Geen toerustingsmateriaal word gegee nie.
- 53.4. Interaktiewe kommunikasie is moontlik via Facebook.
- 53.5. Slegs 'n skakel na die sinode se nuusbrieff word gegee.
54. Middelburg www.witkerk.co.za

- 54.1. Die netjiese en eenvoudige hoofblad vermeld slegs die visie van die gemeente en 'n navigasie spyskaart van die ander blaai.
- 54.2. Die ander blaai noem slegs die aktiwiteite van die gemeente sonder enige ander inligting. Dit blyk uit die blaai dat die gemeente 'n ryk geskiedenis het. Hieroor word heelwat inligting verskaf. Die blaai is nie missionaal ingestel nie.
- 54.3. Geen toerustingsmateriaal behalwe die preke wat in teksformaat afgelaai kan word, word verskaf.
- 54.4. Geen interaktiewe kommunikasie netwerk nie.
- 54.5. Geen ander skakels word gegee nie.
55. Middelburg-Suid www.midsuid.co.za
- 55.1. Op die voorblad word slegs 'n verwysing na die beroepingsproses en 'n navigasie spyskaart na ander blaai gegee.
- 55.2. Die ander blaai bied slegs inligting oor nuuswaardighede en noem net die waardes van die gemeente. Dit is nie missionaal van aard nie.
- 55.3. Toerusting in die vorm van dagstukkies en preke in klankformaat word aangebied.
- 55.4. Geen interaktiewe kommunikasienetwerk nie.
- 55.5. 'n Paar skakels na ander geestelike webblaai bied die moontlikheid van geestelike verryking.
56. Moreletapark www.moreleta.org
- 56.1. Die hoofblad open met verskillende soorte inligting oor die gemeente se aktiwiteite en die program. Wat veral van groot missionale betekenis is, is die aanbod van 'n aantal kort video's wat handel oor die persoonlike geloofsgetuienisse van bekende en minder bekende persone.
- 56.2. Die ander blaai gee inligting oor die verskillende aktiwiteite, veral missionale aktiwiteite van die gemeente.
- 56.3. Behalwe dat die preke in klank afgelaai kan word en daar handleidings vir groepleiers en Bybelstudiegroepe is, is daar nie aanlyn werklik toerustingsmateriaal nie. Daar word wel inligting gegee betreffende 'n wye reeks verskeidenheid van toerustingseleenthede wat in die gemeente bygewoon kan word.
- 56.4. Interaktiewe kommunikasie is moontlik via Facebook en Twitter.
- 56.5. Geen ander skakels na ander webblaai word gegee nie.
57. Kempton-Kruin www.kruin-kerk.co.za
- 57.1. Die netjiese hoofblad stel deur middel van die visie en missie van die gemeente dat hulle graag die koninkryk van God wil dien deur eerlike en liefdevolle verhoudings. Saam met die waardes wat uitgespel word, het die blad missionale betekenis daarin dat die leser dadelik geprikkel word om verder belang te stel. Die res van die hoofblad

verskaf naas 'n navigasie spyskaart na die ander blaaie ook die nuutste inligting oor die mees resente aksies op die gemeente se program asook onlangse nuusbrokkies. Op 'n prominente plek op die hoofblad word ook 'n vers vir die maand uit die Bybel gegee.

- 57.2. Die ander blaaie verduidelik die inhoud van die gemeente se bedieninge en stel dit duidelik dat dit gaan om gemeenskapsdiens. Die kalender kan ook daar gevind word.
- 57.3. Daar is geen toerustingsmateriaal op die webblad nie behalwe vir die preke wat as klankbane afgelaai kan word.
- 57.4. Interaktiewe kommunikasie is moontlik deur aanlyn kommentaar te lewer, 'n vraag te vra of kommentaar te lewer deur die invul van 'n aanlyn vormpie wat daarvoor ontwerp is.
- 57.5. Geen ander skakels word gegee nie.
58. Premiermyn www.premiermyn.ng.org.za
- 58.1. Die hoofblad bevat slegs 'n verwysing na die weeklikse oordenkings en 'n kort navigasie spyskaart.
- 58.2. Die ander blaaie verwys slegs na die oordenkings, die afkondigings, kontakinligting en die gemeente se Werfjoernaal. Dit is geensins missionaal van aard nie.
- 58.3. Geen toerustingsmateriaal behalwe miskien die kort oordenking elke week.
- 58.4. Interaktiewe kommunikasie is moontlik via die gemeente se Werfjoernaal.
- 58.5. Geen ander skakels word gegee nie.
59. Garsfontein www.nggars.org.za
- 59.1. Die logo van die gemeente laat die indruk dat almal daar welkom is. As sodanig het dit missionale waarde. Verder word op die hoofblad slegs inligting oor die gemeente se eredienste en ander programme saam met die navigasie spyskaart geplaas.
- 59.2. Die ander blaaie is daarop ingestel om kontakinligting oor die gemeente se aksies en bedieninge te gee asook programinligting.
- 59.3. Behalwe vir die klankbane van die preke wat afgelaai kan word, is daar geen ander toerustingsmateriaal nie.
- 59.4. Interaktiewe kommunikasie is moontlik via Facebook.
- 59.5. Geen ander skakels word gegee nie.
60. Pierre van Ryneveld www.pvr.co.za
- 60.1. Behalwe die missionale naam van die gemeente, open die hoofblad met 'n baie hartlike verwelkomings paragraaf wat mens dadelik aangetrokke laat voel. Verder word naas die navigasie spyskaart inligting en nuus oor die gemeente se program en aktiwiteite gegee.
- 60.2. Die ander blaaie verskaf min inligting oor die gemeente se bedieninge. Inligting oor sommige programitems van die aktiwiteite en kontakinligting van leiers word wel gegee.

- 60.3. Preke kan as klankbane afgelaai word en daar is 'n paar kort inspirerende geestelike video's wat afgelaai kan word. Alhoewel daar heelwat toerustingsgeleenthede in die gemeente is, word die materiaal nie aanlyn beskikbaar gestel nie.
- 60.4. Interaktiewe kommunikasie is moontlik via Facebook, Twitter en 'n aktiewe Werfjoernaal.
- 60.5. Geen ander skakels word gegee nie.
61. Oosterlig www.oosterlig.co.za
- 61.1. Op die hoofblad is dit net die gemeente se logo wat missionale waarde het. Verder word naas die navigasie spyskaart slegs inligting oor die gemeente se program gegee.
- 61.2. In die ander blaaie word die bedieningstruktuur met die verskillende bedieninge slegs genoem sonder om dit te verduidelik.
- 61.3. Behalwe vir die preke wat in klankformaat afgelaai kan word, is daar geen ander toerustingsmateriaal op die webblad beskikbaar nie.
- 61.4. Interaktiewe kommunikasie is moontlik via Facebook.
- 61.5. Geen ander noemenswaardige skakels word gegee nie.
62. Skuilkrans www.skuilkrans.co.za
- 62.1. Die hoofblad het nie werklik 'n missionale aanslag nie. dit fokus op die erediensprogram en enkele nuusberigte. 'n Kort navigasie spyskaart na die ander blaaie word gegee.
- 62.2. Die ander blaaie gee kort en bondige inligting oor die bedieninge in die gemeente. Dit blyk dat daar tog heelwat missionale aksies in die gemeente gebeur alhoewel die indruk gelaat word dat dit hoofsaaklik om die gemeente gaan.
- 62.3. Geen toerustingsmateriaal word gegee nie.
- 62.4. Geen interaktiewe kommunikasie netwerk nie.
- 62.5. Geen ander skakels word gegee nie.
63. Tygerpoort www.ngtyger.com
- 63.1. Die eerste paragraaf op die hoofblad dui aan dat die gemeente nie ter wille van die gemeente bestaan nie, maar graag in diens van ander wil funksioneer. verder word die program van aktiwiteite op die blad uiteengesit saam met die navigasie spyskaart na ander blaaie.
- 63.2. Die ander blaaie gee inligting oor die gemeente se visie en aktiwiteite. Die bedieninge kry nie aandag nie. wat besondere missionale waarde het, is die kort video's wat gebruik word om belangrike inligting oor programitems, afgeloopte aktiwiteite, wenke, ens te gee. Dit is prikkelend en trek aandag na die blad toe.
- 63.3. Die preke kan op die Werfjoernaal in teksformaat gelees en afgelaai word. Geen ander toerustingsmateriaal word aanlyn verskaf nie alhoewel daar klem op toerusting deur die Bybelskool geplaas word.

- 63.4. Interaktiewe kommunikasie is moontlik via die gemeente se Werfjoernaal, Facebook en Twitter.
- 63.5. Geen ander skakels word gegee nie.
64. Valleisig www.valleisig.org.za
- 64.1. Op die hoofblad word verduidelik hoe die gemeente haarself sien en aan almal 'n uitnodiging gerig om deel daarvan te word. Verder word die eredienste prominent bemark en inligting oor ander aktiwiteite gegee. Van groot missionale waarde is 'n kort lys van die gemeente se bedieninge waaruit die betrokkenheid by die gemeenskap in nood duidelik is.
- 64.2. Die ander blaaie verskaf kortliks inligting oor die bedieninge en aktiwiteite van die gemeente sonder om regtig die bedieninge te verduidelik. Sleg kontakinligting van persone wat as leiers optree, word gegee. Dit blyk dat die gemeente by heelwat organisasies in die gemeenskap betrokke is.
- 64.3. Behalwe vir 'n kort dagstukkies vir elke dag is daar geen ander toerustingsmateriaal nie.
- 64.4. Geen interaktiewe kommunikasienetwerk nie.
- 64.5. Geen ander skakels word gegee nie.
65. Witbank-Klipfontein www.ngklipfontein.co.za
- 65.1. Op die hoofblad word 'n getuigenis gegee van die intense ervaring van die Here se genade tydens die Pinkster van 2010 en 'n navigasie spyskaart na die ander blaaie. Die hoofblad prikkel die nuuskierigheid maar is nie regtig missionaal van aard nie. Dit skep die indruk dat die blad nie op datum gehou word nie.
- 65.2. Uit die inligting op die ander blaaie is dit duidelik dat die gemeente baie betrokke is by die nood in die gemeenskap en sterk missionaal uitreik.
- 65.3. Geen toerustingsmateriaal word verskaf nie.
- 65.4. Geen interaktiewe kommunikasienetwerk word gegee nie.
- 65.5. Geen ander skakels word verskaf nie.
66. Witrivier www.ngwitrivier.co.za
- 66.1. Die logo op die hoofblad suggereer dat die gemeente graag die Here se liefde met ander wil deel. Die hoofblad is eenvoudig uiteengesit met net verwysings na die gemeente se program en 'n navigasie spyskaart na die ander blaaie.
- 66.2. In die ander blaaie word die bedieninge in detail uiteengesit en word mense genooi om te kom deelneem. Dit blyk dat die gemeente by heelwat projekte in die gemeenskap betrokke is en dus sterk missionaal funksioneer.

- 66.3. Behalwe vir enkele dokumente wat geloofsake verduidelik en die preke wat in klankformaat afgelaai kan word, is daar nie ander toerustingsmateriaal beskikbaar nie.
- 66.4. Interaktiewe kommunikasie is moontlik via Facebook en Twitter.
- 66.5. Geen ander skakels word gegee nie.
67. Constantiakruin www.constantiakruin.co.za
- 67.1. Op die hoofblad word net inligting oor die gemeente se program en 'n navigasie spyskaart na ander blaaie gegee. Dit skep nie 'n missionale indruk nie.
- 67.2. Die ander blaaie verwys na die gemeente se bedieninge maar is baie onvolledig. Heelwat van die blaaie het geen inligting op nie. Dit lyk of die webblad nog ontwerp word.
- 67.3. Geen toerustingsmateriaal nie.
- 67.4. Interaktiewe kommunikasie is moontlik via die gemeente se Werfjoernaal.
- 67.5. Geen ander skakels word gegee nie.
68. Driehoek www.ngdriehoek.vaal.co.za
- 68.1. Die hoofblad bied 'n kort agtergrondgeskiedenis van die gemeente en 'n baie interessante uiteensetting van die navigasie spyskaart. Laasgenoemde is prikkelend en het sterk missionale waarde.
- 68.2. Die ander blaaie bied inligting oor die gemeente se bedieninge. Dit het baie missionale betekenis daarin dat daar 'n wye verskeidenheid kontakinligting gegee word vir betrokkenheid in die gemeenskap en eie gebruik.
- 68.3. Toerustingsmateriaal verskyn in die vorm van oordenkings en dagstukkies.
- 68.4. Geen interaktiewe kommunikasie netwerk behalwe via epos nie.
- 68.5. Op die webblad word baie skakels na ander kerklike en Christelike webblaaie gebied wat sterk missionaal van aard is en baie geestelike toerusting beskikbaar stel.
69. Drie Riviere-Oos www.ngk3ro.co.za
- 69.1. Die hoofblad verskaf inligting oor die gemeente se missionale droom om hoop te gee. Naas die doelwitte wat gekoppel is aan die naam JESUS, word inligting oor sommige belangrike aktiwiteite gegee.
- 69.2. Die navigasie spyskaart neem mens na 'n aantal blaaie waarin die gemeente se bedieninge breedvoerig uitgespel word. Dit blyk dat die gemeente by heelwat projekte in die gemeenskap betrokke is met die doel om 'n verskil te maak. Die missionale ingesteldheid blyk duidelik hieruit.
- 69.3. Geen toerustingsmateriaal word voorsien nie.
- 69.4. Geen interaktiewe kommunikasienetwerk word gegee nie.
- 69.5. Geen ander skakels word gegee nie.
70. Falcon Ridge www.falconridge.ng.org.za

- 70.1. Op die hoofblad is slegs 'n verklaring van voorneme om tot eer van God te leef en 'n navigasie spyskaart.
- 70.2. Die ander blaaie noem net die verskillende aksies van die gemeente met kontakinligting daarmee saam. Dit blyk dat die gemeente by verskillende instansies in die gemeenskap hulp verleen.
- 70.3. Geen toerustingsmateriaal word voorsien nie.
- 70.4. Geen interaktiewe kommunikasienetwerk word gegee nie.
- 70.5. Geen ander skakels word gegee nie.
71. Fochville-Noord www.ngfochvillenoord.co.za
- 71.1. Die hoofblad bied inligting oor die gemeente se programme, kontakinligting van die leraars en 'n navigasie spyskaart.
- 71.2. Die ander blaaie gee detail inligting oor die gemeente se bediening in en buite die gemeente. Dit is duidelik dat die gemeente werklik missionaal in die gemeenskap en verder betrokke is by alle mense.
- 71.3. Alhoewel daar heelwat van toerusting en geestelike verryking in die gemeente gemaak word, is daar nie op die webblad enige toerustingsmateriaal beskikbaar nie.
- 71.4. Interaktiewe kommunikasie is moontlik via Facebook en Twitter.
- 71.5. Geen ander skakels word gegee nie.
72. Krugersdorp-Oos www.ngkosi.co.za
- 72.1. Die hoofblad laat mens onmiddellik tuis voel met die verklaring dat die gemeente 'n geestelike huis vir jongmense en alle families bied.
- 72.2. Die ander blaaie verwys slegs na die afkondigings, Werfjoernale van die leraars en kontakbesonderhede.
- 72.3. Geen toerustingsmateriaal word aangebied nie.
- 72.4. Interaktiewe kommunikasie is moontlik via Facebook, Twitter en Werfjoernale.
- 72.5. Geen ander skakels word gegee nie.
73. Lichtenburg www.klipkerk.org.za
- 73.1. Op die hoofblad verskyn slegs 'n skyfievertoning van onlangse aksies in die gemeente en 'n navigasie spyskaart.
- 73.2. In die ander blaaie word inligting oor die gemeente se aksies en bedieninge gegee met kontakinligting daarby. Die gemeente is baie bewus van en betrokke my missionale diens in die gemeenskap en verder.
- 73.3. Behalwe verkorte weergawes van die preke in teksformaat is daar geen ander toerustingsmateriaal nie.
- 73.4. Interaktiewe kommunikasie is moontlik via Facebook en 'n Werfjoernaal.
- 73.5. Skakels na kerklike tydskrifte word gegee.

74. Meyerton-Oos www.ngmtonoos.co.za
- 74.1. Die hoofblad gee inligting oor die belangrikste aksies van die gemeente en 'n navigasie spyskaart na die ander blaaie. Die blad is nie missionaal ingestel nie.
- 74.2. Die ander blaaie bied kursories inligting oor die bedieninge in die gemeente. Dit is tegnies nie baie goed saamgestel nie.
- 74.3. Geen toerustingsmateriaal word verskaf nie.
- 74.4. Interaktiewe kommunikasie is via Facebook moontlik.
- 74.5. Ander skakels verwys na die Algemene Sinode se webblad CUM en Bybelmedia en die aanlyn Bybel.
75. Potchestroom Miederpark www.ngkmiederpark.co.za
- 75.1. Op die hoofblad word 'n woord van welkom aan alle mense gerig op so 'n manier dat mens die indruk van omgee en liefde kry. Daarmee saam word 'n dagstukkie vir elke dag geplaas, sekere kontakinligting, program inligting en 'n navigasie spyskaart. Die blad is missionaal van aard.
- 75.2. Die ander blaaie verduidelik in detail hoe die gemeente funksioneer en nooi almal uit om daaraan te kom deelneem. Dit is duidelik dat die gemeente 'n sterk missionale roeping het.
- 75.3. Alhoewel daar toerustingseleenthede geskep word, word die materiaal nie op die webblad gepubliseer nie. preke kan wel in skriftelike formaat afgelaai word.
- 75.4. Interaktiewe kommunikasie is via Facebook moontlik.
- 75.5. Geen ander skakels word gegee nie.
76. PUK-Kandelaar www.kandelaar.co.za
- 76.1. As studente gemeente word dit op die hoofblad baie duidelik gestel dat die gemeente nier ter wille van die gemeente bestaan nie, maar ter wille van die koninkryk in die gemeenskap. Saam streef hulle daarna om die koninkryk gestalte te gee in elke student se lewe en gesamentlik in die gemeenskap naby en ver van hulle af. Die blad is uit en uit missionaal gerig.
- 76.2. Die ander blaaie verduidelik die beperkte bedieninge as studente gemeente.
- 76.3. Geen toerustingsmateriaal word verskaf nie.
- 76.4. Geen interaktiewe kommunikasienetwerk word gegee nie.
- 76.5. Geen ander skakels word gegee nie
77. Suiderkruis (Potch-Suid) www.suiderkruis.com
- 77.1. Die hoofblad ondersteun 'n missionale identiteit deur almal hartlik welkom te heet en almal, oud en jonk, te verseker dat die gemeente vir hulle daar is. Verder word enkele aksies van die gemeente bekend gestel saam met 'n uitgebreide navigasie spyskaart.

- 77.2. Die ander blaaië is hoofsaaklik ingestel op inligting oor hulpmiddels vir eredienste en Bybelstudie. Kosbaar is die blad wat die leser neem na 'n groot verskeidenheid verskillende Bybelvertalings (ook Grieks en Hebreeus). Die blaaië dui geen inligting oor die gemeente se aksies en bedieninge nie.
- 77.3. Hulpmiddels by die lees van die Bybel en skakels na webblaaië waar geestelike verryking ervaar kan word, word gegee.
- 77.4. Interaktiewe kommunikasie is moontlik via Facebook.
- 77.5. Skakels na webblaaië vir hulpmiddels met die lees van die Bybel word aangebied.
78. Wilgespruit www.wilgespruit.co.za
- 78.1. 'n Eenvoudige hoofblad nooi almal om die Here saam te kom dien en is as sodanig missionaal van aard. Verder word inligting oor enkele aksies en programitems gegee saam met 'n navigasie spyskaart na ander blaaië.
- 78.2. Die ander blaaië noem net die verskillende bedieninge en gee kontaknommers van die leiers. Die is nie missionaal van aard nie.
- 78.3. Geen toerustingsmateriaal word aangebied nie behalwe 'n verwysing na 'n webblad waar Bybelstudie oor Romeine 12 kortliks aangebied word.
- 78.4. Interaktiewe kommunikasie is moontlik via Facebook.
- 78.5. Geen ander skakels word gegee nie.
79. Alberton-Wes www.ngkAlberton.org.za
- 79.1. Op die hoofblad word die visie van die gemeente wat missionaal van aard is, uiteengesit naas inligting oor die gemeente se geestelike verrykingsprojek en 'n navigasie spyskaart.
- 79.2. Die ander blaaië verduidelik die gemeente se bedieninge en aksies. Dit blyk dat die gemeente baie missionaal by die gemeenskap betrokke is.
- 79.3. Enkele toerustingsmateriaal word gegee asook 'n verwysing na 'n webblad wat op geestelike verryking ingestel is.
- 79.4. Geen interaktiewe kommunikasie netwerk word gebied nie.
- 79.5. Behalwe die een skakel na die Bybelstudie webwerf, is daar geen ander skakels nie.
80. Alberton-Suid www.albertonsuid.com
- 80.1. Op die voorblad word dit duidelik gestel dat die gemeente saam met ander mense die geloofspad wil loop en dus missionaal ingestel is. Die kort video waar die animasie figuur in klank almal hartlik welkom heet, is besonder oorspronklik en missionaal ingestel. Benewens die navigasie spyskaart word inligting oor sommige
- 80.2. Die ander blaaië verduidelik sommige van die belangrikste bedieninge en lê veral klem op persoonlike versorging aan mense in nood deur berading. Dit het 'n missionale impak.
- 80.3. Geen toerustingsmateriaal word aangebied nie.

- 80.4. Interaktiewe kommunikasie is moontlik via Werfjoernale, Facebook en Twitter.
- 80.5. Geen ander skakels word gegee nie.
81. Edenvale www.ngkerkedenvale.co.za
- 81.1. Die hoofblad maak effe stadig oop. 'n Netjiese webblad wat met die foto op die hoofblad dadelik die indruk van missionale ingesteldheid laat. Op die voorblad is slegs die foto saam met Matt 28:19 as missie verklaring, die program van die week, kontak inligting en 'n navigasie spyskaart.
- 81.2. Die ander blaaie verduidelik die bedieninge van die gemeente. Dit is jammer dat 'n hele paar blaaie (veral oor die missionale uitreike) geen inligting bevat nie.
- 81.3. Geen toerustingsmateriaal word gegee nie.
- 81.4. Geen interaktiewe kommunikasie netwerk beskikbaar nie.
- 81.5. Geen ander skakels word gemeld nie.
82. Fontainebleau www.fgk.co.za
- 82.1. Die hoofblad open met 'n skyfievertoning van foto's en slagspreuke wat dadelik die naam van die gemeente (Fontainebleau gemeenskapskerk) as missionaal van aard ondersteun. Verder is daar net enkele programitems wat uitgelig word en 'n navigasie spyskaart na die ander blaaie.
- 82.2. Die ander blaaie gee volledige inligting oor die gemeente se bedieninge en aksies. Dit is duidelik dat die gemeente ingestel is op 'n multikulturele gemeenskap en missionaal baie betrokke in die gemeenskap is.
- 82.3. 'n Hele aantal aktuele temas vir geestelike ontwikkeling word in artikels op die blad weergegee. Die preke kan ook in klankformaat afgelaai word.
- 82.4. Interaktiewe kommunikasie is moontlik via die Werfjoernaal en Facebook.
- 82.5. Geen ander skakels word gegee nie.
83. Kemptonpark-Oos www.ngkpo.co.za
- 83.1. Die hoofblad laat enige mens dadelik tuis voel. Die beskrywing van wie die gemeente is en die missie verklaring laat die klem op diversiteit val en straal liefde en deernis uit. Op die hoofblad is net inligting oor die missie, die byeenkomste, kontak besonderhede en 'n navigasie spyskaart.
- 83.2. Die ander blaaie gee detail inligting oor die gemeente se bedieninge en is duidelik missionaal ingestel.
- 83.3. Behalwe vir die preke wat in klankformaat afgelaai kan word of as CD bestel kan word, is daar geen ander toerustingsmateriaal beskikbaar nie.
- 83.4. Interaktiewe kommunikasie is moontlik deur 'n sms-stelsel.
- 83.5. Geen ander skakels word voorsien nie.
84. Klipriviersberg www.ngklipriviersberg.co.za

- 84.1. Die hoofblad vertoon net die missie omskrywing en 'n navigasie spyskaart.
- 84.2. In die ander blaaie word die bedieninge net kortliks genoem sonder besonderhede daarby.
- 84.3. Behalwe vir 'n paar oordenkings is daar geen ander toerustingsmateriaal nie. Die webblad word nie op datum gehou nie en gegewens is drie jaar verouderd.
- 84.4. Geen interaktiewe kommunikasie netwerk aanwesig nie.
- 84.5. Geen ander skakels word gegee nie.
85. Parkkruin Familiekerk www.parkkruin.co.za
- 85.1. Die hoofblad neem baie lank om oop te maak. Die woord van welkom op die hoofblad laat almal tuis voel. Die hoofblad vertoon inligting oor onlangse gebeure, kontakinligting en 'n navigasie spyskaart.
- 85.2. Die ander blaaie verskaf detail inligting oor die gemeente se bedieninge en blyk missionaal ingestel te wees op die gemeenskap.
- 85.3. Behalwe vir enkele kort artikels is daar geen ander toerustingsmateriaal nie.
- 85.4. Interaktiewe kommunikasie is moontlik via Twitter, Facebook en MiXt.
- 85.5. Geen ander skakels word gegee nie.
86. Strubenvale www.strubenvale.org.za
- 86.1. Die skyfievertoning wat verskyn sodra die hoofblad oopmaak laat mens dadelik voel of daar vir jou plek in die gemeente is, veral as jy afgemat en moeg is. Op die hoofblad verskyn inligting oor die programme van die gemeente, 'n vormpie vir gebedsversoeke, 'n verwysing na die preke en 'n navigasie spyskaart.
- 86.2. Die ander blaaie gee duidelike inligting oor die gemeente se aktiwiteite en nooi almal uit om daaraan te kom deelneem. Dit is missionaal van aard.
- 86.3. Behalwe vir preke wat in klankformaat afgelaai kan word, verskyn daar geen ander toerustingsmateriaal op die webblad nie.
- 86.4. Interaktiewe kommunikasie is moontlik via Facebook, Twitter en die gemeente se Werfjoernaal.
- 86.5. Daar word 'n hele lys van interessante skakels gegee na kerklike inligting, tydskrifte en webblaaie vir geestelike versorging.
87. Waterval www.watervalgemeente.co.za
- 87.1. Op die hoofblad verskyn net inligting na die oordenkings, kontakinligting en 'n navigasie spyskaart.
- 87.2. Die ander blaaie verskaf slegs inligting oor oordenkings, die padkaart na die gemeente en ander skakels.
- 87.3. Behalwe vir 'n reeks kort oordenkings is daar geen ander toerustingsmateriaal op die blad nie.

- 87.4. Interaktiewe kommunikasie is moontlik via Facebook en MiXt.
- 87.5. Skakels na kerklike tydskrifte en Bybel media word gegee.
88. George Bergsig www.george-bergsig.co.za
- 88.1. Op die hoofblad word inligting oor die gemeente se program, nuuswaardighede, ander skakels en 'n navigasie spyskaart gegee.
- 88.2. Die ander blaaie gee detail inligting oor die gemeente se aktiwiteite en bedieninge en is missionaal van aard.
- 88.3. Op die blad kan na interessante video's wat bedoel is vir geestelike versorging, gekyk word. Die preke kan in klankformaat afgelaai word.
- 88.4. Interaktiewe kommunikasie is moontlik via die gemeente se log en Facebook.
- 88.5. 'n Aantal skakels na aanlyn verrykings webblaaie word gegee.
89. Welgemoed www.ngkwelgemoed.co.za
- 89.1. Op die hoofblad word inligting oor die gemeente se belangrikste projekte en programme gegee, nuuswaardighede en 'n uitgebreide navigasie spyskaart.
- 89.2. Op die ander blaaie word die bedieninge van die gemeente uitvoerig bespreek en mense uitgenooi om te kom deelneem. Dit blyk dat die gemeente missionaal bedrywig is in die gemeenskap.
- 89.3. Geen toerustingsmateriaal word op die webblad gegee nie.
- 89.4. Interaktiewe kommunikasie is moontlik via die Werfjoernale, Twitter en Facebook.
- 89.5. Drie ander skakels word gegee na die Algemene Sinode, Bybelgenootskap en Bible Society.
90. Parke-gemeente (Kraaifontein, Wes-Kaap) www.parke.co.za
- 90.1. Op die hoofblad verskyn slegs 'n skakel na die gemeente se Facebook, die preke en die belangrikste programitems naas 'n navigasie spyskaart.
- 90.2. In die ander blaaie word die bedieninge slegs genoem met kontakinligting na die leiers toe. Slegs die jeug se bedieninge word breedvoerig hanteer op hulle eie webblad.
- 90.3. Geen toerustingsmateriaal word verskaf nie behalwe vir die preke wat in klankformaat afgelaai kan word.
- 90.4. Interaktiewe kommunikasie is moontlik via Werfjoernale, 'n besprekingsforum en Facebook.
- 90.5. Ander skakels na die Kerkbode en die NGK se webblad word gegee.
91. Drieankerbaai www.ekliefmykerk.blogspot.com
- 91.1. Die webblad neem 'n rukkie om oop te maak. Op die voorblad is net 'n kort inleiding oor die laaste preek en dan baie foto's van die gemeente se pas afgeloopte basaar. Die navigasie spyskaart lei na niksseggende blaaie. Die webblad is geensins missionaal nie. Hierdie is 'n goeie voorbeeld van hoe 'n webblad nie moet lyk nie.

- 91.2. Die ander blaaie het hoofsaaklik foto's van die basaar en die kerkkompleks. Geen inligting oor bedieninge or aksies nie behalwe 'n verwysing na die afkondigings.
- 91.3. Geen toerustingmateriaal nie.
- 91.4. Interaktiewe kommunikasie is moontlik via Facebook.
- 91.5. Geen ander skakels nie.
92. Heidekoppie- Die Gemeente met Oop Deure www.heidekoppie.com
- 92.1. Die hoofblad open met 'n vriendelike oop uitnodiging aan almal en 'n verklaring dat die gemeente 'n missionale opdrag van die Here ontvang het. Dit prikkel dadelik die belangstelling om verder te kyk. Verder is daar inligting oor die gemeente se program en 'n uitgebreide navigasie spyskaart.
- 92.2. In die ander blaaie word sommige bedieninge net genoem met kontakbesonderhede van leiers daarby en sommige word breedvoerig bespreek. Dit blyk dat die gemeente, nasionaal en internasionaal, missionaal baie aktief is.
- 92.3. Alhoewel daar baie van toerusting in die gemeente gemaak word, word die materiaal nie op die webblad beskikbaar gestel nie.
- 92.4. Interaktiewe kommunikasie is moontlik via Facebook.
- 92.5. Geen ander skakels word gegee nie.
93. George [Moedergemeente] www.caw.org.za
- 93.1. Die verklaarde missie van die gemeente op die hoofblad is dadelik missionaal van aard en maak mens nuuskierig om meer te weet. Die gemeente se fokus is om Jesus na almal uit te dra. Verder is daar inligting oor preke, nuusgebeure die program van die gemeente en kontakinligting op die hoofblad naas 'n navigasie spyskaart.
- 93.2. In die ander blaaie word die gemeente se aktiwiteite en bedieninge duidelik uitgespel en mense genooi om daarvan deel te word. Die gemeente is by heelwat projekte binne en buite die gemeente se grense missionaal betrokke.
- 93.3. Enkele artikels wat geloofsverrykend is, word aangebied.
- 93.4. Interaktiewe gesprek is moontlik via die gemeente se Werfjoernaal.
- 93.5. Geen ander skakels word gegee nie.
94. Bellville-Wes www.bellvillewes.ng.org.za
- 94.1. Die hoofblad maak oop met 'n beklemtoning van rentmeesterskap en die bankbesonderhede. Dit skep die indruk dat finansies 'n baie belangrike saak vir die gemeente is en is beslis nie missionaal bevorderlik nie. die baie besige hoofblad gee inligting oor die kerk se aktiwiteite, nuus kennisgewings en verwysings na die Kerkbode se berigte en die radio op 104FM.

- 94.2. Die ander blaaie noem slegs die verskillende bedieninge en gee kontakinligting na die leiers toe. Dit is nie missionaal gerig nie.
- 94.3. Geen toerustingsmateriaal word verskaf nie.
- 94.4. Geen interaktiewe kommunikasie netwerk nie.
- 94.5. Geen ander skakels nie.
95. Tsitsikamma www.tsitsikamma.ng.org.za
- 95.1. Die webblad het nog baie min inligting op en is klaarblyklik nog in 'n ontwerp fase.
96. Strand-Noord www.ngkstrandnoord.co.za
- 96.1. Die hoofblad open met 'n woord van welkom, inligting oor die gemeente se program en 'n navigasie spyskaart.
- 96.2. Die ander blaaie gee kortliks inligting oor die verskillende aksies met kontakinligting na verantwoordelike persone. Die gemeente is nie regtig missionaal ingestel nie.
- 96.3. Geen toerustingsmateriaal word gegee nie behalwe dat die preke in klankformaat afgelaai kan word.
- 96.4. Interaktiewe kommunikasie is moontlik via Twitter en Facebook.
- 96.5. N Paar skakels na ander instansies word gegee.
97. La Rochelle, Bellair, Bellville www.larochelle.ng.org.za
- 97.1. Die hoofblad open met beklemtoning van die gemeente se visioenringsgeleentheid en is glad nie missionaal van aard nie. ander inligting op die hoofblad handel oor die gemeente se program, die leraars, verjaarsdae en 'n navigasie spyskaart.
- 97.2. Die ander blaaie noem slegs die aktiwiteite en bedieninge van die gemeente met kontakinligting na die leiers toe. Dit blyk daaruit dat die gemeente missionaal by die gemeenskap betrokke is. Dit is egter nie duidelik presies hoe nie.
- 97.3. Geen toerustingsmateriaal word gegee nie.
- 97.4. Interaktiewe kommunikasie is moontlik via Facebook.
- 97.5. Geen ander skakels word gegee nie.
98. Bloubergstrand www.ngkbloubergstrand.co.za
- 98.1. Die hoofblad begin met 'n woord van welkom wat nie baie missionaal is nie. Verder bied dit inligting oor die kerkgebou, programitems en nuusberigte van aksies.
- 98.2. Die ander blaaie bied inligting oor sommige van die bedieninge in die gemeente. Dit blyk dat die gemeente by 'n hele aantal missionale projekte en bedieninge in die gemeenskap en verder betrokke is.
- 98.3. Geen toerustingsmateriaal word verskaf nie.
- 98.4. Interaktiewe kommunikasie is moontlik via Facebook en die gemeente se Werfjoernaal.
- 98.5. Geen ander skakels word gegee nie.
99. Bellville Uitsig www.uitsigkerk.co.za

- 99.1. 'n Eenvoudige en netjiese hoofblad prikkel dadelik die belangstelling om verder te lees deurdat dit net met drie opskrifte verwys na aktiwiteite van die gemeente. As sodanig het dit missionale betekenis.
- 99.2. Die ander blaaie gee inligting oor die bedieninge in die gemeente met kontakinligting na die leiers van die groepe. Die gemeente is by 'n hele aantal sake in die gemeenskap en verder missionaal betrokke.
- 99.3. Geen toerustingsmateriaal word op die webblad gegee nie. Via YouTube kan egter na verskillende geestelik verrykende video's wat in die gemeente vervaardig is, gekyk word.
- 99.4. Interaktiewe kommunikasie is moontlik via Facebook
- 99.5. 'n Paar ander skakels hoofsaaklik na kerklike tydskrifte, word gegee.
100. Strooidakkerk (Die Paarl)..... www.strooidak.co.za
- 100.1. Die hoofblad het slegs inligting oor die eredienste, dankoffers en hospitaalbesoeke naas die navigasie spyskaart. Die prominensie van die dankoffers en bankbesonderhede het 'n negatiewe effek op die missionale aspek van kerk-wees.
- 100.2. Die ander blaaie noem slegs die aktiwiteite en bedieninge van die gemeente met kontakinligting daarby. Die is nie missionaal van aard nie.
- 100.3. Geen toerustingsmateriaal word voorsien nie.
- 100.4. Interaktiewe kommunikasie is via Facebook moontlik.
- 100.5. Geen ander skakels word verskaf nie.
101. Constantia <http://ngkconstantia.za.net>
- 101.1. Op die hoofblad word in die missie verklaring bely dat die gemeente daarop ingestel is om tot eer van God uit te reik na mekaar en ander. Verder word inligting oor die byeenkomste en ander bedrywighede gegee naas die navigasie spyskaart.
- 101.2. In die ander blaaie word nie veel oor die gemeente se aktiwiteite gesê nie. Die klem val op die herkoms en agtergrond van die gemeente. Dit blyk tog dat die gemeente by 'n hele aantal missionale projekte in die gemeenskap en verder betrokke is.
- 101.3. Een dokument wat handel oor verhoudings en oerleiding word aangebied. Die preke kan in teksformaat afgelaai word.
- 101.4. Interaktiewe kommunikasie is via Facebook moontlik.
- 101.5. Geen ander skakels word gegee nie.
102. Houtbaai www.houtbaaigemeente.co.za
- 102.1. Die hoofblad open met 'n baie somber foto en 'n verklaring in Engels: "Building Healthy Communities". Die navigasie spyskaart is in Afrikaans en Engels.
- 102.2. Die ander blaaie bied inligting oor die gemeente se bedieninge in Afrikaans en Engels en dit het as sodanig missionale effek.

- 102.3. Geen toerustingsmateriaal word voorsien nie behalwe dat die preke wat tweetalig aangebied word, afgelaai kan word in oudio formaat.
- 102.4. Interaktiewe kommunikasie is moontlik via Facebook.
- 102.5. Geen ander skakels word gegee nie.
103. Paarlberg www.paarlberg.org.za
- 103.1. 'n Baie eenvoudige netjiese hoofblad wat net inligting oor die volgende erediens gee naas die nuutste program inligting en 'n verwysing na Facebook inskrywings. Hiermee saam het die gemeente se missie naamlik dat hulle hulleself sien as "Gestuurde medewerkers in God se wingerd" het missionale waarde.
- 103.2. Die ander blaaie verskaf detail inligting oor die gemeente se bedieninge en aktiwiteite. Die gemeente is by baie missionale projekte in die gemeenskap en internasionaal missionaal betrokke.
- 103.3. Geen toerustingsmateriaal word voorsien nie. Die preke kan in teksformaat afgelaai word.
- 103.4. Interaktiewe kommunikasie is moontlik via Facebook.
- 103.5. Geen ander skakels word voorsien nie.
104. Worcester-vallei www.ngkworcestervallei.co.za
- 104.1. Die webblad open met 'n hoofblad gelaai met inligting oor aksies in die gemeente.
- 104.2. Die ander blaaie noem slegs die erediens as bedieningsarea en geen ander nie.
- 104.3. Daar word geen toerustingsmateriaal verskaf nie alhoewel daar in die navigasie spyskaart van toerusting gepraat word. Die preke kan wel in klank- en teks formaat afgelaai word.
- 104.4. Interaktiewe kommunikasie is moontlik via Facebook.
- 104.5. Daar word 'n aantal skakels na ander webblaaie gegee wat geestelik verrykende effek kan hê.
105. Helderberg [www.nghelder.org.za /](http://www.nghelder.org.za/)
- 105.1. Die hoofblad het 'n geweldige missionale inslag. Dit bevat 'n hele aantal stories van hoop. Saam daarmee is daar inligting oor die mees resente aksies asook nuusgebeure in die gemeente.
- 105.2. Die ander blaaie verskaf detail inligting oor die gemeente se bedieninge en nooi almal hartlik uit om te kom deelneem. Die blaaie is baie missionaal van aard.
- 105.3. Daar word heelwat toerustingsmateriaal op die webblad verskaf deur middel van artikels, getuienisse, video's en preke wat afgelaai kan word.
- 105.4. Interaktiewe kommunikasie is moontlik via Twitter en Facebook.
- 105.5. 'n Paar skakels na ander webblaaie word gegee.
106. George-Suid www.nggeorgesuid.co.za/

- 106.1. Op die hoofblad word 'n vriendelike verduideliking van die gemeente se droom gegee wat mens onmiddellik prikkel om verder belang te stel. Daar is ook inligting oor die mees resente aksies in die gemeente en 'n gedagte vir die dag.
- 106.2. Die ander blaaie verduidelik die bedieninge van die gemeente
- 106.3. Tans is daar nie toerustingsmateriaal op die webblad nie alhoewel dit blyk dat daar heelwat toerustingseleenthede in die gemeente is.
- 106.4. Geen interaktiewe kommunikasie is moontlik nie.
- 106.5. Daar word 'n paar skakels na ander webblaaie gegee.
107. Kuilsrivier-Suid www.suidkerk.org.za
- 107.1. Op die netjiese en eenvoudige hoofblad verskyn net 'n woord van welkom, 'n enkele programdatum en 'n uitnodiging tot interaktiewe kommunikasie.
- 107.2. Die ander blaaie gee slegs kontakinligting, die geskiedenis, foto's en die preke. Geen inligting oor bedieninge of aktiwiteite nie.
- 107.3. Geen toerustingsmateriaal nie behalwe dat preke in klank formaat afgelaai kan word.
- 107.4. Interaktiewe kommunikasie is moontlik via Twitter.
- 107.5. Geen ander skakels word gegee nie.
108. Die Eike www.ngkeike.co.za
- 108.1. Op die hoofblad verskyn 'n skyfiereeks met 'n klompie teksgedeeltes wat verby flits. Daar is ook enkele program aankondigings en nuus.
- 108.2. Op die ander blaaie word die bedieninge slegs genoem. Daar word ook materiaal vir kleingroepe gegee, nuusgebeure, kontakinligting, foto's en preke.
- 108.3. Behalwe vir die materiaal vir die kleingroepbediening en die preke wat afgelaai kan word, is daar nie ander toerustingsmateriaal nie.
- 108.4. Interaktiewe kommunikasie is moontlik via Facebook.
- 108.5. Geen ander skakels word gegee nie.
109. Rondebosch www.ngrondebosch.co.za
- 109.1. Op die hoofblad verskyn die gemeente se voorneme om saam met alle mense die pad van geloof tot eer van God te loop. Verder word 'n teksvers vir elke dag voorsien (tan in Engels) en die inligting oor erediens byeenkomste.
- 109.2. Die ander blaaie gee nie veel inligting oor die bedieninge nie. Tog kom mens onder die indruk dat die gemeente by heelwat nasionale en internasionale missionale projekte betrokke is.
- 109.3. Geen toerustingsmateriaal word voorsien nie. Preke kan as Power Point lêers afgelaai word.
- 109.4. Geen interaktiewe kommunikasie netwerk word gegee nie.
- 109.5. Geen ander skakels word gegee nie.

110. Stellenberg www.stellenberg.co.za
- 110.1. 'n Netjies ontwerpte webblad wat op die hoofblad duidelike prentjie skakels na die gemeente se bedrywighede en bedieninge het. Die ontwerp prikkel mens om verder te lees en is as sodanig missionaal van aard.
- 110.2. Op die ander blaaie word meer detail oor die bedieninge en aktiwiteite gegee. Dit is duidelik dat die gemeente op missionale manier by heelwat projekte betrokke is binne en buite die grense van die gemeente.
- 110.3. 'n Klompie toerustingsmateriaal word aanlyn verskaf asook die preke wat in oudio formaat afgelaai kan word. Ongelukkig is die oopmaak van die materiaal nie altyd gebruikersvriendelik nie.
- 110.4. interaktiewe kommunikasie is moontlik via Facebook en Werfjoernale.
- 110.5. 'n Klompie interessante en geestelik verrykende skakels word verskaf.
111. Tableview www.ngktableview.co.za
- 111.1. 'n Eenvoudige hoofblad laat klem val op die gemeente se missie wat aan Gen 12:2 gekoppel word. Die gemeente wil missionaal betrokke wees en vir ander tot seën wees. 'n Skakel na die mees resente preke word gegee en 'n skakel na 'n "nuus kassie" wat op Twitter gevolg kan word.
- 111.2. Op die ander blaaie word die bedieninge en ander aktiwiteite van die gemeente uitgespel. Dit is nie baie missionaal van aard nie.
- 111.3. Behalwe vir die preke wat in teksformaat gelees kan word, is daar nie ander toerustingsmateriaal nie.
- 111.4. Interaktiewe kommunikasie is moontlik via Twitter en Facebook.
- 111.5. 'n Paar skakels na ander geestelik verrykende webblaaie word gegee.
112. Sonnekus www.ngkerkmilnerton.org
- 112.1. Op die hoofblad word die belangrikste aktiwiteite en mees resente programitems gemeld.
- 112.2. Op die ander blaaie word die bedieninge en ander aktiwiteite verduidelik. Dit blyk daaruit dat die gemeente se ingesteldheid missionaal van aard is.
- 112.3. Behalwe vir die preke wat in teksformaat gelees kan word, is daar nie ander toerustingsmateriaal nie.
- 112.4. Interaktiewe kommunikasie is moontlik via Twitter en Facebook.
- 112.5. 'n Paar skakels na ander geestelik verrykende webblaaie word gegee.
113. Brackenfell www.brackenfellgemeente.co.za
- 113.1. Die hoofblad open met 'n duidelik verklaring van voorneme wat baie sterk missionaal gerig is. dit prikkel die belangstelling om verder te lees. Verder word na nuusflitse en

hoogtepunte op die kalender verwys met 'n duidelike uitnodiging na die volgende erediens.

- 113.2. Die ander blaaie gee inligting oor die belangrikste aspekte van die bediening en aksies in die gemeente. Gemeenskapsbetrokkenheid blyk belangrik te wees.
- 113.3. 'n Aantal lewensverrykende artikels word aanlyn gepubliseer.
- 113.4. Geen interaktiewe kommunikasie netwerk aanwesig nie.
- 113.5. Geen ander skakels word gegee nie.

114. Hopefield www.ngkerkhopefield.co.za
- 114.1. Op die hoofblad word agtergrond van die dorp self gegee en die leuse van die gemeente: "Draers van Hoop" wat as sodanig missionale betekenis het.
- 114.2. Die ander blaaie vertel van die gemeente se geskiedenis en bied 'n aantal foto's van gebeurtenisse in die gemeente.
- 114.3. Geen toerustingsmateriaal word aangebied nie.
- 114.4. Geen interaktiewe kommunikasie netwerk word gegee nie.
- 114.5. Geen ander skakels word gegee nie behalwe een skakel wat kinders kan help met die uitwerk van take by hulle huiswerk. Dit kan missionale betekenis hê.
115. Worcester-Audenberg www.ngk-audenberg.za.org
- 115.1. Die hoofblad het slegs 'n foto van die kerkgebou, 'n teksvers (in Engels) en die navigasie spyskaart. Dit is geensins missionaal van aard nie.
- 115.2. Die ander blaaie is baie onvolledig. Slegs die name van leiers (kerkraad en ander) word gegee. Geen inligting oor bedieninge nie. Die webblad word nie op datum gehou nie en vertoon slegs 2011 se gegewens en program.
- 115.3. 'n Paar interessante artikels word geplaas.
- 115.4. Geen interaktiewe kommunikasie netwerk aanwesig nie.
- 115.5. 'n Paar skakels na ander interessante webblaaie word gegee.
115. Suider-Paarl www.suiderpaarl.co.za
- 115.1. Die hoofblad open met 'n skyfiereeks van foto's oor die gemeente se aktiwiteite. Die indruk word dadelik geskep dat die gemeente 'n gesellige en vriendelike groep mense is wat daarop ingestel is om saam na ander uit te reik. Dit het beslis 'n missionale betekenis. Verder word na nuus uit die gemeente en sekere programitems verwys.
- 115.2. Die ander blaaie verduidelik in detail wat in die gemeente gebeur. Die gemeente is by verskeie missionale projekte in en buite die gemeenskap betrokke.
- 115.3. Geen toerustingsmateriaal word voorsien nie.
- 115.4. Geen interaktiewe kommunikasie is moontlik nie.
- 115.5. Geen ander skakels word gegee nie.

116. Franschhoek www.ngkfranschhoek.co.za

116.1. Die hoofblad open met 'n baie prominente advertensie oor die vakature van die leraarspos.

116.2. Op die ander blaaie word sommige van die aktiwiteite in die gemeente verduidelik. Heelwat inligting ontbreek en skep 'n negatiewe indruk. Dit blyk dat die gemeente besonder missionaal ingestel is op nasionale en internasionale vlak.

116.3. Geen toerustingsmateriaal behalwe 'n paar artikels oor geloofsinhoude en 'n missionale verbintenis word gegee nie.

116.4. Geen interaktiewe kommunikasie netwerk bestaan nie.

116.5. 'n Paar skakels na sekulêre toeriste instansies word gegee.

117. Groot Brakrivier www.grootbrakrivier.ng.org.za

117.1. Die hoofblad open met 'n uiteensetting van die gemeente se ligging en grootte, 'n klompie foto's en verwysing na die eredienstye. Die missieverklaring wat op die hoofblad verby flits, getuig van 'n missionale ingesteldheid.

117.2. Die ander blaaie gee baie kursoriese inligting oor die gemeente se aktiwiteite. Die gemeente is by 'n hele paar missionale projekte plaaslik en internasionaal betrokke.

117.3. Geen toerustingsmateriaal is beskikbaar nie.

117.4. Geen interaktiewe kommunikasie is moontlik nie.

117.5. Geen ander skakels word gegee nie.

118. Stellenbosch www.moederkerk.co.za

118.1. Die hoofblad vertel 'n kort storie oor die gemeente se herkoms en nooi almal uit om verder in die blad te lees. Verder word heelwat inligting oor die gemeente se aktiwiteite gegee.

118.2. Die ander blaaie gee detail inligting oor die gemeente se bedrywighede. Dit is duidelik dat die gemeente by 'n hele aantal missionale projekte plaaslik en internasionaal betrokke is.

118.3. 'n Aantal geloofsvormende artikels word aangebied asook preke wat in oudio formaat afgelaai kan word.

118.4. Interaktiewe kommunikasie is moontlik via Twitter en Facebook.

118.5. Geen ander skakels word voorsien nie.

119. Tafelberg www.tafelbergkerk.co.za

119.1. Die hoofblad open met 'n skyfievertoning van 'n paar pragtige foto's van die kerkgebou en die missiestelling: "God se Woord bó Alles". Die foto's prikkel nuuskierigheid na die ander blaaie.

- 119.2. Oop die ander blaaie word die gemeente se geskiedenis en dié van die gebou en orrel vertel. Die besondere foto's maak die verhaal interessant. Geen inligting oor die bedieninge word gegee nie.
- 119.3. Die toerustingsmateriaal van die Bybelskool word in teksformaat aanlyn beskikbaar gestel en die preke kan in oudio formaat afgelaai word.
- 119.4. Geen interaktiewe kommunikasie netwerk word voorsien nie behalwe dat mens opmerkings in die besoekers register mag maak.
- 119.5. Geen ander skakels word gegee nie.
120. Toringkerk www.toringkerk.co.za
- 120.1. Die hoofblad open op 'n unieke manier deur Bybelse humor aan te bied. Dit skep 'n besondere atmosfeer wat op sy eie 'n missionale uitwerking op die leser het. Verder word heelwat inligting oor die mees resente bedrywigheide van die gemeente gegee, brokkies geestelike voedsel en skakels na artikels en preke. Die blad het 'n missionale karakter.
- 120.2. Op die ander blaaie word klem geplaas op die gemeente se roeping en hoe dit in die praktyk uitgevoer word op die verskillende bedieningsterreine. Dit het 'n sterk missionale inslag.
- 120.3. Heelwat toerustende materiaal word in teks- en video formaat aanlyn beskikbaar gestel. Die preke kan in teksformaat afgelaai word.
- 120.4. Interaktiewe kommunikasie word moontlik gemaak deur deelname aan verskillende Werfjoernale. Op elke bladsy word geleentheid gebied vir kommentaar en reaksie per epos.
- 120.5. 'n Verskeidenheid skakels na ander webblaaie word gegee.
121. Wellington www.wellingtongemeente.co.za
- 121.1. Op die hoofblad verskyn net twee foto's van die kerkgebou en Andrew Murray en verder enkele nuusbrokkies en programitems. Dit is nie missionaal van aard nie.
- 121.2. Die ander blaaie vertel in detail van die gemeente (en dorp) se geskiedenis. Geen inligting oor die gemeente se aktiwiteite en bedieninge nie.
- 121.3. Geen toerustingsmateriaal beskikbaar nie. 'n Paar preke (van pinkster) kan in oudio formaat afgelaai word. Die blaaie is nie op datum nie.
- 121.4. Geen interaktiewe kommunikasie netwerk nie.
- 121.5. Geen ander skakels nie.
122. Wynberg www.ngkerkwynberg.co.za

- 122.1. Die hoofblad open met 'n mooi kleurfoto van die kerkgebou en inligting oor die eredienste, die ligging van die kerk en 'n kort geskiedenis van die gemeente. Die navigasie spyskaart is nie baie gebruikersvriendelik nie.
- 122.2. Die ander blaaie gee 'n breedvoerige uiteensetting van die gemeente se aksies. Dit blyk dat die gemeente by heelwat missionale projekte in die gemeenskap en internasionaal betrokke is.
- 122.3. Geen toerustingsmateriaal word aanlyn beskikbaar gestel nie.
- 122.4. Interaktiewe kommunikasie is moontlik via epos.
- 122.5. Geen ander skakels word gegee nie.
123. Goodwood www.ngkgoodwood.co.za
- 123.1. Op die hoofblad verskyn slegs 'n foto van die kerkgebou en 'n navigasie spyskaart.
- 123.2. Die ander blaaie gee inligting oor die gemeente se bedieninge, geskiedenis en ander kerklike inligting.
- 123.3. Geen toerustingsmateriaal word aanlyn verskaf nie.
- 123.4. Geen interaktiewe kommunikasie is moontlik nie.
- 123.5. 'n Aantal skakels na webblaaie wat inligting en geloofsverrykende artikels bevat, word gegee.
124. Knysna www.ngkerkknysna.co.za
- 124.1. Die hoofblad bied inligting oor die jongste nuusgebeure, 'n skakel na pitkos en die jeug aksies. Daarop word ook verklaar hoe die gemeente kerk-wees verstaan en 'n verwysing na die nuutste besluite van die Algemene Sinode.
- 124.2. Die ander blaaie gee detail uiteensettings van die gemeente se bedieninge en aksies. Die gemeente is by 'n hele aantal missionale projekte in die gemeenskap betrokke.
- 124.3. Geen toerustingsmateriaal word aangebied nie.
- 124.4. Geen interaktiewe kommunikasie is moontlik nie.
- 124.5. 'n Klompie skakels na ander webblaaie wat kerklike inligting en geestelik verrykend is, word gegee.
125. Onrusrivier www.ngkonrusrivier.co.za
- 125.1. Op die hoofblad word 'n verskeidenheid van inligting oor die gemeente se program en gebeure in die gemeente en die gemeenskap gegee. Die gemeente se waardes word oom kortliks uitgespel en skakels na ander webblaaie word aangedui.
- 125.2. Die ander blaaie bied detail en aanmoedigende inligting oor die gemeente se bediening en aktiwiteite en is missionaal ingestel.
- 125.3. Geen toerustingsmateriaal word verskaf nie.
- 125.4. Interaktiewe kommunikasie is moontlik via Facebook.
- 125.5. Geen ander skakels word voorsien nie.

126. Oostersee www.oostersee.co.za
- 126.1. Op die hoofblad word die gemeente se missionale missie op eenvoudige wyse aangekondig en die temas vir die kwartaal gegee.
- 126.2. Op die ander blaaie word die bedieninge en aktiwiteite net genoem met kontakligting van die leiers daarby. Die gemeente is missionaal met 'n paar projekte in die gemeenskap besig.
- 126.3. Geen toerustingsmateriaal word gegee nie.
- 126.4. Geen interaktiewe kommunikasie is moontlik nie.
- 126.5. Geen ander skakels word gegee nie.
127. Stellenbosch-Wes www.ngkstbwes.org.za
- 127.1. Die hoofblad open met 'n reeks foto's en inligting oor die mees resente eredienste. Die slagspreuk van die gemeente skep 'n blymoedige atmosfeer: "Lewende Lote... Vreugdevol voor God".
- 127.2. Op die ander blaaie word ei agtergrond en bedieninge van die gemeente uitgespel. Die gemeente is by nege missionale projekte betrokke. Ongelukkig word die projekte nie genoem of beskryf nie.
- 127.3. Geen toerustingsmateriaal word verskaf nie behalwe dat die preke in video formaat afgelaai kan word.
- 127.4. Interaktiewe kommunikasie is moontlik via Facebook.
- 127.5. 'n Paar skakels na kerklike tydskrifte word gegee.
128. Humansdorp www.humansdorp.ng.org.za
- 128.1. Op die hoofblad verskyn slegs enkele foto's en inligting oor die nuusbrief, musiek byeenkomste en die jaar se kalender.
- 128.2. Geen ander blaaie nie.
- 128.3. Geen toerusting word aangebied nie.
- 128.4. Interaktiewe kommunikasie is moontlik via Twitter.
- 128.5. Skakels na die CMR en die ring word gegee.
129. Jeffreysbaai www.ngkjeffreys.co.za
- 129.1. Die hoofblad open met die gemeente se sterk missionale missie duidelik uitgespel: "God maak ons golwe van liefde en lig vir die wêreld in nood."
- 129.2. Die ander blaaie verskaf inligting oor die gemeente se aktiwiteite. Die navigasie daarheen is nie heeltemal gebruikers vriendelik nie.
- 129.3. Enkele geloofsverrykende artikels word beskikbaar gestel.
- 129.4. Geen interaktiewe kommunikasie word moontlik gemaak nie.
- 129.5. Geen ander skakels word voorsien nie.
130. Queenstown www.qtnkerk.net

- 130.1. Die hoofblad open met 'n reeks foto's van gebeure in die gemeente en inligting oor die aktiwiteite en byeenkomste in die gemeente. Daar is ook prentjie skakels na ander nuusgebeure. Die gegewens is nie op datum nie.
- 130.2. Die ander blaaie is leeg en klaarblyklik nog onder konstruksie.
- 130.3. Geen toerustingsmateriaal nie.
- 130.4. Interaktiewe kommunikasie is moontlik via Facebook en Twitter.
- 130.5. Skakels na die kerk in breër verband en Communitas word gegee.
131. Kimberley-Bakenskop www.ngbakenskop.co.za
- 131.1. Op die hoofblad verskyn twee foto's van die kerkgebou en inligting oor die gemeente se missie en eredienste.
- 131.2. Op die ander blaaie word inligting oor die program vir die jaar, die geskiedenis van die gemeente en foto's aangebied. Kontakinligting word ook gegee.
- 131.3. Geen toerustingsmateriaal word verskaf nie.
- 131.4. Interaktiewe kommunikasie is moontlik via Facebook.
- 131.5. Geen ander skakels word gegee nie.
132. Kathu www.ngkathu.co.za
- 132.1. Die hoofblad open met 'n skyfiereeks van 'n aantal foto's van gebeure in die gemeente. Enkele nuusgebeure, die agtergrond en die passie van die gemeente word ook verduidelik. Die verklaring van die gemeente se missie het 'n sterk missionale karakter.
- 132.2. Die ander blaaie gee inligting oor die gemeente se agtergrond, bedieninge en program vir die gemeente. Die gemeente is baie missionaal op die gemeenskap en internasionaal ingestel.
- 132.3. Toerustingartikels word via Facebook beskikbaar gestel en bespreek.
- 132.4. Interaktiewe kommunikasie is moontlik via Facebook.
- 132.5. Enkele skakels na ander gemeentes se webblaaie word gegee.
133. Douglas, www.ngkdouglas.co.za
- 133.1. Op die hoofblad verskyn skakels na die kerklike tydskrifte en 'n uitnodiging na 'n belangrike gemeente vergadering.
- 133.2. Op die ander blaaie word 'n paar van die bedieninge verduidelik terwyl van die ander slegs kontakinligting verskaf word.
- 133.3. 'n Enkele artikel oor die doop word voorsien. Preke kan in teks formaat afgelaai word. Geestelike boeke kan aanlyn bestel word.
- 133.4. Interaktiewe kommunikasie is moontlik via Facebook.
- 133.5. Geen ander skakels word voorsien nie.
134. Bethlehem-Eureka www.ngkeureka.co.za
- 134.1. Op die hoofblad verskyn inligting oor nuuswaardighede en die eredienste.

- 134.2. Op die ander blaaie word die bedieninge breedvoerig bespreek. Die gemeente is by heelwat projekte in die gemeenskap en op internasionale vlak betrokke.
- 134.3. Geen toerustingmateriaal word voorsien nie.
- 134.4. Geen interaktiewe kommunikasie is moontlik nie.
- 134.5. Geen ander skakels word voorsien nie.
135. Bethlehem-Oos www.ngbhmoos.co.za
- 135.1. Op die hoofblad word die kontakinligting van die gemeente se personeel en administrasie en 'n klompie ander nuuswaardighede gegee saam met 'n gedagte vir die week. Die skakels na 'n aantal persverklarings prikkel die belangstelling en bring mee dat mens graag verder wil lees.
- 135.2. Op die ander blaaie word die bedieninge van die gemeente breedvoerig bespreek en mense genooi om te kom deelneem. Die gemeente is by heelwat projekte missionaal betrokke.
- 135.3. Alhoewel toerusting in die gemeente 'n belangrike saak is, word daar nie materiaal op die webblad beskikbaar gestel nie. Die preke kan in oudio formaat afgelaai word.
- 135.4. Interaktiewe kommunikasie is moontlik via Twitter en Facebook.
136. Bloemfontein-Noord (Klipkerk) www.klipkerk.co.za
- 136.1. Op die hoofblad word almal welkom geheet met 'n belydenis dat die gemeente graag die liefde van die Here met ander wil deel. Verder word inligting verskaf oor die kort geestelik verrykende artikels op die blad, kontakinligting en eredienstye.
- 136.2. Op die ander blaaie verskyn 'n uiteensetting van die belangrikste aksies van die gemeente asook belangrike kontakinligting. Die gemeente is met 'n paar projekte van versorging en omgee in die gemeenskap missionaal betrokke.
- 136.3. 'n Aantal kort artikels wat bedoel is ver geestelike versorging, word verskaf
- 136.4. Geen interaktiewe kommunikasie netwerk word voorsien nie.
- 136.5. Geen ander skakels word gegee nie.
137. Kroonstad-Oos www.kroonstadoos.co.za
- 137.1. Die hoofblad open met 'n geestelike oordenking as fokus.
- 137.2. Op die ander blaaie word die bedrywighede van die gemeente baie duidelik in detail uitgespel en mense genooi om te kom deelneem.
- 137.3. 'n Aantal kort artikels vir geestelike bemoediging word aangebied.
- 137.4. Interaktiewe kommunikasie is moontlik via die gemeente se Werfjoernaal.
- 137.5. Drie skakels na ander webblaaie word gegee.
138. Margate www.margate.ng.org.za
- 138.1. Op die hoofblad word naas die navigasie spyskaart 'n kort oorsig oor die geskiedenis van die gemeente gegee.

- 138.2. Die ander blaaie verskaf detail inligting oor die bedieninge en ander aktiwiteite van die gemeente. Die aksies het 'n missionale inslag.
- 138.3. 'n Hele aantal inspirerende artikels vir geestelike versorging word geplaas.
- 138.4. Interaktiewe kommunikasie is moontlik via epos.
- 138.5. 'n Paar nuttige skakels na ander webblaaie word gegee.
139. Newcastle, Die Kruin www.kruinparke.co.za
- 139.1. 'n Somber hoofblad met 'n foto van die saakgelastigde voorop en 'n hele verskeidenheid ander inligting oor nuusgebeure en klein advertensies.
- 139.2. Op die ander blaaie word inligting oor die gemeente se aksies gegee met die klem op die nuusblad en foto's.
- 139.3. Geen toerustingsmateriaal word gebied nie. Preke kan in teks- en oudio formaat afgelaai word.
- 139.4. Interaktiewe kommunikasie is moontlik via Facebook.
- 139.5. Geen ander skakels word gegee nie.
140. Noordkus www.noordkus.co.za
- 140.1. Die eenvoudige hoofblad vertel die storie van die gemeente krotliks en sit die visie en missie uiteen. Die gemeente is duidelik missionaal ingestel op die gemeenskap om 'n verskil te maak.
- 140.2. Die ander blaaie gee breedvoerige inligting oor die verskillende bedieninge en aktiwiteite van die gemeente. Die gemeente is by 'n hele aantal missionale projekte in die gemeenskap betrokke.
- 140.3. Toerusting en die benutting van die internet is hier baie belangrik. In die navigasie spyskaart word 'n skakel gegee na 'n afsonderlike webblad wat ingestel is op die beskikbaarstelling van daaglikse uitgebreide oordenkings wat per internet die wêreld ingestuur word.
- 140.4. Geen interaktiewe kommunikasie word moontlik gemaak nie.
- 140.5. 'n Hele paar skakels na ander webblaaie wat geestelik verrykend is, word gegee.
141. Pongola www.ngpongola.co.za
- 141.1. Op die hoofblad word die gemeente se visie, missie en die embleem van die webblad kortliks verduidelik.
- 141.2. Die ander blaaie verskaf oorsigtelike inligting oor die aktiwiteite van die gemeente. 'n Paar missionale projekte is belangrik vir die gemeente.
- 141.3. Geen toerustingsmateriaal word voorsien nie.
- 141.4. Geen interaktiewe kommunikasie is moontlik nie.
- 141.5. Geen ander skakels word gegee nie.
142. Umhlanga www.ngumhlanga.co.za

- 142.1. Op die hoofblad verskyn die visie en waardes van die gemeente saam met enkele program aankondigings en die Bybelstudiegids vir die maand.
 - 142.2. Op die ander blaaie word die bedieninge net genoem met kontak besonderhede van die leiers. Net die missionale projekte word verder verduidelik. Die gemeente is by 'n hele paar sulke uitreik aksies betrokke.
 - 142.3. Geen toerustingsmateriaal word aangebied nie.
 - 142.4. Geen interaktiewe kommunikasie is moontlik nie.
 - 142.5. Geen ander skakels word gegee nie.
-
143. Eros www.ngeros.com
 - 143.1. Die hoofblad open met nuusberigte, die program van die week en 'n skakels na die week se preek. Die logo onder die gemeente se naam is: "Christus alles in almal/Christ all in all."
 - 143.2. Op die ander blaaie word die bedieninge en byeenkomste net genoem. Dit is nie missionaal van aard nie.
 - 143.3. Geen toerustingsmateriaal word gegee nie. Die preke kan in teksformaat afgelaai word.
 - 143.4. Interaktiewe kommunikasie kan via Facebook gedoen word.
 - 143.5. Geen ander skakels word gegee nie.
-
144. Windhoek-Oos www.ngkerkwindhoekooos.org
 - 144.1. Op die hoofblad word net 'n uitnodiging om aan 'n meningsopname deel te neem aan die gemeente gerig en 'n klompie foto's uitgestal.
 - 144.2. Op die ander blaaie word inligting oor die gemeente se bedieninge en ander aktiwiteite gegee. Die gemeente is by 'n paar projekte in die gemeenskap missionaal betrokke en doen moeite om onderlinge verhoudings te bou.
 - 144.3. Geen toerustingsmateriaal word gegee nie. Die preke kan in teksformaat afgelaai word.
 - 144.4. Geen interaktiewe kommunikasie is moontlik nie.
 - 144.5. 'n Paar skakels na ander bronne vir geestelike verryking word gegee.